

**‘N NARRATIEF-PASTORALE BETROKKENHEID BY
ADOLESENTE DOGTERS WAT
SEKSUEEL MISBRUIK IS**

deur

Hester Aletta Fourie

Voorgelê ter vervulling van die graad

Philosophiae Doctor

in die

Fakulteit Teologie: Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof Jan-Albert van den Berg

Junie 2013

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

PROLOOG TOT DIE STORIE:

DIE RAAM OM DIE KAART

1.1	KARTOGRAFIE AS TOEGANGSMEDIUM TOT DIE (ON)BEKENDE	2
1.1.1	DIE STORIE TOT DUSVER	6
1.2	DIE RAAMWERK OM DIE KAART	7
1.2.1	<i>AKSIE</i> AS RIGTINGWYSER 1	8
1.2.2	<i>BASIESE AANLOOP</i> AS RIGTINGWYSER 2	12
1.2.3	<i>DINAMIEK</i> AS RIGTINGWYSER 3	13
1.2.4	<i>CLOU</i> AS RIGTINGWYSER 4	15
1.2.5	<i>EINDE</i> AS RIGTINGWYSER 5	16
1.3	'N TERUGBLIK	17
1.4	'N VOORUITSKOUING	18

HOOFSTUK 2

OP DIE SPOOR VAN DIE TEKS

VIR DIE NAVORSING

2.1	INLEIDING	19
2.2	RASIONAAL	21
2.3	PROBLEEMSTELLING EN FOKUS	28
2.3.1	PROBLEEMSTELLING	25
2.3.2	FOKUS	30
2.4	DOELWITTE	31
2.5	NAVORSINGSVERWAGTINGS	32

2.6	METODOLOGIE	33
2.6.1	KWALITATIEWE NAVORSING	34
2.6.2	POSTMODERNISME/POSTMODERNITEIT	37
2.6.3	DIE NARRATIEWE BENADERING TOT NAVORSING	40
2.6.4	DIE NARRATIEF-HERMENEUTIESE BENADERING TOT NAVORSING	43
2.6.5	SOSIALE KONSTRUKSIE DISKOERS	47
2.6.6	DEELNEMENDE AKSIE NAVORSING	48
2.6.7	LITERATUUR	50
2.6.8	PASTORALE ANTROPOLOGIE	51
2.7	MOONTLIKE NAVORSINGSBEPERKINGS	52
2.8	VOORLOPIGE UITEENSETTING VAN NAVORSINGSREIS	52
2.8.1	HOOFSTUK 1 - DIE RAAM OM DIE KAART	53
2.8.2	HOOFSTUK2 - DIE TEKS VIR DIE NAVORSING	53
2.8.3	HOOFSTUK 3 - DIE STORIE VAN KOÖRDINATE	54
2.8.4	HOOFSTUK 4 - 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNINGSTOG	55
2.8.5	HOOFSTUK 5 - DIE NARRATIEF-PASTORALE BENADERING AS MOONTLIKE WYSE VAN REIS DEUR DIALOOG	55
2.8.6	HOOFSTUK 6 - 'N REISJOERNAAL VAN NARRATIEF-PASTORALE BETROKKENHEID	56
2.8.7	HOOFSTUK 7 - DIE KAART OM DIE RAAM	57
2.9	SAMEVATTING	57
2.10	VOORSKOU	58

HOOFSTUK 3
DIE STORIE VAN KOÖRDINATE

3.1	INLEIDING	59
3.2	KOMPAS	60
3.3	GRADELESING 1: ADOLESSENSIE	63
3.3.1	AFBAKENING	63
3.3.2	ADOLESSENSIE AS EPIGENETIESE FASE	64
3.3.3	ADOLESSENTE MENSWEES IN DIE POSTMODERNE ERA	67
3.3.4	IDENTITEIT	70
3.3.4.1	Biologiese en psigologiese ontwikkeling	73
3.3.4.2	Ontwikkeling van selfkonsep: die ontwikkeling van “Ek” en “My”	73
3.3.4.3	Gesinsverhoudings en identiteit	74
3.3.4.4	Vriendskappe en portuurgroep	75
3.3.4.5	Seksualiteit	76
3.3.4.6	Geslagsrol identiteit	78
3.3.4.7	Kognitiewe ontwikkeling	79
i.	<i>Abstrakte en analitiese denke</i>	80
ii.	<i>Morele ontwikkeling</i>	81
iii.	<i>Sosiale kennis</i>	82
3.3.4.8	Opsommend	83
3.4	GRADELESING 2: SEKSUELE MISBRUIK	84
3.4.1	AARD EN OMVANG VAN SEKSUELE MISBRUIK	84
3.4.2	FASES VAN MISBRUIK	86
3.4.2.1	Kondisionering	87

3.4.2.2	Fisiese kontak wat oënskynlik gepas voorkom	87
3.4.2.3	Konkrete seksuele misbruik	88
3.4.2.4	Handhawing van misbruik en geheimhouding deur dreigemente en voorregte	88
3.4.2.5	Openbaring	89
3.4.3	MISBRUIK AS SOSIAAL GEKONSTRUEERD	90
3.4.3.1	Die konteks van makro-kulturele en ekonomiese invloede	94
i.	<i>Sosio-kulturele invloede</i>	94
ii.	<i>Ekonomiese invloede</i>	98
3.4.3.2	Mikro-sosiale kontekste op die vlak van interpersoonlike verhoudings	100
3.4.3.3	Individuele karaktereienskappe van die slagoffer en die oortreder	102
i.	<i>'n Slagoffer</i>	102
ii.	<i>'n Persoon met 'n pedoseksuele gerigtheid</i>	104
3.4.4	DIE IMPAK VAN MISBRUIK	106
3.4.4.1	Psigologiese probleme	108
3.4.4.2	Somatiese klagtes	111
3.4.4.3	Gedragsveranderinge	112
3.4.4.4	Interpersoonlike probleme	113
3.4.4.5	Traumatiese seksualisering	115
3.4.5	OPSOMMEND	116
3.5	TERUGBLIK EN TOEKOMSPERSPEKTIEF	118

HOOFSTUK 4

'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNINGSTOG

4.1	TERUGBLIK	119
4.2	TEOLOGIE	119
4.3	PRAKTIESE TEOLOGIE: 'N PAD DEUR 'N WOUD?	125
4.3.1	PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE ROL VAN HERMENEUTIEK	131
4.3.2	PRAKTIESE TEOLOGIE: PRAKTYK EN TEORIE	132
4.3.3	PRAKTIESE TEOLOGIE AS 'N KOMMUNIKATIEWE HANDELINGS- WETENSKAP IN DIENS VAN DIE EVANGELIE	134
4.3.4	PRAKTIESE TEOLOGIE EN SOSIALE KONSTRUKSIONISME	135
4.3.5	PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE NARRATIEWE BENADERING	136
4.3.6	DIE ROL VAN EMPIRIE IN PRAKTIES-TEOLOGIESE NAVORSING	139
4.3.7	PRAKTIESE TEOLOGIE: 'N GEDEELDE GRONDGEBIED	141
4.3.7.1	Religie	141
4.3.7.2	Geleefde religie	142
4.3.8	PRAKTIESE TEOLOGIE GEDEFINIEER	143
4.4	ADOLESENTE SPIRITUALITEIT IN 'N POSTMODERNE KONTEKS	145
4.5	DIE BELANG VAN 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE VIR DIE PASTORALE BENADERING IN HIERDIE STUDIE	149
4.5.1	WIE IS DIE MENS?	152
4.5.1.1	'n Mensvisie vanuit die Bybel moontlik?	153
4.5.1.2	Die verband tussen 'n teologiese antropologie en misbruik	157
4.5.1.3	Implikasies vir die Christelik-spirituele identiteit van 'n slagoffer van misbruik	161

4.5.1.4	Ontoepaslike Godsvoorstellings	165
4.5.1.5	'n Mikrokaart van die impak van misbruik	168
4.6	DIE TEODISEE VRAAGSTUK AS PRAKTIES-TEOLOGIESE PROBLEEM	169
4.6.1	HOEKOM? WIE IS VERANTWOORDELIK VIR LYDING	172
4.6.2	HOE IDENTIFISEER GOD MET DIE MENS SE LYDING?	173
4.6.3	WAAR IS GOD? HOE WORD GOD IN DIE GESKIEDENIS EN DIE GEBEURE IN DIE MENS SE LEWE GEVIND EN WAT IS SY WIL IN LYDING?	174
4.6.4	WANNEER SAL LYDING OORKOM EN GETRANSFORMEER WORD?	174
4.6.5	DIE UITEINDELIKE VRAAG HANDEL DUS NIE OOR DIE BETEKENIS VAN LYDING NIE, MAAR EERDER WATTER BETEKENIS AAN LYDING GEGEE KAN WORD	175
4.7	DIE SAMEHANG TUSSEN GELOOF EN MISBRUIK	175
4.7.1	CHRISTELIKE HOOP	178
4.7	TERUGBLIK EN TOEKOMSVISIE	180

HOOFSTUK 6
DIE NARRATIEF-PASTORALE BENADERING AS
KONTOER VIR 'N REIS DEUR DIALOOG

5.1	INLEIDING	181
5.2	DIE NARRATIEWE BENADERING TOT TERAPIE	183
5.2.1	KONTEKS	183

5.2.2	DIE BELANG VAN STORIES BINNE DIE RAAMWERK VAN NARRATIEWE TERAPE	187
5.3	DIE LEES VAN DIE TEKS BINNE DIE NARRATIEWE BENADERING	188
5.3.1	DEKONSTRUKSIE IN DIE NARRATIEWE TERAPEUTIESE KONTEKS	189
5.3.1.1	Dekonstruktiewe luister	189
5.3.1.2	Dekonstruksie van narratiewe	191
i.	<i>Dominante narratief as dominante kennis en eenheid van mag</i>	191
ii.	<i>Eksternalisering</i>	192
iii.	<i>Unieke uitkomst en alternatiewe verhale</i>	193
iv.	<i>Landskappe van aksie en bewustheid</i>	194
5.4	NARRATIEWE UITGANGSPUNT EN HERMENEUTIESE PASTORAAT	195
5.5	PASTORAAT <i>EN ROUTE</i>	198
5.6	'N PASTORALE REIS VANUIT 'N PERSPEKTIEF VAN HOOP	205
5.7	OORSIG	208
5.8	VOORSKOU	209

HOOFSTUK 6

'N REISJOERNAAL VAN NARRATIEF-PASTORALE BETROKKENHEID BY TIENER DOGTERS WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS

6.1	INLEIDING	210
6.2	'N NARRATIEF-PASTORALE TERAPEUT AS REISGENOOT	211
6.2.1	VERANTWOORDELIKHEDE VAN TERAPEUT	213
6.2.2	ALGEMENE FOUTE OM TE VERMY	216
6.3	VERHALE VAN GELEEFDE ERVARING IN TERAPEUTIESE KONTEKS	217
6.4	DIE KARTERING VAN 'N REIS DEUR TYD NA HOOP	219
6.4.1	DIE BEGIN: 'N DOOLHOF VAN VERHALE	223

6.4.2	DIE BEGIN VAN DIE BEGIN: DIE EERSTE DEUR NA DIE TOEKOMS	232
6.4.2.1	Grafiese voorstellings	233
i.	<i>Die genogram</i>	235
ii.	<i>Die lewenslyn</i>	236
iii	<i>Die ekokaart</i>	238
6.4.3	DIE BEGIN VOOR DIE BEGIN	241
6.4.4	TERUG BY DIE BEGIN	247
6.4.5	OM 'N TOEKOMS POSITIEF TE ONTHOU	252
6.5	TERUGSKOUING	258
6.6	VOORSKOU	259

HOOFSTUK 7

DIE KAART IN DIE RAAM

7.1	INLEIDING	260
7.2	METAFOOR	260
7.3	ORIËTERING	261
7.3.1	RIGINGWYSER 1: <i>AKSIE (A)</i>	262
7.3.2	RIGTINGWYSER 2: <i>BASIESE AANLOOP (B)</i>	264
7.3.3	RIGTINGWYSER 3: <i>DINAMIEK (D)</i>	264
7.3.4	RIGTINGWYER 4: <i>CLOU (C)</i>	265
7.3.5	RIGTINGWYSER 5: <i>EINDE (E)</i>	266
7.4	ETIESE OORWEGINGS	267
7.5	NARRATIEF-PASTORALE VERANTWOORDING	269
7.6	PAPWIELE OP DIE KARTERINGSROETE	271
7.7	MOONTLIKE STORIES VAN HOOP	272
7.7.1	ZOE	272
7.7.2	KARLA	274
7.7.3	JEANINE	275
7.7.4	NAVORSER	278

7.8	PERSOONLIKE ERVARING VAN DIE NAVORSINGSPROSES	279
7.9	MOONTLIKE TOEKOMSTIGE ONDERSOEKE	280
7.10	DIE FINALE, MAAR NIE DIE LAASTE KAART NIE	280
<hr/>		
	BIBLIOGRAFIE	283
	OPSOMMING	316
	ABSTRACT	318
	LANDMERKE	320
	AANHANGSEL 1	321

HOOFSTUK 1

PROLOOG TOT DIE STORIE: DIE RAAM OM DIE KAART

Hierdie navorsingsverhaal speel af binne die narratief-pastorale ruimte van die praktiese teologie en ontspring vanuit die ervarings van drie adolessente dogters wat op die een of ander stadium van hulle lewe sekueel misbruik is. Benewens die impak wat misbruik op hulle liggaamlike en psigologiese selfbelewenes gehad het, was hulle ervaring dat God oënskynlik afwesig was tydens die gebeure vir hulle baie traumaties. Skeefgetrekte Godskonsepte dien hier as aanduiding van 'n gebrek aan hoop vir 'n lewe waar 'n geestelike dood die dominante diskoers van 'n gespreksgenoot vorm. Misbruik bring 'n krisis in die lewe van 'n slagoffer mee, waar sy tegelykertyd gekonfronteer word met lyding en gebrokenheid, asook met die waarde van geloof in die weerbarstigheid van die lewe. Volgens Louw (1999a:21) bestaan daar twee vraagstukke op die agenda van die pastoraat, naamlik "... heling en die verband tussen mense se verstaan van hulself en hulle verstaan/voorstelling van God". Hierdie navorsingsreis word daarom gekarteer na aanleiding van die vraag of, en indien wel, 'n Christelike spiritualiteit van hoop kan ontstaan vanuit die disfunksionele Godsbeskouing van my gespreksgenote.

Ek maak gebruik van die verhale van drie gespreksgenote waarvan sekere fragmente, soos van toepassing, verbatim aangehaal word. Die rede is dat die verhale van my medenavorsers 'n konkrete gedeelte van die realiteit en menslike ervaring bied. Ek het toestemming van elkeen verkry vir die gebruik van haar verhaal deur aan haar die doel en die werkwyse van die studie te verduidelik. Ek het voortdurend die aangehaalde gedeeltes met hulle bespreek, sodat hulle 'n ingeligte toestemming kon gee vir die gebruik daarvan. In praktiese teologie en in die konteks van hierdie studie word geleentheid gebied vir die bestudering van die verskillende vorme van geloofs ervaring, formulering en transformering. Die persone wat hulle verhale met my deel, word sodoende die geleentheid gebied om my gespreksgenote en daarom mede navorsers te word in 'n narratiewe pastorale werksbenadering.

Die ondersoek geskied hoofsaaklik vanuit 'n eksplorerende narratief-hermeneutiese epistemologie binne 'n narratiewe pastorale paradigma soos vervat in die samehang en

interaksie tussen krisis, geloof en sosiale konteks. Daar sal klem gelê word op die interaksie tussen individue; die plasing van misbruik binne 'n sosiaal gekonstrueerde terrein; singewing vanuit die bewussyn van 'n adolessente identiteit; identiteit soos geformuleer deur seksuele misbruik; identiteit in Christus en 'n eskatologiese perspektief. Daar word dus gebruik gemaak van 'n narratiewe pastorale navorsingsbenadering as middel tot die verstaan van geleefde ervaring en Christelike spiritualiteit soos dit beleef word. Ten einde op die spoor van hierdie navorsingsreis te bly, word gebruik gemaak van die metafoer van kartografie om tot 'n breër verstaan van die navorsingsterrein te kom.

1.1 KARTOGRAFIE AS TOEGANGSMEDIUM TOT DIE (ON)BEKENDE

Wanneer kartografie ter sprake kom, tree die aspekte van ruimte en plek terselfdertyd na vore. Die Grieke het alreeds die belang van ruimte en plek (*chōra*) vir die menslike wese beskryf (Louw 2008:104). In metaforiese sin kan *chōra* verwys na die intellektuele en spirituele vermoë om te verstaan (Louw 2008:104). “*Chōra* appears to go beyond understanding and points to the capacity to receive and to act upon the teaching” (Louw 2008:104). Ruimte in hierdie studie bied akkommodasie vir die postmoderne siening ten opsigte van hoe die mens informasie internaliseer in teenstelling met die modernistiese paradigma waar gebruik gemaak word van remediëring (Payne 2000:36). Kartering vind dan plaas binne 'n post-otonome ruimte waar nuwe moontlikhede vir die toekoms geëksploreer word (Baker & Reader 2009:3). *Chōra* word dan 'n indikasie van hoe die mens ruimte met waardes, persepsies en assosiasies vul. Die doel is om 'n dinamiese verhoudings omgewing en netwerk van interaksie te skep waar taal, simbole en metafore die betekenis en diskoerse van die lewe vorm (Louw 2008:104). Genoemde aspekte ten opsigte van hoe die mens sy/haar ruimte vul, word vervat in die narratiewe paradigma van hierdie studie. Beelde wat sodoende gevorm word dien om een aspek van 'n realiteit te verstaan, sodat 'n perspektief geskep word vir verdere interpretering van ander situasies of aspekte van daardie realiteit. Ten einde verstaan in die hand te werk, word gebruik gemaak van metafore soos vervolgens verhelder sal word.

Metafore soos deur White (2006:11) gebruik in verband met die narratiewe benadering tot terapie dui op *chōra* metafore waarvolgens mense betrokke raak by sekere aksies.

Aksies ten opsigte van gespreksgenote se narratiewe dui op: “terugwen” van hulle lewe en/of die “ondermyning” van hulle probleme; geografiese metafore van “grond wen” en “herwonne grondgebied”; politieke metafore van “protes” en “weerstand”; bevrydingsmetafore van “vryheid” en “ontsnapping”; opvoedkundige metafore soos “lering” en “supervisie” en metafore van lig soos “oorskaduwing” en “verligting” van die probleem. Kartografie dien hier as metafoor vir die wyse waarop slagoffers van seksuele misbruik hulle lewensruimte vul. Dit sluit in hoe die uniekheid van elke persoon sowel as sy/haar moontlikhede om betrokke te raak by ander, gevorm en gekenmerk word deur die trauma wat deel is van sy/haar lewensroete. ’n Ruimte waarbinne narratiewe pastorale versorging gedoen kan word, word hierdeur geskep.

Die keuse vir ’n metafoor van kartografie om die narratief-pastorale studie weer te gee word hier geassosieer met die mens se vermoë om verskynsels waar te neem ten einde ’n beeld te skep van sy/haar omliggende ruimte. Elke mens ervaar sekere knelpunte ten opsigte van die verstaan van wat as die realiteit gesien word in die daaglikse lewe. Hierdie knelpunte en die wete dat daar verskille binne en tussen lewensruimtes bestaan, laat die mens telkens uitreik of uitvra na onbekende plekke buite die kennisgrense van ’n bepaalde probleemarea. Verder bestaan daar by die mens as sosiale wese die behoefte om veral dit wat in die vreemde waargeneem is en waaroor vrae gevra word, te interpreteer en sinvol aan ander oor te dra (Odendaal 1981:1). Die kuns en wetenskap van interpretasie handel hier nie net oor die interpretasie van spesifieke tekste nie, maar ook oor ander soorte “tekste” of fenomene soos gesproke woorde, gebare, handelingte sowel as historiese en maatskaplike verskynsels (Müller 1996:1).

Ten einde aan te dui wáár en hóé inligting omtrent hierdie tekste bekom sal word, word kartografie as toegangsmedium tot- of metafoor vir- die verloop van hierdie navorsing aangedui. Met “metafoor” word bedoel dat die bekende ingespan word om die minder bekende of onbekende “... wat nie finaal in rasonale kategorieë beskryf kan word nie, met behulp van analogie te verduidelik en voor te stel” (Louw 1999a:35). Vir die Griekse taalkundiges van die klassieke tydperk beteken *metaphora* letterlik oordrag (transfer): *meta* ‘trans’ + *pherein* ‘to carry’ (Soskice 1985:ix). Metafore bied dus “something with common significance” (Shotter 1993:55) as strategie om sekere konsepte of simbole te verduidelik en uit te bou. Hierdie strategie geskied “... by means of analogy

or the projection of a narrative about what is known into the context of the unknown” (Gerkin 1986:53). Die navorser word sodoende in staat gestel om konsepte met vorige kennis en ervaring in verband te bring (Janse van Rensburg 1998:75).

Die raakpunt van hierdie studie met kartografie word as volg deur Crampton (2010:9) aangedui: “ ... mapping has politics. It is hard to imagine mapping that does not in some way or other involve politics, mapping is itself a political art”. Politiek dui hier op die staat van ’n fenomeen soos wat dit figureer binne die ruimte van ’n sosiale konteks. Kartografie dien dan om die hermeneutiese dinamika van wisselwerkende diskoerse te dokumenteer. Deur middel van kaarte kan die kartograaf haar insig en verstaan ten opsigte van die onderlinge verhoudings en verwantskappe tussen mense verbreed. Die kaart skep sodoende ’n ruimte waarbinne die “ ... dinamika van interaksieprosesse binne verhoudingsnetwerke aangetoon word” (Louw 2005a:26). Hierdie ruimte bepaal die kwaliteit van die plek waar dit voorkom. Ruimte en plek word ’n aanduiding van hoe mense hulle ruimte vul met waardes, persepsies en assosiasies ten einde ’n dinamiese verhoudingsgerigte omgewing te skep. Binne hierdie omgewing word ’n netwerk geskep waar taal, simbool en metafoor die betekenis en diskoerse van die lewe vorm. Crampton (2010:96) beskryf daarom ’n kaart as ’n grafiese outobiografie waar

... personal experiences and cumulative associations give to its austere lines and measured alphabets yet another set of unique meanings. Even its white spaces are crowded with thoughts as I whimsically reflect on its silences ... here is the lane to where – not long ago – I met a woman on a summer evening: the overgrown wall of her orchard is marked on the map.

Outobiografisering dien as strategie om ’n individu se lewensverhaal weer te gee en te dokumenteer soos wat dit aan die navorser vertel word, of soos gevind in ander dokumentasie. Die lewensverhale van my gespreksgenote word gekarteer binne die narratief-pastorale benadering tot navorsing. ’n Kaart, as een van die geograaf (navorser) se essensiële uitdrukkingsvorms, is ver van objektief deurdat ’n persoonlike element by alle kartografiese prosesse betrokke is (Jooste 1967:23). Dit bied ook geleentheid vir die navorser om kartograaf te wees van die ontdekkingstog binne die ruimte en kontoere van haar navorsing en plasing in die praktiese teologie en die

narratiewe pastoraat. Outobiografieë het dikwels 'n trefkrag wat uitloop op die reflektering van 'n eie lewensverhaal. Die gespreksgenote in die studie sowel as die leser tree daarom saam met die navorser as spoorsoners in die kwalitatiewe soeke na kennis op. Hiermee beweeg die navorsing weg van 'n Carteaanse objektiwiteit na wetenskapsbeoefening gekenmerk deur "kontekstualiteit, lokaliteit en pluralisme" (Brueggeman 1993:8-9).

Volgens White en Epston (1990:3) is 'n "story a map that extends through time". 'n Kaart, as produk van kartografie, dien hier as terugblik oor die landskap van die verlede en brug tot die onontbeerlike geheelorsig oor die konteks van die navorsings-omgewing. Gadamer verwys na hierdie geheelorsig as 'n horison waar verder gekyk word as die voor die hand liggende "... to see it better within a large whole and in truer proportion" (Swinton & Mowat 2006:115). Die lokus van die kwalitatiewe navorsings-proses is dan 'n spesifieke situasie of knelpunt in die daaglikse lewe wat die navorser prikkel tot verdere nadenke (Swinton & Mowat 2006:52). Die geheelorsig wat 'n kaart bied, vorm die breër konteks waarbinne 'n beperkte veld bestudeer kan word. Hierdie breë kartografiese beeld bied dan die geleentheid tot 'n "rich transdisciplinary field" (Crampton 2010:17), waarvan ook in ooreenstemming met die kwalitatiewe navorsings-paradigma gebruik gemaak sal word.

Kartografie skep verder die geleentheid om tot kennis te kom deurdat vele vrae gevra word tydens die navorsingsreis na 'n bestemming in 'n vreemde en komplekse omgewing. Die vrae in hierdie studie fokus op: Wat is die landmerke? Watter roete moet geneem word? Kan tradisionele vertolkingswyses gebruik word, of moet nuwes gekonstrueer word? 'n Kaart dien dus as bewaarplek vir-, en bron van inligting en as grafiese hulpmiddel vir die uitbeelding van sekere verskynsels sodat dit beter waargeneem en verstaan kan word.

Daar vind voortdurend 'n heen- en terugverwysing tussen die verskillende rigtingwysers op die kaart plaas. Terselfdertyd moet dit gestel word dat, al is hiërdie kaart afgehandel, dit nooit finaal voltooi is nie. Die kern van kwalitatiewe navorsing behels die twyfel dat enige diskoers 'n bevoorregte posisie kan beklee, dat enige metode of teorie universeel toegepas kan word en dat geen algemeen geldende kleim tot outoritêre kennis (realiteit) afgesteek kan word nie (Denzin & Lincoln 1998:2). 'n

Voortdurende verskuiwing in die “realiteit” van tyd en plek bring verskillende interpretasies en daarmee saam ’n veelheid van “realiteite” mee (Swinton & Mowat 2006:35). Toekomstige reisigers wat dieselfde tog onderneem, sal daarom plek-plek dieselfde, of alternatiewe weë volg na gelang van die aard van hulle werklikheid op daardie gegewe tydstip. Die navorsingsreis verloop dus in ’n ononderbroke sirkulêre beweging en bereik nooit ’n finale versadigingspunt nie (Browning 1991:84; De Vos; Strydom, Fouché & Lombaard 1998:72). Daarmee is dit duidelik dat die navorser se bedoeling nie is om ’n model op te stel wat sal dien as vaste riglyn waarvolgens die navorsing moet plaasvind nie.

Kartografie as toegangsmedium tot die navorsing van die onbekende gaan egter nie net om die samestelling van nuwe kaarte nie. Elke kaart moet ook as inligtingsbron deur ander gebruik kan word. Die navorsing verkry ’n unieke betekenis wanneer dit in verband gebring word met die werk van voorgangers sowel as die navorsing van tydgenote. Literatuur dien in kwalitatiewe navorsing (die paradigmatische sambreel waaronder hierdie studie geskied) as belangrike kommunikasiemiddel tot bestaande inligting en moet dus betroubaar wees. Daarom word slegs van sekondêre verwysings gebruik gemaak wanneer die primêre bron nie beskikbaar is nie. Ten einde die lastige praktyk van verwysing na “hy/sy” of “hom/haar” te voorkom, word geslagspesifieke voornaamwoorde afgewissel.

1.1.1 DIE STORIE TOT SOVER

Samevattend kan gesê word dat kartografie metafories funksioneel tot die skets van die navorsingsreis dien. Die bydrae wat hierdie studie mag hê, lê in die delf na nuwe kennis, herorganisering van bestaande kennis, die beklemtoning van essensiële inligting wat dalk onderbeklemtoon was, of versprei is oor ’n groot literêre navorsingsgebied. Hoewel ’n metafoer nie noodsaaklik is vir suiwer wetenskaplike konstatering nie, is dit “... employed as illustration ... highly usefull” (Soskice 1985:99). ’n Kaart as produk van kartografie bied nuttige maniere om kennis te organiseer en te skep. Hierdie kennis sluit ook onontginde aannames in wat dien as uitdaging tot verdere ondersoek. Kartografie dien instrumenteel te wees tot die opteken van die landskap van die verlede asook as brug tot die wyer konteks van die navorsingsterrein. Die ontwerp en neerpen van bestaande en verworwe inligting geskied volgens ’n

mikrokaart wat as basis sal dien vir die sirkulêre beweging van die bekende na die onbekende en terug.

In hierdié navorsing geskied die karteringsproses volgens sekere gidse of rigtingwysers as wisselsterme van mekaar met die klem op verstaan binne die konteks van die geheel. Die begrip “gids” word aangedui na aanleiding van die beskrywing in die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (1994:282) as: “Iemand of ’n voorwerp wat vir toeriste en besoekers behulpsaam is om hulle weg te vind in ’n sekere area”. ’n Rigtingwyser dui op ’n “Verligte pyl of flikkerlig aan voertuie wat aantoon in watter rigting die bestuurder wil draai” (HAT 1994:681). Die term “baken” tree ook na vore as alternatief vir die konsepte “gids” of “rigtingwyser”. Soos egter later in hoofstuk 1 aangedui sal word, geskied hierdie navorsing binne die paradigma van postmoderneit wat ontken dat die lewe en die wêreld wat ons omring vasgevang kan word in vaste definisies en oorhoofse narratiewe. Aangesien die begrip “baken” dui op ’n teken wat die grense van ’n omgewing aandui (HAT 1994:58), word die term in hierdie studie daarom vermy. Sekere rigtingwysers word as koördinate ingespan om die verloop van die navorsingsproses aan te toon.

1.2 DIE RAAMWERK OM DIE KAART

Die kaart dien metafores as raamwerk vir die ontwerp van hierdie studie waarin die kontinuïteit van die navorsing aangedui word volgens sekere rigtingwysers. Die oorkoepelende doel van die kaart is om as raamwerk waarbinne die meer spesifieke aspekte van die navorsingsontwerp en uitvoering van die navorsingsproses plaasvind, te dien. Dit is dus belangrik dat die kartograaf gebruik moet maak van bestaande teoretiese kaarte. Hierdie kaarte gee die eienskappe van ’n sekere terrein weer, maar laat ook baie inligting uit. Ek ondersteun daarom die volgende stelling deur Fouché en Delport (1998:72):

Research is rarely conclusive. In a truer sense the research cycle might be more accurately conceived as a *helix*, or spiral, of research. In exploring an area, one comes across additional problems that need resolving. Research begets more research. (It is) ... a far cry from the

conventional view, which sees research as a one-time act that is static, self-contained, and an end in itself.

Ten einde verwarring te voorkom, is dit daarom belangrik dat elke gids lig werp op 'n spesifieke navorsingsterrein, en dien as koördinaat en "interpreterende gids" (Osmer 2008:80) vir die plasing en invalshoek van die volgende rigtingwyser. Ter wille van die sistematiese verloop van die navorsingsverhaal en die narratiewe plasing van hierdie studie word die gidse daarom opeenvolgend aangedui.

Aangesien ek my studie plaas binne die narratiewe pastoraat, maak ek gebruik van die ABDCE- navorsingsbenadering van Anne Lamot soos gebruik deur Müller, Van Deventer en Human in *Fiction Writing as Metaphor for Research: A Narrative Approach* (2001). Die akroniem ABDCE staan vir *Action, Background, Development, Climax* en *Ending*. Hierdie studie word egter in Afrikaans weergegee, daarom word hierdie akroniem vertaal as A (Aksie), B (Basiese aanloop), D (Dinamiek), C (Clou) en E (Einde). Met *Aksie* word bedoel die storie van die nou; die *Basiese aanloop* verwys na die verlede sowel as die hede van die verloop van die navorsing, die *Dinamiek* van die navorsingsverhaal dui op die ontwikkeling van die verhaal, *Clou* dien as die "vernaamste hoogtepunt" (HAT 1994:122) van die storie en die *Einde* dui op samevatting van die navorsingsreis. Dit was moeilik om 'n Afrikaanse sinoniem wat met 'n "c" begin vir die Engelse term "climax" te vind. Die selfstandige naamwoord, "clou", val vreemd op die oor, maar is gekies vanweë die HAT (1994:122) se verklaring hiervan as: "kern, vernaamste, hoogtepunt". In die ABDCE-benadering word daar klem gelê op die navorsingsproses as geheel. Alhoewel dié model in die onlangse verlede in 'n navorsings-agenda vir 'n *postfoundational* praktiese teologie ontwikkel is (Müller 2005, 2009; Van der Westhuizen en Müller 2010), word die motivering van die oorspronklike model terug gevind in die narratiewe karakter van die verhaal wat gedokumenteer word. Die betekenis en belang van elke rigtingwyser as deel van die geheel kom vervolgens kortliks aan bod.

1.2.1 AKSIE AS RIGTINGWYSER 1

Die nou van die storie sluit die wat en hoe van die navorsingsverhaal in en dui op die kwalitatiewe vraag, soos gevra in hierdie studie. *Aksie* word geneem ten opsigte van

wat nou besig is om te gebeur. Vir Müller, Van Deventer en Human (2001:2) sluit die “nou” in hierdie aksie die verlede uit. Die “nou” is dít wat tans in die navorsingsverhaal plaasvind. Dit verwys na waarneming en teorievorming langs die weg van refleksie, interpretasie en analitiese beredenering (Louw 1997:44). Die “nou” in die navorsingsproses maak gebruik van die metafoor van spoorsny ten einde op die navorsingsweg te bly. Die metafoor van kartografie word hierby ingesluit, deurdát gepoog word om op die spoor van ’n spesifieke navorsingsmetodologie te bly. Eksplorerende vrae ten opsigte van die *rasionaal, doel, paradigma, epistemologie, metodologie en navorsingsverwagtings* is nodig om die basis vir - en die kontoere van - die navorsingsreis aan te dui. Hierdie verskillende aspekte vorm saam met Rigtingwyser 2 die fondasie waarop die navorsingsterrein van elke volgende aanwyser gebou sal word.

Die terme adolessent/tiener, soos deurgaans as wissel terme in die studie gebruik, is gegrond op sodanige benutting van die terme in die volgende bronne (Masserman & Uribe 1989:20; Heaven 1994:1; Borgman 1997:x; Olson 2006:9; Dobson 2007:13). Verder handel hierdie studie oor spesifiek seksuele mishandeling en misbruik en sluit ander vorme van mishandeling of misbruik uit. Daarom sal slegs die terme *mishandeling of misbruik* gebruik word wanneer die seksuele aspek daarvan bedoel word. Aangesien hierdie studie vanuit die narratief-pastorale benadering geskied, sal die terme *storie* en *narratief* as wissel terme dien.

Dit is belangrik dat die keuse van my gespreksgenote gemotiveer word. Wanneer die verhale verder in die karteringsproses aan die orde gestel word, dien die motivering vir die leser as ’n hermeneutiese verwysingsraamwerk. Ek het gepoog om nie opportunisties in my keuse van gespreksgenote te wees deur bloot net ’n keuse uit te oefen nie. Faktore wat tot die seleksie van my gespreksgenote bygedra het, was:

- o Ouderdomsgroep en geslag ten einde die verskillende adolessente ontwikkelingsfases en die hantering daarvan te reflekteer.
- o ’n Vaste adres vir ten minste ’n jaar, sodat daar ’n mate van kontinuïteit ten opsigte van die navorsing van drie verskillende verhale bewerkstellig kon word. Weens die impak van faktore in hulle sosiale omgewing, kon ek deurgaans betrokke bly by twee van my gespreksgenote se verhale. Ek moes egter twee

keer van voor af begin om die verhaal van 'n derde vennoot te karteer omdat die derde genoot telkens verhuis het weens onvoorsiene ekonomiese redes. In 'n poging om die sosiaal-gekonstrueerde aard van misbruik aan te toon, is van die verskillende sosiale en kulturele kontekste waarin elkeen haar ervaring opgedoen het, gebruik gemaak.

- Die verskillende sosiaal-gekonstrueerde wyses waarvolgens die onderskeie gespreksgenote hulle standpunte, waardes en ervarings weergegee het. Hier is die verhoudings tussen die gespreksgenote en hulle oortreders, hulle institusioneel- gedefinieerde, sosiaal-gedefinieerde en polities/wetgewend-gedefinieerde rolle van belang.
- Die aard van die rol wat Christelike spiritualiteit in elkeen se ervaring en interpretering van die gebeure speel.
- Dit was van kardinale belang dat my gespreksgenote nog nie vantevore terapie ontvang het nie, anders sou die verloop van die narratiewe terapeutiese prosesse gekleur word deur hierdie ervaring.

Dit is hier belangrik dat die agtergrondverhale van my gespreksgenote aan die orde gestel word. Die notules van ons gesprekke word geliasseer, en kan sodoende gebruik word soos nodig. Elke gespreksgenoot het haar eie pseudoniem gekies. Zoe het hierdie naam gekies omdat dit vir haar die droom van oorwinning vergestalt na aanleiding van 'n verhaal wat sy gelees het. Sy kon egter nie die titel of die outeur van die verhaal onthou nie. Karla verkies hierdie pseudoniem omdat dit bloot net vir haar 'n mooi naam is. Sy het genoem dat, wanneer sy aan haarself as Karla dink, dit positiewe gevoelens oor haarself opwek, asook afstand skep van haar identiteit as dogter wat misbruik ervaar het. Jeanine het net haar naam anders gespel, sodat dit ook anders uitgespreek word. Sy wou geen redes verskaf vir haar keuse nie. Anna is die hoofkarakter in die boek *Dis ek, Anna* (2004) wat onder die pseudoniem van Elbie Lötter gepubliseer is. Dit is 'n ware verhaal wat handel oor 'n pa wat sy stiefdogter gemolesteer het. Wanneer my gespreksgenote se verhale in hulle eie woorde aan die orde gestel word, word dit met kursiewe skrif aangedui. My reflektoring oor hulle verhale word in gewone skrif aangedui. Ek bied vervolgens 'n oorsig van elkeen se verhaal in my eie woorde, daarom word die verhale nie in kursiewe skrif aangedui nie.

Zoe: Zoe is 14 jaar oud. Sy het aanvanklik by haar grootouers gebly omdat haar ma in die skool was toe sy swanger geraak het. Zoe se oupa het haar begin misbruik toe sy 8 jaar oud was. Die gebeure is eers gestaak toe sy ondanks dreigemente deur haar oupa, vir haar ouma vertel het. Haar ouma het dadelik begin om 'n skeisaak aanhangig te maak, en moes daarom by haar suster gaan inwoon. Zoe moes by haar ma en stiefpa gaan bly. Die hofsak is reeds afgehandel en haar oupa het 'n opgeskorte vonnis gekry.

Karla: Karla is 17 jaar oud. Haar pa het die gesin vroeg al verlaat en aangesien haar ma nie matriek het nie, kon sy nie werk kry nie. Haar ma het by verskillende gewelddadige verhoudings betrokke geraak, en het self later aan alkohol verslaaf geraak. Karla het die misbruik deur die verskillende saamblygenote van haar ma verswyg ten einde te verseker dat die gesin 'n heenkome het. Sy het by die kleuterskool sekere gedragpatrone getoon waarna die maatskaplike werker se hulp ingeroep is. Sy weet egter nie wat sy gedoen het wat as buite die normale vir haar ouderdom beskou is nie. Karla is na 'n maatskaplike ondersoek uit die huis verwyder en in die jeugsorgsentrum geplaas waar sy haarself steeds bevind. Haar ma besoek haar soms, maar dit is nie vir Karla 'n aangename ondervinding nie.

Jeanine: Sy is 18 jaar oud. Sy is tydens 'n familiebyeenkoms deur haar oom gemolesteer toe haar ma haar gestuur het om hom te help om koeldrank vir die gaste in te gooi. Sy het hom vertrou omdat sy geglo het hulle het 'n spesiale verhouding. Na openbaarmaking wou haar ma haar nie glo nie, wat meebring dat sy baie verbitterd is en haarself isoleer. Sy kommunikeer nie verbaal nie, sodat al die gegewens skriftelik in die vorm van 'n dagboek of geskrewe antwoorde verkry is.

Anna: Anna se ouers is geskei weens haar pa se alkoholisme en buite egtelike verhoudings. Sy was agt jaar oud toe haar stiefpa in hulle lewens gekom het. Hy het haar begin molesteer voordat hy met haar ma getroud is, en het daarmee volgehou deur te dreig om die gesin uit die huis te gooi as sy sou praat. Die naweke wat Anna by

haar pa deurgebring het, het vir haar 'n belangrike onderskraging gebied, al het sy hom nie van die misbruik vertel nie. Hy het egter selfmoord gepleeg, wat aan haar stiefpa 'n verdere afdreigmiddel teen openbaring gebied het. Haar stiefpa het daarop aangedring dat haar ma ophou werk, sodat hulle vir al hulle materiële behoeftes van hom afhanklik was.

Ter verdere uitbreiding van begrippe wat in die studie aan bod sal kom, moet verstaan word hoe dit in hierdie navorsing figureer. Volgens De Vos (1998:28) is konseptualisering nodig sodat daar terme geformuleer kan word vir daardie aspekte van die wêreld wat die inhoudelike subjek van 'n gegewe wetenskaplike dissipline uitmaak. Die navorser moet daarom 'n sensitiwiteit en nuuskierigheid openbaar ten opsigte van wat voor die hand liggend, sowel as wat verborge of onbekend is. Konseptualisering dwing die navorser se fokus terug na haar eie denkprosesse deurdat dit 'n sensitiwiteit vir taal meebring. Konsepte dien dus as die basiese boustene vir teorie (Babbie 1998:52).

1.2.2 BASIESE AANLOOP AS RIGTINGWYSER 2

Die *basiese aanloop* verwys na die verlede sowel as die hede van die landskap van hierdie navorsing (Müller 2001:3). Elke area in hierdie landskap bevat inligting oor die weë van die verlede, asook oor paaie wat tans onder konstruksie is. Die inwin van indrukke en persepsies, die observering en die samestelling van ooreenkomste om 'n enkele nuwe gedagte wat die ooreenkomste uitdruk, vind tydens hierdie proses plaas. Konseptualisering dui dus op naamgewing (De Vos 1998:29). Die hoofdoel van konseptualisering as die samehang van woord en sin is dus kommunikasie, wat die gebruik van taal insluit. Die mens interpreteer, konstrueer en beskryf die wêreld deur middel van taal (Müller 2009: 77). Wanneer taal aan bod kom, tree die hermeneutiese benadering dadelik op die voorgrond omdat dit die prosesse betrokke by menslike interpretasie beklemtoon, en sodoende eksistensiële temas in die sentrum van ondersoek plaas (Ganzevoort 2009a:3).

'n Konsep is dus betekenisvol omdat dit op sigself geanaliseer en geïnterpreteer kan word om sodoende tot 'n dieper verstaan te kom. Interpretasie vind plaas wanneer die

vraag ten opsigte van wat die teks poog om te sê, en hoe dit verstaan kan word in vergelyking met ander tekste, aan die orde gestel word. Aangesien hierdie studie in die praktiese teologie begrond word, kom die menslike ervaring en die “praxis” of geleefde geloof, die aksies en betekenis van die menslike lewe, en hoe die mens met die goddelike in interaksie tree aan bod (Ganzevoort 2009a:4). In hierdie studie word gefokus op die impak van misbruik op die Christelike spiritualiteit, as bron van hoop, vir ’n tiener-meisie wat gemolesteer is. Daarom kom die volgende konsepte aan bod:

- *Vroulike adolessensie*. Dit is belangrik om eerstens te verstaan wat hierdie konsep behels omdat daar in hierdie studie gebruik gemaak word van vroulike adolessente as gespreksgenote. Verder moet die verhaal van hierdie lewensfase binne die konteks van postmodernisme, as die era waarin die gespreksgenote hulle tans bevind, gelees word. Omdat hierdie studie begrond word in die narratiewe pastoraat, word vrae gevra oor die impak wat die postmoderne era op die Christelike spiritualiteit van ’n vroulike adolessent het.
- Hierdie konsepte bied die agtergrond vir die lees van die teks van *seksuele misbruik as fenomeen*.
- Die implikasies wat misbruik het vir die *Christelik-spirituele identiteit* van ’n slagoffer.


Die uiteindelige doel is om hierdie konsepte in verband te bring met die teks van die praktiese teologie, ’n teologiese antropologie, die pastoraat en ’n eie narratief-pastorale benadering.

1.2.3 DINAMIEK AS RIGTINGWYSER 3

Die ontwikkelings*dinamiek* van die navorsingsverhaal kan vergelyk word met die ontwikkeling van ’n foto van die navorsingslandskap. Die navorser is nie net nuuskierig nie, maar wag ook geduldig tydens die ontwikkeling van die foto terwyl sy aspekte van die landskap vanuit verskillende hoeke interpreteer. Aangesien hierdie studie onder die sambreel van die narratief-pastorale benadering tot navorsing en terapie geskied, is teologiese teorie en prakties-teologiese interpretasie van belang. Prakties-teologiese interpretasie behels vier sleuteltake, naamlik: die beskrywend-empiriese; die interpreterende; die normatiewe en die pragmatiese take (Osmer 2008: 10). Dié vier

take van praktiese teologiese interpretasie is volgens Osmer (2008:10) interverweef. Probleme wat in die pragmatiese taak na vore tree, vra om empiries nagevors te word, terwyl teorieë wat aangewend word om sekere gebeure te interpreteer 'n normatiewe refleksie daarop suggereer. Die interaksie en gemeenskaplike invloede van die vier take onderskei praktiese teologie van ander studievervelde, omdat die sosiale wetenskappe byvoorbeeld nie normatiewe teologiese perspektiewe om navorsing te interpreteer ontwikkel nie. Verder is die normatiewe en pragmatiese take sentraal geleë in die praktiese teologie as akademiese dissipline (Osmer 2008:10).

Vrae wat deur die praktiese teoloog gevra word, dui op: Wat is besig om te gebeur? Hoe verstaan ek hierdie konkrete situasie waarin in diens van God opgetree moet word? Tydens die proses waarin gepoog word om die situasie te verstaan, word gebruik gemaak van verskillende dissiplines soos aangedui deur sekere sosiologiese en antropologiese faktore, historiese trajeksies wat aanleiding gegee het tot die situasie, en die impak van kontemporêre sosiale neigings soos globalisering en verstedeliking. Hierdie vier take word daarom gesien as funksionierend in 'n hermeneutiese sirkel "... which portrays interpretation as composed of distinct interrelated moments" en word as volg deur Osmer (2008:10) gekarteer:



Kwalitatiewe navorsing word gekenmerk deur 'n poging van die navorser om tot die wese en essensie van 'n verskynsel deur te dring. Uiteindelik is die probleem wat op hierdie dimensie ondersoek word, die wese van die menslike bestaan self (Mouton &

Marais 1985:172). Misbruik van kinders behels dus belangrike sosiologiese en antropologiese aspekte soos aangedui deur Louw (2005b:1): “How one views the human being plays a fundamental role in all human communication and caring models”. Die kartering van ’n teologiese antropologie is dus belangrik.

Hoewel die teorie en praktyk van die pastoraat nie in isolasie van ander hulpdissiplines bevorder kan word nie (Louw 1999a:13) is dit belangrik om ’n aanwyser op te rig wat dui op die eiesoortigheid van die pastorale gesprek as deel van praktiese teologie.

1.2.4 CLOU AS RIGTINGWYSER 4

“Clou” dien as Afrikaanse vertaling vir die Engelse term “climax”, soos gebruik deur Müller, Van Deventer & Human (2001:5). Die term “clou” dui volgens die HAT (1994:122) op “kern, vernaamste, hoogtepunt”. Hierdie verklaring skakel in by Müller, Van Deventer & Human (2001:5) se formulering van die betrokke navorsingsfase: “You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters”. ’n Sleutelaspek van kwalitatiewe navorsing is die neiging tot die narratiewe benadering aangesien stories van die mens en die lewe ’n belangrike bron van kennis daarstel (Swinton & Mowat 2006:38).

Soos aangedui in *rigtingwyser 3* word die kennis wat die mens van die lewe het, en die narratiewe wat daarvolgens geformuleer word, opgebou deur middel van “lived experience” (Crisp 2007:302). Pastorale sorg groei juis vanuit ’n gegewe menslike situasie “... with the greatest breadth and richness of perception possible and the accompanying ability to relate these perceptions to a coherent and comprehensive theological framework” (Gerkin 1986:12). Religie is altyd religie-in-aksie, religie-in-verhoudings tussen mense, tussen die “... ways the world is” en hoe die mens wil hê die wêreld moet wees (Orsi 2002:169). Wanneer ervaring ter sprake kom, gaan dit dus oor die ontdekkende religieuse en spirituele omgang met die werklikheid oor verskillende domeine van die daaglikse geleefde ervaring heen (Williams 2010:257).

In die religieuse ervaring gaan dit oor die “... confrontatie met wat de mens te boven gaat – de transcendente – dat gewoonlijk aangeduid wordt als God” (Ganzevoort & Visser 2007:117). Volgens Williams (2010:257) maak die mens ongeag die aard van

hulle ervarings steeds ruimte vir God in hulle alledaagse lewe. Religie en spiritualiteit sny in die domeine van die slagoffers se gesinslewe, sosiale lewe, vryetydbesteding sowel as die ervaring van misbruik in. Die ervaring van geleefde spiritualiteit behels vir die slagoffers van misbruik hulle persepsie van God en hulleself, en dus ook hulle verhouding met God en hulleself (Crisp 2007:301). Die werklikheid van geleefde religie kan egter nie wetenskaplik benader word asof die mens kan bewys dat God bestaan as objek teenoor subjek nie. Die mens kan wel praat van ervaring van die transendente, naamlik God. Daarom word 'n narratiewe benadering gevolg soos begrond in die praktiese teologie wat poog om hierdie geleefde ervaring "... wat verband hou met die verhale van die Christelike geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe" (Müller 1996:5).

Geen mens, insluitend die terapeut en die gespreksgenoot, is 'n outonome individu nie (Anderson 2001:251). "We are the collection of stories that we are acting out, the stories that proliferate and reproduce themselves in us" (Cupitt 1991:ix). Bird (2000:xi) stel daarom voor dat "... a special kind of talk is the tool that will facilitate a change/healing focused environment". 'n Verkenning van die idees en beginsels van die narratief-pastorale benadering word hier gedoen as 'n hermeneutiese strategie om hierdie storieversamelings te interpreteer en te verstaan. Daar word weereens in 'n sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie navorsing gedoen in 'n poging om die verband tussen die narratiewe benadering en 'n teks van hoop aan te toon. Bevindings hieruit verkry dien as fondasie vir die oprigting van die volgende rigtingwyser.

1.2.5 EINDE AS RIGTINGWYSER 5

"And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?" (Müller, Van Deventer & Human 2001:8). 'n Narratief-pastorale benadering word vanuit 'n ryk bron van verskillende terapeutiese inisiatiewe wat basies sosiaal-konstruksionisties funksioneer, geformuleer. Die hermeneuties-narratiewe benadering bied 'n gespreksroete waarlangs gepoog sal word om die stories van my mede-navorsers op só 'n wyse te "... vertel en te hervertel dat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie" (Müller 1996:104) sal plaasvind. Deur gebruik te maak van biografiese fragmente word die diskoerse van drie gemolesteerde tienerdogters aan die orde gestel. Aangesien ek nie sonder my eie

verhaal na die gesprek kom nie, word ook gebruik gemaak van outobiografiese elemente in die verryking van die navorsingsverhaal. Sentraal hierin staan die narratiewe metafoor wat onder meer veronderstel dat ons verhale "... lewensbepalend is, konteks bepaald is, meervlakkig van aard is met dominante en alternatiewe beskrywings en dat die verteller die beste gids van 'n eie verhaal is" (Van den Berg & Smit 2006:1081). Die uitgangspunt van my narratief-pastorale benadering is dat Christelike spiritualiteit kan bydra tot die aksie van vergifnis en die besef dat die skuld op die skouers van die oortreder rus, en nie op dié van die slagoffer nie.

Refleksie as tweede fase van die proses waarop hierdie gids lig werp, is noodsaaklik vir elke dimensie van die kwalitatiewe navorsingsproses (Swinton & Mowat 2006:59). 'n Sensitiwiteit en bewustheid vir die hermeneutiese "lees" van situasies en die effektiewe interpretasie van mense word daarom vereis (Swinton & Mowat 2006:61). Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar in kwalitatiewe navorsing geen gevolgtrekkings op 'n groter gehoor van toepassing gemaak kan word nie. Dit is slegs van toepassing op die deelnemers in hulle eie konteks.

1.3 'N TERUGBLIK

Die keuse van kartografie as metafoor aan die hand waarvan hierdie studie geïllustreer sal word, word gemotiveer as handige instrument ter dokumentering van die landskap van ondersoek volgens die kontoere van die ABDCE-benadering tot navorsing soos gebruik deur Müller, Van Deventer en Human (2001:1-13). Elke fase van die navorsingsproses word aangedui as 'n rigtingwyser of gids wat lig werp op die betrokke terrein van ondersoek. Die akroniem ABDCE as *Action, Background, Development, Climax* en *Ending* is vertaal as *Aksie, Basiese aanloop, Dinamiek, Clou* (vernaamste hoogtepunt) en *Einde*. *Aksie* as rigtingwyser 1 word verduidelik aan die hand van die daad van spoorsny op die weg van wat "nou" in die aksie van navorsing plaasvind en sluit die verlede uit. Die ligstraal van rigtingwyser 2 val op die *Basiese aanloop* fase van die studie, verwys na die grondliggende aanloop tot die studie en maak gebruik van die verlede sowel as die hede ten einde sekere konsepte aan die leser te verhelder. *Dinamiek* verwys na die dinamiese proses wat geskied tydens die ontwikkeling van 'n foto soos aangedui en verhelder deur rigtingwyser 3. 'n Foto word verkry deur die lens te fokus op die vier take van die praktiese teologie. Rigtingwyser 4 word

verteenwoordig deur *Clou* wat dien as die “hoogtepunt of klimaks” (HAT 1994:122) van die navorsingsproses. Die ontdekkende omgang met die werklikheid lei hier tot die saambinding van die hele proses sodat die hoofkarakters hulle lewe vanuit ’n ander hoek kan benader. In die *Einde* van die studie werp rigtingwyser 5 lig op ’n eie narratief-pastorale benadering wat vanuit verskillende terapeutiese inisiatiewe saamgestel word. Daar word ook ’n reflektiewe lig gewerp op die reis, wat geleentheid bied vir die formulering van sekere aannames.

1.4 ’N VOORUITSKOUIING

Die naald van die kompas word in hoofstuk 2 gerig op en deur rigtingwysers 1 en 2. Die keuse van die betrokke tema van die studie sal gemotiveer, die navorsingsterrein afgebaken en die doelwitte van hierdie navorsingsreis uitgestip word. Verder sal sekere navorsingsverwagtings, die metodologie waarvolgens die studie sal plaasvind en die voorlopige uiteensetting van die navorsingsreis aan die orde gestel word.

HOOFSTUK 2

OP DIE SPOOR VAN DIE TEKS VIR HIERDIE NAVORSING

2.1 INLEIDING

By die vertrekpunt van hierdie navorsingsreis word die naald van die kompas op en deur rigtingwysers 1 en 2 gerig as die aksie en basiese aanloop van die navorsingsreis. Hoewel navorsing sirkulêr plaasvind, het elke navorsingsreis of ontdekkingstog 'n vertrekpunt nodig. Sekere waarnemings insieer toepaslike vrae wat ontstaan nadat begin is om die oppervlak van 'n situasie af te skraap, en die betekenis van die "... rich complexities of meaning, history, culture and spirituality" (Swinton & Mowat 2006:192) te ondersoek.

Dit vereis 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma wat vanuit 'n bepaalde "... interpretasienetwerk, verstaanshorison en lewensbeskoulike raamwerk" geskied (Louw 1997: 53). Denzon en Lincoln (1998:3) sluit hierby aan: "Qualitative researchers study things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them". Dit gaan dus oor die verstaan van die sosiale en kulturele kontekste onderliggend aan sekere gedragspatrone.

Die klem word op die kwaliteit en die diepte van die informasie asook die uniekheid van elke besondere situasie geplaas (Nieuwenhuis 2007:4). Ek maak gebruik van verskillende "stemme" in hierdie studie. Soms gebruik ek die term "ons" wat misbruik is, "hulle" as tienerdogters of as slagoffers van misbruik, en soms verwys ek na 'n persoon as "ek" of "jy". Die rede is dat misbruik 'n probleem is wat almal raak. Ek wil myself daarom nie distansieer van die tema van misbruik of van die dogters en hulle gesinne nie. Sodoende word verhoed dat die ervarings en gevolglike pyn van die slagoffers geminimaliseer word. Verder word slagoffers as onskuldige dogters wat misbruik is sonder provokasie beskou. Die term "slagoffer" is dus gepas, maar dra 'n negatiewe betekenis deurdat dit die aktiewe en positiewe hantering van die gebeure verdoesel. Ek maak egter aanvanklik gebruik van die term "slagoffer" omdat oorwinning van die impak van die gebeure eers later in die studie aan bod gaan kom.

Ter motivering van die navorsingsvraag kom die verhale van drie adolessente dogters wat seksueel misbruik is, sowel as dié van die navorser aan bod. Wanneer slagoffers met die realiteit van die misbruik gekonfronteer word, beteken dit dat hulle hul eie identiteit, identiteit in Christus en vermoë om hulle geleefde ervaring te kan hanteer bevraagteken (Crisp 2009:67). Ek het spesifiek die drie gespreksgenote gekies omdat elkeen se verhaal 'n ander belangrike aspek van die ervaring van misbruik aanraak. Die gespreksgenote het ongemaaklik gevoel met die idee dat ons gesprekke op band opgeneem word. Ek het daarom deurgaans aantekeninge gemaak, en dit dan weer met hulle deurgegaan. Elke gespreksgenoot het outeursreg gehad op watter inligting ek kon gebruik. Hoewel my eie verhaal 'n ondergeskikte rol in die studie speel, word sekere fragmente aan die orde gestel ter bevestiging van die intersubjektiviteit waarvan in die narratiewe terapeutiese benadering gebruik gemaak sal word.

Ek maak verder gebruik van aanhalings uit die boek *Dis Ek Anna* (Lötter 2004). Die verhaal van misbruik deur haar stiefpa word deur Anchien Troskie in die boek onder die pseudoniem van Elbie Lötter geskryf. Troskie het self die naam Anna gekies om haar verhaal te vertel. Aangesien dit dus 'n ware verhaal is, beskou ek dit as genoegsame ondersteuning vir die gebruik van fragmente van haar verhaal. Die boek *Thula Thula* deur Annelie Botes werp ook 'n wye lig op die fenomeen van misbruik, maar omdat dit fiksie is, wou ek nie gebruik maak van die slagoffer in die boek se verhaal nie. Verder het my drie gespreksgenote die verhaal van Anchien Troskie gelees nog voordat hulle met terapie begin het. Waar ek van fragmente van Anna se verhaal gebruik gemaak het, het ek seker gemaak dat die gespreksgenote hulle verhale daarin kon spieël.

Die navorsing geskied vanuit 'n perspektief van postmoderniteit wat meebring dat die metodologiese lokvalle in 'n modernistiese benadering vermy moet word. Dit is dus nie nodig dat die navorsingsverhaal volgens 'n fundamentele chronologiese orde uiteengesit moet word nie. 'n Helderheid ten opsigte van die paradigmatiese en epistemologiese verbondenheid van die navorser is egter belangrik. Die rede is dat dit as basiese raamwerk dien waarvolgens die studie op so 'n wyse weergegee kan word dat die leser die navorsingsreis gemaklik kan meemaak. Die rasionaal as aanduiding van die leemte in die navorsingsveld van die Christelike spiritualiteit van 'n tienerdogter wat seksueel misbruik is, dien as wegspringplek en motivering vir hierdie studie.

2.2 RASIONAAL

Die bewuswording van 'n vraagstuk in die geleefde ervaring van die mens vorm die wegspringplek van enige navorsing en dui op die ervaring van iets of iemand. "Dat wil zeggen de ervaring is ergens op gericht en wordt door iets dat buiten onze ervaring ligt aangedreven" (Immink 1996:10). In die geval van misbruik beteken dit dat onskuldige kinders slagoffers van die oortreder word, en sodoende van hulle onskuld ten opsigte van die uitleef van seksualiteit verloor.

Die World Declaration on the Survival, Protection and Development of Children: World summit for Children 30 September 2001 stel dit vervolgens dat:

The children of the world are innocent, vulnerable and dependent. They are also curious, active and full of hope. Their childhood should be one of joy and peace, of playing, learning and growing. Their future should be shaped in harmony and cooperation. Their lives should mature, as they broaden their perspective and gain new experiences (South African Human Rights Commission April 2002:v).

Ter versterking van die rasionaal om te fokus op die skep van hoop by gemolesteerde tienerdogters, word die impak van misbruik op 'n slagoffer se geformuleerde Godsbeeld ondersteun deur aanhalings en weergawes van Anna (Lötter 2004) aan die orde gestel. Lig word verder aan in die hoofstuk ten opsigte van hierdie formulering op fragmente van my gespreksgenote se verhale gewerp.

Anna: *Ek is moeg, besef ek. Moeg na liggaam en gees. Van God en mens verlate* (Lötter 2004:166).

Dit is duidelik dat hierdie geestelike en liggaamlike dood ook as 'n vasgeloopte toekomsblik ervaar word. Büchner (2006:24) brei verder hierop uit met die verwoording van haar gespreksgenoot wat misbruik is se ervaring: "Jy moes stilbly en dit voel asof God ook stil is oor die geheim". 'n Oorwinnaar van seksuele misbruik beskryf die impak daarvan op haar self-bewussyn as: "You feel rejected, unloved, worthless, disconnected from- and abandoned by your Creator" (Crisp 2007:301). Na aanleiding van hierdie

persepsie van die self poog die navorser om deur die verhale van haar gespreksgenote, die volgende aan te dui:

- o dat hulle die dood binne-in hulle self ook ervaar as 'n finale geestelike dood,
- o dat skeefgetrekte Godskonsepte 'n aanduiding is van 'n gebrek aan hoop vir 'n lewe of 'n wêreld waar 'n geestelike dood die dominante diskoers van die gespreksgenoot vorm.

Wanneer die mens se bestaan te lank en aanhoudend gekonfronteer word met uitsigloosheid, verval sy in 'n toestand van hooploosheid en word dit haar lewenstema (Müller 2000:44). Hooploosheid dui hier op die afwesigheid van 'n toekomsverwachting omdat die getraumatiseerde dogters weens hulle skeefgetrekte Godsbeeld, niks van Hom verwag nie. Vertrouensbreuk benadeel die gees dermate dat dit blyk asof daar net een oplossing is, en dit is om te onttrek van die lewe (Bird 2000:20). Louw (1999a:21) bevestig hierdie gevolgtrekking:

Geloofspatologie kan beskryf word as 'n verwringing van mense se Godsverstaan as gevolg van pynlike lewenservaringe met, as resultaat, 'n blokkasie binne die proses van sinvolle toekoms-oriëntasie of -antisipasie. Mense se toekoms-verwachting kan geblokkeer word as gevolg van Godsvoorstelling wat eerder angs as vertrouwe, skuld as bevryding, en wanhoop as hoop bevorder.

Hierdie situasie word verder vererger deurdat die wêreld waarin kinders lewe nie aangepas is vir hulle ontwikkelingsvlakke nie (Lew 1988:67). Vir enige kind is daar 'n enorme heelal wat verstaan moet word. Kinders moet sin maak van reëls wat vir hulle onverstaanbaar is, en wat dikwels sonder enige verduideliking op hulle afgedwing word. Seksuele misbruik vererger hierdie situasie aansienlik. "Child victims of sexuality, beyond their emotional and physical developmental levels, are violated in every sense of the word: physically, psychologically, emotionally and spiritually" (Wickham & West 2002:4). Hierdie kinders ervaar dus pyn, skaamte, vrees en verwarring. Die vraag ontstaan oor watter ouderdom van slagoffers betrokke is, en wat die omvang van die fenomeen is.

Kinders word meesal seksueel tussen die ouderdomme van vyf en dertien jaar misbruik (Howe 2005:199). Statistieke vanuit regeringsweë is nie betroubaar nie, aangesien daar geen enkele nasionale databasis vir kindermolestering bestaan nie (Child sexual abuse 2010:elektroniese bron). Wasserman (2008:123) het bevind dat die wese van twee uit elke tien jong mense in 2004 in Suid-Afrika weens seksuele geweld in die vorm van ontoelaatbare aanraking, aanranding of beledigings geaffekteer is. Dit is moeilik om die omvang van hierdie misdaad te bepaal, omdat dit deur geheimhouding omring word (Dawes *et al* 2004:1). Na raming word vier persent van alle meisies en twee persent van alle seuns voor die ouderdom van sestien seksueel misbruik (Louw & Louw 2007:363). In 'n verslag na 'n ondersoek ten opsigte van seksuele geweld teen kinders, het die Menseregte Kommissie (2002:7) bevind dat 20 persent dogters en 13 persent seuns in die suide van Gauteng seksuele geweld beleef het. Dit toon 'n ietwat hoër tendens as bogenoemde bevindings.

Die rasionaal vir die keuse van die navorsingsterrein vir hierdie studie is egter geleë in my observasie en ervaring van situasies in die “real-world” (Fouché & De Vos 1998:90). My nuuskierigheid is geprikkel deur die tussenspel tussen my eie ervaring, onuitgesproke teorieë, politieke betrokkenheid by ander in konkrete situasies en belangstelling in die praktyk.

Navorsers: *Ek tree die afgelope drie jaar as pastorale terapeut by hoërskole in Kroonstad en omgewing op. Ongeveer 40 persent van die tienermeisies met wie ek in gesprek getree het, is seksueel misbruik en dra swaar aan die impak van die gebeure. Ek kan nie definitiewe statistieke noem nie. Die rede is dat daar tydens die navorsingsproses steeds nuwe aanmeldings plaasgevind het. Wat my eie verhaal betref: Hoewel ek nie gemolesteer is nie, het gebeure weens geestelike en emosionele mishandeling tydens my kinder- en tienerjare my as mens en as terapeut op die hulproep van gemolesteerde adolessente meisies laat reageer.*

Vanuit hierdie fragment van my verhaal is dit duidelik dat die navorsers, as gespreksgenoot, bewus moet wees van haar eie posisie in die bepaalde navorsingstema. Die belangrike faktor in die aksie van navorsing is volgens Müller

(2010c:15) die interaksie met mense en hulle aksies. Die navorser vorm daarom deel van 'n "working understanding" (Nieuwenhuis 2007:64) van die realiteit van die lewe. Waar uiteindelik gearriveer word, reflekteer volgens Nieuwenhuis (2007:64) die persoonlike narratiewe van die navorser. Uit die dogters se verhale word aangedui wat die impak van misbruik op hulle Christelike spiritualiteit is. Spiritualiteit word gesien as die funksie van groei en toewyding waar daar 'n beweging is om die genade binne die ervaringsveld van elke dag van toepassing te maak (Louw 1999a:231,232). Die terapeutiese proses van herformulering word dikwels gebruik om mense te help "... to 'rearrange the furniture' and 'change the decorations' that make up a 'certain room'" in hulle herinneringe van die verlede (Lester 1995:139). Hierdie herformuleringsproses dien dan om 'n gespreksgenoot te help om 'n nuwe persepsie van haar huidige verhaal te ontwikkel. Dit word dan ook gebruik om, saam met haar, haar idees oor die toekoms te herformuleer. Spiritualiteit tree hier na vore as 'n bewussyn van 'n transendente faktor midde-in haar bestaan en sosiale konflikte (Louw 1999a:232).

Die omskrywing van die begrip spiritualiteit is egter vaag, hou 'n veelheid van betekenis in, en word bepaal deur die byvoeglike naamwoord wat die begrip beskryf. Spiritualiteit word in ooreenstemming met Louw (1999a:232) beskryf as 'n "... bewussyn van 'n transendente faktor midde-in ons bestaan en sosiale konflikte". Die transendente faktor dui in hierdie studie op die teenwoordigheid van God en die ervaring om menswaardig in die teenwoordigheid van God te leef. Lyding verwys in die pastorale sin na 'n ervaring wat 'n impak op die menslike en spirituele identiteit van die mens het (Louw 2003:386).

Diskoers verwys na die gebruik van woorde as uitdrukking van die individu asook na die verskeidenheid en buigsaamheid van taal in die wyse waarop taal in die alledaagse interaksie gebruik word (Nieuwenhuis 2007:98). Volgens Gerkin (1986:135) word die mens deur diskoerse 'n verteller van stories. Die kernvraag vir die mens gaan hier egter nie oor 'n eie outeurskap nie. Die mens kan eers die vraag oor wat gedoen moet word antwoord wanneer die vraag: "Van watter storie of stories vorm ek deel?" (Gerkin 1986:135) gevra word. Die mens se sosiale en historiese kontekste "... constantly invite them to tell and remember the stories of certain events and leave others unstoried" (Freedman & Combs 1996:42). Die persoonlike narratief is dus die sentrale storie waarbinne gebeure en situasies vertel en geïnterpreteer word. In die narratief-

pastorale benadering word God se narratief in verband gebring met hierdie persoonlike narratief.

Binne die narratiewe filosofiese raamwerk word verbatim fragmente van gesprekke met medenavorsers tesame met die agtergrond van hulle verhale weergegee. Ek het vooraf toestemming van die gespreksgenote verkry om hulle verhale te gebruik. Die doel van my studie, en die wyse waarvolgens hulle verhale aan die orde gestel word, is aan elkeen verduidelik sodat hulle op 'n geïnformeerde basis toestemming kon verleen. Ek het die verbatim aanhalings deurgaans met hulle bespreek, en het slegs daardie gedeeltes waarvoor hulle toestemming verleen het, gebruik. Weens etiese oorwegings is egter gebruik van pseudonieme, soos deur elkeen gekies, ten einde hulle privaatheid te beskerm. Omdat die gespreksgenote tydens misbruik in 'n magtelose posisie geplaas is deurdat sy geen beheer gehad het oor wat met haar gebeur nie, is dit belangrik dat sy self 'n skuilnaam kies. Dit laat die besef posvat dat sy in beheer van die terapeutiese proses is. Sodoende word 'n belangrike bydrae tot identiteitsvorming gelewer aangesien dit resoneer met die identiteit wat my gespreksgenoot hoop om te ontwikkel wanneer sy die impak van misbruik positief leer hanteer het.

Ek het tydens die gesprekke gestreef na 'n nie-wetende posisie sodat die gespreksgenote bemagtig kon word as deskundiges van hulle verhale (Müller 2000:17). Gesprekke het op 'n ongestruktureerde oop-einde wyse geskied. Aangesien 'n bandopnemer hulle van hul spontaneïteit ontnem het, het ek aantekeninge gemaak tydens al ons gesprekke en dit weer met hulle deurgegaan. Sodoende het hulle weereens beheer oor wat hulle bereid is om met andere te deel, verkry. Die navorsingsterrein van hierdie studie behels 'n narratief-pastorale betrokkenheid by tienerdogters wat misbruik is. 'n Lewe in eensgesindheid met God beteken dat ek as navorser en narratief-pastorale terapeut in denke en daad my solidariteit met ander moet betoon. Die vrae van my gespreksgenote ten opsigte van die rol van God in die gebeure, het daarom vrae aangaande die teodisee-vraagstuk by my laat ontstaan.

In aansluiting by hierdie vrae word fragmente van elkeen van die drie gespreksgenote se verhale weergegee. Dit geskied binne die konteks van die sirkulêre beweging tussen teorie en praktyk.

Jeanine: *Tannie, jy moet asseblief nie met my oor God praat nie. Ek is baie kwaad vir Hom. Hy het my verraai. As Hy liefdevol en genadig is, sou Hy nie toegelaat het dat my oom my molesteer nie.*

Jeanine maak haar afleidings omdat die betekenis wat sy toeken aan gebeure in haar lewe nie in 'n vakuum geskied nie. Elke sensasie of interpersoonlike transaksie, bewustelik of onbewustelik, word deur die mens se denkprosesse in 'n storienvorm gegiet en dikwels so bewaar (Müller 1996:21). Elke keer wanneer die mens dus taal gebruik, word 'n realiteit na vore gebring (Freedman & Combs 1996:29). Taal behels daarom nie net 'n kompilasie van woorde in terme van hulle betekenis volgens die woordeboek nie. Dit word ook gebruik om 'n wêreldbeskouing asook teks van identiteit te konstrueer (Berger & Luckmann 1966:16). Hierdie teks van identiteit sluit identiteit in Christus in, wat geraak word wanneer slagoffers van misbruik hulle plek in die genade en liefde van God tydens traumatiese gebeure bevraagteken. Dit tree duidelik na vore in die verhaal van Jeanine, asook in dié van Zoe en Karla.

Zoe: *My oupa het my drie jaar lank misbruik. Dit het begin toe ek 8 jaar oud was. Ek is baie kwaad vir die Here, want ek was nog klein en kon dit nie self keer nie. Al my gebede dat dit moet ophou het nie gehelp nie. Ek dink Hy wil my nie hê nie, want ek is "damaged goods".*

Ons gee stories mag oor ons deur die wyse waarop ons hulle lees. Stories is dus "highly suggestive" (Cupitt 1991:37,47). Die uitgangspunt van die narratiewe benadering is dat kennis, insluitend ons kennis van hoe die lewe daar uitsien of ons kennis van God, altyd gekonstrueerde kennis is, soos aangedui in al drie die gespreksgenote se verhale (Ganzevoort & Visser 2007:107). Die taal van geleefde ervaring kan ook meebring dat die slagoffer haar identiteit kategoriseer as "tweedehands" of "damaged goods" in die oë van God, soos blyk uit Zoe sowel as Karla se verhale.

Karla: *My pa het ons gelos, en daarna het my ma altyd 'n man gehad wat by ons ingewoon het omdat ons die inkomste nodig gehad het. Die man en sy vriende het baie keer by ons huis gebraai en baie gedrink. Dan het hulle my gemolesteer. Dit pla my nie om saam met seuns te slaap*

nie, want ek is tog al baie gebruik, en God sou dit gekeer het as Hy vir my omgee. As Hy nie omgee nie, hoekom moet ek?

Wanneer die moeilike ontwikkelingstake gekoppel aan die adolessente lewensfase verder gekompliseer word deur molestering, ontstaan meer vrae as antwoorde. Dit staan egter volgens Louw (2005a:2) vas dat daar sonder hoop geen sin in die lewe en geen toekomsverwagting is nie. Vir Louw (2005a:2) verwys die dood na die fisiese dood, maar ook na die afsterf van verhoudings, "... die ontbloting van menslike weerloosheid en wanhoop in die gesig van eensaamheid, isolasie, verwerping en verlies".

Die primêre fokus van die narratiewe benadering is mense se interpretasie van hulle lewenservarings (White 1997:elektroniese bron). Hierdie interpretasieproses is egter nie 'n akademiese aangeleentheid nie. Dit kan nie beskou word as 'n "... static reproduction of some experiences that they refer to: they are not 'maps of the territory of life', not 'mirrors of the world', and not 'perspectives of life' that stand outside of what is going on" (White 1997:elektroniese bron). Elke gebeurtenis dra by tot verskillende moontlikhede in die verloop van die verhaal.

Ek word sodoende gekonfronteer met verskillende vrae:

- Wat is die dogter wat misbruik is se begrip van lewenskwaliteit en wat 'n sinvolle lewe beteken?
- Wat verstaan 'n tienermeisie wat gemolesteer is oor wie sy as mens is, veral haar identiteit in Christus?
- Op watter wyse kan 'n Christelike spiritualiteit van hoop ontstaan vanuit die disfunkionele Godsbeskouing van die adolessente dogter wat misbruik is?

Hierdie vrae het my gemotiveer om ondersoek in te stel na die navorsingsterrein van die taal van hoop as skrywer van 'n nuwe Christelik-spirituele teks by 'n tienerdogter wat gemolesteer is.

2.3 PROBLEEMSTELLING EN FOKUS

2.3.1 PROBLEEMSTELLING

Die probleemstelling beantwoord die *wat* vraag: wat wil die navorser oor die betrokke onderwerp uitvind? (Fouché & De Vos 1998:100). Die navorsingsterrein van seksuele molestering is reeds telkemale ondersoek (Moore 1985; Furniss 1991; Richardson & Bacon 2001; Wickham & West 2002; Howe 2005; Spies et al 2006 en Coetzer 2009). Daar bestaan egter steeds leemtes in die navorsing van hierdie fenomeen ten opsigte van die verlies van hoop gesetel in 'n Christelike spiritualiteit. In die titel word aangedui dat hierdie studie slegs op vroulike gespreksgenote betrekking het. Ek het tot dusver nog nie die geleentheid gehad om met 'n tienerseun wat misbruik is in gesprek te tree nie. Die vermoede bestaan dat hulle nie gemaklik voel om met 'n vrou daaroor te praat nie. My vermoede word gegrond vanuit my werk by die skole dat seuns nie graag met my praat oor probleme van intieme aard nie. Die grootste persentasie van my gespreksgenote by die skole bestaan uit dogters, wat my besluit om op die misbruik van dogters te fokus, verder ondersteun.

Seksuele misbruik is 'n realiteit en impakkeer op kinders van alle klasse, kulture, rasse, gelowe en geslagte. Hierdie fenomeen is ook nie net beperk tot Suid-Afrika of enige spesifieke kulturele gemeenskappe in hierdie land nie (Richter *et al* 2004:3). Misbruik kan breedweg omskryf word as enige aksie

... that violates, humiliates or exploits, or attempts to violate, humiliate or exploit, the bodily integrity or dignity of the complainant which has an element of a sexual nature (Lawrence & Janse van Rensburg 2006:128).

Om as misdadig beskou te word, moet daar geen sprake van toestemming deur die klaer betrokke wees nie. Toestemming kan egter net plaasvind op grond van kennis en gesag, waaroor 'n minderjarige dogter nog nie beskik nie (Moore 1985:21). Die seksuele vergryp wanneer sy jonger is, word dan volgens die *Sexual Offences Act No 23 of 1957, Section 14*, as statutêre verkrachting beskou (Richter *et al* 2004:216). Die ouderdom wat deur hierdie wet aangedui word, is 16 jaar. By minderjariges kan die

misbruik daarom as misdadig gereken word, selfs al het dit met die toestemming van die slagoffer plaasgevind.

Behalwe primêre traumatisering weens die daade self, vind daar volgens Furniss (1992:16) ook sekondêre traumatisering plaas weens:

- o sosiale traumatisering,
- o interprofessionele traumatisering weens konflik tussen die regsisteem en die kind se beskermings- en psigologiese behoeftes,
- o die feit dat die kind nie geglo word nie en die oortreder en gesinslede dit ontken,
- o blamering van die kind deur die ouers, asook die gedrag van die slagoffer self weens verwerping, straf, of “rebutal” (Furniss 1992:16) wat deur haar seksuele gedrag uitgelok word.

Spirituele misvorming vind plaas omdat die slagoffer God verkwalik dat Hy as die Liefdevolle en Almagtige nie die molestering gekeer het nie (Wickham & West 2002: 166; Spies *et al* 2006:53; my gespreksgenote). Soms verplaas sy haarself na 'n veilige plek by Hom, maar voel weer later deurmekaar en beleef chaos in haar gemoed (Maartens 2006:20). Sekere waardevolle en rigtinggewende aspekte in die problematiek aangaande die afsterwe van gesonde Godskonsepte en die insig dat God “... meer is en anders is as die uiteindelijke oorsaak of somtotaal van alles” (Nolte 2005:65) dien daarom as motivering vir hierdie studie.

Die volgende gedig deur 'n anonieme slagoffer dui aan dat die trauma van seksuele molestering nie eindig wanneer die molestering eindig nie:

I sacrificed everything,
But there is no celebration,
And I never had a choice
A body
childhood
A chance.

‘n Slagoffer (Wickham & West 2002:1).

Vanuit bogenoemde inligting is sekere probleemareas geïdentifiseer:

- Tydens die tienerjare is ingewikkelde prosesse van identiteitsvorming, aanpassing by nuwe lewensdomeine en herintegrasie van belang. Dit is belangrik vir haar verstaan van haar identiteit in Christus, aangesien daar 'n wisselwerkende verband bestaan "... tussen Godskennis en selfkennis" (Louw 2000:69).
- Postmodernisme word dikwels gesien as sinoniem met post-Christelik (Van der Watt & Prins 2003:578). Hierdie era word daarom getipeer deur 'n skeptisisme teenoor dogmas, credos en 'n rasonale benadering tot godsdienst (Van der Watt & Prins 2003:579). Die postmoderne paradigma dui daarop dat die vroulike tiener haar eie gevoelens kan volg wanneer dit kom by geloofsoortuigings.
- Ek het agtergekom dat daar heelwat diskontinuiteit tussen die slagoffers se konstruksies van God en die God wat ons in die Bybel leer ken, voorkom.
- Leemtes in literatuur oor misbruik wat spesifiek fokus op die verband tussen Christelike spiritualiteit en die impak van seksuele molestering is opgemerk.

2.3.2 FOKUS

Kwalitatiewe navorsing word gekenmerk deur 'n poging van die navorser om tot die wese en essensie van 'n verskynsel deur te dring. Uiteindelik is die probleem wat ondersoek word, die wese van die menslike bestaan self (Mouton & Marais 1985:172). Die meeste navorsingsprobleme spruit dus voort vanuit 'n konkrete probleem soos geobserveer in die realiteit (Fouché & De Vos 1998:92). Die identifisering van bogenoemde probleemareas het sekere vrae aan die orde gestel wat die *wat* vraag rondom rigtingwyser 1 beantwoord, met ander woorde, wat wil die navorser omtrent die onderwerp uitvind? Die doelwitte en navorsings-verwagtings sal uiteindelik deur hierdie vrae, en met behulp van die verkenning van literatuur en gesprekke met drie tienerdogters wat gemolesteer is, bepaal word.

- Wie is 'n tienermeisie wat misbruik is?
- Watter rol speel Godskonsepte in die hantering van misbruik?
- Wat word verstaan onder hoop as groeipotensiaal?
- Wat is die onderliggende diskoers tot hierdie studie?

- o Watter pastorale benadering sal gebruik word om spirituele heelheid by 'n gemolesteerde tienermeisie te fasiliteer?

2.4 DOELWITTE

“Om die lewe te leef beteken lyding; om die lewe te óórleef beteken om sin in lyding te soek en te ontdek” (Frankl 2007:viii). 'n Kernvraag vir die praktiese teoloog is: “... is [that] what appears to be going on within this situation what is actually going on?” (Swinton & Mowat 2006:v). Vanuit 'n teologiese oogpunt is lyding ook 'n oomblik aan die kruis, “... daar waar het lijden aan de dag treedt in het menselijk leven” (Ganzevoort 1994a:8). Die navorser wil daarom die vraag navors wat dui op watter wyse die pastoraat vanuit 'n perspektief van hoop gebore uit geloof in God vir die tienermeisie wat misbruik is, voorgehou kan word. Die moontlikheid van 'n transformerende spirituele identiteit binne 'n Christelike raamwerk sal ondersoek word. Verskillende aspekte van spiritualiteit sal verken word. Belangrike doelwitte vloei hieruit voort:

- o *Prakties-teologiese antropologie: mens as beeld van God:* Hier word die adolessente dogter as skepsel na die beeld van God bestudeer. Die rol wat 'n Christelike spiritualiteit in die ontwikkeling van hoop speel, word onder die loep geneem.
- o 'n *Verkennde literatuurstudie:* Ondersoek sal ingestel word na die gerapporteerde effek van misbruik op die Christelike identiteit en spiritualiteit van die tienermeisie wat gemolesteer is binne 'n “meer kontekstuele en gemeenskapsbenadering” (Müller 1996:7).
- o *Kontekstualiteit:* Die navorser dui aan wie die gespreksgenote in die betrokke studie is, in watter ouderdomsfase hulle is en waar hulle geografies geplaas word in die konteks van Suid-Afrika. Daardeur toon sy 'n sensitiwiteit vir die belang en betekenis van kontekstualiteit. Dié belangrike aksent in postmoderniteit soek na die belangrikheid van korrelasie tussen teks en konteks. Die navorser wil deur middel van kwalitatiewe navorsing sekere fenomene binne konteks verstaan, waar die navorsing plaasvind in “real-life” situasies (Nieuwenhuis 2007:79).
- o Die samestelling van 'n *eie narratiewe-pastorale benadering* vir die ontwikkeling van 'n Christelik-spirituele taal deur die gemolesteerde tienermeisie. “If

language, discourse, and narrative constitute meaning, experience and lives, then therapy can be described as a language event” (Kotzé & Kotzé 1997:34).

2.5 NAVORSINGSVERWAGTINGS

Kwalitatiewe navorsing is hoofsaaklik beskrywend. Die doel is dus nie om beginsels te formuleer wat op almal van toepassing gemaak word nie.

- Vir die ontwikkeling van ‘n Christelike spiritualiteit by die vroulike adolessent wat misbruik is, is ‘n teologies-antropologiese verstaan belangrik.
- Konteks speel ‘n belangrike rol in die vorming van Christelike spiritualiteit. Haar verstaan van die gebeure rondom die misbruik en die betekenis wat sy daaraan heg, word bepaal deur die konteks waarbinne dit plaasgevind het of steeds plaasvind.
- Die interpreterende raamwerke waarvolgens die mens die wêreld ondersoek, bepaal die vrae wat ons vra, die realiteite wat ons konstrueer, en die werklike effekte wat ervaar word deur die betrokke partye. Identiteit in Christus speel hier ‘n deurslaggewende rol in die hantering van misbruik deur ‘n tienermeisie na seksuele molestering.
- ‘n Teologie van hoop sal die negatiewe impak van molestering op die Christelike spiritualiteit van ‘n adolessente meisie aanspreek.
- Die narratief-pastorale benadering bied ‘n toepaslike ruimte vir die ontwikkeling van bogenoemde perspektiewe.
- Die ontwikkeling van ‘n eie narratief-pastorale benadering vir die begeleiding van die gemolesteerde adolessente meisie in die hantering van verlies en rou na misbruik.

Eksplorerende vrae is rondom rigtingwyser 1, as die kartering van die wie, die wat en die hoe van hierdie navorsingsreis, die rasionaal, probleemstelling en fokus, doel en navorsings-verwagtings van hierdie studie gevra. Dit vorm die basis waarvolgens teorievorming vir hierdie studie sal geskied. Teorie kan gedefinieer word as “... a supposition of ideas intended to explain something, especially one based on general principles intending of the thing to be explained” (Doyle 1989:4). Metodologie het te doen met ‘n globale benadering tot ‘n spesifieke studieveld (Swinton & Mowat 2006:75),

wat meta-teoretiese sowel as teoretiese aannames insluit. Vervolgens word die verskillende metodologiese teorievormingsaspekte ten opsigte van sekere filosofiese en epistemologiese aannames eers kortliks uiteengesit en dan meer volledig onder die loep geneem.

2.6 METODOLOGIE

As deel van die navorsingsmetodologie en ter verdere versterking van die teoretiese perspektiewe word van die *kwalitatiewe navorsingsepistemologie* volgens die paradigma van *postmoderniteit* soos begrond in die *narratiewe pastoraat* gebruik gemaak. Die soeke na betekenis en die interpretasieproses lê tot die kern van kwalitatiewe navorsing (Swinton en Mowat 2006:101). Ter instemming met dié *hermeneutiese aksent* word Louw (1999a:6) aangehaal: “Menslike probleme kan nie finaal in statistiek en numeriese persentasies uitgedruk word nie.” Die basiese standpunt van die navorser, in ooreenstemming met Berger en Luckman (1966:13); Gergen (1991:119) asook Shotter (1993:79), is dat realiteit *sosiaal gekonstrueer* word. Die doel is die verstaan van die komplekse wêreld van geleefde ervaring vanuit die oogpunt van diegene wat dit leef. Aan die hand van die beginsels van *deelnemende aksie* navorsing kry drie tienermeisies daarom self ‘n stem in die navorsing wat hulle raak.

Ek sal ook gebruik maak van ‘n *verkennde literatuurstudie* waar die idees en die navorsing van ander aan die orde gestel sal word aangesien navorsing nie in isolasie kan geskied nie. Literatuur speel ook ‘n belangrike rol in die verstaan en interpretering van die wyse waarop die praktiese teologie ‘n betekenisvolle bydrae tot die wyer veld van die teologie en die praxis van die kerk en die wêreld lewer (Swinton & Mowat 2006:v). In die proses word aangesluit by Baker en Reader (2009:8) dat teologie verstaan word as ‘n kritiese refleksie op “... faithful practice in a variety of settings”. Daar sal dus gebruik gemaak word van vakliteratuur wat ‘n perspektief bied op praxis as doelgerigte aksie wat prioriteit bied aan die geleefde ervaring van misbruik.

In ‘n wederkerige gesprek tussen onder meer toepaslike Skrifgedeeltes asook vakliteratuur vanuit die sosiale wetenskappe, word daar aan die praktiese teologie ‘n nuttige dialoog gebied waardeur belangrike data vir teologiese reflektoring verwoord

word (Swinton & Mowat 2006:vi). Empiriese navorsing, as die beskrywende taak van praktiese teologie, dien as interpreterende gids tot 'n beter verstaan van die gespreksgenote wat aan kwalitatiewe gespreksvoering deelneem (Osmer 2008:41). Deur gebruik te maak van die verskillende kwalitatiewe navorsingsbronne word die horisonne van die navorser verskuif.

Die metafoor vervul die belangrike funksie van "... 'n voorstelling wat deur middel van 'n beeld 'n bemiddeling en brugfunksie vervul tussen 'n geloofswerklikheid en die mens se ervarings-wêreld" (Louw 1999a:22). Die verwagting is dat die narratiewe metafoor tot nuwe betekenis deur middel van nuwe taal sal bydra. *Narratiewe terapie* berus volgens Müller (2000:15) op hierdie "... betekenisgewende krag van taal en verhale". Elke aspek van die navorsings-metodologie soos reeds kortliks genoem, word vervolgens bespreek.

2.6.1 KWALITATIEWE NAVORSING

Die eerste stap in die beplanning van die navorsingsproses is om die paradigma wat die navorsingsaksie onderlê te omskryf. 'n Paradigma dui op die navorser se uitgangspunt en verwysingsraamwerk waarvolgens na die lewe gekyk, of waarvolgens realiteit verstaan word (Delpont & Fouché 1998:261). Die veld van kwalitatiewe navorsing dek 'n wye area van perspektiewe, naamlik die empiriese, politieke, sosiologiese, pastorale, geslagsgeöriënteerde en narratief gebaseerde studieverde (Swinton & Mowat 2006:29). Die menslike sosiale lewe word in hierdie studie nagevors vanuit die paradigma van postmoderniteit volgens die kwalitatiewe navorsingsepistemologie.

Kwalitatiewe navorsing word as volg deur Osmer (2008:49) omskryf:

Qualitative research seeks to understand the actions and practices in which individuals and groups engage in everyday life and the meanings they ascribe to their experience.

Volgens Osmer (2006:50) is kwalitatiewe navorsing op 'n induktiewe wyse meer geskik vir die indiepte bestudering van slegs 'n paar individue, groepe of gemeenskappe. 'n Induktiewe navorsingswyse beteken dat tot sekere bevindings gekom word deur middel

van onderhoudvoering met betrokke mense “ ... uit die materiaal uit (induktief)” (Heyns & Pieterse 1990:81). Hierdie navorsingsmetodologiese paradigma is dus konteksgebonde en dui op sosiale konstruksionisme waar die ervaring van die self in die voortdurende interaksie met ander gekonstrueer word (Freedman & Combs 1996:17). Daar word nie gepoog om iets te bewys nie. Die vraag ontstaan dan hoe akkurate data vir teologiese refleksie daargestel word. Volgens Swinton en Mowat (2006:vii) is praktiese teologie ’n teologiese dissipline wat beteken dat “... it does not simply seek after knowledge for the sake of knowledge”. Die inherente geneigdheid van kwalitatiewe navorsing is om gebruik te maak van ’n *post-foundational* epistemologie (Swinton & Mowat 2006:73). ’n *Post-foundational* benadering tot navorsing toon sterk ooreenkomste met sosiale konstruksionisme in die narratiewe paradigma deurdat ’n spesifieke konteks en in-konteks-ervarings ter sprake is (Müller 2004:300). Terselfdertyd word kreatief gewys op die beperkings in die plaaslike gemeenskap, groep of kultuur ten opsigte van aanneemlike vorme van transgemeenskaplike en interdissiplinêre gesprek (Van Huyssteen 1999:8).

Die fokus val daarom op die individu as deelnemer aan die navorsingsproses, en nie op meetkundige gemiddeldes nie. Waarneming geskied subjektief en word persoonlik beleef. Enige blik op ’n leefwêreld word altyd gefiltreer deur die lense van taal, geslag, sosiale klas, ras en etnisiteit (Denzon & Lincoln 1989:14). Daarom kan die kwalitatiewe navorser gebruik maak van enige strategie asook metodologiese en empiriese materiaal wat beskikbaar is (Denzon & Lincoln 1998:3). Indien dit sou beteken dat nuwe instrumente ter dokumentering van inligting geskep moet word, staan dit die navorser dus vry om hierdie weg te volg. Die kwalitatiewe navorser maak in die proses gebruik van die benaderings, strategieë en tegnieke soos gebruik in fenomenologie; hermeneutiek; dekonstruksie; gesprekvoering; deelnemende aksie navorsing; die narratiewe pastoraat en navorsing van beskikbare literatuur.

Volgens Louw (1999a:559) kan die gebeure ten opsigte van die ontmoeting tussen God en die mens, die geloof- en die ervaringsperspektief gelyktydig gebeur. Daarom kan die een die ander nie uitsluit nie. Elke ervaring waarby die mens betrokke is, kan dus oor beide ’n spirituele en psigologiese dimensie beskik. Hierdie perspektief van Louw (1999a:559) wys op ’n asimmetriese benadering wat dui op ’n “... konsepsuele raamwerk wat daarop gemik is om die wisselwerkende faktor in die proses van verstaan

en interpretasie-korrelasie te beskryf met die behoud van die eiesoortigheid van elke dissipline". Die rede vir die ontstaan van asimmetrie in hierdie studie is die teenwoordigheid van die Christelike geloofsperspektief, ook waar geloof en menslike ervaring nie saamval nie. Asimmetrie verontagsaam nie die beginsel van inter-dissiplinêre samewerking nie, maar verskans wel die dissiplinêre integriteit van die pastoraat en die psigologie (Louw 1999a:559). Die navorser is in hierdie studie hoofsaaklik betrokke by "... understanding (*verstehen*) rather than explanation; naturalistic observation rather than controlled measurement; and the subjective exploration of reality from the perspective of an insider" (Fouché & Delpont 1998:74).

Die navorser se keuse vir 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering spruit verder daaruit voort dat dit dien as beskrywende (Osmer 2008:49) en verkennende (Heyns & Pieterse 1990:81) teorievorming. Beskrywende teorie verduidelik wat besig is om te gebeur en open metafories die oë van praktisyns en navorsers vir aspekte van 'n sekere fenomeen (Doyle 1989:6). Uiteindelik wil die proses by 'n nuwe verstaan van - en moontlikhede vir - 'n spesifieke fenomeen uitkom.

In die proses word die betekenis van die kompleksiteit van sin, geskiedenis, kultuur en spiritualiteit vanuit 'n bepaalde interpretasienetwerk, verstaanshorison en lewens-beskoulike raamwerk aangewend. Die doel is om tot die verstaan van die sosiale lewe en die betekenis wat mense daaraan heg, te kom. Hier word nie gesoek na 'n reeds bestaande realiteit nie, omdat die navorser betrokke is by 'n interaktiewe proses in die skep van dinamiese kennis. Die rede hiervoor is dat elke individu of groep 'n eie interpretasie van kennis openbaar, en unieke behoeftes en ervaring toon. Die navorser vorm dus deel van 'n "working understanding" (Jansen 2007:64) van die realiteit en die lewe. Hieruit vloei dan voort dat 'n navorsingsparadigma geformuleer word as "... a set of assumptions or beliefs about fundamental aspects of reality which gives rise to a particular worldview" (Nieuwenhuis 2007:47). In die toetsende selfgesprek ter bepaling van my navorsingsparadigma het die terme *postmodernisme* en *postmoderniteit* as volg aan bod gekom.

2.6.2 POSTMODERNISME/POSTMODERNITEIT

Alle wetenskaplike navorsing geskied vanuit 'n sekere paradigmatiese vertrekpunt. In 'n postmoderne samelewing interpreteer mense hulle wêreld anders as vantevore en gebruik dus 'n ander taal as vorige generasies (Dill & Kotzé 1997:2). In die modernistiese era "... the text was made to fit our modes of knowledge and control" (Brueggeman 1993:1). Die modernistiese paradigma staan dus die siening voor dat die wêreld verstaan word as seker, georden, georganiseerd, voorspelbaar en rasioneel (Jansen 2007:22). Modernisme het op die gebruik van 'n vaste en seker metode om te bou op 'n onwankelbare fondasie staatgemaak en het dus van 'n fundamentele navorsingsbenadering gebruik gemaak. Die groot ideaal was effektiwiteit, verbruik en prestasie, maar dit is nooit bereik nie.

Postmodernisme het ontstaan as vorm van kritiek op die herhaalde mislukking om hierdie ideaal te bereik. Vir Van Huysteen (1998:5) is postmodernisme nie net 'n nuwe kulturele fase, 'n geloofsisteem, 'n teorie of 'n doktrine wat na modernisme gekom het nie. Hy beskryf post-modernisme eerder as "... an attitude, a radically different way of looking at the world of modernity, a mood that has slowly and pervasively infiltrated into the way we think, and especially now into the way we do theology and science". Postmodernisme, as die era wat modernisme opgevolg het, is volgens Vanhoozer (2003:xiv) die: "... 'exodus' from the constraints of modernity, as a plea to release the other, as a demand to let particulars be themselves rather than having to confirm to the structures and strictures of the prevailing ideological or political system". Brueggeman (1993:12) beskryf postmodernisme as 'n tyd waarin die vryheid ervaar word "... to be our confessing selves in a faithful community".

Postmodernisme breek dus totaal met die modernistiese paradigma, verwerp daarmee die aanspraak van modernisme dat die realiteit objektief kenbaar is en staan daarenteen die sosiale konstruksie van kennis voor. Lyotard (1988:28) stel dit dat: "Het postmoderne weten zelf vindt zijn grond niet in de homologie van die experts, maar in de paralogie van de ontdekkers". Realiteit is dus nie vir almal dieselfde nie, wat 'n pluraliteit van realiteite meebring sodat kennis langs 'n interaktiewe weg geskep word. 'n Voortdurende ondersoek van die wêreld vereis 'n kontekstuele navorsing waar ek self deel van die konteks is (Dockery 1995:14). Ek is daarom betrokke by, en besig met, die

verstaan van die realiteit en die lewe ten tyde van die navorsingsproses. Waarby uitgekóm word, is "... in part autobiographical: it reflects our personal narrative, our particular site and voice in the world" (Nieuwenhuis 2007:64).

Taal is dus relatief, gelaai met betekenis en dra 'n ideologie oor. Die aandag verskuif vanaf die wêreld soos dit is en sentreer rondom weergawes daarvan, wat 'n verhoogde sensitiwiteit ten opsigte van die sosiale konstruksie van realiteit meebring. Gebeure het nie 'n intrinsieke waarde nie, daar is slegs die voortdurende interpretasie van die wêreld (Dockery 1995:14). Die taal wat gebesig word om hierdie konstruksie te beskryf word dus nie bepaal deur die gebeure *per sé* nie. 'n Gedeelde verstaan is baie moeilik en gebeur deur "... testing and checking each other's talk, by questioning and challenging it, reformulating and elaborating it, and so on" (Shotter 1993:1).

Teologies bring dit mee dat daar geen vaste kaders meer is waarin die mens kan beweeg nie. Dit beteken nie dat stellings van die Christelike waarheid verkeerd of onbevredigend is nie, maar dat dit misleidend is wanneer dit slegs op feite gebaseer is sonder om die vrae en worstelings waaruit dit ontstaan het, in ag te neem (Endean 2005:224). Daar kan dus nie meer staatgemaak word op vaste waarhede en absolute waardes nie (Müller & Van der Meer 2011:elektroniese bron). Die postmoderne beweging staan daarom 'n totale alternatief vir modernisme voor. Beide die postmoderne epistemologiese pluralisme en modernisme dra daarom by tot die marginalisering van religieuse betekenis (Van Huyssteen 1998:xii). Die oorgang na 'n postmoderne benadering stel sodoende besondere uitdagings, maar daarmee saam ook besondere geleenthede aan die teologie asook aan navorsing. Een uitdaging is om 'n kontinuïteit te midde van die diskontinuïteit tussen modernisme en postmodernisme te vind (Malan 2001:624).

Ek kies vir postmoderniteit as paradigmadiese sowel as epistemologiese uitweg tot teologiese refleksie omdat dié beweging die bydraes van die teoretiese rede erken, maar wil dit temper met behulp van "oop dialektiek" (Van Aarde 2004a:505). Dit is 'n werkbare opsie omdat die ryk bronneveld van menslike rasionaliteit steeds benut word te midde van 'n pluralistiese postmoderne kultuur (Van Huyssteen 1998:165). Dit bied aan my 'n kartografiese perspektief van 'n prakties-teologiese landskap waar relativisme nie koersloos gekoester word nie (Van den Berg 2006:165). Hier word

verstaan dat die mens nie beskik oor "... truth in a definitive, uncontested way, but that one's theology is worthy of being contested" (Stiver 2003:185). Deur gebruik te maak van 'n rasionaliteit wat outentieke pluralisme respekteer, word 'n weg gevind waar gesprek tussen die twee epistemologieë gevoer kan word en waar tradisies gekritiseer kan word terwyl in die tradisie gestaan word (Van Huyssteen 1998:29, Hermans 2002:139). 'n Egte pluralisme laat 'n legitieme diversiteit toe deur voorsiening te maak daarvoor dat gesprek gevoer word tussen persone wat om heel verskillende redes daarby betrokke is (Van Huyssteen 1998:29,30). Postmoderniteit erken dus die bestaan van die werklikheid en die Skrif, maar vra wel vrae daaroor. Sodoende word 'n gedeelde verstaan bereik terwyl die onversoenbaarheid van sienswyses terselfdertyd erken word. Dekonstruksie dien hier funksioneel te wees tot die skep van lewenskragtige denke deur die destabilisasie van onwrikbare identiteite in die filosofie (Müller & Van der Meer 2011:elektroniese bron).

My keuse vir postmoderniteit word verder ondersteun deur sekere winspunte soos uitgewys deur Van den Berg (2006:166-170):

- Postmoderniteit wys op die onhaalbaarheid van die modernistiese ideaal van objektiwiteit. Deurdat 'n subjektiewe verstaan aan bod kom word die navorsingsveld vir die verstaansaksente van ander oopgestel en word my eie verstaan geïntormeer en selfs gewysig.
- Volgens Müller (1996:29) is die doel van taal in die terapeutiese proses herstrukturering en uiteindelik rekonstruksie. Postmoderniteit bied egter volgens Van den Berg (2006:171) die erkenning van die beperktheid van taal. Die misterie van taal stel dit dan dat vrees weens 'n versluerde kennis van die geheel onsekerhede uit die weg ruim, sodat pastoraal-terapeuties met die gespreksvennoot as reisgeselskap op weg gegaan kan word (Van den Berg 2006:171).
- Deurdat taal beperk is en God daarom nie binne 'n definisie vasgevang kan word nie, kan God slegs as misterie bely word. Die Christelike geloof behels 'n ontmoeting met die lewende God. Hoe intellektueel hierdie geloof ook al is, moet die misterie daarvan nie verlore gaan nie (Schoorman 2011:elektroniese bron). Die taal van die Bybelse stories oor God geskied altyd in 'n metaforiese vorm. God word dus verberg sowel as openbaar in

menslike stories. Hierdie verhale word metafories aangebied omdat dit die enigste manier is waarvolgens die mens oor God kan praat. 'n Misterie word verstaan as "'n vorm van onduidelikheid oor iets wat ons (veronderstel is om te) 'ken'" (Van Niekerk 2005:64). Daar is nie duidelike antwoorde nie, en laat die mens met die vermoede dat alles nog nie duidelik is nie, "... dat daar êrens 'n surplus van insig oorbly wat moontlik nog nie verwerf is nie" (Van Niekerk 2005:65). Kennis omtrent God as misterie, dui hier op 'n onvolledige wete van God wat steeds aangevul kan word. 'n Verruimde insig in 'n misterie bring eerder 'n terugkeer na die misterie mee, as om bemoeienis met die misterie te laat vervaag of verdwyn (Van Niekerk 2005:68).

- Die verstaan van die werklikheid interpreteer die generering van kennis aan die hand van die betekenis van die tradisie; die verdiskontering van kontekste se betekenis as sosiaal gekonstrueer sowel as die verkenning van interdisiplinêre betekenis met moontlike betekenis vir ander kontekste. Die betekenis van konteks dui verder daarop dat die woorde van God gehoor moet word in die kompleksiteit van die lewe self. Aangesien die antwoorde wat tydens navorsing verkry word menslike konstruksie is, is daar nie sprake van onteenseglike bewyse nie.

Die oorgang tussen postmodernisme en postmoderniteit lei tot die vraag: "Who are we? Who am I?" (Hassan 2011:elektroniese bron). Hierdie moraal en identiteit word volgens die epistemologie van postmoderniteit in verhale oorgedra en dra dus 'n narratiewe karakter. Die vraag oor hoe die Evangelie in hierdie era uitgedruk kan word, ontstaan vanuit die hernude fokus op verhale.

2.6.3 DIE NARRATIEWE BENADERING TOT NAVORSING

Narratief-gebaseerde navorsing gaan van die standpunt uit dat die basiese struktuur van kennis narratief van aard is. Dit gaan nie slegs oor die vertel van stories nie, maar daar is ook geen wiskundige model wat in staat is om die persoonlikheid, ervaring en aksie van 'n persoon te beskryf nie (Schostak 2011:elektroniese bron). Die subjektiewe dimensie waarvolgens die mens die wêreld waarneem is krities vir 'n narratiewe benadering tot navorsing aangesien die wyse waarvolgens die mens die wêreld beskou en daaroor teoretiseer, op 'n narratiewe wyse geskied. Die materiële sowel as

simboliese kontekste waarbinne mense leef, bied die inligting vir die narratiewe navorsingsparadigma. Simboliese kontekste sluit die waardes, norme, opvattinge, taal en kultuur van 'n gegewe sosiale groep in terwyl materiële kontekste op die aard van 'n fisiese omgewing dui (Schostak 2011:elektroniese bron). Kennis word dus sosiaal gekonstrueer en word deur diegene wat by daardie betrokke konteks betrokke is, gelees.

Dit is dus belangrik dat na die verhaal van elkeen betrokke by die proses geluister moet word ten einde die onderliggende konsepte waarvolgens sy/haar realiteit georganiseer word, te ontdek. Hierdie ontdekkingsproses vind plaas met behulp van die dekonstruksie van die verhaal ten einde vas te stel hoe elke karakter in die storielyn inpas. Die gespreksgenote verkeer altyd in verhouding met ander karakters en hierdie verhouding kan byvoorbeeld getipeer word as onder andere liefde, haat, hindernis, wedywering en misbruik. Die verskillende karakters kan aangedui word as byvoorbeeld leier, werkgewer, spanmaat en oortreder. Elkeen word verskillend deur elke ander karakter waargeneem. Schostak (2011:elektroniese bron) het die volgende model ontwerp wat aandui watter karakters, verhoudings en konteks moontlik betrokke is by die narratief van 'n navorsingsreis:

- *Die dramatis personae:* Hulle standpunte; waardes; die wyse waarvolgens hulle hul ervarings weergee; hoe hulle hulself, hul rolle en sin van self definieer.
- *Die verhoudings (formeel en informeel) tussen die dramatis personae:* Emosioneel, mag, geslag, verwantskap en sosiale klas.
- *Die strukture wat die verhoudings tussen die dramatis personae in stand hou:* Institusioneel gedefinieerde rolle; sosiaal gedefinieerde rolle; politieke/wetgewend gedefinieerde rolle.
- *Die opeenvolging van die gebeure wat ontvou in die produksie van die verhaal.* Gebeure integraal tot die verhale, gebeure wat die verhaal of die verloop daarvan inhibeer en gebeure wat onvoorsiens en ontoepaslik is.
- *Die aard van die verhoog waarop die gebeure afspeel.* Hierdie verhoog sluit byvoorbeeld die werk; tuis; ontspanningsgeriewe en skool in.
- *Die verskillende kontekste waarbinne die gebeure plaasvind.* Gesin; portuurgroep; institusioneel; ekonomies; sosiaal; politieke; religieus; plaaslik; nasionaal of globaal.

Vervolgens word 'n raamwerk van die beginsels van die narratiewe benadering soos uiteengesit deur Freedman en Combs (1996), Ganzevoort en Visser (2007) en White (2010:elektroniese bron) aangebied.

- Die primêre fokus van die narratiewe benadering is mense se uitdrukking van die ervarings in hulle lewe.
- Dit is die uitdrukking van mense se ervaring van 'n wêreld waarin gelewe word. Alle geleefde ervarings betrek mense by interpreterende aksies.
- Hierdie interpreterende aksies bring mee dat mense betekenis gee aan hulle ervarings in die wêreld. Interpretasie van geleefde ervaring bring mee dat mense betekenis aan die gebeure vir hulleself en ander kan gee.
- Uitdrukking van ervarings is eenhede van betekenis en ervaring waarbinne hierdie eenhede onskeibaar is.
- Interpretasieaksies is afhanklik van mense se betrokkenheid by interpretasie bronne wat 'n verstaansraamwerk bied.
- Die lewe bestaan uit uitdrukking van gebeure. Uitdrukking gee struktuur aan ervaring en daaropvolgende uitdrukking. Uitdrukking is daarom in 'n voortdurende staat van produksie. Hierdie produksie is transformerend ten opsigte van die lewe. Uitdrukking geskied binne 'n kulturele konteks en word geïnfomeer deur die kennis en praktyke van die lewe binne daardie bepaalde kultuur.
- Die verkryging van betekenis ten opsigte van ervaring geskied binne verhoudings. Liniariteit word verkry deurdat mense se ervarings gesetel is binne die ontwikkeling van gebeure wat ontvou in tyd deur middel van kommunikasie in gemeenskappe. Daar kan dus nie uitdrukking gegee word aan ervaring buite dit wat besig is om te gebeur nie.
- Die struktuur van 'n narratief bied die raamwerk van verstaan vir mense in hulle daaglikse lewe. Mense verbind gebeure soos wat dit oor tyd ontvou, volgens spesifieke temas en in volgorde aan mekaar.
- Narratiewe analise bring die weersprekende ervarings van subjektiwiteit na vore; is gerig op die konsep van 'n veelheid van verhale van die lewe; fokus op die unieke in plaas daarvan om te veralgemeen en bied geleentheid om die unieke te gebruik in die hervertel van dominante verhale en praktyke van die self en die kultuur.

- Narratiewe analise is gesetel in post-strukturalistiese denke waar uitdrukkings van geleefde ervaring saamgestel word as aksies wat dui op wat besig is om te gebeur. 'n Verstaan van hierdie uitdrukkings van subjektiewe ervarings, en die impak van hierdie uitdrukkings dra by tot 'n "ryk" en "vol" beskrywing van die gebeure.

Inligting hieruit verkry bied dus 'n ryk databasis wat vir 'n verskeidenheid van doelwitte gebruik kan word. Vetere en Dowling (2005:9) dui op 'n veelheid van gelyktydig bestaande verhale waar die gespreksgenote gelyke bydraers is in 'n medewerkende terapeutiese benadering. Nuwe betekenis word verkry soos wat gedagtes uitgespreek, verhelder en uitgebrei word. Die primêre navorsingsdoelwit is dus die insameling van kennis aangaande praktiese sosiale situasies en prosesse ten einde tot 'n beter verstaan van die kwaliteit van sosiale aksie te kom.

2.6.4 DIE NARRATIEF-HERMENEUTIESE BENADERING TOT NAVORSING

Die begrip van hermeneutiek dui oorspronklik op die werk van Hermes wat die boodskap van die gode aan die mens moes oordra (Ganzevoort 12994a:11). Schleiermacher het egter later die nadruk geplaas op die verstaan van hermeneutiek as "tot verstaan komen" (Ganzevoort 1994a:11). Volgens Swinton en Mowat (2006:107) is hermeneutiek verwant aan die algemene wetenskap van interpretasie en het te doen met die maniere waarvolgens die mens die wêreld interpreteer en sin maak daarvan. Dit behels 'n proses van ontmoeting waar die leser en die teks mekaar interpreteer (Louw 1999a:22).

Ek maak in hierdie studie gebruik van die narratief-hermeneutiese benadering soos begrond in die praktiese teologie. Die sleutelaspek van kwalitatiewe navorsing is die "... frequent orientation towards narrative" (Swinton & Mowat 2006:38). Om te verstaan is stories nodig, daarom vereis 'n hermeneutiese benadering dat met verhale gewerk word (Müller 1996:20) en dat 'n ontmoeting met die verhaal van God in die proses plaasvind. Sodoende word wegbeweeg van die modernistiese teorieë en tradisionele navorsingsmetodes, soos byvoorbeeld kwantitatiewe navorsing geskoei op 'n empiriese, positivistiese uitgangspunt. Daar het 'n verskuiwing weg van die kerugmatiese verkondiging na interpretasie en storie-vertelling, wat bekend staan as die

narratief-hermeneutiese benadering, plaasgevind (Louw 1999a:22). Swinton en Mowat (2006:107) definieer hermeneutiek breedweg as die kuns en wetenskap van interpretasie. Die proses van interpretasie en verstaan speel deurgaans 'n rol in die refleksie oor en vertolking van sosiale instellings se konvensies, etos en identiteit (Dreyer 2003:314). Vir Lyotard (1997:35) is die hermeneutiese diskoers gebore vanuit die stelling dat ware kennis altyd indirekte kennis is. In aansluiting by die epistemologie van postmoderniteit word kennis gesien as saamgestel vanuit gerapporteerde stellings soos geïnkorporeer in die meta-narratief van 'n subjek, wat dan legitimiteit meebring.

Hermeneutiek, as die dinamika in die interpretering van tekste, word die paradigma vir die verstaan van alle interpretasie (Stiver 2003:178). Volgens Ganzevoort en Visser (2007:96) is die doel van die hermeneutiese benadering om tot verskillende taalsisteme deur te dring sodat die geheim agter spontane menslike begrip ontdek kan word. In die pastoraat speel metafore daarom 'n belangrike rol. Taal dien hier as metafoor en medium waardeur uitdrukking aan die interpretasie van die lewe gegee word. Dit is deur lewensstories soos geformuleer deur hierdie taal dat 'n primêre verstaan van identiteit en lewensdoel geformuleer kan word (Gerkin 1986:30). Die feit dat die mens taal gebruik, is egter geen historiese toevalligheid nie, maar is te wyte aan die feit dat die mens aktief leef, en daarom 'n geskiedenis kan besit (Hauerwas & Jones 1989:65). Ek sluit aan by hulle argument dat "... the formal quality of experience through time is inherently narrative" (Hauerwas & Jones 1989:66).

Die wesenlike aard van die mens se bestaan is narratief van aard omdat die mens wesenlik 'n storiemaker en luisteraar is (Shotter 1993:1). Die taak van die interpreterende navorser is hier om te kyk, te luister, te vra, op te teken en om te ondersoek. Verstaan is egter altyd 'n proses wat op weg is en word nooit afgehandel nie (Kotzé & Kotzé 1997:32). Die aard van hierdie taak word deur Ganzevoort en Visser (2007:100) beskryf as "... probeert te expliciteren wat er in pastorale ontmoeting gebeurt en hoe het verhaal van mensen en het verhaal van God elkaar raken en beïnvloed". Die soeke na betekenis en die proses van interpretasie vorm die kern van kwalitatiewe navorsing (Swinton & Mowat 2006:101). Taal bied hier die parameters vir beide verstaan en ervaring en word gebruik ter singewing en interpretasie. Taal bestaan egter nie as 'n voorafbepaalde kode om die innerlike psigologiese gebeure aan uiterlike gebeure in die sosiale lewe te skakel nie (Kotzé & Kotzé 1997:30).

Die hermeneutiese perspektief sien alle menslike taalsisteme, insluitende teologie, as pogings om die misterie van wat buite menslike verstaan lê te penetreer en sin te maak daaruit (Gerkin 1984:19). In die pastoraat speel metafore daarom 'n belangrike rol om "... metafisiese konstruksies oor God binne die hermeneutiese konteks van 'n ontmoetingsgebeure te plaas" (Janse van Rensburg 1998:67). 'n Sentrale doel van narratiewe terapie is juis om die gespreksgenoot van die probleemgevolde beskrywings van haar lewe en verhoudings te skei (White & Epston 1990:39). Dit word bewerkstellig deur 'n nuwe verstaan en alternatiewe weë vir die konstruering van sosiale rolle en verhoudings te fasiliteer (Muntgli 2004:138). Die narratief-pastorale navorser en 'n tienerdogter wat misbruik is raak as gespreksgenote in 'n verhalende proses betrokke sodat 'n verhaal met 'n hoopvolle toekoms geformuleer kan word. Gerkin (1986:100) se narratiewe aanpak dui daarop dat die pastor self 'n tolk en interpreteerder van verhale word in 'n dialogiese proses waar 'n versmelting van betekenis en verstaan plaasvind (Gerkin 1984:44). Die pastorale hermeneutiek word in hierdie studie gesien as 'n hermeneutiese proses van teologiese denke wat verhelderend inwerk op die verstaansproses binne die raamwerk van die sinvraagstuk (Louw 1999a:4).

Ek stem saam met Cupitt (1991:ix) dat die mens die versameling is van daardie stories wat hulleself in ons vermenigvuldig en reproduseer terwyl hulle uitgeleef word. In elke situasie van die lewe "... we must draw upon our stock of actforms in order to find a way of making an intelligible story out of what is going on around us, and what we ourselves are going to do about it" (Cupitt 1991:5). Vrae ten opsigte van hoe hierdie verhale en mense in die verhale geïnterpreteer word is daarom van primêre belang in die verstaan en reaksie op enige situasie waarby mense betrokke is.

Die narratiewe of sosiaal-konstruksionistiese benadering forseer die navorser om eerstens na die stories van mense wat 'n stryd voer in werklike situasies te luister (Müller 2004:295). Tydens die gesprek met die medenavorser word sosiale konstruksie binne 'n reële konteks ernstig opgeneem. Die geïnterpreteerde ervarings van die gespreksgenoot vorm haar stories, want 'n interpretasie kan net gemaak word as daar verbande tussen sake gelê, en dit binne 'n tydsraamwerk geplaas word (Müller 2000:13). Die konteks moet dus verreken word. Volgens White en Epston (1990:9) word die mens se kennis van die lewe in die konteks van geleefde ervaring opgedoen. "Ervaring" verwys volgens Downey (1997:91) na 'n term wat gebruik word "... to

describe whatever enters into the actual living of our lives, whether it be religious, mystical, theological, ethical, psychological or physical". Mense se lewens word gevorm deur hulle respons op, en betrokkenheid by hierdie faktore soos wat dit op die lewensweg teëgekomp word. Daarom is geleefde religie of religieuse praxis van belang in die konteks van die kwalitatiewe aard van hierdie studie. Volgens Louw (1999a:8) dui die transformasieproses met die oog op diens aan die wêreld op die ontwikkeling van 'n deurleefde spiritualiteit. Geleefde Christelike spiritualiteit word deur Downey (1997:90) as volg omskryf:

Christian spirituality is concerned with the whole of Christian life. At issue here is the fullness of life in Christ by the presence and power of the Holy Spirit, being conformed to the person of Christ and united in communication with God, others, and all creation.

Die faktore wat die konteks van 'n individu vorm, soos die gespreksgenoot se verhouding met God tydens en na misbruik, moet dus in oënskou geneem word indien ervaring as die vertrekpunt vir die spirituele lewe oorweeg wil word. Die konteks van geleefde ervaring speel daarom 'n belangrike rol in Gergen (1991:161) se redenasie oor die ontstaan van die narratiewe posisie in postmoderniteit:

If texts do not derive their persuasive power from 'the ways things are', but from textual manoeuvres, the attention must be directed to the 'world as presented'. The rhetorical techniques of representation, of constructing the word, have a critical and often unwitting impact on social life. Our understandings become subject to metaphor, narrative form, plain talk, irony and the like.

Die metodologiese epistemologie vir hierdie studie is dus konteksgebonden en dui op die sosiale konstruksionisme waar die ervaring van die self in die voortdurende interaksie met ander gekonstrueer word (Freedman & Combs 1996:17).

2.6.5 SOSIALE KONSTRUKSIE DISKOERS

Die sosiaal-konstruksionistiese posisie ten opsigte van taal word verstaan as dat dit die wyse waarvolgens gedagtes, gevoelens en gedrag geskep word, konstrueer (Vetere & Dowling 2005:9). Aangesien hierdie konstruksies almal histories en kultureel gesitueerd is, kan dit nie gesien word as absolute waarhede nie. Binne die paradigma van postmoderniteit dien die sosiale konstruksie diskoers daarom as 'n waardevolle epistemologie vir terapieë wat gesprek as kennisbron gebruik. Hierdie kennis word vanuit die sosiale konstruksie proses verkry en nie vanuit die "... objektiewe beskrywing van eksterne realiteite nie" (Kotzé & Kotzé 1997:27). Dit beteken dat daar wegbeweeg word van ontologiese realisme na ontologiese relativisme (Kotzé & Kotzé 1997:27). Volgens hierdie epistemologie is die realiteit van die persoon (tienermeisie wat gemolesteer is) dus nie objektief kenbaar nie. Een van die dominante merkers van sosiale konstruksionisme is die idee dat die waarheid nie "daar buite" is en wag om objektief waargeneem te word nie. Die waarheid moet eerder geïnterpreteer word as 'n funksie van die kulturele gewoontes van die mens (Sremac 2010:10). Sosiale konstruksionisme oorweeg dus die wyse waarvolgens elke persoon se sosiale, interpersoonlike realiteit deur middel van interaksie met ander mense gekonstrueer word en fokus op die invloed van sosiale realiteite op die betekenis van mense se lewens (Freedman & Combs 1996:1). Die mens konstrueer dus saam hulle realiteite soos wat hulle dit leef.

Dit staan in teenstelling tot die konstruktivisme waar gefokus word op hoe die individu 'n model van realiteit skep vanuit 'n eie individuele ervaring. Die subjektiewe word dus beklemtoon. Wanneer my gespreksgenote se religieuse ervaring weergegee word, word dit volgens die sosiale konstruksionie diskoers gedoen deurdat enige ontologiese waarhede van toepassing gemaak word. Die sosiale konstruksie diskoers binne die benadering van postmoderniteit gee nie voor om die waarheid of die ontologies-korrekte denkwysse te wees nie. Soos wat elke tienermeisie wat misbruik is haar verhaal vertel, word besef dat geen interpretasie werklik die waarheid is nie (Freedman & Combs 1996:33). Soos wat elkeen die feite vertel, word dit gedoen vanuit verskillende standpunte en word verskillende betekenis daaraan geheg.

Sremac (2010:11,12) veronderstel die volgende vyf aannames as sentraal tot die sosiale konstruksionisme:

- Die terme waarvolgens die mens rekenskap gee van die wêreld en hulleself word nie gedikteer deur gestipuleerde objekte nie. Daar is dus geen vanselfsprekende beginsels of ontologiese sekerhede waarvolgens die wêreld verstaan kan word nie.
- Die terme waarvolgens die mens tot 'n verstaan van die wêreld en hulleself kom, word sosiaal verkry vanuit hulle sosiale en historiese interaksie. Verwantskappe word belangrik wanneer taalkundige betekenis verkry word deur middel van sosiale koördinering of historiese tradisie.
- Die mate waartoe 'n rekenskap van die wêreld of die self onderhou word oor tyd is nie primêr afhanklik van die objektiewe evaluering daarvan nie. Daar word eerder staatgemaak op die wisselvalligheid van die sosiale proses. Taal en ander wyses waarvolgens die wêreld weergegee word is in verhoudings gesetel. Die bestudering van kennis word hier die bestudering van die “performative use of language in human affairs” (Sremac 2010:12).
- Taal verkry belangrike betekenis vanuit die wyse waarvolgens dit in verhoudingspatrone ingebed is. Die lokus van kennis is nie gesetel in die denke van enkele individue nie, maar in kollektiwiteit. 'n Individue kan dus uit 'n veelheid van selwe bestaan wat geskep en onderhou word deur sosiale interaksie in verskillende kontekste en deur deelname in diverse gemeenskapsdiskoerse. Mense se denkpatrone word deur taal as interaktiewe proses voorsien.
- Geeneen van die genoemde stellings waaruit sosiale konstruksionisme bestaan maak aanspraak op een oorkoepelende waarheid nie. Die waarheid word gesien as die produk van sosiale prosesse en interaksies waarin mense voortdurend met mekaar in interaksie verkeer. Objektiewe waarheid en algemene geldigheid word dus vervang deur sosiale proses en praktiese beredenering.

2.6.6 DEELNEMENDE AKSIE NAVORSING

Deelnemende aksie navorsing is 'n tipiese kwalitatiewe benadering tot data wat impliseer dat daardie gegewens nie gereduseer kan word tot syfers nie (Louw 1999a:565). Kwalitatiewe navorsing maak gebruik van beskrywende data in die

deelnemer se eie geskrewe of gesproke woorde ten einde lig te werp op die navorsingsomgewing. Die navorser kom sodoende meer te wete oor die sosiale praxis van drie adolessente meisies wat misbruik is. Ek en hierdie dogters is saam betrokke in die ko-konstruering van 'n beter verstaan van onself, mekaar en die realiteite van ons lewens. Deelnemende tienermeisies se verhale van verlies en gebrek aan hoop na molestering dien as ontginningskonteks vir hierdie studie, en geskied in die wete dat elke mens 'n interpreterende wese is. Kennis van "die ander" stel die navorser in staat om tot 'n indiepte verstaan te kom van diegene met wie sy in ontmoeting tree en juis graag beter wil verstaan. Hierdie modus van kennis gee 'n stem aan 'n spesifieke groep en bring mee dat voorheen verborge lewenservarings en narratiewe na vore gebring word sodat die groep 'n openbare stem kry.

Ek tree as pastorale terapeut by drie verskillende skole in Kroonstad en omgewing op. My drie gespreksgenote kom vanuit verskillende gemeenskappe en kulture, maar is almal skoliere. Daar is etlike onderhoude oor feitlik die hele verloop van die studie met hulle gevoer. Hulle het baie onnatuurlik opgetree as 'n bandopnemer gebruik is. Die gesprekke is dus met behulp van aantekeninge soos wat die gesprekke plaasvind, neergepen, en daarna is 'n meer volledige verslag opgestel. Die verbatim aanhalings is neergeskryf soos wat dit nodig gevind is, en word in kursiewe formaat in die studie weergegee. Ten einde hulle vertrouwe te behou, sowel as om etiese redes, is alle aantekeninge van ons gesprekke aan hulle weergegee. Ongestruktureerde oop einde vrae is aan drie tienerdogters wat gemolesteer is, as medenavorsers in hierdie ontdekkingstog, gevra. Deelnemers het toestemming gegee dat hulle verhale vir hierdie studie gebruik mag word. Ter wille van vertroulikheid en beskerming van hul privaatheid is pseudonieme, soos deur elkeen gekies, gebruik.

Die fokus is op die betrokkenheid en deelname van alle rolspelers in die spesifieke navorsings-projek (Strydom 1998:408). Die gespreksgenote word nie as subjekte gesien nie, maar as mede-deelnemers aan die navorsingsreis (Strydom 1998:410). Om etiese redes is dit belangrik dat die navorser sensitief omgaan met die verhale van haar gespreksgenote, sodat hierdie sensitiwiteit die medereisiger teen die afdwing van die navorser se idees en waardes beskerm (Bird 2000:25). In die proses eksplorieer die navorser dus die realiteit van die deelnemende tienerdogter subjektief vanuit laasgenoemde se perspektief (Swinton & Mowat 2006:227). Sy word sodoende aktief

deel van die navorsingsproses. Dit beteken dat, al deel die terapeut nie die wêreld-beskouing van haar gespreksgenoot nie, ontwerp beide kliënt en terapeut 'n gesamentlike woordeskat vir die terapeutiese gesprek sodat hulle mekaar kan verstaan (Müller 2000:75).

In 'n poging om sin van die lewe te maak, rangskik die mens gebeure in volgorde oor 'n tyd op so 'n wyse dat 'n samehangende weergawe (narratief) van die self en die wêreld om hulle gemaak kan word (White & Epston 1990:10). Die vraag ontstaan egter oor hoe ons vanaf 'n storie as 'n liniêre ketting van gebeure na 'n storie as 'n simulاسie van 'n baie komplekse interpersoonlike wêreld beweeg (Cupitt 1991:22). Sirkulêre vrae dien hier om weg te beweeg van uitsiglose interpretاسies sodat oorgegaan kan word na die politieke vertelling van die verhaal (Müller 2000:75). Die praktyk-teorie-praktyk-benadering van Browning (1991:7) sal gevolg word in die kartering van die deelnemende aksie navorsingsproses waarin literatuur ook 'n rol sal speel.

2.6.7 LITERATUUR

Die navorser wat vanuit die kwalitatiewe navorsingsparadigma werk, maak ook gebruik van literêre bronne aangesien sy haarself moet posisioneer as 'n "multicultural subject" (Fouché & Delport 1998:80). Literatuur word aangebied aan die hand van die metafoor van kartografie, daarom word inligting telkens saamgevat in die vorm van 'n diagram as mikrokaart. 'n Mikrokaart skep die geleentheid om belangrike besonderhede wat 'n groot terrein dek, met een oogopslag waar te neem en sin te maak daarvan. Bestudering van die literêre kennisbron bied die geleentheid om leemtes in navorsing oor die besondere fenomeen uit te lig. Literatuur beklee dus 'n belangrike plek in die navorsing en help om die navorsingsproses te rig. Die idees en navorsing van ander kan ook dien as stimulasie vir verdere navorsing soos aangedui deur Osmer (2008: viii):

Bernard of Chartres used to say that we are dwarfs on the shoulders of giants, so that we can see more than they, and things at greater distance, not by virtue of any sharpness of sight on our part, or any physical distinction, but we are carried high and raised up by their giant size.

Die induktiewe beredenering waarvan hier gebruik gemaak word, bied 'n essensieel-omvattende en geïntegreerde oorsig van 'n verskeidenheid van beskikbare bronne. Toepaslike literatuur vir die keuse van die paradigma van postmoderniteit binne die kwalitatiewe navorsingsbenadering sal in die navorsingsproses aan die orde gestel word. Bronne verkry vanaf die internet bied hier ook waardevolle navorsingsmateriaal. Geen bron kan egter alles oor 'n onderwerp sê nie. Daarom sal deurlopende temas sowel as tekortkomings in die literatuur uitgewys word. Dit is egter belangrik om te meld dat "... the best people to research a given topic are those who have the most experience of it" (Swinton & Mowat 2006:225). In die geval van hierdie studie dui hierdie persone op drie gespreksgenote wie se verhale verbatim aangedui sal word. In die sirkulêre beweging tussen praktyk en teorie soos aangedui deur (Browning 1991:34-39) word die basis gevind vir die verkryging van inligting van medenavorsers sowel as die literatuur.

Gedigte soos geskryf deur verskillende anonieme persone wat seksueel misbruik is, soos aangehaal vanuit verskeie bronne, sal dien as saambindende skakels in die navorsingsproses. Verdere skakels word gevind in die woorde van my medenavorsers, asook dié van die karakter, Anna, wie se geleefde ervaring van misbruik in die boek *Dis Ek, Anna* vertel word. Anchien Troskie het haar verhaal deur die karakter van Anna vertel, onder die pseudoniem van Elbie Lötter. Hierdie inligting bied bykomende verheldering van die terrein wat op 'n gegewe oomblik in die navorsingsproses bestudeer word. Verder is die wortels van die outobiografies gemotiveerde bron "... firmly planted in the whisperings of generations past and the louder memories and stories of childhood" (Bird 2000:vi).

2.6.8 PASTORALE ANTROPOLOGIE

Christene worstel al oor eeue heen met die kwessie oor die betekenis daarvan om mens te wees in die lig van die Evangelie (World Council of Churches 2010:elektroniese bron). Die vraag wat hieruit voortvloei: Hoekom is dit so belangrik dat 'n duidelike pastorale antropologie geformuleer moet word? Antropologie handel oor die verstaan van die menslike ervaring, en die teologie handel oor God (Cameron 2010:elektroniese bron). Teologiese antropologie vestig die aandag op God se oproep op die mens tot 'n respons binne die totaliteit van die lewe (Cameron 2010:elektroniese bron). Volgens

Louw (1999a:156) bly die objek van die pastorale bediening die totale mens, al word die "... proprium van 'n pastorale teologie deur die heilstema en die geloofsbeginsels bepaal". Die uitwerking van die ontmoeting tussen God en mens, die effek van hierdie gebeure op die verstaan van die mens, asook op die mens se ervaring en keuses binne verskillende kontekste sal daarom aan bod kom. Ander aspekte van die teologiese antropologie wat aan die orde gestel sal word, is:

- Die mens as skepsel van God.
- Die mens as Godgerigte, sondige, verlore en gelowige wese.
- Die mens vanuit sy/haar verhouding met God.
- Die mens as affektiewe, konatiewe, kognitiewe en liggaamlike wese.
- Die sinvraagstuk en die kwalitatiewe verstaan van die mens in terme van die aard van die lewe.
- Die ontmoeting tussen God en mens binne die konteks van die verbond.
- Die invloed van die antropologie op die verskillende pastorale modelle.
- Verskuiwings in die pastorale opset.

Die bipolêre antropologiese aspekte van siele-doodsheid/siel en onsterflikheid; onmenswaar-digheid/menswaardigheid; wanhoop/bestaansmoed; verwerping/liefde, respek, aanvaarding, versoening, vergifnis en genade; hoe kom ek daar (hemel)/hoe leef ek nou (aarde), wysheid; insig en verantwoordelikheid (Louw 2005a:1-5) sal onder die loep geneem word.

2.7 MOONTLIKE NAVORSINGSBEPERKINGS

Wanneer 'n weg deur 'n onbekende terrein genavigeer word, vind hierdie navigasie *en route* plaas, omdat nie alle hindernisse wat teëgekrom sal word, geantisipeer kan word nie. Sodanige problematiek sal volledig in die finale kartering van die reis uiteengesit word.

2.8 VOORLOPIGE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSREIS

Ten einde die navorsing ter wille te wees, is dit nodig dat die navorser die ligging van sekere verskynsels karteer. In die eerste plek is dit nodig om 'n vooruitskouende peiling

te noteer. Dit is egter ook nodig om sekere terugskouende peilings te doen ten einde die posisie van die navorser op hierdie tydstip in die navorsing te bepaal (Odendaal 1981:23).

2.8.1 HOOFSTUK 1 - DIE RAAM OM DIE KAART

Aangesien hoofstuk 1 slegs die proloog tot die navorsingsverhaal bied, is hierdie hoofstuk baie korter as die res. Die verhaal word eintlik in 'n neutedop vertel. Die keuse van kartografie as metafoor word verduidelik aan die hand van die mens se behoefte om 'n beeld te vorm van verskynsels wat waargeneem word deur dit te interpreteer en sinvol aan ander oor te dra. Die bekende word dus ingespan om die minder bekende of onbekende met behulp van analogie te verduidelik en voor te stel. Kartering is 'n kunsvorm wat die staat van 'n fenomeen aandui soos wat dit figureer binne die ruimte van 'n sosiale konteks. Dit is daarom die ideale wyse vir die weergee van kennis aangaande die impak van misbruik op die Christelike spiritualiteit van 'n tienerdogter wat misbruik is. Inligting oor misbruik word sodoende weergegee binne 'n groter geheel en in verhouding tot ander verskynsels, soos die fenomeen van adolessensie, en die impak van postmodernisme op hierdie ontwikkelingsfase. Verder dien die metafoor om die studie aan te bied aan die hand van sekere rigtingwysers of gidse as koördinate vir die verloop van die navorsingsproses. Hierdie rigtingwysers word aangedui volgens die ABDCE-navorsingsverloop van Müller, Van Deventer en Human (2001:1-13). Die betekenis en belang van elke gids word aangedui soos wat dit in die studie sal figureer.

2.8.2 HOOFSTUK 2 - DIE TEKS VIR DIE NAVORSING

Die kartering van 'n navorsingsreis dien as metafoor vir die beplanning van die studie. Sekere gidse vir die verloop van die studie dien as rigtingwysers wat geskuif kan word soos wat nuwe ontdekkings tydens die reis gemaak word. Rigtingwyser 1 as die aksie van die storie van die nou, dien as gids waarvolgens die navorsingsontwerp uiteengesit word. Die samehang van die verhale van drie gemolesteerde adolessente meisies in Kroonstad en omgewing dien as motivering vir hierdie navorsingsreis. Die aspekte van my persoonlike narratief, en die skakeling met die narratief van God is aangeraak. Daar word spesifiek gefokus op die skep van hoop vir 'n adolessente meisie wat misbruik

ervaar het en wat probleme ervaar weens die persepsie dat God haar in die steek gelaat het in haar krisis.

Die rol wat taal in die narratiewe benadering speel ten opsigte van die formulering van 'n eie wêreldbeskouing en identiteit word kortliks verreken. Sekere vrae wat hieruit ontstaan gee aanleiding tot die dekonstruksie van die problematiek van molestering vir die adolessente meisie se Christelike spiritualiteit. Die stel van sekere doelwitte en navorsingsverwagtings vir hierdie navorsingsreis vloei hieruit voort. Navorsing geskied vanuit die kwalitatiewe paradigma soos begrond in die narratiewe pastoraat. Die navorsingsomgewing word verken deur die bril van postmoderniteit. Die sosiale konstruksie diskoers en deelnemende aksie navorsing dien as geskikte epistemologieë ter dokumentering van die studie. Geskrewe bronne sowel as die verhale van die gespreksgenote en die eie verhaal van die navorser dien as navorsingsliteratuur vir hierdie studie.

2.8.3 HOOFSTUK 3 - DIE STORIE VAN KOÖRDINATE

Die kartering van hierdie hoofstuk in die navorsingsroete vind plaas deur gebruik te maak van rigtingwysers 1 en 2. Die verlede en die hede van die navorsingsverhaal dien as koördinate waarvolgens die roetes in die ruimte van *Agtergrond* en *Basiese aanloop* gekarteer sal word. Die konsepte van misbruik, vroulike adolessensie en die impak van misbruik op die identiteit van 'n slagoffer word aan die hand van die metafoor van 'n prismatiese kompas uiteengesit. Die doel van hierdie kompas is dat sekere gradelesings op die magnetiese skyf van die kompas gelees kan word sonder dat die oog van die peilingsvoorwerp weggeneem word. Die peilingsvoorwerp dui op die navorsingsreis wat vanuit 'n narratief-pastorale perspektief onderneem word. Hierdie peilingsvoorwerp word nie as absoluut aangedui nie, omdat dit 'n aanname is wat eers aan die einde van die studie getoets kan word. Aangesien die roete-opname met 'n prismatiese kompas uit 'n reeks aaneengeskakelde bene bestaan wat uiteindelik grafies voorgestel word, word die bene van adolessensie en misbruik aan die orde gestel. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die kartering van die verskillende fenomene in hierdie hoofstuk plaasvind as ope peilings sodat lesings nie vasstaan as absolute waarhede nie, en moet inpas in die konteks waarin dit gelees word.

2.8.4 HOOFSTUK 4 - 'N NARRATIEWE PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNINGS-TOG

In hierdie hoofstuk word die soeklig van rigtingwyser 1 (*Aksie*), 2 (*Basiese aanloop*) en 3 (*Dinamiek*) gefokus op die teologie, praktiese teologie en teologiese antropologie sowel as 'n teologie van misbruik. Voordat 'n teologiese lig op die mens gewerp kan word, moet eers verstaan word dat God 'n misterie is en daarom nie in menslike taal omskryf kan word nie. Dit beteken dat die horison in die soeke na 'n wete aangaande God altyd verskuif sal word omdat dit 'n verdieping van kennis meebring.

Verskillende merkers sal aangedui word ten einde 'n pad te vind deur die onsekere woud van 'n moeilike definieerbare praktiese teologie. Daar sal ook aangedui word dat praktiese teologie beskik oor 'n gedeelde maar brose grondgebied. Daar word verder aangedui dat daar 'n vurk in die pad van praktiese teologiese woud bestaan. Die aspekte van die rol van kwalitatiewe navorsing en die *post-foundational* benadering in prakties-teologiese navorsing sal aan die orde gestel word.

'n Soeklig sal gewerp word op die totaliteit van adollesente menswees in die postmoderne era as grondslag vir 'n teologiese antropologie. Hier sal die sake van 'n prakties-teologiese antropologie, en die teodisee-vraagstuk aan die orde gestel word. Sekere etiese implikasies wat verband hou met misbruik en wat belangrike merkers vir die pastoraat inhou, sal uitgelig word .

2.8.5 HOOFSTUK 5 - DIE NARRATIEF-PASTORALE BENADERING AS MOONTLIKE WYSE VAN REIS DEUR DIALOOG

Hierdie hoofstuk word gekarteer in die lig van rigtingwysers 1,2,3 as die *Aksie*, *Basiese Aanloop* en *Dinamiek* van die navorsingsreis. Verder kom die eerste fase van rigtingwyser 4 as die *Clou* (C) van die navorsingsproses tot dusver aan bod. Die verkenning van die idees en beginsels wat die narratief-pastorale benadering onderskryf, sal gekarteer word.

Clou word gedefinieer as die “vernaamste hoogtepunt” (HAT 1994:122) en dien sodanige doel in die navorsingsproses. Die eerste fase van Clou dui op die byeentrek

van ontdekkings en interpretasies wat dot dusver in die kartering van die navorsingsproses teëgekomp is. Dit dien as voorbereiding vir die tweede fase van Clou in hoofstuk 6 waar: “You move them along until everything comes together in the Climax (Clou), after which things are different for the main characters” (Müller, Van Deventer & Human 2001:11).

Die narratiewe metafoor veronderstel dat die mens se verhale “... lewensbepalend is, konteks bepaald is en meervlakkig van aard is met dominante en alternatiewe beskrywings en dat die verteller die beste gids van ’n eie verhaal is” (Van den Berg & Smit 2006:1081). Daar word lig gewerp op die inhoudelike agtergrond van die narratief-pastorale benadering, die narratiewe uitgangspunt en die hermeneutiese pastoraat, kontekstuele begroning van die narratief-pastorale benadering van hierdie studie en die pastoraat *en route*, insluitende die pastoraat vanuit ’n perspektief van hoop.

2.8.6 HOOFSTUK 6 - 'N REISJOERNAAL VAN 'N NARRATIEF-PASTORALE BETROKKENHEID

Die tweede fase van rigtingwyser 4 as *Clou* (C): “You move them along until everything comes together in the climax (clou) after which things are different for the main characters” (Müller, Van Deventer & Human 2001:11). Die motivering vir die gebruik van die term word in die lig van die vorige rigtingwyser verduidelik. ’n Verkenning van die idees en beginsels van die narratief-pastorale benadering soos in die eerste fase van rigtingwyser 4 toegelig is, word gedoen as ’n hermeneutiese strategie om die gespreksgenote se verhale te interpreteer en te verstaan. Die soeklig word gewerp op die narratief-pastorale terapeut as reisgenoot en die verhale van die slagoffers word aan die orde gestel volgens ’n aanpassing van die vyf bewegings van Müller, Van Deventer en Human (2001:1-13). Die vyf bewegings word kortliks as volg aangedui:

- *Die begin: ’n labirint van verhale.* ’n Labirint van verhale dui op ’n eng beskrywing van die self waar die gespreksgenoot nie meer ’n sinvolle verhaal het om in te woon nie.
- *Die begin van die begin: eerste deur na die toekoms.* Dit is belangrik dat die deurmekaar paaie in die labirint herrangskik word. Die verskillende vasgeloopte

verhale word hervertel deur gebruik te maak van grafiese voorstellings van die verlede verhale.

- *Die begin alreeds besoek.* Die toekomsverhaal funksioneer volgens Müller (1996:87) implisiet deurdat dit nog soos 'n embrio in die baarmoeder van die verlede lê. Die toekomsverhaal word uitgesnuffel tussen die onderliggende strukture en interpretasies wat tot die hart van die trauma lê.
- *'n Toekoms by die begin.* Die gespreksgenoot bevry haar verlede van die greep van die dominante verhale en begin beweeg na die verbeelding van hoopvolle stories oor die toekoms.
- *Begin om 'n verbeelde toekoms positief te onthou.* Hier maak die eksistensiële ingesteldheid van die “alreeds-syn” en die “nog-nie-syn” die mens vorentoe oop (Louw 1999a:114,115). Die reisgenoot kom hier weereens aan by die begin en sien dan die plek asof vir die eerste keer.

2.8.7 HOOFSTUK 7 - DIE KAART IN DIE RAAM

Hierdie hoofstuk word aan die orde gestel in die lig van Rigingwyser 6 as die *Einde (E)* van die navorsingsreis. Müller, Van Deventer en Human (2001:12) omskryf hierdie fase van die navorsingsproses as: “And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?”. Refleksie op die navorsingsreis is noodsaaklik sodat elke dimensie van die proses gekarteer kan word en vind plaas binne 'n sensitiwiteit en bewustheid vir die hermeneutiese “lees” van situasies en die effektiewe interpretasie van mense (Swinton & Mowat 2006:61). Navorsingsverwagtings word aan die gekarteerde bevindings van die studie getoets. Beperkings wat tydens die proses ondervind is, sal aangedui word.

2.9 SAMEVATTING

Die naald van die kompas vir die reis deur hierdie navorsingsterrein is gerig deur rigingwysers 1 en 2 as die aksie en basiese aanloop van die studie. Die navorsingsreis in hierdie hoofstuk het geskied op die spoor van die rasionaal vir die ondersoek, wat aangedui word deur die fisiese, psigologiese, emosionele en spirituele impak van misbruik op vroulike tienerslagoffers. 'n Verdere merker vir die verloop van die eerste fase van die reis word geformuleer as die identifisering van sekere probleemareas as

aanduiding van wat oor die onderwerp uitgevind wil word. Fragmente van die verhale van die navorser sowel as haar gespreksgenote is aan die orde gestel. Seker navorsingsverwagtings, waaruit bepaalde doelwitte geformuleer is, het hieruit voortgevloei en is aangedui. Die paradigmatiese sowel as epistemologiese merkers word aangedui deur kwalitatiewe navorsing; postmoderniteit; die narratiewe sowel as narratief-hermeneutiese benadering tot navorsing; die sosiale konstruksie diskooers; deelnemende aksie navorsing; literatuur en pastorale antropologie. 'n Voorlopige uiteensetting waarvolgens die verskillende hoofstukke in die lig van die aangeduide rigtingwysers uiteen sal val, is kortliks aangetoon.

2.10 VOORSKOU

Die verloop van die karteringsreis in die volgende hoofstuk geskied in die lig van rigtingwysers 1 en 2 as die agtergrond en basiese aanloop van die studie waar die verlede en hede dien as koördinate vir die ondersoek. Konseptualisering dien as voertuig om die betekeniswêreld van die konsepte van vroulike adolessensie en seksuele misbruik te betree en te ondersoek.

HOOFSTUK 3

DIE STORIE VAN KOÖRDINATE

3.1 INLEIDING

Die verlede en die hede dien hier as koördinate waarvolgens die kartering van roetes in die ruimte van die *Aksie (A)* en *Basiese aanloop (B)* in die vorige hoofstukke plaasgevind het. Die problematiek ten opsigte van die skep van 'n geloofsgebaseerde hoop by 'n tienermeisie wat op die een of ander stadium van haar lewe seksueel misbruik is, is aangedui ter motivering vir hierdie studie. Die kwalitatiewe navorsingsparadigma van hierdie studie dien as agtergrond waarteen die doelwit, navorsingsverwagtings en metodologie onderliggend aan die navorsingsproses gekarteer is. In hoofstuk 1 is aangedui dat kartering 'n politieke kunsvorm is waar politiek dui op die staat van 'n fenomeen soos wat dit figureer binne die ruimte van 'n sosiale konteks. Binne die sosiaal-konstruksionistiese paradigma word menslike gedrag en interpretering gesien as “an active process of construction and interpretation in which human beings together endeavour to define the nature of their particular social situations and encounters” (Swinton & Mowat 2006:29). Die konsepte van vroulike adolessensie en seksuele misbruik word daarom vanuit verskillende sosiale, fisiese en spirituele perspektiewe benader.

Daar is aangedui dat postmodernisme, as teenreaksie op moderniteit, 'n relatiwiteit meebring waar die teks altyd gekoppel word aan die konteks. Postmoderniteit bied as paradigma en epistemologie 'n oplossing vir 'n koerslose relatiwisme deurdat 'n oop gesprek binne teologiese teorie gevoer word. Menslike rasionaliteit bied hier 'n ryk ontginningsterrein waarvan in 'n pluralistiese postmoderne kultuur gebruik gemaak kan word. In die proses word geluister na die verhale van drie adolessente dogters in die konteks van misbruik wat op een of ander stadium van haar lewe plaasgevind het.

In ooreenstemming met die metafoor van kartografie kan 'n konsep vergelyk word met die ruimte van 'n gedeelte verstaan soos wat dit ontwikkel en bewerkstellig word op die roete van 'n voortgesette gesprek (Shotter 1993:1). Ek self kom nie met leë hande na die gesprek nie. Die doel en struktuur van hierdie hoofstuk is geformuleer langs die

weg van my ervaring in die praktyk, my refleksie daarop, my interpretasie daarvan en die werp van 'n teoretiese soeklig daarop. Vroulike adolessensie en misbruik word bestudeer ten einde as vertrekpunt te dien vir interpretasie en die "...meanings people bring to them" (Denzon & Lincoln 1998:3). Die proses geskied na aanleiding van 'n heen-en-terug verwysing tussen teorie en praktyk (Browning 1991:2-4).

Hermeneuties gesproke, word 'n betekenisvolle taal geskep waar medenavorsers mekaar se wêreld betree, en waar gepoog word om 'n konkrete situasie waarin in diens van God opgetree moet word, te verstaan. In die proses word gebruik gemaak van verskillende dissiplines. Hierdie vakgebiede sluit sekere sosiologiese en antropologiese faktore, historiese trajeksies van die konteks van misbruik, en die impak van kontemporêre sosiale tendense in. Volgens Gerkin (1997:16) behoort die pastoraat gekenmerk te word deur beide 'n wydheid van visie in die oorweging van enige menslike situasie en die diepte van teologiese insig. Die leser word hier genooi na die betekeniswêreld van konseptualisering as die samehang van woord en sin. In hierdie hoofstuk sal die konsepte van vroulike adolessensie en seksuele misbruik aan bod kom. In hoofstuk 4 sal die praktiese teologie as sentrale konsep wat die samehang en onderliggende doel van die studie onderskryf, aan die orde gestel word.

Konsepte is die primêre instrument waardeur die mens die werklikheid in die greep van sy/haar verstand kry (Pieterse 1993:49). Die doel is dus kommunikasie, maar binne die taalkundige beperkings soos aangedui volgens die paradigma van postmoderniteit. Kommunikasie geskied deurdat konsepte sekere koördinate bied waarvolgens die leser die navorsingsterrein kan besoek, interpreteer en verstaan. Ten einde sekere gegewens met die oog op kartering in te win, word gebruik gemaak van 'n prismatiese kompas.

3.2 KOMPAS

Die prismatiese kompas is 'n korrelmeganisme wat toegerus is met 'n gegleufde prisma sodat die navorser die gradelesing op die magnetiese skyf kan lees sonder om haar oog van die peilingsvoorwerp weg te neem (Odendaal 1981:20). Hierdie peilingsvoorwerp dien om die studie op koers te hou, maar kan verander wanneer 'n aanpassing vereis word. 'n Roete-opname met 'n prismatiese kompas bestaan volgens

Odendaal (1981:20) uit 'n reeks aaneengeskakelde bene waarvan die metings uiteindelik tot 'n grafiese voorstelling verwerk word. Hierdie bene dui op sekere konsepte teen die agtergrond van verskillende kontekste. In hoofstuk 2 is aangedui dat sosiale konstruksie as weg tot kennis dien wat meebring dat reële kontekste ernstig opgeneem word. Die samehang tussen kartografie en konteks is in die politieke aard daarvan geleë soos wat dit figureer binne die ruimte van 'n sosiale konteks. Dit is dus belangrik dat die konteks verreken word. Wanneer die verskillende konsepte aan die orde gestel word, doen ek dit deur loep van die gekose paradigma van postmoderniteit. Dit beteken dat die konsepte aangebied word met die wete dat ek nie beskik oor 'n absolute waarheid nie. Konteks word verstaan aan die hand van die definisie van Osmer (2008:12):

A context is composed of the social and natural systems in which a situation unfolds. A system is a network of interacting and interconnected parts that give rise to properties belonging to the whole, not to the parts.

Die konteks of peilingsvoorwerp van hierdie studie verwys na die landskap van misbruik binne die kontoere van die narratiewe pastoraat soos begrond in die praktiese teologie en vloei uiteen volgens die gradelesings op die prismatiese kompas. Die roetepeiling vir die kartering van hierdie studie geskied egter as 'n ope peiling sodat lesings nie vas staan as absolute waarhede nie, en inpas in die konteks waarin dit gelees word. Anders as wiskundige berekeninge is lewensprobleme meer sensitief en kompleks omdat intense probleme die mens se emosies, identiteit en behoefte aan sin raak (Louw 1999a:408).

Dit is vir die praktiese teologie van groot belang "... to complexify and explore situations" (Swinton & Mowat 2006:13). Deur situasies of fenomene in fyner detail te ontleed, kan die kompleksiteit, en vele fasette daarvan beter geïnterpreteer en verstaan word. In hierdie studie word gebruik gemaak van sekere sosiale, materiële en psigologiese determinante soos geplaas binne die "... larger set of meanings that give them direction in the scheme of human action" (Browning 1991:48). Hierdie hoofstuk bevat daarom heelwat beskrywende detail sodat die omvang daarvan baie groter is as dié van die res van die hoofstukke in hierdie studie. Ek glo egter dat dit nie die balans

van die voltooide produk sal benadeel nie omdat die konsepte mekaar aanvul en saam gelees moet word.

Die beskrywend-empiriese taak van prakties-teologiese interpretasie behels die insameling van inligting sodat die navorser sekere patrone en dinamiek in 'n spesifieke navorsingsterrein kan onderskei (Osmer 2008:5). Die kernvrae wat in die interpreterende taak van prakties-teologiese interpretasie gevra word, behels die vraag oor watter teorieë geskik sal wees om die patrone en dinamiek wat ontdek is ten opsigte van sekere gebeure beter te verstaan (Osmer 2008:6). Volgens die hermeneutiese aard van prakties-teologiese interpretasie staan interpretasie sentraal in die wyse waarop die mens te doen kry met die wêreld en poog om die tekste van hierdie ontmoeting te lees (Swinton & Mowat 2006:76). Die normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie behels 'n teologiese refleksie waar teologiese konsepte dien om sekere episodes, situasies en kontekste te interpreteer (Osmer 2008:8, Swinton & Mowat 2006:76). Dit behels ook die taak om etiese beginsels, riglyne en reëls te vind wat relevant tot die situasie is en wat aksie-strategieë kan rig (Osmer 2008:8). Dit geskied met die bewustheid van die menslike feilbaarheid en die kompleksiteit van die kragte wat die mens se ontmoetings met die wêreld vorm (Swinton & Mowat 2006:76). Die pragmatiese taak van prakties-teologiese interpretasie fokus op strategieë en aksies wat effektief is om die etiese beginsels deur te voer (Osmer 2008:10). Prakties-teologiese interpretasie poog hier om die situasie, die Christelike tradisie en adollessensie as verdere kennisbron te korreleer ten einde 'n dieper insig en verstaan te bewerkstellig (Swinton & Mowat 2006:76).

Met hierdie riglyne in gedagte, word teruggekyk na sekere probleemareas wat in hoofstuk 2 geïdentifiseer is, naamlik:

- Wat behels die ontwikkelingstake van 'n tiener meisie?
- Hoe beleef sy hierdie lewensfase binne die postmoderne era?
- Wat is misbruik en in watter kontekste moet die fenomeen verstaan word?
- Wat behels 'n geloofsgerigte hoop?

Ervarings en gebeure in die mens se lewe en wêreld beskik nie oor 'n narratiewe struktuur nie, maar sodra ervaring in 'n volgorde geplaas word, word fragmente van die

lewe gestruktureer in 'n betekenisvolle raamwerk van interpretasies (Ganzevoort 1993:277). Daarom dien genoemde vrae as belangrike projeksies vir die kartering van die hermeneutiese verstaan van vroulike adolessensie as fenomeen. Verder word gepoog om te verstaan hoe die postmoderne era hierdie generasie se interpretasie van hulleself, hulle wêreld en hulle Christelike spiritualiteit beïnvloed.

Adolessensie word eerstens aan die orde gestel. Die rede is dat, wanneer molestering as fenomeen aan bod kom, dit alreeds die moontlike impak wat hierdie oortreding op die belewing van hierdie ontwikkelingsfase het, impliseer. Molestering sal daarom as tweede gradelesing op die roetepeiling van hierdie hoofstuk aan bod gestel word soos wat die fenomeen figureer binne makro sosiale en kulturele kontekste. Die mikro konteks van interpersoonlike verhoudings wat die individuele karakter eienskappe van beide die slagoffer en die oortreder insluit, sal ook aan die orde gestel word. Verder word 'n sensitiwiteit vir die paradigma van postmoderniteit in my benadering tot vroulike adolessensie sowel as in die bestudering van misbruik as fenomeen weerspieël.

3.3 GRADELESING 1: ADOLESSENSIE

Eerstens moet daarop gelet word dat wanneer na adolessente as *hulle* verwys word, deurgaans gewaak word teen oorvereenvoudiging en polarisering. Om met adolessente besig te wees, verg nederigheid, openheid en 'n leerbare gees. Wanneer na *hulle* verwys word, geskied dit ook met die volle wete dat geen volwassene 'n outentieke adolessente perspektief op hulle kultuur kan hê nie (Morgan 2000:4; Müller 2000:17). Wanneer adolessensie as epigenetiese fase gedekon-strueer word, word dit gedoen vanuit die betekenis wat dit vir die pastorale proses het.

3.3.1 AFBAKENING

Die term "adolessensie" is afgelei van die Latynse werkwoord *adolescere*, wat beteken "om op te groei" (Olson 2006:8). Volgens Nel (2000:30) is die term later ontwikkel om te wys op die tydperk tussen puberteit en volwassenheid. Adolessensie was nie altyd as 'n afsonderlike tydperk in die mens se lewensverloop beskou nie. In die pre-industriële samelewing het kinders nie skoolgegaan nie, vroeg getrou en onmiddellik die rol van 'n volwassene begin vervul (Louw & Louw 2007:279). Volgens Ratcliff (2002:1)

is adolessensie dus 'n sosiale skepping vir die doel van verlengde skolastiese opleiding ten einde tieners uit die arbeidsmark te onttrek in tye van hoë werkloosheidsyfers.

Dit is nie maklik om hierdie lewensfase af te baken nie, omdat die algemene kenmerke van adolessensie moeilik is om te definieer. Die ouderdom waarop adolessensie as afsonderlike lewensfase begin, wissel tussen 11 en 13 jaar, en dit eindig tussen 17 en 21 jaar (Louw & Louw 2007:279). In Suid-Afrika eindig adolessensie volgens die Kinderwet op die ouderdom van 18 (Louw & Louw 2007:279). Vir die doel van hierdie studie word gefokus op tienerdogters tussen die ouderdomme van 11 en 18 jaar. Zoe, Karla en Jeanine is onderskeidelik 14, 17 en 18 jaar oud, en is gekies as gespreksgenote weens die verskillende ontwikkelingsfases waarin hulle hulself bevind. Die uiteenlopende aard van hulle ervarings, sowel as die impak wat misbruik op hulle ontwikkelingsfases en hulle Christelike spiritualiteit gehad het, was verdere bydraende faktore.

Die doel is om gebruik te maak van resente teoretiese en empiriese tendense in die sosiale sowel as psigologiese literatuur ten einde 'n geheelbeeld van vroulike adolessensie daar te stel. Die rede is dat die pastoraat 'n gesofistikeerde bewustheid van menslike ontwikkeling toon vanweë die primêre belang van individuele historiese ervaring (Gerkin 1997:87). Uitsprake word nie as algemeen geldend beskou nie, maar dien as algemene aanduidings van wat die verskillende ontwikkelingstake behels as konteks waarbinne die impak van misbruik verstaan kan word.

3.3.2 ADOLESSENSIE AS EPIGENETIESE FASE

Vir 'n pastorale benadering is dit belangrik om met die beginsel van ontwikkeling sowel as verandering rekening te hou aangesien genade nie los staan van menslike organiese groei deur die verskillende lewenstadië nie (Louw 1999a:248,286). Die terapeut moet bewus wees van die maniere waarvolgens die gespreksgenoot se ontwikkelingsvlakke die interpretasie van haar wêreld raak. Dit is egter volgens Wickham en West (2002:78) normaal vir 'n slagoffer om te regresseer tot 'n laer ontwikkelingsvlak as gevolg van traumatisering.

Wanneer die persona van 'n spesifieke generasie geïdentifiseer word, moet drie kenmerke volgens Mueller (2006:86) in gedagte gehou word, naamlik:

- Lede van 'n spesifieke generasie deel 'n waargenome lidmaatskap. Adollesente kom agter dat hulle 'n identiteit deel wat verskil van dié van die jonger en ouer generasies. Dogters ontwikkel hulle identiteit deur middel van verhoudingspatrone en interaksie, terwyl seuns gebruik maak van aktiwiteite en kompetisie. Die self word dus sosiaal gekonstrueer.
- Tieners deel gemeenskaplike oortuigings en gedragsisteme. Die millennium-generasie bevind hulleself in 'n postmoderne wêreld, wat hulle onderskei van die vorige generasies.
- Adollesente beset 'n plek in die geskiedenis wat gekenmerk word deur unieke gebeure en stromings.

Veranderinge in die puberteitstatus van tieners word geassosieer met veranderinge in sekere psigiese konstrakte, naamlik selfbeeld, kognitiewe vaardighede, gesinsverhoudings en seksualiteit (Dubas & Peterson 1993:3). Hulle werk aktief daaraan om hierdie veranderinge te integreer met hulle definisie van die self, wat kan aanleiding gee tot onsekerheid en frustrasie (Dubas & Peterson 1993:3). Ten einde die gedagte van ontwikkeling en groei aan te vul en verder te verduidelik, is dit belangrik dat kennis gedra sal word van Erikson se groeimodel.

Erikson, opgelei as psigo-analis, koppel die vraagstuk van identiteit en groei aan, wat hy noem, die epigenetiese prinsipe. Hy was van mening dat die kinderjare ingedeel kan word in ontwikkelingsfases wat elk suksesvol afgehandel moet wees voordat na die volgende aanbeweeg kan word (Erikson 1983:94). Volgens Erikson geskied ontwikkeling of groei in agt fases en elke fase verteenwoordig 'n krisis wat geskep word deur die individu se ontwikkelingsvlak en hoe hy/sy die samelewing se eise hanteer. Adollesensie word gesien as die mees beslissende groeifase (Erikson 1968:94). Die menslike bestaan word vanuit die kragte van die krisis enersyds, en die poging om die krisis te voorkom of te verwerk aan die ander kant verstaan (Ganzevoort 1994a:7). Optimale groei is afhanklik van hoe die individu die verskillende krisisse hanteer met identiteitsvorming die hoofkrisis tydens hierdie lewensfase (Erikson 1968:94). Hierdie krisis word egter nie deur Erikson as 'n katastrofe verstaan nie, maar as 'n draaipunt

wat gekenmerk word deur 'n dinamiese bipolariteit, naamlik: identiteit versus verwarring; temporele perspektief versus verwarrende tydservaring; selfversekerdheid versus selfbewustheid; roleksperimentering versus rolifikasie; leerjare versus verlamende stagnasie; seksuele polarisasie versus outoriteitsverwarring; ideologiese toewyding en oorgawe versus morele en normatiewe verwarring (Louw 1999a:255). Die krisis van identiteit bevat egter ook sekere positiewe komponente van identiteitsvorming wat dui op: identifikasie; antisipasie en roldefiniëring; selfstandigheid en selfaanvaarding binne die wederkerigheid van ondersteunende verhoudings (Louw 1999a:256). 'n Ander belangrike komponent van Erikson se navorsing oor die lewensiklusse van die mens is die plek wat hy aan hoop en wysheid skenk (Louw 1999a:257).

Daar word soms na hierdie lewensfase verwys as 'n tyd van oorgang, storm en drang, asook 'n tyd wanneer adolessente die kans staan om gemarginaliseer te word (Weiner & Elkind 1972:171; Seifert & Hoffnung 2000:432). Die adolessente fase kan ook gesien word as die kulminasiepunt vir verskillende groeiprosesse (Heaven 2001:xiii). Tieners word gekonfronteer met die afhandeling van sekere ontwikkelingstake wat hoofsaaklik kultureel bepaal word. Die samelewing stel hier verskillende eise waaraan adolessente moet voldoen, naamlik: die vorming van onafhanklikheid, aanpassing by tydgenote, verhoudings wat heteroseksueel van aard is, formulering van 'n geslagsrol, voorbereiding vir opleiding en die arbeidsmark en vestiging van persoonlike en sosiale waardes. Hoe suksesvol hierdie take afgehandel word, sal daarom baie afhang van hoe die behoeftes van adolessente deur die sosiale omgewing aangespreek word.

Hoewel die verskillende adolessente ontwikkelingstake vervolgens afsonderlik aan bod gaan kom, word dit gedoen vanuit 'n holistiese mensbeeld waar die mens verstaan word as 'n psigofisiese geheel waarvan die liggaamlike, psigiese, kognitiewe en spirituele dimensies nie geskei kan word nie. Omdat die ontwikkelingsfases so 'n sentrale rol speel in hoe adolessente hulle ervarings van die lewe interpreteer, moet die gekose terapeutiese benadering 'n sensitiviteit hiervoor toon.

'n Tiener word tydens die adolessente groeifase gekonfronteer met 'n innerlike fisiese, psigiese en kognitiewe revolusie. Terselfdertyd moet oorweeg word hoe die verskillende intellektuele, sosiale en toekomsgerigte besluite gehanteer moet word. Wanneer hierdie take gekompliseer word, word die interpretasie van haar wêreld en van

haarself negatief beïnvloed (Vernon 2002:10). White (2004:47) beskryf identiteit as 'n "territory of life". Volgens Snodgrass (2011:9) dui identiteit op daardie sin van self en self-verstaan wat dien as raamwerk vir die mens se aksies, wat aan ander kommunikeer wie die persoon is, en die agenda daarstel vir die dae van die persoon. Wanneer die individu getraumatiseer word, is daar merkbare inkrimping van hierdie terrein. Dit is dus belangrik dat die verskillende prosesse betrokke by identiteitsvorming gedekonstrueer word.

3.3.3 ADOLESSENTE MENSWEES IN DIE POSTMODERNE ERA

Die millennium-generasie is uniek in dié opsig dat hulle die eerste generasie is wie se opvoeding ten volle in die postmoderne era plaasvind (Bouma 2011:elektroniese bron). Die verandering binne die tienerkultuur in die nuwe millennium het die aard van adolensensie sodanig verander dat enigiemand wat betrokke is by hulle nie anders kan as om bewus te wees van hoe 'n postmoderne konteks die adolensente reis na volwassenheid beïnvloed nie. 'n Verstaan van kinder en adolensente ontwikkeling vereis dus dat toenemend aandag gegee word aan die konteks waarbinne kinders en adolensente grootword.

Die postmoderne era het verskuiwings in kulturele waardes en strukture, die gesin, portuur-verhoudings, geslags en etniese verskille, denke oor moraliteit en etiek teweeggebring (Dean 2001:43). Die millennium generasie leef tans in 'n era (Watt & Prins 2003:578) waar post-modernisme 'n relativiteit meebring waarbinne die teks altyd gekoppel word aan die konteks. Volgens die postmoderne paradigma is elke individu vry om sy/haar subjektiewe perspektiewe te volg wanneer dit kom by geloofs-oortuigings, etiek en lewenservaring (Watt & Prins 2003: 578). Die postmoderne era word gekenmerk deur 'n plurale samelewing "... with all kinds of heterogeneity: geographical, economic, linguistic, religious or cultural" (Bogaart & Ketelaar 1983:54). Dit is nie net die kulturele omgewing wat besig is om te verander nie: sosiale reëls, norme, en selfs die prosesse van adolensente ontwikkeling op sigself is besig om te verander (Dean 2001:42).

Wanneer na 'n adolensente meisie gekyk word binne die sfeer van postmoderniteit is dit belangrik om daarop te let dat sy nie as 'n objek in 'n empiriese ondersoek in die lig van

'n oorsaak-gevolg-skema verklaar kan word nie. Verder kan sy ook nie dogmaties verstaan word nie (Louw 1999a:156). Teologie is nie 'n private saak nie, maar is altyd 'n gemeenskapsaak wat ontstaan vanuit, en beïnvloed word deur sekere kulturele en religieuse behoeftes (Borgman 1997:xiii). Goddelike openbaring, openbaring deur die Heilige Gees, menslike rede, die wysheid van die verlede en die interaksie binne die geloofsgemeenskap is almal by die teologiese taak betrokke (Borgman 1997:xiii). Konteks is van deurslaggewende belang vir die teologie deurdat dit geformuleer word binne 'n sekere samehang. Konteks dui in hierdie studie op die impak wat die postmoderne era op die adolessente generasie het. Tesame met die ervaring van misbruik, is dit essensieel vir die formulering van 'n teologiese antropologie, sowel as vir die terapeutiese benadering wat in die volgende hoofstuk aan bod sal kom. Deurdat die impak van die veranderde konteks van die postmoderne era op adolessente aan bod gestel word, word teologiese groei teweeggebring. Die impak van die postmoderne era op die millennium- generasie word as volg deur die Hellenic Communication Service (2011:elektroniese bron); Bouma (2011:elektroniese bron); Mueller (2006:88-108) en Collins-Mayo (2010:elektroniese bron) aangetoon:

- Die millenniumjeug staan bekend as die “*Afstand Beheer Kinders*” omdat hulle blootgestel is aan ongeëwenaarde en konstante verandering. 'n Ander benaming dui op die “*Mengelslaai Generasie*” gekenmerk deur 'n rassitiese-, ervarings- en gesindheids- diversiteit. Hulle word ook die “*Oorbruggers*” genoem omdat hulle die millennium oorskakeling beleef het.
- Postmodernisme beteken dat adolessente blootgestel word aan vele waarhede wat tot voorkeure (subjektiewe waarhede) lei en nie objektiewe realiteite nie. Een van die maniere hoe subjektiewe waarheid manifesteer in die jeugkultuur is verbruikerskap. Die jeug word gebombardeer met advertensies wat vele keuses aan hulle bied. Hulle kan hieruit kies volgens wat hulle voorkeure vir daardie oomblik die beste pas. Marknavorsers erken die voortdurend-veranderende temporale aard van *cool*, wat weer lei tot verdere keuses. Adolessente behoort dus tot 'n subkultuur wat gevorm word deur die media en die popkultuur. Laasgenoemde kultuur is ook onderworpe aan konstante verandering. Die beelde in enige gegewe video wat gerig is op die jeug herdefinieer realiteit konstant. Weens die feit dat die jeug blootgestel word aan eksplisiete seksuele

- gedrag deur die media, is hulle slagspreuk: “Been there, done that, won the T-shirt”. Hulle ontbreek dus die naïwiteit van die vorige geslag.
- Die jeug word blootgestel aan ’n toenemende getal informasiebronne, veral die internet. Dit bring mee dat hulle die kans staan om feite en fiksie te vermeng. Die virtuele realiteit bied ’n oormaat inligting wat die jeug oorstimuleer terwyl ’n holistiese wêreld geskep word. Dit geskied deurdadig dat die postmoderne jeug beeldgebaseerde vorme van kommunikasie verkies. Vanweë die hoeveelheid tyd wat hulle in ’n virtuele realiteit spandeer, is hulle siening van die wêreld baie groter en meer holisties as ooit tevore.
 - Die adolessente kultuur is deurtrek met geweld. Geweld en afknouery is aan die orde van die dag by skole omdat tradisionele ondersteuningstelsels nie meer bestaan nie. Adolessente word vanuit ’n daaglikse stroom geweld, soos aangebied in die media, gevoed. Geweld word sodoende vir hulle ’n geldige oplossing van probleme. Geweld het ’n jeugkultuur gekenmerk deur vrees geskep. Diegene wat magteloos voel sal daarom soek na magsbronne, soos die okkulte, seksuele geweld, aanranding, selfmutilasie en selfmoord.
 - Hulle is die eerste generasie wat in ’n wêreld grootword wat gekenmerk word deur ’n postmoderne wêreldbeskouing. Lede van die postmoderne samelewing leef in ’n begrensde groep met elk ’n eie taal, opvattinge en waardes. Oortuigings word as waar gesien binne die konteks van die gemeenskappe waarvan hulle deel vorm. ’n Generasiebewustheid ontstaan dus waarbinne eendersdenkendes hulleself saambind as beskerming teen die res van die samelewing. Hulle is egter steeds aan die eise van die media blootgestel.
 - Gevoelens speel ’n groter rol as rede, die waarheid is vir hulle relatief en elkeen glo in wat vir hom/haar “reg” is. Hulle is dus gevoelsgedrewe, pluralisties, spontaan en beskik nie oor ’n transendente morele kompas nie. Wanneer hierdie generasie die impak van die Evangelie op iemand se lewe sien, raak dit hulle gevoelens en nie hulle verstand nie.
 - Gesinstabiliteit, ondersteuning en leiding is besig om te verdwyn omdat die meeste millennium kinders opgroei in gesinne wat gekenmerk word deur egskeiding, enkel- ouerskap of verbrokkeling.

Die millennium-generasie sukkel dus om binne ’n pluralistiese postmoderne kultuur die lewens-taak van ’n eie identiteit te bemeester, verhoudings met ander aan te kweek en

om 'n lewe vir hulleself te skep (Borgman 1997:xxii). Hulle beweeg vanuit hulle gesin van oorsprong na die “gesin” van tydgenote na 'n “gesin” van verhoudings met die teenoorgestelde geslag of om self ouers te wees. Dit behels dus 'n verskuiwing van 'n posisie om versorg te word, na versorging van die self na die versorging van ander. Die taak van selfversorging (*parenting of the self*) is baie moeilik. Die belangrikste aspek van selfversorging is die identiteitvormingsproses wat verwys na die individu se bewustheid van hom/ haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in 'n postmoderne samelewing en kultuur (Louw & Louw 2007). Dit is egter belangrik om daarop te let dat 'n adolessente dogter nie verklaar kan word nie, maar verstaan moet word as 'n sedelike wese wat in totaliteit méér is as haar gedrag (Louw 1999a:157,158). My gespreksgenote se ervaring van die adolessente lewensfase word telkens in 'n sirkulêre proses in afwisseling met teorie aangedui, maar dit is onmoontlik om te weet tot watter mate dit gekleur is deur misbruik.

3.3.4 IDENTITEIT

Die ontwikkeling van 'n eie identiteit word as volg deur 'n anonieme skrywer in gedigvorm weergee:

Who am I?
Who am I really?
Am I what others want me to be?
Or am I what I would like others to see?
Am I what I think I am?
As I wish myself to be, as I should be,
Or am I fearful when I think
That I could be so?

Anoniem (Crawford & Kinnamon 1983:x)

Die vraag “Wie is ek?” word selde bewustelik gevra, aangesien “... the socially predefined answer is massively subjective” (Berger & Luckman 1976:184). Ek verwys slegs na “haar” wanneer geslag ter sprake kom, omdat hierdie studie fokus op tienerdogters. 'n Persoon se storie oor die self is 'n eerstepersoon narratief waardeur identiteit wat gebaseer is op herinneringe en persepsies van haar geskiedenis, lewe, rol

in die sosiale en persoonlike opset asook verhoudings gedefinieer word (Payne 2000:18). Verder dui identiteit daarop dat die mens deur God geroep is om aan haar bestemming as mens te beantwoord. Dit dui ook op die mens se geroepenheid om in vryheid te kan kies en daarna vir hierdie keuses in te staan (Louw 1999a:253). Hierdie aspek van identiteit sal as Christelike geloof en spiritualiteit verder in hoofstuk 4 aan die orde gestel word.

Faktore wat onder die sambreel van identiteitsvorming saamgevat kan word, dui op: fisiese, kognitiewe en morele ontwikkeling, ouerskap, portuurgroep verhoudings, die verhouding met die samelewing, kulturele konteks, persoonlikheid en selfkonsep. Verder word begrippe oor die self gekonstrueer in verhouding met ander as sosiale en medewerkende prestasie (Morgan 2006:108). Identiteit dui dus op die sentrale opgaaf van die mens se hele lewensontwikkeling (Watt & Prins 2003: 580). Die rede hoekom gefokus word op identiteit is dat dit direk in verband staan met die wyse waarop die mens die lewe ervaar (Louw 1999a:257). Volgens Gerkin (1979:208) beteken identiteit

... a certain idiosyncratic way in which the individual ego performs its tasks of perceiving, valueing, reasoning, compromising, and choosing. At yet another level the concept points to that maintenance of one's rootage in solidarity with a group's ideals and corporate identity.

Gerkin (1979:207) het gevind dat daar 'n nou verband bestaan tussen die strukture van interpretasie van gebeurtenisse en verhoudings sowel as die selfverstaan van die individu. "Thus a hermeneutic of interpretation and an ongoing sense of identity are necessary for survival in a finite human existence within the boundary of ongoing time" (Gerkin 1979:207). Volgens Erikson se teorie sluit identiteitsvorming al die krisisse waarbinne die eksistensiële spanning tussen die voortbestaan van identiteit en veranderde omstandighede, take en bydraende betekenis funksioneer in. Wanneer hierdie spanning oorstrek word, word die persoon of groep se verstaan van hulle self-wêreld wat beide selfpersepsie en die interpretasie van die self insluit, bedreig (Gerkin 1997:207).

'n Verstaan van persoonlike identiteit integreer dus die menslike persoon as affektiewe, kognitiewe, konatiewe en liggaamlike wese. Hierdie geïntegreerde siening van die

individuele rolle, vaardighede, belangstellings, gesindhede en impak op ander mense gee aan haar 'n gevoel van samehang met haar verlede en help haar voorberei op die toekoms (Heaven 2001: 26). Identiteitsverwarring ontstaan wanneer daar besluiteloosheid is binne die integrasieproses (Heaven 2001:32). 'n Negatiewe identiteit ontstaan wanneer 'n identiteit gevorm word wat teenoor kulturele waardes en verwagtings staan (Louw & Louw 2007: 311).

Zoe: Sy het begin rook op 'n baie jong ouderdom, en is al telkens daarvoor by die skool gestraf. *Ek rook omdat dit my spanning verlig en om in te wees by my vriende. Eintlik gee ek nie om oor my gesondheid nie, want ek is reeds "tweedehandse damaged goods".*

Karla: Karla het vroeg al begin rook. Verder oortree sy gereeld die reëls van die jeugsorgsentrum. *Ek rook en oortree die reëls van die sentrum om te kyk of ek daarmee kan wegkom. Dit is vir my lekker as ek mense kwaad maak, want dit voel dan of ek in beheer is.*

Jeanine: Sy weier om haar huiswerk te doen, opdragte in te dien en om deel te wees van die aktiwiteite in klasverband. Sy skryf dat sy "*te dom*" is om die take uit te voer.

Anna: Anna en 'n vriendin het uit die studiesaal gesluip om kafee toe te gaan. *Ons het na die tapes op die stander gekyk. Ons het die tapes voor by ons bloese ingedruk, lekkers gekoop en uitgestap. En net tot op die sypaadjie gevorder* (Lötter 2004:53).

'n Identiteits moratorium is essensieel vir identiteitsvorming, en vind plaas deurdat sy voort-durend besig is om alternatiewe te oorweeg in die hantering van gebeure in haar lewe (Heaven 2001:33). Die suksesvolle afhandeling van identiteitsvorming bied die basis waarop intimiteit in vriendskappe en liefdesverhoudings gebou kan word. Menslike subjektiwiteit in identiteits-vorming is dus dinamies en ontwikkel as 'n proses binne verhoudingsnetwerke deur al die verskillende lewensfases heen (Louw 2005: 21). Wanneer gekyk word na wat die proses van identiteitsvorming by dogters anders maak as by seuns, word gelet op die volgende aspekte.

3.3.4.1 Biologiese en psigososiale ontwikkeling

Die liggaam bestaan nie net uit die biologiese nie, maar is ook die draer van die mens se geestelike en etiese impulse en is daarom 'n uitdrukking van die self (Louw 1999a: 200-201). Fisiese veranderings tydens puberteit behels psigologiese en sosiale aanpassings deurdat die individu haar liggaamlike veranderings en die wyse waarop ander daarop reageer moet integreer in 'n definisie van die self (Cole & Putnam 1992:178).

Liggaamsbeeld word voortdurend deur liggaamlike groei gewysig en word beduidend deur die eise van 'n gedurig veranderende sosiale omgewing beïnvloed (Rosenbaum 1993:63). Aanvaarding van 'n veranderende fisiese voorkoms is dus 'n belangrike adolessente ontwikkelingstaak (Louw & Louw 2007:285). Die liggaam word ervaar as 'n refleksie van die self, en dien as oorsprong van konflik, skaamte en ontoereikendheid, sowel as van trots en plesier (Rosenbaum 1993:62).

Zoe: Zoe is kort en klein gebou en hou daarvan om die sterk punte in haar liggaamsbou te vertoon deur die tipe klere wat sy dra.

Karla: Karla is netjies en goedversorg.

Jeanine: Jeanine bedek haar liggaam doelbewus met a-seksuele tipe klere.

Anna: (Ek het) *net wye jeans, rompe en bloese begin dra. My lang hare het ek óf in 'n bolla óf in 'n stertjie gedra, net nie meer los nie* (Lötter 2004:60)..

3.3.4.2 Ontwikkeling van selfkonsep: die ontwikkeling van “Ek” en “My”.

Selfkonsep en selfagting is nie sinonieme van mekaar nie. Selfkonsep dui op die kwaliteite wat 'n individu aan haarself toe-eien. Selfagting dui op hoe positief sy oor haarself voel. Religieuse persepsies, standpunte en Godskonsepte word deur beide die konsepte van selfagting en selfkonsep beïnvloed (Ricky et al 2006:58). 'n Swak selfbeeld kan meebring dat molestering meer destruktief beleef word (Gillmartin 1994:116). Louw en Louw (2007:314) identifiseer agt domeine van adolessente selfbeeld, naamlik: skolasiese bekwaamheid; sosiale vaardigheid; atletiese bekwaamheid; fisiese voorkoms; werksbekwaamheid; romantiese aantrekkingskrag;

gedrag en hegte vriendskap. Adollesente dogters heg eiewaarde aan hulle verbale vaardighede, hegte vriendskappe, eerlikheid en religie (Heaven 2001:45).

Zoe: *Al voel ek nie positief oor myself nie, is ek nogal hulpvaardig in die klas.*

Karla: *Ek moet die graad 1-dogtertjies help om soggens hulle hare te kam. Ek probeer goed wees vir hulle, want dan voel ek goed oor myself.*

Jeanine: *Ek loop my eie pad, en wil nie gepla wees nie.*

Anna: *En natuurlik was ek die bleeksiel in die klas. Die een wat altyd haar huiswerk doen, die een wat nie veel erg aan sport het nie, wat eerder twee keer 'n week haar balletpassies oefen (Lötter 2004:24).*

Volgens Stephen Crites (Goldberg 1982:12) word die mens se identiteit grootliks bepaal deur haar verstaan van die storie wat sy uitleef in die gebeure van haar lewe sowel as die verhoudings waarin sy haar in haar gesin bevind.

3.3.4.3 Gesinsverhoudings en identiteit

Die gesin dui op die ware ekumeniese ervaring in die mensdom (Friedman 1985:1). 'n Verdere doel van die gesin is dat dit stabiliteit aan die hand werk in 'n bepaalde samelewing deur die kinders te sosialiseer deur middel van 'n openheid vir hulle omgewing wat weer interaf-hanklikheid kweek (Anderson 1984:59). Die gesin bestaan egter nie net ter wille van die groter sosiale strukture nie, maar ook vir die saak van die individu. Ouers beïnvloed die selfkonsep van hulle kinders en beïnvloed indirek hulle Godskonsepte (Dickie *et al* 2006:59).

Die impak van die gesin op kinders se ontwikkeling behels interverweefde sosiale kontekste omdat die gesin weer ingebed is in die kultuur van die buurt waarin hulle woon, sosiale instellings en skole. Gesinslede tree egter anders op wanneer hulle buite die gesin funksioneer, soos wanneer die ouers hulle in hul beroep bevind, en wanneer die kinders hulleself binne hul portuurgroep, skool, jeugaksies en buitemuurse aktiwiteite bevind.

Jeanine: Haar gesin woon in 'n goeie buurt waar die inwoner se beeld na buite belangrik is. Dit het meegebring dat Jeanine se ma nie die misbruik wou erken nie, aangesien dit haar broer is wat die daad gepleeg het. Jeanine is daarom ook na 'n naburige skool geskuif nadat sy graad 10 gedruip het. Hier het sy maats gekies wat dieselfde lae verwagtings van hulleself as sy gekoester het, en het die situasie geensins verbeter nie. Die gesin woon gereeld die eredienste by en Jeanine is aangeneem en voorgestel omdat dit in hulle sosiale en religieuse omgewing van haar verwag word.

Dit is duidelik dat 'n tiener sal konformeer tot die eise van haar omgewing en haar gesin, maar dat die sosiale omgewing wat haar portuurgroep bied, 'n belangriker rol in haar lewe speel. Die portuurgroep vorm dus 'n baie belangrike en nuttige weg vir 'n tiener om die oorgang tussen die gesin na die buitewêreld suksesvol te voltooi.

3.3.4.4 Vrienskappe en portuurgroep

Adolesensie word gekenmerk deur 'n diepgaande verskuiwing in bandvormingspatrone weg van die ouers na die portuurgroep. Portuurverhoudings speel ook 'n belangrike rol in emosionele ontwikkeling; die ontwikkeling van sosiale vaardighede (Heaven 2001: 78); identiteit asook onafhanklikheid (Olson 2006:187). Vrienskappe in die portuurgroep kan ook 'n welkome ontsnapping van moeilike omstandighede in die gesin bied (Olson 2006:187). Hegte verhoudings verskaf wedersydse vertrouwe en lojaliteit; eksklusiwiteit; emosionele en materiële ondersteuning en 'n geskikte omgewing vir die deel van geheime en sienswyses (Heaven 2001:82).

Zoe: *Ek het 'n baie goeie vriendin met wie ek baie probleme deel. Sy weet meer van my af as my ma en beteken vir my baie.*

Karla: *My vriendinne is al wat ek het, want ek het geen kontak met my ma nie.*

Jeanine: *Ek loop my eie paadjie en doen my eie ding.*

Anna: Helena was Anna se beste vriendin, en haar huisgesin het vir Anna 'n veilige hawe gebied. *Ek het vir die eerste keer gesien hoe 'n normale gesin lewe.* Anna het egter nooit vir Helena by haar eie

huis laat oorslaap nie, uit vrees dat sy ook gemolesteer sou word.

Weens hulle liggaamlike ontwikkeling, word tienerdogters toenemend bewus van hul seksualiteit. Hulle ontdek ook hulle seksuele oriëntasie tydens hierdie lewensfase. Sosiale ontwikkeling word gekenmerk deur 'n oorgang van vriendskappe met dieselfde geslag in die portuurgroep na verhoudings met die teenoorgestelde geslag (Cole & Putnam 1992:178). Seksualiteit as ontwikkelingstaak beteken om seksuele behoeftes op 'n sosiaal aanvaarbare manier te bevredig sodat dit tot die positiewe ontwikkeling van identiteit kan bydra (Heaven 2001:151).

3.3.4.5 Seksualiteit

Die uitstaande aspek van ontwikkeling tydens adolessensie is die sigbare begin van puberteit en seksualiteit. 'n Kind se persepsie van wat seksualiteit behels, ontwikkel oor tyd. Beide die ouers en die kind se verstaan van seksualiteit word wedersyds geraak deur elkeen se reaksies soos wat die lewensiklus verloop (Mrazek & Mrazek 1981:23). Seksualiteit vorm 'n onvermydelike en essensiële deel van ontwikkeling met 'n duidelike biologiese basis, maar die finale uitdrukking van seksualiteit word sterk deur die gesin beïnvloed (Mrazek & Mrazek 1981:17). Faktore soos die moeder se seksuele ervaring tydens adolessensie, die opvoedkundige vlak van die ouers, die seksuele aktiwiteite van die ouer sibbe, kommunikasie binne die gesin en die ouers se gesindheid en waardes ten opsigte van adolessente seksuele aktiwiteite word geskakel met die seksuele gedrag van adolessente (Heaven 2001:153).

Zoe: Zoe se ma het swanger geraak toe sy nog in die skool was.

Karla: Haar ma was in verskillende saamblyverhoudings betrokke ter wille van finansiële oorlewing.

Jeanine: Jeanine weet nie veel van haar ma se aktiwiteite as jong meisie nie.

Anna: Sy weet nie veel van haar ma se adolessente jare nie. Haar pa het vertel dat haar ma op skool "...nie die sportiewe soort was nie. Sy het geleer, dis waarin sy goed was (Lötter 2004:25).

Een van die sterkste voorspellers van die seksuele gedrag van 'n adolessent is die seksuele aktiwiteite van haar vriendekring. Verder dra veranderende waardes, houdings, die media en die seksuele inhoud van adolessente se musiek daartoe by dat tieners die wêreld as seksueel aktief en selfs as seksueel behep ervaar (Louw & Louw 2007:291). Met die bekendstelling van effektiewe voorbehoedmiddels en mediese vooruitgang in die behandeling van seksueel-oordraagbare siektes het die moontlikheid van lae risiko seksuele verkenning moontlik geword.

Redes wat tienerdogters aanvoer vir hulle betrokkenheid by seksuele aktiwiteite, is: druk aan die kant van hulle seunsvriende en vanuit die portuurgroep, liefdesbetoning en meevoering deur passie (Louw & Louw 2007:291). Verder bring 'n beperkte sin van seksuele insig mee dat tieners se vermoëns om na hulle eie seksuele gesondheid om te sien ontoereikend is (Louw & Louw 2007:291).

Adolessente raadpleeg eerder ander bronne soos hulle portuurgroep en die media as hulle ouers (Louw & Louw 2007:290). Hoewel daar tans groter openheid rakende seksualiteit bestaan, vind adolessente dogters dit steeds moeilik om besluite rakende seksuele gedrag te neem, hoofsaaklik weens teenstrydige boodskappe wat uit verskillende bronne ontvang word. Volgens (Louw & Louw 2007:292) dra faktore soos godsdienstige oortuigings, 'n vrees om MIV en/of VIGS en ander seksueel-oordraagbare siektes op te doen by tot weerhouding van aktiewe seksuele verhoudings.

Karla: Sy is traak-my-nie-agtig ten opsigte van die moontlike gevolge van die seksuele aktiwiteite waarby sy betrokke is. *Ek dink nie eintlik daaraan nie.*

Stygende aggressiwiteit by adolessente dogters is egter 'n tendens wat al meer voorkom (Olson 2006:88). Tot onlangs was tienerdogters die respondent in die afspraak-ritueel. Hoofsaaklik vanweë die invloed van die media, het adolessente dogters egter geleer dat hulle enigiets wat hulle wil hê in elke lewensdomein kan najaag. Dit sluit die uitleef van hulle seksualiteit in (Olson 2006:89).

Volgens Erikson (1983:242) is die vroulike geslag dieper betrokke by die seksuele daad as mans. Die konsep van "Vriende met voordele" word egter al meer in die adolessente

sfeer aangetref. Dit behels afsprake wat seks insluit sonder dat die betrokkenes in 'n verhouding betrokke is en soms selfs nie eers van mekaar hou nie (Olson 2006:91). Die betrokkenes glo dat verhoudings die lewe kompliseer omdat dit verantwoordelikhede meebring.

Karla: *Ek en my vriende doen dinge op die ingewing van die oomblik soos- en wanneer ons wil, en “worry” oor niks en niemand nie. Die erkende manier om gebeure in hulle lewe as minder ernstig af te maak, is: “What ever!”*

Hierdie afspraakpatrone het belangrike implikasies vir tienermeisies en die formulering van hulle geslagrol. Dit kan langtermyngevolge vir toekomstige verhoudings inhou (Olson 2006:91).

3.3.4.6 Geslagrol identiteit

Sosiale leerteorieë verduidelik die identifisering met 'n geslagsrol deur middel van nabootsing en observering (Heaven 2001:46). Vanuit die psigodinamiese veld asook die sosiale kognitiewe leerteorie word aangedui dat die verhouding met haar ma vir 'n tienerdogter uiters belangrik is (Zilbach 1993:57). Die verskille en ooreenkomste wat 'n adolessente meisie met haar ma toon, dui op 'n voortdurende identifisering met haar.

Zoe: *Ons is finansiële afhanklik van my stiefpa, daarom verduur my ma sy vernederende opmerkings en mishandleing. In ons familie werk dit maar so.*

Jeanine: *Weens die weiering om haar te glo, het Jeanine nie 'n goeie verhouding met haar ma nie. Ek stel nie daarin belang om die verhouding met my ma te probeer verbeter nie. In die verlede het ek net altyd 'n koue skouer gekry.*

Tradisionele geslagsgepaste gedrag word versterk deurdat seuns nie toegelaat word om met poppe te speel nie, en dogters nie met karretjies of gewere nie (Rosenbaum 1993:67). Dogters word egter makliker toegelaat om manlike gedragstipes te openbaar (Conger 1972:226). Volgens die kognitiewe ontwikkelingsteorie is die adolessente

individue se verstaan van wat manlikheid en vroulikheid behels belangriker as die werklike gedrag (Heaven 2001:46). Adolessente konfronteer nie slegs die psigologiese self met die “Wie is ek?” vraag nie, maar ook hulle seksuele self. Tydens adolessensie is tieners meer bereid om óf manlike, óf vroulike eienskappe in ooreenstemming met hulle eie ontwikkelende persoonlike identiteit aan te neem (Heaven 2001:47). Stereotipe geslagsgebonde kenmerke is egter nie van deurslaggewende belang vir persoonlike identiteit nie (Heaven 2001: 47). Verskille in etlike gedragsdimensies, veral ten opsigte van kognitiewe vaardighede van dogters en seuns, is dikwels ’n debatteerbare onderwerp (Dubas & Peterson 1993:27).

3.3.4.7 Kognitiewe ontwikkeling

Weens toename in die vermoë tot abstrakte denke, word adolessente in staat gestel om mekaar se gedagtes en gevoelens te konseptualiseer. Vriendskappe vereis daarom ’n redelike mate van selfopenbaring wat moontlik gemaak word deur ’n selfverstaan wat ontwikkel vanuit ’n introspektiewe kwaliteit (Cole & Putnam 1992:178). Die kognitiewe element van die mens dui hier op die individue se standpunte, perspektiewe, opvattinge en lewensbeskouinge (Louw 1999a:296). Verder behels dit ook haar gevoel, ervaring, toekomsvisie en kreatiwiteit (Louw 2005:21). Kognitiewe ontwikkeling beïnvloed dus nie net adolessente se skoolprestasies nie, maar alle aspekte van hulle lewens (Louw & Louw 2007:298). Traumatisering affekteer die verstandelike organisering, geheue, identiteitsvorming, emosionele en spirituele ontwikkeling van die kind (Bacon 2001:47). Al drie my gespreksgenote sukkel om te konsentrasie, hulle korttermyngeheue is aangetas en hulle tree impulsief op.

Volgens Piaget (Heaven 2001:19) vind kognitiewe ontwikkeling in vier fases plaas, met die laaste stap die formeel-operasionele fase van kognitiewe ontwikkeling wat begin by kinders tussen die ouderdom van 11 en 12 jaar. Hierdie denkproses stel adolessente in staat om minder in die hede te dink en meer logies en sistematies in die analisering van idees te wees (Seifert & Hoffnung 2000:462). Arnett (Louw & Louw 2007:301) het egter gevind dat Piaget oor-optimisties was ten opsigte van sy voorspellings van adolessente se denkvaardighede. Verdere kritiek teen Piaget se teorie is dat formele operasies so moeilik is dat mense dikwels nie gebruik maak van hierdie denksisteem nie (Heaven 2001:21). Ander is ook van mening dat formeel-operasionele redenering nie wyd

genoeg is om die vele dimensies betrokke by die rywording van kognitiewe funksionering tydens adolessensie te onderskryf nie (Louw & Louw 2007:302).

Calverley et al (1994:197) het gevind dat die mens se bewussyn, in teenstelling met Piaget se teorie, uit een koherente geheel bestaan wat verdeel is in vele onafhanklike dele. Wanneer die kind in 'n gesonde omgewing ontwikkel, ontstaan daar 'n koördinasie tussen sommige domeine (Calverley et al 1994:197). Hierdie koördinasie is volgens (Calverley et al 1994:197) een van die belangrikste ontwikkelingsprosesse. 'n Kind wat in 'n gesonde omgewing opgroei, ontwikkel 'n positiewe selfagting, erken dat hy/sy ook negatiewe eienskappe besit, maar neig na die positiewe wanneer die self geëvalueer word. Kognisie kan wel opgebreek word in die volgende elemente: abstrakte en analitiese denke, morele ontwikkeling en sosiale kognisie.

i) *Abstrakte en analitiese denke*

Adolessente dogters is nie net nuuskierig nie, hulle is ook baie kreatief (Olson 2006:144). Die groeiproses kan gesien word in die skuif van konkrete na abstrakte denke by adolessente waar sin gemaak word van simbole en idees. Adolessente wat meer abstrak kan dink, is meer ingestel op die fyner nuanses van kommunikasie en denke (Olson 2006:147). Dit lei tot die vermoë om te onderskei tussen die na-binnerigte, sowel as die na buite gerigte kwaliteite wat bydra tot die ontluikende self (Dean 2001:31). Hierdie nuwe vermoë is noodsaaklik vir die ontwikkeling van beide die morele en spirituele lewe, deurdat sy in staat gestel word om nader aan 'n perspektief van God te beweeg (Dean 2001:31).

Zoe: *Tannie moet vir my sê wat ek moet doen, ek weet nie. Aan die een kant weet ek ek moenie na die partytjie toe gaan nie, want daar gaan drank wees. Aan die ander kant gaan daar so 'n oulike ou wees. Hy is al twintig, maar dit maak nie regtig vir my saak nie.*

Jeanine: *Ek het in die bus bly sit, want ek was nie lus om saam met die ander skoolkinders oral rond te loop in die dieretuin nie. Die meisies is so kinderagtig. Ek wil nie met hulle geassosieer word nie.*

Kognitiewe selfregulering het te doen met beplanning en besluitneming in die daaglikse lewe. Dit stel ook die mens in staat om vordering te monitor en aksies wat onsuksesvol was, aan te pas (Louw & Louw 2007:307). Adollesente word dikwels oorweldig deur die magdom moontlik-hede waaruit hulle kan kies. Hulle pogings om tussen alternatiewe te kies misluk daarom dikwels, wat lei tot impulsiewe besluitneming en gewoontegerigte handeling. Tieners word meer deur psigososiale faktore, soos emosies en die begeerte om deur ander aanvaar te word, beïnvloed in hulle besluitneming (Louw & Louw 2007:307).

ii) **Morele ontwikkeling**

Moraliteit behels 'n sensitiwiteit en kennis van wat reg en verkeerd is (Seifert & Hoffnung 2000:467). Waardes speel 'n belangrike rol in die vestiging van identiteit en volwassenheid, en is 'n bepalende faktor in die lewe van elke mens (Louw 1999a:257). Lewenswaardes word deur Erikson gestel as hoop; wil; doelgerigtheid; betroubaarheid; liefde; sorgsaamheid en wysheid (Louw 1999a: 257). Binne 'n pastorale konteks is dit dus belangrik om die rol wat waardes in die ontwikkeling van my gespreksgenote speel na te speur (Louw 1999a:256).

Karla: *Ek is 'n lojale vriendin en probeer my bes dat my vriende altyd op my kan staatmaak. My woord is vir my belangrik.*

Anna: *Aangesien my ma my nie meer saans wou laat uitgaan nie, het ek een Vrydagaand deur die venster geklim sodat ek saam met Helena na die paartie toe kon gaan.*

Muslin en Luwes (1993:85) is van mening dat verbintenis, mutualiteit, en sorg sentraal staan in die adollesente dogter se sin vir moraliteit. Dogters sien nie geregtigheid as abstrakte beginsels wat op spesifieke situasies van toepassing is nie. Hulle ontwikkel eerder 'n etiek van sorg, waar beginsels integreer met die konteks waarbinne oordele gevel moet word (Seifert & Hoffnung 2000:473). Hulle besorgdheid ten opsigte van konteks en andere se behoeftes maak konvensionele morele geregtigheid belangrik waar die mening van die portuurgroep van belang is (Seifert & Hoffnung 2000:473).

Nadat Kohlberg by Piaget oorgeneem het, het sy teorie van morele ontwikkeling navorsing in verskeie lande, insluitende Suid-Afrika gestimuleer (Louw & Louw 2007:343). Kohlberg het egter sy teorie gebaseer op inligting wat hy verkry het uit studies wat net manlike deelnemers ingesluit het. In teenstelling met Kohlberg was ander navorsers van mening dat kognitiewe redenering, persoonlike eienskappe en omstandighedsfaktore ook morele besluitneming beïnvloed (Louw & Louw 2007:345). Die rol wat emosies, onderrig, die ouerhuis, skool en kulturele ervarings in morele ontwikkeling speel, kan nie buite rekening gelaat word nie (Louw & Louw 2007:345). Die morele onvolwassenheid van my gespreksgenote is nie net gesetel in die feit dat hulle nog besig is om te ontwikkel nie, maar weens die trauma van hulle geleefde ervaring van misbruik.


iii) Sosiale kognisie

Sosiale kognisie verwys na die wyse waarop oor ander mense, sosiale verhoudings en sosiale instellings gedink word (Louw & Louw 2007: 304). Perspektiefneming is een aspek van sosiale kognisie en dui op die vermoë om die gedagtes en gevoelens van ander in ag te neem (Louw & Louw 2007:304). Wedersydse perspektiefneming beteken dat interaksie met ander wedersyds plaasvind waar die besef dat die ander se standpunt van 'n eie siening kan verskil, intree. Vir my gespreksgenote is dit moeilik, omdat hulle behoeftes en standpunte ten opsigte van misbruik nie in ag geneem is tydens die gebeure nie.

Perspektiefneming van sosiale en konvensionele stelsels beteken dat tieners begin besef dat hulle sosiale perspektiewe, asook dié van ander, ook deur hulle rolle in die groter samelewing beïnvloed word (Louw & Louw 2007:304). Adollesente se beskrywing van ander geskied in terme van meer abstrakte persoonlikheidstrekke en op 'n meer georganiseerde wyse as by jong kinders.

Vervolgens word die verskillende adollesente ontwikkelingsfases saamgevat in 'n mikrokaart waarin die belangrikste aspekte van hierdie ontwikkelingsfase in een oggopslag waargeneem kan word.

3.3.4.8 Opsommend



In die sentrum (1) van die kaart hierbo, word die areas van ontwikkeling tydens adolessensie aangetoon. In die raam (2) om die sentrum (1) word aangedui hoe adolessente dogters moontlik kan reageer op tipiese ontwikkelingsprobleme sowel as krisisse in hulle lewens. Area (3) dui die normale aktiwiteite en verhoudings in adolessente se lewens aan. Moontlike reaksies van 'n tienermeisie op normale ontwikkelingsprobleme of wanneer sy verkeerde aannames omtrent haarself of haar lewe maak, lei tot selfaftakelende gedrag, soos in (4) aangedui. Al hierdie dimensies van haar bestaan word geïntegreer in identiteit. Identiteit dui hier op dit waarna die mens strew en op fokus, en stem ooreen met: "... houding, gesindheid, gedrag, dae en bedoelinge" wat stabiliteit aan die self bied (Louw 2005:22,23).

Die beskrywende taak van praktiese teologie bring mee dat dit wat uitgeleef of beliggaam word in die sosiale beproewinge van die lewe omskryf moet word. Daarom word die fenomeen van seksuele misbruik vervolgens aan die orde gestel.

3.4 GRADELESING 2: SEKSUELE MISBRUIK

“Sexual abuse is as much a normative as a clinical issue. It has important sociological and anthropological aspects” (Furniss 1991:xvi). Die doel van die volgende ontdekkingsstog is om tot ’n verstaan te kom van die betekenis van die fenomeen sowel as die komplekse prosesse wat daarby betrokke is.

3.4.1 AARD EN OMVANG VAN SEKSUELE MISBRUIK

The bastard didn't care if I lived or if I died
All he cared about was being satisfied
I feel dirty, I feel low, I feel used
I'll always know that I'm a victim of sexual abuse!

Anderson (2011:elektroniese bron)

Implisiet tot hierdie gedig lê die vraag oor waar begin moet word om die hoë vlak en brutale aard van misbruik te verstaan en daarop te reageer. Misbruik is nie nuut nie, al is dit eers in die afgelope 20 jaar meer intensief onder die loep geneem (Howe 2005: 199). Die wydverspreide voorkoms van misbruik het eers aandag begin geniet toe vroue in die “Women’s Movement” in Australië hulle stemme begin verhef het teen die misbruik wat hulle as kind moes verduur (McGregor 2008:13). Daar bestaan egter historiese weergawes van misbruik so ver terug as die antieke Griekse en Romeinse eras, die Renaissance en die Victoriaanse tydperk (Richter et al 2004:23).

Molestering is ’n hoogs komplekse saak wat moeilik is om te definieer of te meet. Wat wel duidelik is, is dat misbruik dui op ’n wetlike sowel as ’n terapeutiese probleem (Furniss 1991:xvi). Richter et al (2004:2) is van mening dat daar steeds vele gapings in die kennis omtrent hierdie probleem bestaan. Die rede is dat molestering die gevolg is van komplekse interaksies tussen individuele-, sosiale- en omgewingsinvloede (Furniss 1991:xvi; Doyle 2006:7). Daar kan nie bewys word of misbruik toegeneem het en of die

stygende statistiek te wyte is aan hoër aanmeldingsysfers weens groter bewuswordingsvlakke nie (Marshall & Herman 2000:9). Misbruik varieer volgens die tipes daade, die ervaring van die slagoffer, die duur van die gebeure, die ouderdom van die dogter tydens die gebeure, die omstandighede wat die gebeure omhul en die impak van misbruik op die slagoffer (Richter et al 2004:21).

Zoe: *Ek was 8 jaar oud toe my oupa my begin molesteer het. Ek was 10 jaar oud toe ek my ouma vertel het nadat ek nie kon ophou huil nie.*

Karla: *Ek kan nie die presiese ouderdom onthou toe die molestering begin het nie, maar ek was 10 jaar oud toe ek in die jeugsorgsentrum geplaas is.*

Jeanine: *My oom het my net die een keer gemolesteer.*

Anna: Haar stiefpa het haar begin molesteer voordat hy met haar ma getroud is, en dit het aangehou totdat sy in die hoërskool by haar vriendin se ouers gaan bly het.

Die effek van molestering op die slagoffer is van diepgaande aard omdat dit sonder uitsondering teen die wil van die slagoffer geskied (Ganzevoort & Veerman 1999:9). Die veiligheid en sekuriteit van die slagoffer word dus versteur. Seksuele daade met kinders word feitlik universeel verwerp as 'n skending van wat as normale seksuele gedrag beskou word (La Fontaine 1990:21). Misbruik affekteer die lewe van die slagoffer of sy die detail kan onthou, of nie, en kan by geboorte begin en voortduur tot die dood van die slagoffer (Lew 1988:276).

Die spektrum van misbruik dek 'n wye reeks seksuele daade teenoor kinders, wat strek van marteling; slaë; verbale en psigologiese mishandeling; ekshibisionisme; pornografie; bloed-skande; internetvoorbereiding of "grooming" tot seksuele penetrasie (Lew 1988:13; Marshall & Herman 1988:90; McGregor 2008:17). "Grooming" dui op die proses waarvolgens die potensiële slagoffer onwetend gemanipuleer en voorberei word vir misbruikende gedrag en daade. "Grooming" is 'n term wat algemeen verstaan word as die voorbereiding tot misbruik, daarom word ook in hierdie studie volstaan met die gebruik hiervan.

Verdere waarnemings wat in studies aangaande misbruik gemaak is, is dat dogters 'n groter kans staan om gemolesteer te word as seuns. Dit blyk ook dat die aanvang van misbruik by seuns later as by dogters voorkom (Howe 2005:199). Die daad word meesal deur manlike persone gepleeg, insluitende vaders; stiefpa's; moeders se saamleefgenote; broers; oupas en ooms (Howe 2005:199). Vroue, vriende van die familie, insluitende bure en babaoppassers kan ook by hierdie groep gevoeg word (Howe 2005:199). Volgens Howe (2005:199) word die aantal vroulike oortreders egter onderskat omdat dokumentering eerder in kliniese notulering as in ondersoekende opnames plaasvind. Verder is die gemeenskap so gekondisioneer deur die persepsie van die vrou as versorger dat professionele persone dikwels nie die erns van die saak begryp wanneer 'n kind wel klagtes het ten opsigte van vroulike molesteerders nie (McGregor 2008:20).

Die terrein van misbruik kan volgens Guma en Henda (2004:99) se omskrywing gekarteer word as:

Any sexual contact between an adult (socially and physically defined) and a sexually immature child for the purposes of the adult's sexual gratification; or deceit to secure the child's participation; or sexual contact to which the child is incapable of consenting by virtue of age or power differentials and the nature of the relationship with the adult.

Elkeen wat betrokke is by slagoffers van misbruik moet daarom op die hoogte van die verskillende aspekte aangaande molestering wees. Misbruik word, soos reeds aangedui, op 'n baie subtiele wyse aangevoer, en geskied in verskillende fases, wat inspeel op die impak wat die gebeure het op die selfverstaan van die slagoffer.

3.4.2 FASES VAN MISBRUIK

Die uniekheid van misbruik is daarin geleë dat die slagoffer dit as traumaties beleef weens die subtiele proses wat dikwels daarmee gepaard gaan (Spies 2006:45). Volgens Coetzer (2009:35-51) en Spies (2006:45-51) volg seksuele misbruik dikwels 'n tipiese fase-orde:

3.4.2.1 Kondisionering

Hierdie fase dui die aanvang van die molesteringsproses aan en kan beskou word as 'n bewustelike en opsetlike strategie om die kind te betrek. Die oortreder trek aanvanklik hierdie kind voor, raak op 'n nie-bedreigende manier aan haar wat dan gevolg word met die betreding van haar grense. Die kondisioneringsproses kan maande of selfs jare duur voordat enige fisiese kontak 'n aanvang neem.

Zoe: *Ek was baie lief vir lekkerruikseep en sjokolade en my oupa het altyd vir my gekoop. Hy het gesê dit is omdat ek so soet is en ek mag nie vir my niggies wys nie, want hulle is stout.*

Karla: *Die ooms wat by my ma gekuier het, of wat van tyd tot tyd saam met haar gebly het, was altyd spesiaal vriendelik met my en het altyd speelgoed aangedra.*

Jeanine: *My oom het my altyd voorgetrek, daarom was ek baie lief vir hom.*

Anna: *Die pop wás mooi, maar as jy goed gekyk het, sou jy die spot in haar oë gelees het (Lötter 2004:19).*

Die oortreder buit dikwels disfunksionele gesinsverhoudings uit deur die kwesbaarste kind as slagoffer te identifiseer en hierdie kind dan met lekkers, geskenke, vakansies, spesiale voorregte en belonings te oorlaau. Die slagoffer word dus stelselmatig voorberei om toe te gee aan die eise van die oortreder.

3.4.2.2 Fisiese kontak wat oënskynlik gepas voorkom

Sekere speletjies kan met die kind gespeel word waartydens sy gewoonde gemaak word aan die fisiese kontak wat net effens verder as die aanvaarbare grense gaan. Fisiese kontak kan dade soos hande vashou, rugmasseer, streef van die kop of drukkies insluit.

Zoe: *Wanneer ek in die middag vir my oupa koffie kamer toe gevat het, moes ek by hom op die bed sit, sodat hy oor my rug kon vryf. Dit was lekker, want dit het my lekker warm, veilig en spesiaal laat voel.*

Anna: *Hy het my gekielie totdat dit gevoel het of die lag al die asem uit my longe druk (Lötter 2004:16)..*

Die hoofdoel is fisiese en psigiese binding. Aanraking verhoog die plesier van interpersoonlike binding wat weer betekenis gee aan fisiese kontak. Intieme betrokkenheid en fisiese kontak word vervolgens gekoppel aan liefde. Haar gevoel van ongemak word oorskadu deur die plesier van die koestering wat sy ervaar. Die slagoffer worstel altyd agterna met die selfverwyt dat sy haarself toegelaat het om die oortreder te vertrou. Al het die oortreder nie aan die kind geraak nie, het sy verleidelike gesindheid alreeds 'n reaksie by haar uitgelok.

3.4.2.3 Konkrete seksuele misbruik.

Gedurende hierdie fase sal die oortreder die kind betrek by ontoepaslike seksuele kontak deur die verhouding wat in die voorbereidingsfase opgebou is, te manipuleer. Die molestering kan wissel van betasting tot penetrasie. Gewoonlik raak die misbruik al meer kompleks hoe langer dit voortduur. As die kind dit nie die eerste keer aangemeld het nie, sal die oortreder veiliger plekke vind vir die volgende ontmoetings. Soms gebeur dit dat sy die toenadering weier. Die oortreder verkies dan om nie geweld te gebruik nie, maar eerder te reageer met 'n onskuldige nie-eisende liefde jeens die slagoffer. Dit kan gesien word as 'n manier van omkoop of beloning ter voorbereiding vir die volgende ontmoeting.

3.4.2.4 Handhawing van misbruik en geheimhouding deur dreigemente en voorregte.

Die oortreder se doel tydens hierdie fase is om die seksueel-misbruikende verhouding voort te sit. Hy sal sy mag gebruik om die kind te domineer, om te koop, te dreig of af te pers. Fisiese dreigemente kan verband hou met liggaamlike leed, gemik op die slagoffer self of iemand na aan haar. Psigologiese dreigemente is ewe kragtig.

Zoe: *My oupa het gesê hy sal tronk toe gaan as ek vir my ouma sê en dan sal daar niemand wees om vir ons te sorg nie.*

Karla: *Die ooms het gesê niemand sal my glo nie, want my ma kan nie sonder hulle geld oorleef nie.*

Jeanine: *My oom het gesê hy sal die gebeure ontken en almal sal vir my lag.*

Anna: *Ek wil jou nie pak gee nie, meisie. Jy moenie weer stout wees nie. Moenie terugpraat nie. Nie met my nie, nie met jou ma nie. Doen wat ek vir jou sê, en alles sal goed gaan (Lötter 2004:37). Dit was 'n dreigement waarmee hy vroeg reeds gekom het: as ek durf waag om my ma te vertel, sou hy ons uit die huis jaag (Lötter 2004:67).*

Die vrees wat by die slagoffer geskep word, is genoeg om stilswye te koop. Geheimhouding is die dinamiek in die verhouding wat die slagoffer in 'n staat van vrees en stilswye hou en dra by tot die pyn en onaangenaamheid van die ervaring. Dit is ook 'n sterk bydraende faktor tot latere afwykende gedrag by 'n slagoffer.

3.4.2.5 Openbaarmaking

Slagoffers beleef 'n geweldige ambivalensie wanneer hulle die eerste keer hulle verhaal verbaliseer omdat die woorde hulle herinner aan die storie wat hulle eintlik probeer vergeet (Coetzer 2009:24). Dit is dus belangrik dat sy leer om haar eie stem te kan hoor, te kan sê wat vir haar aanvaarbaar is en wat sy vrees.

Zoe: *Ek het net op 'n dag gevoel die geheim raak vir my te groot, en ek het vir my ouma gaan sê. Sy het my geglo en het dadelik die hulp van die maatskaplike werker ingeroep.*

Karla: *Die tannie by die kleuterskool het gesien dat ek sekere seksuele gedrag toon wat nie by my ouderdom gepas het nie. Sy het die maatskaplike werker gekontak. Ek het vir haar vertel wat met my gebeur omdat ek gevoel het sy gee regtig vir my om.*

Jeanine: *Ek het dadelik vir my ma gesê wat my oom gedoen het, maar sy wou my nie glo nie. Ek kan dit nog steeds nie hardop vertel nie. Die enigste manier is om die gebeure in my dagboek te skryf en vir tannie te gee om te lees.*

Anna: *Ma! Hy verkrag my! Omtrent elke nag. Anna, moenie snert praat nie! Ek wil nooit weer hoor dat jy so iets sê nie. Waar dink jy sou ons gewees het sonder hom? Anna is hierna deur haar ma en stiefpa aangerand en vir drie dae in haar kamer toegesluit.*

Volgens Doyle (1998:109) word armoede, sosiale isolasie, disfunksionele gesinne en swak ouer-kind-verhoudings met misbruik geassosieer. Die oortreder en die slagoffer vorm dus beide deel van 'n spesifieke omgewing waar die realiteit sosiaal gekonstrueer word. Realiteit verwys hier na 'n "... quality appertaining to phenomena that we recognize as having a being independent of our own volition (we cannot 'wish them away')" (Berger & Luckman 1966:13).

3.4.3 MISBRUIK AS SOSIAAL-GEKONSTRUEERD

Praktiese teologiese navorsing is deur en deur kontekstuele ondersoek, aangesien praktiese teoloë 'n verskeidenheid van historiese, sosiale, ekonomiese en politieke faktore wat menslike dade en rolle in berekening moet bring (Brown 2012:113). Kontekstuele ruimte as *chōra* "... appears to go beyond understanding and points to the capacity to receive and to act upon the teaching" (Louw 2008:104). *Chōra* dui in hierdie konteks op twee faktore wat die kwaliteit van verhoudings bepaal, naamlik die identiteit van die persoon/e betrokke, en die doel en betekenis van die ontmoeting binne sekere sosiale konstruksie. Trauma is 'n sosiaal-gekonstrueerde konsep aangesien elke individu tot verskeie sosiale subkontekste behoort waarbinne slagoffers oor verskillende grade van mag beskik. Dit sluit aan by die metafoer van kartografie as 'n politieke kunsvorm wat dui op die staat van 'n fenomeen soos wat dit figureer binne die ruimte van 'n sosiale konteks.


Die klem in die epistemologiese terrein van sosiale konstruksionisme val op gedeelde konstruksie waar daar in 'n sekere sin nie individuele stories is nie (Müller 2000:58). Elke slagoffer se narratiewe is begrens, maar word ook verduidelik binne die groter storie waarin haar verhale funksioneer (Müller 2000:58). Hierdie groter narratief word volgens Townsend en Dawes (2004:62) gevorm deur 'n kombinasie van individuele, familiale en sosio-ekonomiese faktore betrokke by die voorkoms van misbruik. Verder is die pastoraat, as hermeneutiese gebeurtenis, verplig om veral aandag te gee aan die verstaan van die mens veral binne die samelewing en sosiale vraagstukke (Louw 1999a:4). Volgens Louw (2008:270) kan geen antropologie, selfs nie eers 'n teologiese antropologie, ontwerp word sonder om die kulturele en sosiale konteks sowel as die invloed daarvan in berekening te bring nie.

Volgens Moen (2006:1) vind die menslike leerproses en ontwikkeling binne sekere sosiaal en kultureel geïnfomeerde kontekste plaas. Dit is die rede waarom die pastoraat hoofsaaklik besig is met eksistensiële, relasionele en kontekstuele probleme (Louw 2008:1). Hoe mense word wie hulle is, is afhanklik van wat hulle in verskillende sosiale kontekste ervaar het. Volgens Vetere en Dowling (2005:9): “Any narrative, therefore that may be attributed to someone is not that person’s internal property but rather a social, multiple voiced and dynamic product”. Die gesin en sosiale konteks van ’n slagoffer word daarom in berekening gebring in die prosesse van die pastoraat en moet met sensititeit gehanteer word.

Townsend en Dawes (2004) het navorsing gedoen oor die verskillende kontekste waarbinne misbruik voorkom. Ten einde tot ’n beter verstaan van die fenomeen van misbruik te kom, word die veelheid van narratiewe betrokke by misbruik aangedui volgens ’n saamgestelde kaart vanuit die werk van Townsend en Dawes (2004:62) asook Ganzevoort en Veerman (1999:106). Dit het belangrike implikasies vir die pastoraat omdat die uitgebreide familieverband en gemeenskap as ’n belangrike bron van herstel en genesing beskou word. Verder beskik elke situasie oor ’n eie kultuur en ’n geskiedenis en vind dit plaas binne ’n sekere konteks wat ook dikwels ’n eie tradisie en verwagtings het. Vele van die aspekte van die situasie word as niks meer as ’n agtergrond geraas ervaar nie, totdat probleme weens ’n krisis die gekompliseerde aard van die situasie na vore roep. Hier dui ’n narratiewe betrokkenheid volgens Peacock (1995:155) op:

Narrative therapists are especially concerned with the wider social construction of attitudes and attributes, linking the individual not just to the family but to powerful cultural discourses which constantly define how people should behave and think.

Hierdie verskillende kontekste vorm saam ’n sosiaal-gekonstrueerde ekologie waarbinne elke arena van die menslike aktiwiteit mekaar wedersyds beïnvloed. Die volgende kaart dui op *chōra* as die ruimte waarbinne die dinamika van die verskillende interaksieprosesse binne seke verhoudingsnetwerke gekarteer word.



Rigtingwyser 1 het lig gewerp op kartografie as die kartering van sekere fenomene binne die ruimte van 'n sosiale konteks waarbinne die hermeneutiese dinamika van wisselwerkende diskoerse gedokumenteer word. Dit beteken dat daar nie 'n algemeengeldende kleim tot outoritêre kennis afgesteek word nie. Volgens die kubernetiese perspektief word die dele sowel as die geheel in terme van hulle patrone van organisasie verstaan en bestudeer. Die kaart dien in die verstaansproses as ontdekkende gids om sekere inligting wat onderbeklemtoon was uit te lig, om bestaande kennis te herorganiseer en om as rigtingwyser op die weg na nuwe kennis te dien. Die verhale van die drie konsentriese sirkels verskil, maar word gedra deur dieselfde tema, naamlik misbruik. Die stories suggereer dat individuele karaktereenskappe gesetel is binne die mikro-kontekste van interpersoonlike verhoudings, wat weer geleë is binne die kontekste van makro-sosiokulturele en ekonomiese invloede. Die keuse van my drie gespreksgenote is gemotiveer deurdat elkeen se verhaal afspeel binne 'n ander sosiale konteks. Sodoende bied elkeen se verhaal die geleentheid om die verskillende dimensies van haar taal, simbole en metafore vir interpretasie weer te gee.

Die afleiding kan gemaak word dat daar nie slegs primêre slagoffers is nie, maar ook sekondêre slagoffers (die omgewing). Mense uit die direkte omgewing van die slagoffer kan eweneens onder die situasie ly.

Anna: *Nie ek of jy het 'n pa wat die naam pa werd is nie. ...oom Danie se ma is vroeg dood. Sy pa het sy ma in 'n woedebui met 'n mes doodgesteek. Hy en sy broer ... moes by sy oupa gaan bly. Hy het hulle gereeld vir die geringste oortreding gestraf. Sy broer het hom herhaaldelik verkrag (Lötter 2004:133).*

Na die ontbloting van bloedskanie kan die atmosfeer in die huis diep spore op sekondêre slagoffers laat. In die geval van ekstra-familiale misbruik deel die gesin in die skande en soms verdagmaking van medepligtigheid by die openbaarmaking van die misbruik. Misbruik het ook 'n uitkringende effek in die gemeenskap. Die personeel by die skool van die slagoffer, die groepe waarvan sy deel vorm, die gemeente of gemeenskap waaraan sy behoort, kan deel word van hierdie effek.

Individuele karaktereienskappe van die oortreder kan dui op swak impulskontrole, lae selfbeeld, gebrek aan empatie vir slagoffers en seksuele disfunksie. Vanuit die perspektief van die slagoffer dui dit op die impak wat misbruik op die totaliteit van haar menswees het. Voorbeelde van wanfunksionele interpersoonlike verhoudings in die mikro-sosiale konteks sluit gesins-geweld, swak bandvormingspatrone en slagoffer-oortreder-verhoudings in. Faktore in die konteks van makro sosio-kulturele en ekonomiese invloede kan strek van die effek van armoede tot kulturele aanvaarding van geweld, asook 'n patriargale kultuur. Die regstelsel vorm deel van hierdie twee terreine en behoort die slagoffer teen enige vorm van geweld te beskerm.

Die sirkels om die slagoffer en oortreder oorvleuel mekaar omdat seksuele misbruik dikwels binne vertrouensverhoudings afspeel. Afhangend van die onderskeie situasies kan die sirkels van mikro-interpersoonlike verhoudings groter of kleiner wees weens bepaalde belange, behoeftes en perspektiewe. In elke sirkel is daar ook sprake van leed en traumatisering. Seksuele misbruik van kinders kan dus nie na aanleiding van 'n enkele faktor verduidelik word nie. Dit is die gevolg van komplekse interaksies tussen

individuele-, sosiale- en omgewings- invloede. Doyle (1998:5) wys tereg op die sosiale konstruksie van misbruik:

Child abuse is a socially defined construct. It is the product of a particular culture and context and not an absolute unchanging phenomenon. Anthropological studies show clearly that what is viewed as abusive in one society today is not necessarily seen as such in other.

3.4.3.1 Die konteks van makro sosio-kulturele en ekonomiese invloede

i) Sosio-kulturele invloede

Volgens RAPCAN (Resources Aimed at the Prevention of Child Abuse and Neglect) kom verkragting en misbruik in alle klas- en ras kategorieë voor, ongeag rykdom, geloof, vlak van armoede of enige ander breër sosiale kategorie (Townsend & Dawes 2004: 69). In die pastoraat is dit dus belangrik dat rekening gehou word met kulturele eiesoortighede met die oog op die verstaan van persoonlike en emosionele probleme. Die konsep van wat as normaal beskou kan word, is wyd omdat die mens binne 'n pluralistiese samelewing met 'n diversiteit van gesinstyle, waardes en moraliteit bestaan. Die afleiding kan gemaak word dat die mens 'n rol te speel het in 'n "major corporate responsibility" (Shotter 1993:23).

Die mens is nooit alleen in 'n ruimte nie en die bewustheid van waar die mens hom-/haarself bevind sluit die bewustheid van verhoudings en die mag wat in die betrokke plek heers in. Volgens Louw (2008:105) maak die kwessie van persoonlikheid en persoonlikheidseienskappe nie soseer deel uit van lewensprobleme nie, as die menslike respons op die magspel binne die ruimte van verhoudings. Om as vrou op te groei beteken dat haar sin van die self dít reflekteer wat sy in haar omgewing geleer het. Groei ontstaan volgens die feministiese benadering in die opvoeding van 'n dogter om versorger te wees, en seuns om versorg te word (Bons-Storm 1998:10).

Dit bring mee dat vroue dikwels nie erkenning gee aan hulle behoeftes nie en kan daarom selde hulle behoeftes identifiseer of uitspreek. Vroue betaal daarom 'n hoë psigologiese prys vir hulle vermoë om te kan versorg (Eichenbaum & Orbach 1996:

187). Hulle behoefte om deur hulle genote gekoester te word, word deur die sosiale kultuur ontken. Moeders dra onbewustelik hierdie selfverstaan asook die verstaan van hulle sosiale rolle aan hulle dogters oor. Die feministiese benadering is gesetel in die postmoderne paradigma wat mag in enige vorm teenstaan. Aangesien die impak van misbruik tot in die kerk strek en slagoffers se behoeftes as minder belangrik gehanteer word kan 'n verband getrek word tussen die feministiese benadering, misbruik en die praktiese teologie.

Die aanleer van sosiale rolle en geslagsidentiteit vind primêr in die gesin plaas. Volgens Goldberg (1981:13) kry die ervaring van vroue eers betekenis wanneer dit in verhouding staan met die belangriker aktiwiteite van 'n man, wat beteken sy "experience a nothingness". Dit sluit aan by die argument onderliggend tot die terrein van feminisme, naamlik: dat ongelyke geslags- en magsverhoudings endemies tot 'n patriargale samelewing (en onderhou deur sosialisering- prosesse) tot 'n groot mate verduidelik waarom mans vroue en kinders misbruik (Townsend & Dawes 2004:64).

Faktore wat deur die feministiese perspektief uitgelig word as bydraend tot misbruik, is die invloed wat sosialisering en kinderopvoedingspraktyke op die voorkoms van molestering uitoefen. Seuns leer in 'n patriargale samelewing dat dit aanvaarbaar en selfs verkieslik is om dogters te beheer en te intimideer en dogters aanvaar hierdie dinamika as normaal (Townsend & Dawes 2004:65). Opvoedingspatrone fundamenteel tot die patriargale ideologie sowel as die meeste religieuse doktrines, vereis dat kinders hulle ouers, ander gesagsfigure sowel as klerikale amptenare sonder voorbehoud moet gehoorsaam en vertrou (Townsend & Dawes 2004:65).

Zoe: *Die genogram het nogal 'n groot lig vir my laat opgaan. Ek het nooit besef dat mishandeling en misbruik iets is wat al oor geslagte in die familie gebeur nie. My ma en my ouma doen niks daaraan wanneer hulle mishandel word nie, want hulle is vroeg uit die skool uit en kan nie werk kry nie. Ek dink dit is vir hulle makliker om eerder stil te bly en te weet daar is iemand wat die finansies hanteer.*

Die feministiese benadering het egter sekere tekortkomings. Volgens Hall en Lloyd (1993:11) is die belangrikste tekortkoming dat dit 'n ideologie is deurdat die blaam vir molestering geplaas word op die struktuur van die samelewing waar manlike dominansie heers. Die ideologie sê ook baie min oor manlike slagoffers of vroulike oortreders. Die argument ten opsigte van manlike dominansie is ongegrond as aanvaar word dat manlike kinders die magteloosheid van vroue en kinders deel. Dit spreek ook nie die aspek van disfunksionele gesinne aan waar die disfunksionaliteit bestaan het voordat die misbruik plaasgevind het nie. In studies wat onafhanklik van die feminisme onderneem is, is bevind dat slagoffers hulleself meesal in 'n gedisorganiseerde en spanningsvolle familieopset bevind (Alexander 1992:185; Hall & Lloyd 1993:11).

Die beeld wat die samelewing van 'n moeder skep, is een van versorger en koesteraar wie se rol dit is om voort te plant en om instrumenteel tot 'n gelukkige gesin te wees (Hall & Lloyd 1993:10). Die feministiese siening van moeders in gesinne waar misbruik plaasvind, is dat sy geïsoleerd is, dat sy konformeer tot 'n vroulike rolmodel waar sy arbiter en versorger van almal in die gesin is en dat sy die bewaarder van geheime is, wat haar in 'n magtelose posisie laat (Hall & Lloyd 1993:10). Moeders kan egter ook misbruik inisieer, daaraan deelneem of dit goedkeur. Dit plaas dan die slagoffer in 'n baie moeilike posisie omdat sy misbruik word deur die persoon van wie sy versorging verwag het. Dit laat haar geïsoleerd voel en sy neig dan om die gebeure te verswyg.

Hall en Lloyd (1993:11) handhaaf egter die siening dat die feminisme tog wel 'n dinamiese benadering tot die kwessie van misbruik is. Dit is ook die vertrekpunt vir die denke en praktyk wat in hierdie studie gevolg word. Ek gaan van die standpunt uit dat die oortreder, manlik of vroulik, sy/haar magposisie misbruik ten einde molestering moontlik te maak. Dit is ook hierdie magposisie wat dikwels die stilswye van die slagoffer meebring. Die verwagting is dat die kinderjare die beste tyd van die mens se lewe behoort te wees en dat hulle veronderstel is om sorgvry en gelukkig te wees. Kinders moet egter sin maak van 'n heelal en word voortdurend blootgestel aan verwarrende en weersprekende boodskappe (Lew 1988:67). Die tradisionele beeld van 'n gesin waar die vader hardwerkend, sober en streng maar regverdig is, en die moeder koesterend, versorgend en wys is, is nie die norm nie (Lew 1988:68). Die waarheid is dat nie alle kinders gewens is nie en nie alle volwassenes in staat is om vir hulle

kinders te sorg nie. Kinders se krag en ondernemingsgees word dus oor die algemeen onderwerp aan probleme vanuit die omgewing.

Wat oortreders betref: deurdat die oortreder geëtiketteer word as psigopaat, alkoholis of pedofiel word hy/sy beskou as iemand wat behandeling nodig het. Die feministe dring egter daarop aan dat oortreders verantwoordelikheid vir hulle dade moet aanvaar. Sodoende kan slagoffers ontslae raak van die skuldvas waarmee hulle oor die algemeen as gevolg van die gebeure opgesaal is (Hall & Lloyd 1993:10). Kulturele gesindhede en persepsies kan egter ook misbruikende gedrag normaliseer, sodat dit as die norm deur die oortreder aanvaar word. Misbruik vind egter nie slegs in verhoudings plaas waar 'n volwassene die oortreder is nie.

Tydens 'n studie wat in 2001 is deur die Human Rights Watch onderneem is, is gevind dat daar 'n hoë insidensie van misbruik tussen skoolkinders voorkom (September 2004: 313). Die Human Sciences Research Council het in 'n verdere studie aangetoon dat daar aansienlike verskille voorkom in die wyses waarop skole reageer op aantuigings van misbruik deur beide onderwysers en leerders (September 2004:313).

Die omvang van misbruik wat via die internet plaasvind, word dikwels onderskat, omdat die rapportering daarvan nie op groot skaal plaasvind nie. Volgens Richter et al (2004:147) was daar in 2004 80 000 pornografiese webwerwe op die internet, met 200 nuwes wat daaglik bygevoeg word. Kinderpornografie word hoofsaaklik gekommunikeer deur middel van inteken-gebaseerde groepe of bulletinborde vir mense met soortgelyke voorkeure. Adolessente is baie vaardig met die benutting van die virtuele aanlyn omgewing en die eksplorاسie van verskillende webwerwe. Tienerdogters tussen die ouderdomme van 13 en 17 jaar word hoofsaaklik die teikens van seksuele predatore deur die internet (Spies 2004:25). Die oortreder oortuig soms die kind om hom/haar persoonlik te ontmoet, terwyl ander nie verder gaan as die aanlyn misbruik nie.

Die 1996 Film en Publikasie Wet verklaar dat die invoer, vervaardiging, besit en verspreiding van kinderpornografie onwettig is en nuwe wetgewing van 1998 het die 1996 wet ook op die internet van toepassing gemaak (Richter *et al* 2004:147). Die oortreder se kans om naamloos en ongemerk sy/haar dade voort te sit, is egter groot.

Sommiges stuur 'n kamera na die slagoffer, wat dan eksplisiete foto's van hulleself aan die oortreder moet e-pos (McGregor 2008:52). Sommige kinders word oortuig dat die oortreder in haar ouderdomsgroep val. Die pedofiel maak dan geleidelik 'n hoër ouderdom bekend en omdat die slagoffer alreeds 'n vertrouensverhouding met haar gespreksgenoot opgebou het, word die oortreder die leuen makliker vergewe. Die ekonomiese omstandighede waarin die oortreder sowel as die slagoffer hom-/haarself bevind, speel ook 'n belangrike rol in die voorkoms van misbruik.

ii) ***Ekonomiese invloede***

Ondanks verskeie empiriese studies wat sekere sosio-ekonomiese data daargestel het, kon nog nie met sekerheid bepaal word of sekere opvoedkundige ervarings, opvoedkundige vlakke en/of arbeidstatus bydra tot die voorkoms van misbruik nie. Die geïndustrialiseerde samelewing van vandag het egter meegebring dat die werkplek verskuif het vanaf die woonplek na die bedryf (Louw 1999a:63). Die generering van 'n inkomste geskied boonop in omgewings waar kinders nie toegelaat word nie. Sodoende verbeur kinders 'n voltydse koesterende omgewing.

Verder het die politieke doelwitte van apartheid die gesinslewe van anderskleuriges ernstige skade berokken. Families is vir lang tye geskei weens geforseerde migrasie, toestromingsbeheer, armoede, opvoedkundige voorsiening en beperkings op woonareas (Louw & Louw 2007:253). Die nuwe bedeling het ook verstedeliking moontlik gemaak. Verstedeliking en armoede is egter die groot oorsaak van plakkerskampe wat 'n heenkome bied vir haweloses, kinders van werklose ouers en VIGS wesies van *alle* bevolkingsgroepe (Louw 1999a:63). Die afleiding kan tereg gemaak word dat daar 'n nuwe soort uitgebreide familie (uniek aan Afrika) ontwikkel waar afkoms en bloedverwantskap nie meer die rede is waarom mense in een huis of groep saamwoon nie Louw (1999a:63). Hierdie hersaamgestelde groepe dien as ruimte vir 'n disfunksionele "gesin" as teelaarde vir onreg, misbruik, konflik en geweld (Louw & Louw 2007:352; Coetzer 2009:30). Armoede bring verder mee dat meer as een geslag in een vertrek moet slaap (Dippenaar 1998:20). Kinders word sodoende blootgestel aan seksuele aktiwiteite wat hulle privaatheidsgrense oorskry.

Die demokratisering van die samelewing met die klem op menseregte problematiseer die aspekte van dissipline en gesag. Die moderne geglobaliseerde kultuur van eenvormigheid bring verdere morele verwarring mee. Identiteit en menswees word al meer deur die internasionale produksiesisteme, elektronika en rekenaars bepaal (Louw 2005:64). Die internet speel ook 'n belangrike rol in die kommersiële eksploitasie van die slagoffer.

Komersiële misbruik geskied teen die agtergrond van vele kontekste, insluitende bordele, netwerke daargestel vir seksuele doelwitte, klubs en die internet. Pornografie waarby kinders betrek word, sluit volgens Spies (2004:24) die volgende in: "... the sexual exploitation or degradation of children, and includes any visual depiction that includes pictures, photographs, drawings, videos, movies and computer-generated or electronic images". Die media verteenwoordig 'n multimiljoenrand-industrie waarin die eksploitasie van kinders 'n groot rol speel (Lew 1988:263). Kinders word in advertensies uitgebeeld as verleidelike objekte vir die vervulling van volwasse seksuele begeerte. Wanneer beswaar aangeteken word, word die rookskerm van menseregte voorgehou (Lew 1988:264). Verder bevind kinders wat wees gelaat is weens die impak van die HIV-/VIGSpandemie hulle in die posisie om uitgebuit te word ter wille van oorlewing.

Die HIV-/VIGSpandemie het 'n direkte impak op die voorkoms van molestering. Daar bestaan 'n mite dat seksuele omgang met 'n maagd die oortreder sal genees van die HIV-infeksie. Volgens Townsend & Dawes (2004:72) bestaan die vermoede dat die verhoging van statistiek ten opsigte van misbruik gedeeltelik hieraan toegeskryf kan word. Dit kon egter nog nie bewys word nie. Die pandemie het bygedra tot 'n groot aantal wese wie se ouers oorlede is weens HIV/VIGS. Volgens 'n beraming deur die South African Law Commission sal daar in 2015 tussen 3,6 en 4,8 miljoen VIGS-wese wees (Townsend & Dawes 2004:72). Baie van hierdie kinders sal volgens hierdie studie grootword in 'n omgewing waar daar geen volwasse toesig is nie. Hulle bied dus 'n groot "voorsieningsbron" vir oortreders.

3.4.3.2 Mikro-sosiale kontekste op die vlak van interpersoonlike verhoudings

Wanneer misbruik ter sprake is, is daar onmiddellik verskillende partye betrokke. Die ontwikkeling van 'n individu word egter primêr geraak deur haar ervarings in die gesin (Mrazek & Mrazek 1981:17). Gesinne waarbinne slagoffers hulle bevind, neig om minder heg te wees sodat spanning en ongeorganiseerdheid die atmosfeer van verhoudings in die gesin kenmerk (Howe 2005:200). Enige verhouding waarbinne misbruik plaasvind, ongeag of dit binne of buite gesinsverband geskied, word gekenmerk deur 'n interaktiewe proses waarbinne kinders 'n reis onderneem wat eindig in stilswye of openbaarmaking. Sommige slagoffers bly self stil, ander word stilgemaak en stilgehou. Die rede in beide gevalle is die ongelyke verhouding tussen die kind en die oortreder (Ganzevoort & Veerman 1999:8). Mag dui op die vermoë van: "... een deel van de gevoelens, gedachten en daden van een ander te bepalen" (Ganzevoort & Veerman 1999:8). In die geval van 'n ouer kom ouerlike reg eerder as ouerlike mag ter sprake, soos aangedui in die patriargale ideologie. Verdere redes vir die magtelose posisie van die slagoffer word volgens La Fontaine (1990:78) aangedui as die onvolwasse liggaam en die gebrek aan fisiese krag van die kind.

Karla: *Die ooms het gesê ek moet doen wat hulle sê anders maak hulle my seer. Ek het geweet ek het nie 'n kans om myself teen hulle te verdedig nie.*

Anna: *Ek wil jou nie pakgee nie. Moenie terugpraat nie. Doen wat ek vir jou sê en alles sal goed gaan (Lötter 2004:37).*

Die besef van magteloosheid word onbewustelik by die kind tuisgebring deurdat hy/sy van kleins af opgetel en rondgedra word. Die magsposisie van die oortreder word egter soms met geweld oorgedra deurdat die slagoffer met geweld stilgemaak word, of gedreig word dat ander gesinslede vir wie sy baie omgee leed aangedoen sal word. Dikwels is die gesin finansiëel afhanklik van die oortreder en kan die moeder dit nie bekostig om hom te verlaat nie. Die kind bly dan stil ter wille van die oorlewing van die gesin.

Zoe: *Ek was te bang om te praat, want my ouma is 'n huisvrou. As ek iets sou sê, sou my oupa tronk toe gaa, en dan het ons geen inkomste nie.*

Karla: *Die ooms het vir ons gesorg. As ek sou praat, sou ons geen ander heenkome gehad het nie.*

Jeanine: *Hy het gesê ek moet stilbly, want die ander kinders gaan vir my lag as hy dit ontken.*

Molestering vind plaas waar niemand dit kan sien gebeur nie en dra sodoende die boodskap oor dat dit verkeerd is. Dit is dus maklik vir die oortreder om hulle te oortuig dat hulle eerder moet stilbly omdat ander hulle sal minag of straf by openbaarmaking (McGregor 2008:68). Wanneer die kind wel vertel van die gebeure word die volle omvang daarvan nie openbaar gemaak nie. Die ideologie van mag asook sekere sosialiseringprosesse kan dus die persepsie van magteloosheid skep wat die kind weerloos laat teen die misbruiker. Sommige slagoffers beleef egter nie die gebeure as misbruik nie weens die normalisering daarvan.

Die fundamentele spanning vir slagoffers wat misbruik was, of word deur persone na aan hulle lê in die band wat sy met die oortreder gevorm het en die ervaring dat sy nie veilig by hierdie persoon is nie (Calverley *et al* 1994:196). Bowlby (1969:2) het bandvorming gesien as 'n gedragsstelsel waarbinne die doel om versorging te verkry nie bereik kan word sonder die medewerking van 'n versorger nie. Verwerping beteken dat die ouer wegdraai van die kind af deurdat hy/sy psigologies en/of fisies onbeskikbaar is, met 'n gevoel van ongeliefdheid en ongewenstheid as die gevolg (Alexander 1992: 188). Die vermydende ouer kan die belang van binding met sy/haar kind minimaliseer weens sy/haar eie geskiedenis van verwerping en misbruik. Die kind wat vermydende bindingspatrone weens verwerping aangeleer het, sal nie in staat wees om haarself teen misbruik te beskerm nie.

Wanneer die oortreder misbruik is deur 'n bindingsfiguur, kan dit lei tot sy/haar verwagting dat die kind sy/haar emosionele of seksuele behoeftes moet bevredig (Alexander 1992:188). Dit kan ook beteken dat, wanneer hierdie kind opgroei, sy/hy nie meer energie oor het om in sy/haar eie kinders se behoeftes te voorsien nie. Verder kan 'n kind met gedisorganiseerde bindingspatrone haar in die posisie bevind waar sy

die oortreder as haar enigste bondgenoot te midde van verwarde verhoudings sien. In die geval van sibbe-misbruik, kan sy dit beskou as haar enigste sekuriteit teen haar vrese vir die ontbinding van gesinsverhoudings (Alexander 1992:189). Ongelukkig beteken bloedskande dat die figuur in die gesin wat die daade pleeg, dikwels ook die versorger is. Die persoon met wie 'n band gesmee behoort te word, is dus beide die oortreder en die versorger (Howe 2005:201). Waar die ouer self misbruik is as kind, word bandvorming geassosieer met seksualiteit. Angs en spanning word dan verlig deur seksueel-georiënteerde gedrag (Howe 2005:201).

Dit is duidelik dat verskeie van die kwessies wat tot dusver onder die loep geneem is 'n direkte invloed op die individuele eienskappe van 'n oortreder sowel as 'n slagoffer het.

3.4.3.3 Individuele karaktereienskappe van die slagoffer en die oortreder

i) Die slagoffer

Voorafgaande navorsing sowel as die aangetoonde verhale van my gespreksgenote in hierdie hoofstuk dui daarop dat swak verhoudings in die gesin die kinders kwesbaar laat vir misbruik. Die bandvormingspatrone van kinders speel 'n belangrike rol in die lewe van 'n slagoffer. Kinders wat 'n vermydende lewenstyl aanneem, ervaar ouers as kontrolerend, verwerpend, inmengerig en agiterend (Bacon 2001:46). Hulle leer om 'n veilige afstand te behou, om hulle spanningsdruk te ontken of weg te steek. Die gevolg is dat hulle kontak met hulle gevoelens verloor, of slegs emosies kan uitleef in die vorm van aggressiewe gedrag (Bacon 2001:36). Alexander (1992:188) beskryf ook 'n vermydende of weerstandige bandvormingspatroon met die tema van rolverwisseling. Kinders neem hier die rol en verwagtings van die ouers oor deur seksueel by een van hulle betrokke te wees of om as versorger van een of albei op te tree eerder as om versorg te word. Sy kan byvoorbeeld haar moeder versorg deur haar vader se seksuele maat te wees. Wanneer die kind se behoeftes nie erken word nie, is sy meer blootgestel aan misbruik buite die gesin. Daar bestaan ook bewyse dat kinders van onbetrokke ouers makliker betrokke raak by bloedskande deur sibbe (Bacon 2001:46).

Volgens McWhirterer (2004:82) bring die gebrek aan sekere lewensvaardighede mee dat kinders/tieners makliker slagoffers word.

- o Probleme in vaardigheidsareas. Basiese akademiese vaardighede, oorlewingsvaardighede en selfvaardigheidsverwagtings bring mee dat hierdie kinders apaties en teruggetrokke is weens 'n swak selfbeeld.
- o Die konsep van self en selfbeeld. Selfbeeld verwys na die mate waartoe die kind/tiener waarde aan haarself heg, glo dat sy van belang is en dat sy iets het om tot die samelewing by te dra. Selfkonsep verwys na die oorsigtelike veronderstellings oor wie sy is. Die omgewing waarin die moontlike slagoffer haar bevind, beïnvloed die waarde wat sy aan beide hierdie konsepte heg.
- o Verbondenheid is 'n altydteenwoordige ervaring van die self in verhouding tot die wêreld wat 'n begrip van die waarde van hegte verhoudings met ander insluit. Kinders en adolessente wat 'n gebrek aan verbondenheid beleef, ervaar sosiale isolasie of verwerping en neig om aan groter stresvlakke te ly.
- o Hanteringsvaardighede. Die gebrek aan die vaardigheid om angs en spanning effektief te hanteer onderskei kinders wat 'n hoër risiko loop om misbruik te word van ander. Kinders of tieners in die hoë risiko groep sukkel om belangrike besluite te neem en kan nie konstruktiewe en bereikbare doelwitte daarstel nie. Hulle vorm 'n groot deel van die groep slagoffers wat lank oor die misbruikende gebeure stilbly.

Die belangrikste keuse vir die slagoffer is of, en indien wel, wanneer sy die gebeure openbaar moet maak te midde van die manipulering en dreigemente van die oortreder. Hier is die perspektiewe van die slagoffer, die oortreder en die persoon aan wie die gebeure openbaar gemaak word ter sprake. Die slagoffer het die verwagting dat sy veilig sal wees, dat sy geglo sal word en dat sy ruimte vir openbaarmaking gegun sal word. Die vertroueling van die slagoffer wil weet dat die probleem ten gunste van die slagoffer opgelos kan word, dat verhoudings intak sal bly, dat die kind so min as moontlik skade sal ly en dat onbetrokkes nie daarvan te hore sal kom nie.

Nadat die gebeure openbaar gemaak is, kan verdere polarisering in verhoudings plaasvind. Die betrokkes kan verskillende persepsies, opvattinge of belange ten opsigte van die gebeure huldig wat skerp teenoor mekaar staan. Hierdie verskille word verder verdiep weens die samehang daarvan met verskillende lojaliteite wat beïnvloed word deur eie ervarings of die identifisering met een van die partye (Ganzevoort & Veerman 1999:130).

ii) Die persoon met 'n pedoseksuele gerigtheid

Om as oortreder geklassifiseer te word, moet die toestand vir 'n periode van meer as 6 maande by die persoon teenwoordig wees. Die seksuele drange en/of aktiwiteite moet benadeling in belangrike areas van die individu se dag-tot-dag bestaan meebring (Spies 2006:6). Gedragspatrone wat dui op 'n pedoseksuele gerigtheid, is volgens McGregor (2008:146):

- Aandrang om 'n kind te omhels, aan te raak, te soen, kielie of stoei teen die kind se wil.
- Die persoon praat baie oor, of stel baie vrae oor die seksualiteit van die kind.
- Die skep van geleenthede om alleen met die kind te verkeer.
- 'n Groot deel van die persoon se vrye tyd word saam met kinders gespandeer.
- Die persoon bied gereeld aan om kinders gratis op te pas of om hulle met vakansie of op uitstappies te neem.
- Die koop van duur geskenke sonder enige rede.
- Die uitsluit van ouers of versorgers.
- Maak gereeld inbreuk op die kind se privaatheid deur "per ongeluk" in die kamer of badkamer in te loop terwyl hy/sy besig is om te verkleed of te bad.
- Dring daarop aan dat die kind by hom in die bed moet slaap.
- Beheer die kind ten opsigte van besluitneming, sy/haar buitemuurse aktiwiteite of besoeke aan vriende.
- Praat onweloweglik oor seks met kinders.
- Gebruik die kind as vertroueling of beste vriend-/in.
- Besoek kinders se gesprekkamers op die internet.

Oortreders word in alle vlakke van die samelewing aangetref en is dikwels verantwoordelike en gedissiplineerde lede van die samelewing (McGregor 2008:135). Hulle kan manlik, vroulik, oud of jonk wees en is dikwels bekend aan die slagoffer (McGregor 2008:139,140). Daar bestaan nie 'n enkele empiriese bevinding wat die oorsprong van molestering suksesvol kan verduidelik nie (Richter *et al* 2004:61). Literatuur bied ook baie min inligting oor die eienskappe van oortreders in die geval van bloedskaande tussen sibbe. Verder suggereer ondersoek dikwels dat seksuele oortredings 'n alleenstaande gedragspatroon is (Spies 2004:101).

Die identifisering van bydraende faktore word bemoeilik deurdat oortreders nie eerlik is wanneer hulle antwoorde oor hulleself en hulle daade moet verskaf nie. Die rede hiervoor is dat oortreders ter wille van selfbeskerming dikwels die misdaad ontken (Spies 2004:102). Baie van die oortreders verstaan nie hoekom hulle die daade gepleeg het of waarom hulle aangetrokke tot kinders is nie (McGregor 2008:147). 'n Oortreder is gewoonlik 'n persoon wat onveilig en ongemaklik voel in verhoudings met ander volwassenes. Hy/sy is dus iemand met 'n uiters swak sosiale selfbeeld en min selfvertroue in verhoudings met volwassenes (Fourie 2006:38). Hierdie persoon is iemand met swak probleemoplossings-vaardighede in die meeste lewensituasies. Oortreders kan egter uitstekende maskerdraers wees deurdat hulle verskillende persoonlikhede volgens die eise van die situasie openbaar.

Hoewel die oorsake van misbruik nog nie definitief uitgeklaar kon word nie, dui die siklus van misbruik op 'n kousale verband tussen slagofferskap en misbruik. Ambridge *et al* (2003:167) het gevind dat daar toenemende bewyse is dat vele oortreders self slagoffers was. Wanneer volwassenes wat self slagoffers was nood ervaar en verward of beangs is, word hulle bindingsisteme geaktiveer. Hierdie sisteme was egter in die verlede gekoppel aan seksuele pyn, opwekking en opwinding. Nood en angs word daarom verlig deur seksueel-georiënteerde gedragsresponse. Verdere disfunksies soos alkoholisme; dwelmverslawing; kompulsiewe ooreet; selfmoord; erge depressie; paranoïese gedrag en gedrag gekoppel aan 'n bipolêre gemoeds-versteuring kan ook in die gesin van oorsprong voorkom (Lew 1988:22).

Data toon aan dat oortreders wat seuns misbruik beduidend hoër vlakke van fisiese mishandeling beleef het as diegene wat dogters verkies (Richter *et al* 2004:79). In studies waarby gevonniste oortreders betrek is, is gevind dat oortreders wat seuns misbruik het 'n laer vlak van egosterkte en identiteitsvorming getoon het as dié wat vroulike slagoffers gehad het (Townsend *et al* 2004:84). 'n Ondersoek in 2000 het aangetoon dat die ouderdom van die eerste geleentheid van misbruik, die geslag van die oortreder, die aard van die slagoffer-oortreder-verhouding en die tipe molestering 'n beduidende effek op die misbruikende daade van die oortreder gehad het (Townsend *et al* 2004:80).

Soos aangetoon, kon die oorsake van misbruik nog nie onteenseglik geformuleer word nie. Dit is egter duidelik dat subtiele meganismes van magverskil, relasionele oorwig, lojaliteit en manipulering van die slagoffer se behoefte aan koestering en behoort by die oortreding betrokke is.

In die voorafgaande gedeelte is aangedui dat die fenomeen van molestering 'n normatiewe en politieke kwessie is en behels ook belangrike sosiologiese en antropologiese kwessies. Molestering vind plaas binne die komplekse interaksie tussen binne mikrososiale en makro-sosiale invloede. Aangesien daar in die postmoderne samelewing nie ruimte gelaat word vir 'n oorkoepelende storie wat die samelewing saambind nie, verander laasgenoemde kontekste voortdurend, wat deurlopende en ingewikkelde aanpassingsprosesse vereis. Aanpassing word verder bemoeilik deurdat kinders en adolessente groeiende organismes is, wat weens hulle opgroei voortdurend blootgestel word aan verandering ten opsigte van voorkoms, denke, gevoel en gedrag (Weiner & Elkind 1972:235). Misbruik het daarom 'n diepgaande fisiese, psigiese en spirituele impak op genoemde fasette van die beleving en hantering van die ontwikkelingstake gekoppel aan die adolessente lewensfase. Vervolgens word die aard van die impak van misbruik ondersoek en sal dit in hoofstukke 5 en 6 gebruik word as basis vir refleksie in die ontwerp van 'n narratiewe pastorale betrokkenheid by slagoffers van misbruik.

3.4.4 DIE IMPAK VAN MISBRUIK

Ten einde te kan begin met 'n helingsproses na die ervaring van misbruik, is dit nodig dat 'n slagoffer "... acknowledge the painful experience and accept it is something traumatic that has really happened" (Wickham & West 2002:8). Volgens Beste (2003:6) word trauma gedefinieer as:

... a state of being overwhelmed both physically and psychologically: it is the experience of terror, loss of control, and utter helplessness during a stressful event that threatens one's physical or psychological integrity or both. Trauma shatters person's key assumptions regarding self and one's relations to others in the world, including a sense of self-protection, personal invulnerability, and safety and predictability in the world.

Ten einde 'n effektiewe terapeutiese benadering te ontwikkel, is dit dus belangrik om te verstaan wat die psigologiese, liggaamlike en sosiale impak van misbruik behels. Wanneer die impak van misbruik ter sprake kom, moet ook in gedagte gehou word dat die navorser gebruik maak van ideografiese kennis, wat beteken dat geen twee individue dieselfde gebeure eenders ervaar en interpreteer nie (Swinton & Mowat 2006:43). Die rede is dat elkeen se ervaring gesetel is in 'n ander konteks. Daar word dus geen algemeen-geldende uitsprake gemaak nie. In baie gevalle is die probleem nie psigopatologies van aard nie, maar 'n oneffektiewe hantering van krisisgebeure as gevolg van onkunde, passiwiteit, aangeleerde hulpeloosheid, gebrekkige verantwoordelikeheidsin, destruktiewe lewenswaardes en oppervlakkige geloofskeuses (Louw 1999a:408).

Volgens Wickham en West (2002:3), Spies (2006:49-53) en McGregor (2008:107) speel die volgende faktore 'n rol in die slagoffer se respons op die trauma van misbruik:

- Die konteks, frekwensie, duur en omvang van die misbruik.
- Die feit dat die oortreder 'n bekende, of 'n vreemdeling was.
- Die ouderdom, fase van ontwikkeling, ego-sterkte, fisiese en geestelike gesondheid van die slagoffer ten tyde van die misbruik.
- Die hanteringsmeganismes, aanpasbaarheid en ondersteuningstelsel waarop die slagoffer kan staatmaak.
- Respons en ondersteuning vanuit die omgewing.
- Die vlak van dreigemente.
- Die geslag van die oortreder en die slagoffer.
- Geweld of dwang tot misbruik.
- Die aard van die proses van kondisionering.
- Blamering deur die ouers, of sy is nie geglo nie.
- Die eskalاسie van molestering.
- Fisiese penetrasie.
- Meer as een oortreder.
- Ouers of versorgers het geweet van die misbruik, maar het niks daaraan gedoen nie.
- Misbruik wat ingebed is in ander vorme van gesinsdysfunksionaliteit.
- Misbruik wat ritualistiese of sadistiese vorms aanneem.

Molestering word dus onteenseglik verbind met hoë vlakke van nood en algemeen diepgaande versteuring van die slagoffers se fisiese, emosionele, sosiale, morele en intellektuele ontwikkeling (Richter et al 2004:3). Die heterogene aard van die respons op misbruik moet daarom in gedagte gehou word ten einde die ervarings van die slagoffers beter te verstaan (Gilmartin 1994:92). Die moontlike postmisbruik-gevolge kan ervaar word in verskillende sferes van slagoffers se lewe, en word vervolgens gekarteer as: psigologiese beleving van die self, somatiese ervarings, gedrag, interpersoonlike verhoudings, kognitiewe ontwikkeling, veranderde selfpersepsies en seksueel afwykende gedrag (Gilmartin 1994:97). Hierdie sferes stem ooreen met die areas van adolessente ontwikkeling soos vroeër in hierdie hoofstuk uiteengesit, en word daarom as sodanig aangedui.

3.4.4.1 Psigologiese probleme

Die mens funksioneer as psigo-somatiese eenheid wat beteken dat die realiteit van die psigiese uitgedruk word in die liggaamlike, gevoelslewe, denke, wil en gewete (Louw 1999a:241,242). Misbruik bring mee dat die integrering van die vele veranderende aspekte van die self in 'n koherente geheel in gevaar gestel word (Cole & Putnam 1992:179). Die gevolge van misbruik word as sluipend beskou omdat die slagoffer soos hulle eers kenbaar was, nie meer bestaan nie (Gilmartin 1994:x). In haar eie oë ervaar die slagoffer dat sy 'n "niemand" is.

Karla: *Ek weet nie wat dit is om 'n normale gelukkige lewe te hê nie. Ek weet nie hoe dit voel om regtig liefgehe te word sonder dat iemand iets in ruil daarvoor wil hê nie. Wanneer ek klein dogtertjies sorgeloos sien rondhardloop en speel, voel ek baie hartseer, want ek was nooit 'n onskuldige dogtertjie nie.*

Die slagoffer ervaar 'n oorweldigende sin van verlies, waarvan die mees diepgaande die verlies aan kindwees is (Spies 2006:53). Ander verliese kan dui op die verlies van haar veiligheid, 'n ondersteuningstelsel en hoop (McGregor 2008:90). Verdere verliese word aangedui as die verlies aan mag, die reg om "nee" te sê en die ervaring dat sy in beheer van haar wêreld is (Spies 2006:54). Wanneer molestering binne die gesin

plaasvind, verloor die slagoffer haar reg om beskerm te word sowel as 'n gesonde rolmodel (Spies 2006:54).

Wanneer 'n individu die agt ontwikkelingsfases van Erikson deurleef het, is die positiewe uitkomst die vorming van basiese vertrouwe, outonomie, inisiatief, intimiteit en ego integriteit (Spies 2006: 53) asook spirituele welstand (McGregor 2008:85). Die ontwikkelende sin van die self en eiewaarde word ernstig deur misbruik bedreig wanneer dit nie moontlik is nie (Wickham & West 2002:4). Waar die slagoffer nie geglo word nie, is haar interpretasie dat ander se behoeftes belangriker is as haar eie (Howe 2005:203).

Jeanine: *My ma wou my nie glo nie. Dit het vir my gevoel of my oom my uitlag, want my ma het hom ten koste van my geluk beskerm. Dit het my baie aan myself laat twyfel en laat voel of ek die skuldige is.*

Die slagoffers dra dikwels swaar aan 'n gevoel van aandadigheid. Sy beleef ook skuldgevoelens oor die onthulling van die gebeure. Sy kan onbewustelik voel dat sy die "kontrak" met die oortreder verbreek het aangesien hy/sy haar verplig het tot stillswye. Skuldgevoelens kan ook ervaar word weens die gevolge van openbaarmaking waar byvoorbeeld die stabiliteit van die gesin ontwrig is. Verder is die oortreder moontlik tronkstraf opgelê of sy/haar naam is in koerantberigte vermeld wat verwerping van en vingerwysing na die oortreder tot gevolg gehad het. Die heropbou van die self en die wêreldbeskouing van die slagoffer is daarom baie moeilik.

Zoe: *My ouma het dadelik na die polisie gegaan nadat ek vertel het wat my oupa aan my doen en sy het begin met 'n skeisaak. Sy het by haar suster gaan bly en ek moes na my ma en stiefpa trek. Partykeer voel ek trots op myself omdat ek die moed gehad het om te praat. Ander kere voel ek weer so skuldig, want almal se lewens is deurmekaar gekrap.*

Selfs al is die boodskappe van die oortreder dat sy sleg of dom is nie verbaal oorgedra nie, lei die ervaring van magteloosheid en alleenheid tydens die gebeure tot die gevolgtrekking dat sy niks werd of tweedehands is (Corby 1993:118). Vir slagoffers van

misbruik wat die vraag “Hoekom ek?” vra, is die antwoord dus dikwels “Omdat ek sleg is” (Killian & Brakarsh 2004:367). ’n Studie onderneem deur Calverley et al (1994:195) het getoon dat dogters wat seksueel misbruik is, (a) die kern van die self as negatief ervaar en dat sy (b) van dissosiatiewe koördinerings gebruik maak in die regulering van belangrike verhoudings en self-eienskappe (Calverley et al 1994:195). Die slagoffer se lewenskeuses geskied vanuit ’n kombinasie van die gebrek aan moed en ’n manier om die probleem aan te spreek sonder om haarself aan rampspoed bloot te stel (Goldberg 1981:106). Dit dra ook daartoe by dat sy nie in staat is om te reageer op die genade van God nie, soos reeds in die verhale van die drie gespreksgenote aangedui is.

Ten einde psigologies te oorleef, onderdruk die slagoffer haar woede, vrees en pyn. Slagoffers ervaar daarom hoë vlakke van emosionele labiliteit, ontoepaslike emosionele uitbarstings, lae vlakke van emosionele bewustheid, en min emosionele empatie (Howe 2005: 205). Wanneer moeilike sosiale uitdagings aan hulle gerig word, reageer slagoffers psigologies onbetrokke en emosioneel afgeskakel (Howe 2005: 205). Die aanpassingstrategieë van slagoffers bring mee dat hulle moeilik betrokke raak by vriendskappe, en indien wel, om die vriendskappe in stand te hou (Howe (2005:206). Jeanine was baie geïsoleerd en wou nie graag by vriendskappe betrokke raak nie. Zoe en Karla was hoofsaaklik by een hegte vriendskap betrokke, en het gepoog om hierdie vriendskap in stand te hou. Hulle is egter fyn ingestel op enige nuanse wat dui op verwerping, en reageer dan heftig daarop deur hulleself sonder verduideliking te onttrek.

Anna: *Ek het hard probeer om weer met Helena te gesels. Regtig te gesels. Pouses het ek gesien hoe sy en haar nuwe vriendinne langs mekaar in die son gaan sit. Gesien hoe hulle vir, nee, ná my kyk. Geweet hulle praat van my.*

Wanneer die slagoffer nie oor die nodige psigiese en emosionele toerusting beskik om die gebeure te hanteer nie, kan sy ook ter wille van oorlewing reageer deur te fragmenteer. Aanduidings van fragmentasie of ’n gedissosiasieerde identiteit dui op angs aanvalle, obsessief-kompulsiewe gedrag, onverklaarbare fisiese simptome, depressie, eetversteurings, nagmerries, verlies van tyd, verskille in handskrif asook fisiese verskille (liggaamstaal, koördinasie, gesigs-uitdrukkings, woordeskat en stemtoon) (Coetzer

2007:6). Al drie my gespreksgenote het aanvanklik erge nagmerries gekry en het medikasie vir die behandeling van depressie ontvang. Hulle het egter nie tekens van fragmentasie getoon nie. Die psigologiese effekte van spannings-druk as gevolg van trauma kan ook gevind word in 'n biologiese respons (Van der Kolk 1994:253).

3.4.4.2 Somatiese klagtes

Wanneer somatiese simptome weens die impak van molestering ter sprake kom, kan gedink word in terme van 'n simptomatiese benadering waar die mediese model van siekte ten opsigte van die liggaam beklemtoon word. Hierdie model suggereer onmiddellik patologie, terwyl dit eerder belangrik is om daarop te let dat die psigologiese reaksies (soos hierbo genoem), sowel as die liggaamlike reaksies van die slagoffers, normaal is vir gebeure wat in die werklike lewe plaasgevind het (Gilmartin 1994:96). Zoe en Anna het gedurig gekla van abdominale pyn, maar die dokter kon geen fisiese oorsaak vasstel nie.

Anna: 'n Dokter het Anna se spastiese kolon aan spanning toegeskryf. Haar vriendin se reaksie hierop was: "Spanning? Van wat? Jy doen goed genoeg in die skool. Jy is fantasties in balet! Watse spanning kan jy tog hê?" (Lötter 2004:81,82).

Gedurende die kinderjare is daar meer as eenhonderd biljoen neurone wat georganiseer is om te ervaar, verwerk, stoor, waar te neem en om te reageer op eksterne en interne informasie (McGregor 2008:85). Die limbiese stelsel vorm deel van die sentrale senuweestelsel wat die emosies en gedrag nodig vir selfbehoud en oorlewing onderhou en rig (Van der Kolk 1994:259). Die amigdala en die hipokampus vorm deel van hierdie stelsel. Die amigdala verwerk erge emosionele en fisiese herinneringe, soos vrees, afgryse en pyn, terwyl die hipokampus narratiewe, chronologiese herinneringe hanteer (Grille 2003:1). Selfs net 'n enkele traumatiese gebeurtenis kan 'n uitgesproke impak op die kind se ontwikkeling hê omdat die brein aspekte van die trauma kan veralgemeen. 'n Voorbeeld van veralgemening kan dui op: "Mans met snorre maak my seer, daarom moet ek hulle vermy" (McGregor 2008:86). Die vasgelegte boodskap wat deur die brein aan die slagoffer oorgedra word, is dat sy dit nooit mag vergeet nie en daarom die gebeure herleef deur terugflitse, nagmerries

en/of paniekaanvalle. 'n Ander boodskap is dat sy haar nooit weer in dieselfde situasie mag plaas nie, wat 'n impak op die persoonlike en sosiale situasies in haar lewe het. Verder dra die brein die boodskap oor dat sy altyd voorbereid moet wees, wat die slagoffer fisies en emosioneel kan dreineer (McGregor 2008:87). Hierdie boodskappe lê moontlik onderliggend tot die simptome van posttraumatische stressindroom (PTSD) en ander stresverwante versteurings (Howe 2005:205).

3.4.4.3 Gedragsveranderinge

Simptome van posttraumatische stressindroom, as een van die psigologiese response op misbruik, dui op herbeleving van die gebeure deur een of meer van die volgende simptome: herleving van die gebeure deur middel van ontoepaslike spel, nagmerries, terugflitse, vermyding van sterk emosioneel gedrewe gedagtes deur gebruik te maak van sekere verdedigings-meganismes, ontkenning van die gebeure, onderdrukking van die herinneringe, slaapversteurings, aggressie en ander eksterne simptome (Killian & Brakarsh 2004:368). Dit lei dikwels daartoe dat die slagoffer slegs veilig voel wanneer sy alleen is (Lew 1988:69). Sy voel soms verwyderd van haar liggaam ten einde die psige te beskerm teen oorweldigende herinneringe of die liggaam se beleving van die gebeure (Howe 2005:205). 'n Ander verdedigingsmeganisme dui daarop dat die slagoffer die front van 'n selfversekerde presteerder voorhou terwyl sy eintlik waardeloos, sonder hoop en onbekwaam voel, wat bydra tot 'n gevoel van isolasie en om "anders" te wees (McGregor 2008:109).

Zoe: Volgens die onderwysers presteer sy ver onder haar vermoë. Sy kla egter dat sy sukkel om te konsentreer, en dus nie die volgende dag in staat is om weer die feite te kan herroep nie. Zoe word maklik kwaad, maar weens 'n gevoel van magteloosheid, begin sy te huil en onttrek haarself.

Karla: Sy kom altyd vrolik en opgewek voor wanneer ek haar tussen haar klasmaats sien. Wanneer sy egter by my is, loop die trane vrylik omdat sy ongelukkig en eensaam voel. Ek het gewonder hoe sy dit reggekry het om in moeilike omstandighede wel te vorder tot matriek sonder om ooit te druipe. Haar motivering is dat sy nie langer in die jeugsorgsentrum wil bly as wat nodig is nie.

Jeanine: Die onderwysers kla dat Jeanine nie uit die bus wil klim wanneer die skool op uitstappies gaan nie. Sy dra ook laag op laag klere op 'n snikhete dag. Sy voel asof almal kan sien dat sy misbruik is, en daarom uitstaan as “anders” tussen die ander leerders.

Skuld en skaamte weens die gebeure en die selfverwyte dat sy die gebeure moes gekeer het, is die oorsaak van geweldige innerlike pyn en word vererger wanneer sy plesier uit die stimulasie geput het (Spies 2006:56). Weens antisosiale en kompulsiewe gedrag kan die slagoffer geëtiketteer word as 'n “probleemkind” (McGregor 2008:110). Vrese kan lei tot fobies met gepaardgaande kompulsiewe gedrag, byvoorbeeld om kort-kort te stort of hande te was (McGregor 2008:112). Alkohol; dwelms; promiskuïteit; dieetsiektes; selfmutilasie en selfmoordpogings is pogings om verligting van innerlike pyn te kry, sowel as om selfgerigte woede uit te leef (Spies 2006:55).

Jeanine: *Ek het die pille gedrink omdat ek net nie meer kans gesien het vir die lewe nie.*

Anna: *Twintig pille. Twintig pille om vir altyd uit 'n situasie te kom, twintig pille sodat hy nooit, ooit weer aan my sou kon raak nie* (Lötter 2004:119).

Dit veroorsaak egter nog meer probleme en dra by tot die etikettering as probleemkind en verdere isolasie.

3.4.4.4 Interpersoonlike probleme

Vele slagoffers ervaar probleme in die hantering van verhoudings en raak dikwels by verdere viktimiserende verhoudings betrokke (Corby 1993:121). Sommige dogters raak byvoorbeeld baie afhanklik van hulle verhoudingsgenote omdat hulle wil hê die verhouding moet die leegheid wat hulle in hulself ervaar, vul (Alexander 1992:189). Die gevolg van hierdie desperate liefdestyl is dikwels teleurstelling of herviktimisering. 'n Ander weergawe van die ooraf-hanklike liefdestyl is dat die slagoffer dermate die rol van kompulsiewe versorger aanneem, dat dit deur ander as manipulerend ervaar word.

Zoe: Sy het 'n vriendin by die koshuis vir wie sy gedurig klein geskenkies bring. Sy bel haar etlike kere oor naweke, en is jaloers wanneer sy met iemand anders gesels. Een van die redes waarom sy nie na haar vorige skool wil terugkeer nie, is omdat sy nie kans sien om van haar vriendin geskei te word nie.

Wanneer iets in 'n verhouding haar aan die molestering herinner, kan sy egter onttrek, oorgaan tot woede uitbarstings en selfmutilasie weens die wanpersepsie dat alle verhoudings pynlik en onveilig is (McGregor 2008:94). Wanneer die slagoffer oorgaan tot 'n vermydende bandvormingstyl, bring dit mee dat sy haarself isoleer ten einde haarself te beskerm, maar dit beteken ook dat sy haarself uitsluit van positiewe, gesonde sosiale omgang met haar portuurgroep (Lew 1988:69). Die slagoffer is nie in staat om genoegsaam te ontspan in die teenwoordigheid van ander, of om hulle genoeg te vertrou om spontaan deel van die groep te word nie. 'n Verdere rede vir selfisolasie is dat dit te pynigend is om blootgestel te word aan die skerp kontras met haar eie omstandighede.

Die slagoffer voel geïsoleerd, gebrandmerk en gestigmatiseer en ervaar daarom probleme met interpersoonlike verhoudings (McGregor 2008:108). Ten einde te oorleef, leer sy om leuens te vertel en te manipuleer, wat haar voortdurend in die moeilikheid laat beland en ander leer om haar te wantrou (McGregor 2008:120). Sy kan weens die voortdurende onderdrukking van haar emosies oorgaan daartoe om skade aan ander te berokken sonder om enige emosies te ervaar. Woede teenoor ander is nie net uitputtend nie, maar lei ook tot isolasie omdat sy voortdurend die ander toets ten opsigte van lojaliteit.

Misbruik deur versorgers of ander bindingsfigure word baie moeilik deur die slagoffer gehanteer (Howe 2005:203). Die rede is dat dit haar primêre vrees vir isolasie en verwerping aanraak (Spies 2006:54). Sy word ook blootgestel aan gevoelens van verwerping, verraad, magteloosheid, die seksualisering van basiese behoeftes en stigmatisering (Calverley *et al* 1994:196). Wanneer die oortreder poog om die misbruik te verdoesel deur middel van liefdestaal dra dit by tot verwarring en laat die slagoffer met 'n skeefgetrekte beeld van hoe 'n liefdevolle verhouding funksioneer (Howe 2005:203). Die slagoffer probeer dikwels om diegene wat haar skade berokken tevrede

te stel, met die hoop dat die misbruik dalk gestaak sal word. Ten einde 'n verhouding met die nie-oortredende, maar wel nie-beskermende ouer te behou, kan sommige slagoffers oorgaan tot die omkeer van hulle rolle (Howe 2005:209). Sy sal haar hulpelose onbetrokke moeder beskerm eerder as om self getroos en beskerm te word ten einde die kohesie van die gesin te verseker. Hierdie slagoffers ervaar terselfdertyd hulpeloosheid, woede en vrees (Howe (2005:209). Dit kan meebring dat sy die res van haar lewe daaraan wy om op ander se behoeftes te fokus en selde aandag aan die versorging van haarself te skenk (McGregor 2006:120). Aan die ander kant loop slagoffers dikwels weg van die huis af weens bloedskunde, of ouers wat hulle nie ondersteun nie (Corby 1993:119).

Die mens as liggaamlike wese dui daarop dat hy/sy die draer van geestelike en etiese impulse is waarvan die ervaring van erotiese gevoelens en seksuele begeertes deel vorm (Louw 1999a:200,201). Seksualiteit dui op die geslagtelike (manlike of vroulike) emosionele drang en begeerte na kontak met iemand anders met die behoeftes van behoort, erkenning, waardering en verbondenheid in gedagte (Louw 1999a:201).

3.4.4.5 Traumatiëse seksualisering

Seksualiteit dui op die mens se begeerte en emosionele drang na kontak met 'n ander ten einde erkenning, behoort, waardering en verbondenheid te deel (Louw 1999a:202). Die verstaan van wat konvensionele seksuele gedrag behels, is skeef getrek en kan atipiese seksuele gedrag tot gevolg hê (Wickham & West 2002:4). Probleme wat gereeld opduik, is: vrees vir seks; seksuele weerhouding; promiskuiteit; verwarring ten opsigte van seksuele identiteit en terugflitse tydens seksuele aktiwiteit (Gilmartin 1994: 109). 'n Geneigdheid tot impulsiwiteit, gebrek aan insig en selfrespek kan bydra tot promiskuiteit of herviktimisering (Cole & Putnam 1992:179).

Karla: *Ek slaap saam met enige ou wat my soek. Ek is tog al 'n slet, want ek is al so baie gemolesteer.*

Jeanine: *Ek vries as 'n ou net aan my hand wil vat.*


Anna: *Ek het toegelaat dat die outjie, ek het nie eens gevra wat sy naam is nie, my by die deur uitneem. Toegelaat dat hy my jeans losknoop (Lötter 2004:136).*

Volgens Bacon (2001:49) dui traumatiese seksualisering op die gedrag van slagoffers wat deur die oortreder geleer word hoe om seksueel ontoepaslik op te tree. Dit kom weereens neer op verlies, deurdat die slagoffer se vermoë om seks, liefde, nabyheid en intimiteit as dele van dieselfde geheel te sien, gesteel word (Gilmartin 1994:110). Daar bestaan egter teenstrydige bevindings ten opsigte van die verband tussen misbruik en prostitusie (Corby 1993:107). Faktore soos die duur van misbruik, die aard van die verhouding tussen die oortreder en die slagoffer en die gebruik van dreigemente of geweld tydens die gebeure kan 'n rol speel in die voorkoms van prostitusie (Doyle 1994:122).

Die diepte van herinneringe, motiewe en impulse skep volgens Louw (1999a:265,266) 'n innerlike realiteit wat implikasies inhou vir die genade van Christus waarmee die pastorale antropologie rekening moet hou. Die kompleksiteit van geloofsgedrag word hier na vore geroep deurdat daar 'n wisselwerkende verband tussen spirituele en persoonlike identiteit bestaan (Louw 1999a:284). Kwalitatiewe navorsing neem aan dat die wêreld nie eenvouding "daar buite" wag om ontdek te word nie. Dit erken eerder "die wêreld" as die komplekse interpreterende prosesse binne die menslike wese wat sukkel om sin te maak van hulle ervarings, insluitende hulle ervarings van God (Swinton & Mowat 2006:30). Dit is daarom belangrik dat kennis geneem word van die impak wat misbruik het op die Christelike spiritualiteit van 'n vroulike adolessente slagoffer. Dit word egter in hoofstuk 4 aan die orde gestel as basis vir die ontstaan van die teodiseevraagstuk in die konteks van hierdie studie.

3.4.5 OPSOMMEND

Die beleving van die self en die vermoë om 'n saak uit verskillende perspektiewe te ervaar, word dadelik deur trauma geraak (Steyn 2006:14), soos dit in die volgende diagram aangedui word. Die aspek van die impak van misbruik op 'n Christelik-spirituele identiteit sal in die volgende hoofstuk aan die orde gestel word. Dit word hier aangetoon om as basis te dien vir latere interpretering en verstaan.



Die impak van misbruik bring dus mee dat die slagoffer die volgende ervaar (Lew 1988:75; Killian & Brakarsh 2004:371-372; Spies 2006:241):

- o Ek voel ek is sleg en vuil.
- o Ek voel “anders” as ander mense en kan hulle nie in die oë kyk nie.
- o Ek is kwaad vir myself, ander en vir die wêreld.
- o Ek is nie in beheer van my liggaam en van myself nie, ander is.
- o Ek voel daar is iets verkeerd diep binne-in myself. As mense my regtig geken het, sal hulle my vermy.
- o Ek haat myself.
- o Ek is verantwoordelik vir wat met my gebeur het.
- o Ek kan niemand vertrou nie.
- o Ek sukkel om na myself om te sien en myself te koester.
- o Ek kan dit nie regkry om goed te voel nie.
- o Ek kan myself nie beskerm in gevaarlike situasies nie.
- o Ek voel dikwels vasgevang en bang om suksesvol te wees.
- o Ek voel angstig en verward.
- o Ek is altyd moeg omdat ek weens nagmerries te bang is om aan die slaap te raak.

- o Ek kan glad nie na gewelddadige fliks kyk nie, want ek kry terugflitse.
- o Ek handhaaf 'n promiskue lewenswyse want ek is in elke geval "tweedehands".
- o Ek raak paniekbevange as 'n seun aan my hand wil vat, want daar is nie genoeg ruimte tussen ons nie.
- o Ek gebruik soms prestasie om te kompenseer vir my gevoelens van ontoereikendheid in ander aspekte van my lewe.

3.5 TERUGBLIK EN TOEKOMSPERSPEKTIEF

Na aanleiding van die interpreterende taak van die praktiese teologie is die konsepte van adolessensie en misbruik in die lig van kwalitatiewe navorsing, postmoderniteit en sekere narratiewe ondersoek. Misbruik is volgens die sosiale konstruksie diskoers binne verskillende sosiale en sosio-ekonomiese kontekste belig. Aspekte van sonde, skuld en skaamte, verdraaide Godskonsepte, isolasie en vervreemding is aangeraak. Dit lê die fondasie van hoofstuk 4 as die kartering van 'n Christelike spiritualiteit soos begroot in die prakties-teologiese tradisie wat handel oor die ontmoeting en kommunikasiegebeure tussen God en mens (Louw 1999a:4). Aangesien die pastorale teologie en die ander geesteswetenskappe met dieselfde mens werk, moet die belangrike rol van 'n teologiese antropologie vir die pastoraat ook aan bod kom. Die doel is om 'n duidelik-omlynde teologiese antropologie vir die pastoraat daar te stel waar rekening gehou word met die mens as Godgerigte, sondige, verlose en gelowige wese. Die impak van misbruik op die Christelike spiritualiteit word hieruit geformuleer.

HOOFSTUK 4

'N PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKENNINGSTOG

4.1 TERUGBLIK

Die kartering van hoofstuk 3 het binne die ligstraal van rigtingwysers 1 (*Aksie*) en 2 (*Basiese aanloop*) plaasgevind as die verlede en die hede van die landskap van die navorsingsverhaal. Kommunikasie, as die hoofdoel van konseptualisering het gedien om konsepte betrokke in die wêreld van 'n tienerdogter wat misbruik beleef het aan die orde te stel. Die metafoor van 'n prismatiese kompas het sekere gradelesings gebied ten opsigte van die adolessente lewensfase en die fenomeen van misbruik. Seksuele misbruik is as 'n sosiaal-gekonstrueerde fenomeen binne makro sosiale en kulturele kontekste, die mikro konteks van interpersoonlike verhoudings en die konteks van die individuele eienskappe van beide oortreder en slagoffer onder die loep geneem. Elke subseksie bou dus op die vorige en dien as fondament waarop die rigtingwyser 3 as die *Dinamiese aspek* van die navorsingsproses uitgebou sal word. Die sleuteldimensies van teologie, praktiese teologie, teologiese antropologie en die teodisee vraagstuk gekoppel aan Christelike spiritualiteit vorm die ruggraat van hierdie hoofstuk. Hierdie dimensies vorm 'n dinamiese eenheid en moet as sodanig gelees word.

4.2 TEOLOGIE

Die woord teologie is 'n samevoeging van twee Griekse woorde, naamlik *theos* wat God beteken en *logos* wat woord beteken (Barth 1963:16; Heyns & Pieterse 1990:4; Tracy 1991:105). In hierdie verband dui teologie volgens Louw (1999a:562) op "... 'n diskoers aangaande God en 'n verstaan van God vanuit 'n geloofs- en heilsperspektief". Teologie is nie slegs verbale of kognitiewe kennis van die goddelike nie, maar word ook beskikbaar vir verstaan wanneer diegene wat teologie beoefen glo hulle het die goddelike ontmoet (Miller-McLemore 2012:287). Wanneer gelowiges die begrip "God" gebruik, is hulle besig om die laaste grens van die taal te toets. "God" is daarom volgens Van Niekerk (2005:73) "... a word uttered when one wants desperately to say the most that is possible...the final speech-act at the limit of language". Volgens Heyns en Pieterse (1990:4) kan hoogstens mense se woorde oor God en hulle geloof in God in

die teologie dus bestudeer word. Geloof verwys hier na die mens se uitreik na die werklikheid wat deur God gebied word (Immink 2003:13). O'Brien (2009:366) verstaan geloof as "... believing in a revealing God".

God kan nie in menslike woorde vasgevang word nie, daarom kan Hy nie geobjektiveer word as onderwerp vir wetenskaplike studie nie (Van den Berg 2006:171). Verder is teologie altyd in die proses van beweging (McNish 2004:69). 'n Misterie bied geen finale antwoord nie deurdat die proses nooit afgehandel word nie. Die interpretering van die Christelike geloof is dus nooit afgehandel nie. Vir die mensdom, wat adolessente insluit, begin die soeke na waarheid in die misterie van die Drie-enige God en in God se openbaring deur die skepping, Christus en die Skrif (Borgman 1997:xi). Die omgang met 'n misterie bring volgens Van Niekerk (2005:68) die volgende mee en word ook verder in hierdie hoofstuk aan die orde gestel:

- 'n "verdieping" van kennis;
- die besef dat dit iets is wat nie opgelos kan word nie, maar iets is waarvan sin gemaak kan word;
- 'n verwondering oor die sin van die mens se totale verstaan
- en die wete dat die sug na kennis en wysheid, ook aangaande die misterie van God self, gerig word deur 'n oriëntasie, en 'n soeke. Dit sluit ook 'n vermoë in om so saam te leef met 'n fundamentele onsekerheid sonder om daaraan onder te gaan. Pogings om hierdie onsekerheid te bowe te kom moet egter ook nie laat vaar word nie.

Die objek van Christelike teoriebeoefening is dus nie God nie, maar die mens se reaksie op God. Die taal van die adolessente kultuur moet dus aangeleer word om hulle reaksie op God te verstaan. (Hierdie taal word as teologiese antropologie verder in die hoofstuk aan die orde gestel). Wat God doen, doen Hy vir, met en deur alle mense, ook adolessente (Nel 2000:13). God moet egter nie gebruik word as *Deus ex machina* (verklaringsfaktor) vir al ons onverklaarbare lewensraaisels nie (Louw 1999a:22; Anderson 2001:17). Tracy (1994:5) stel die doel van die Christelike teologie as die skryf van die geskiedenis in die lig van die Evangelie van Jesus Christus.

Hierdie handeling van God met die mens en die skepping besit 'n verbondmatige karakter (Nel 2000:13). Teologie kan dus omskryf word as "... 'n geloofsleer wat poog om die verbondmatige ontmoeting tussen God en mens te interpreteer en sinvol aan mense binne kontekste te kommunikeer" (Louw 1999a:126). Vir Barth (1963:17) is die kriterium vir hierdie kennis "... a word, a human response; yet what makes it theology is not its own word or response but the Word which it hears and to which it *responds*". Hierdie stelling laat egter geen ruimte vir die rol van menslike verstaan, aksie, of praktyk in die "construal of God's selfdisclosure" nie (Browning 1991:5). Hier word nie volgens 'n vaste stel beginsels vir elke situasie opgetree nie omdat daar 'n narratief, sowel as 'n gemeenskap wat alreeds deur hierdie narratief geraak is (soos in die vorige hoofstuk aangedui), teenwoordig is. Die mens is dus nie die eienaars van die waarheid nie, maar slegs die hoorders van die Woord (Van der Kooi 2010:78). Die Woord van God besit dus wyer implikasies as net die Skrifwoord, deurdat dit ook gaan om die verband tussen God en die werklikheid (Louw 1997:48). Die kerk glo dat gesaghebbende kennis oor God verkry word "op grond van wat ons opgeteken vind oor sy verlossende handeling in die getuienisse van die begenadigdes wat dit van naby beleef en daarna vertel het" (Van Niekerk 2005:42).

Dit is dus belangrik dat lesse uit die verlede geleer word en dat daar met groter omsigtigheid met sekere sake omgegaan moet word. Volgens Gaum (2000:10) staan daar byvoorbeeld nêrens in die Bybel dat slawerny sonde is nie. Paulus het aan Filemon geskryf dat hy Onesimus, sy slaaf wat weggeloop het, as "geliefde broer" sal terug ontvang, maar steeds as 'n slaaf (Gaum 2000:10). Eers jare later het die kerk besef dat die eintlike boodskap nooit kan beteken dat 'n mens besit mag word nie. Die kerk het ook jare lank 'n apartheidsteologie vanuit die Bybel regverdig. Vandag hoor die gemeente dat apartheid nie teologies geregverdig kan word nie en inderdaad sonde is. Vir die gemeente wat adolessente wat juis op soek is na 'n eie Christelike identiteit insluit, is dit baie verwarrend. Dit lei tot 'n vraag na klinkklare kitsantwoorde in 'n gereduseerde Evangelie (Müller 2011:139). Alles wat in die Woord staan, is dus nog nie klaar gesê nie. Wat in die Bybel as "God se Woord" gevind word, kan "... op geen manier losgemaak word van die behoeftes, omstandighede en eise van die wêreld waarin ons as lesers hier en nou leef nie" (Van Niekerk 2005:35).

Volgens Williams (2010:22) het die Woord te doen met die spreke en dade van God en met die manier waarop die mens daarop reageer. Die Bybel is nie 'n eensydige storie of 'n storie met net een akteur daarin nie, dit is ook nie 'n handboek vir die geskiedenis van die wêreld nie. Die Bybel is nie 'n monoloog waar die storie deur een spreker gedra word nie. In Bybelse terme word die storie gedra deur die verbond as die intieme interverwantskap tussen God en sy mense (Williams 2010:22). Die Bybelse verhaal handel dus nie net oor dit wat God vir sy mense gedoen het nie, maar ook oor wie hulle is as gevolg van daardie aksie, en wat hulle te doen staan in die wêreld as sy getuïenisse. Streng gesproke is die oorgrote meerderheid van teologie implisiet deurdat dit verweef is met, en betrokke is by die lewe van die gemeente, sowel as by die hinterland tussen die lewe van die kerk en die wêreld (Percy 2009:179). Die hooftaak van die teologie is dus “to make divine revelation (the Bible and especially Jesus Christ) relevant and coherent to any particular age and society” (Borgman 1997:xiii). Adollesente en tiener- dogters wat misbruik beleef het, is dus hierby ingesluit.

As akademiese dissipline word gevra vir 'n legitieme plek vir 'n teologie “that goes beyond merely describing and analyzing faith to evaluate points of view and suggest new ways of expressing faith drawing from a specific faith tradition” (Brand 2011:20). Nie net die akademiese en die breër samelewing in die algemeen word gedien nie, maar ook spesifiek die gelowige gemeenskap. Teologie as *fides quaerens intellectum* is nie net daarop ingestel om te beskryf nie, maar ook om die gedaante en inhoud van religieuse geloof te vorm (Brand 2011:24). Die teologiese tradisie het juis gegroei vanuit die terugkaatsing op eksistensiële lewensvrae en bied daarom 'n ryke bron vir die pastorale gesprek (Ganzevoort & Visser 2007:204). Vir Louw (1999a:1) is teologie dus “daardie poging om God se betrokkenheid by die mens en die skepping/die wêreld op so 'n wyse te kommunikeer dat dit sin sal maak en dat dit mense se geloof in die trou van God kan versterk”. Die gelowige se geloofsbesinning oor God vorm dus die studieveld van die teologie (Heyns & Pieterse 1990:4). Die diskoers aangaande die gelowige se besinning oor God fokus op “'n verstaan van die betrokkenheid van God by die wêreld sowel as die ontmoeting en dialoog tussen God en die mens” (Heyns & Pieterse 1990:4). Dit impliseer dat die taal en grammatika van 'n teologiese hermeneutiek bepaal word deur 'n geloof wat soek om te verstaan as *fides quaerens intellectum* (Louw 1999a:562).

Volgens Van Niekerk (2011:112) is die "... subject matter of Christian theology ... God's revelation through the historical figure of Jesus of Nazareth, as it is witnessed by the Holy Scripture and made accessible through faith". Geloof is nie teologie nie, maar wel die nadenke oor God. Van Niekerk (2011:116) onderskei as volg tussen geloof en teologie: "While faith is the actual encounter with the acts of revelation of God who meets us in the historical person of Jesus of Nazareth, theology is the interpretation of the content of that meeting". Met geloofsbesinning verstaan Heyns en Pieterse (1990:5) die "... nadenke oor wat geglo en nie geglo word nie en nadenke oor vrae wat uit die geloofshandelige voortvloei". Spiritualiteit is ook nie teologie nie, maar is "the sum total of responses which one makes to what is perceived as the inner call of God" (Richards 1987:12). Die mens is dus nie die eienaars van die waarheid nie, maar slegs die hoorders van die Woord (Van der Kooi 2010:78).

Louw (1999a:562) onderskei verder tussen *fides quaerens verbum* en *fides quaerens actum*. *Fides quaerens verbum* dui op geloof wat soek na sinvolle kommunikasie deur middel van 'n toepaslike woord. 'n Verdere praktiese toepassing as *fides quaerens actum* kom ter sprake wanneer geloof wat soek na toepaslike aksies ten einde gestalte te gee aan die teenwoordigheid van God aan bod kom.

Teologie as *fides quaerens spem* dui op 'n sinvolle toekomsgerigtheid vanuit die geloof met die oog op die antisipering van die teenwoordigheid van God by die mens, wat 'n slagoffer van misbruik insluit (Louw 1999a:562). Praktiese teologie handel hier oor die hoop vir die welstand van die mens en die kommunikasie van geloof (Bass & Dykstra 2008:13). Dit is egter belangrik om daarop te let dat 'n verstaan van God noodsaaklik is vir die teologie, maar dat die objek van Christelike teologie-beoefening nie God is nie, maar die mens se reaksie op God. In hierdie studie word gefokus op die reaksie wat die geleefde ervaring van misbruik op my gespreksgenote se Godskonsep gehad het.

Oorsigtelik word saam met Borgman (1997:xiii-xxi) as volg na teologie gekyk:

- Teologie is nie 'n private aangeleentheid nie, maar is altyd op een of ander wyse 'n gemeenskaplike aangeleentheid en ontstaan vanuit 'n sekere konteks. Die Evangelie word regdeur die wêreld in 'n sekere situasie ontvang.

- Teologie is Christosentrië omdat die mens altyd in die voetspore van Jesus Christus volg. Jesus Christus dien as model deurdat Hy sy hemelse status verlaat het en mens geword het in 'n spesifieke kultuur. Adolesente Christelike spiritualiteit moet daarom gesentreer wees in 'n verhouding met Jesus Christus as Redder, Heer en Vriend.
- Teologie is God-geïnspireerd: dit is die mens se refleksie op God, maar dit geskied op God se inisiatief.
- Teologie word gedoen as Bybelse teologie, historiese teologie, sistematiese teologie en praktiese- of pastorale teologie. Die kompleksiteit van die wêreld waarin die mens leef en die aard van die teologiese taak vereis dat daar 'n groter interafhanklikheid tussen hierdie verskillende dissiplines moet wees.
- 'n Holistiese eksegeese beklemtoon die belang van die verstaan van die drie take van die teologie, naamlik: die eksegeese van die Skrif, die eksegeese van kultuur as relevansie en sensitiwiteit vir die wêreld, en die eksegeese van die self en die gemeenskap. Interpretasie van die self dui op die verstaan van die persoonlike geskiedenis en identiteit.
- Getroue hermeneutiek moet gevolg word deur versigtige eksegeese van die teks en die toepassing daarvan in die werklike lewe.
- Alle teoloë bring hulle eie persoonlike en kulturele geskiedenis na hulle onderskeie take. Die interpretasie van die self lei tot 'n kritiese interpretasie van die kulture wat die self vorm en ontwikkel. Deur hierdie interpretasie met ander te deel, word 'n groter wysheid en insig vir die teologiese taak ontwikkel.

'n Teologiese dissipline wat nie soek na kennis ter wille van kennis nie, is praktiese teologie, deurdat dit “relates to the critical, theological explorations of situations” (Swinton & Mowat 2006:vii). Wanneer iemand ernstig reflekteer omtrent God in sy/haar omgang met die lewe, is daardie persoon alreeds 'n praktiese teoloog (Borgman 1997:xi). Nadenke oor wat God se Woord vir die tienerdogters is wat misbruik ervaar het, dui op teologiese refleksie. Deur te vra wat God behels in die lewe van Zoe, Jeanine en Karla, is om teologie te doen (Borgman 1997:xii).

In hierdie studie word gepoog om die interpretasie van die religieuse ervaring van slagoffers van misbruik en die kontemporêre situasie in praktiese teologie te interpreteer. Die prakties-teologiese metodologie wat hier aan bod kom, is dus sterk

gewortel in die hermeneutiese paradigma. Volgens Swinton en Mowat (2006:76) is praktiese teologie 'n kritiese dissipline omdat dit beide die wêreld en die mens se interpretasie van die Christelike tradisie vanuit 'n hermeneutiek van suspisie benader. In die proses is die navorser voortdurend bewus van die menslike feilbaarheid en die kompleksiteit van die kragte wat die mens se betrokkenheid by die wêreld vorm en struktureer. Terselfdertyd is praktiese teologie ook teologie omdat eersgenoemde geplaas is in die wêreld soos wat dit in verhouding staan tot die ontvouende eskatologie van die narratiewe van die Evangelies. Hierdie narratiewe dui egter, in teenstelling met die paradigma van hierdie studie, daarop dat die waarheid en die begrip van die waarheid moontlik is. Dit is dus baie moeilik om praktiese teologie te definieer. Daarom word hierdie vakgebied vervolgens vergelyk met 'n pad deur 'n woud.

4.3 PRAKTIESE TEOLOGIE: 'N PAD DEUR 'N WOOD?

Die wêreld waarin die blye boodskap van God se heerskappy oorgedra word, word al meer veranderlik, hipermobiel en divers (Baker & Reader 2009:221). Die vraag ontstaan of die praktiese teologie nog 'n rol te speel het binne hierdie wêreld, en of daar 'n gedeelte grondgebied bestaan waarbinne gesprek gevoer kan word. Walter Brueggeman (Müller 2011:23) praat in sy boek *Praying the Psalms* van drie state wat hy as deel van die menswees beskou: Die eerste is om veilig georiënteerd te wees, die tweede is om pynlik gedisoriënteerd te wees en die derde is om verrassend gereoriënteerd te wees. Praktiese teologie is 'n ryk en diverse dissipline vanweë die uiteenlopende benaderings en perspektiewe gehuldig deur verskillende skole. Die rede is: "Practical Theology locates itself within the diversity of human experience, making its home in the complex web of relationships and experiences that form the fabric of all that we know" (Swinton & Mowat 2006:3).

Die definiëring en verstaan van praktiese teologie kan in ooreenstemming hiermee vergelyk word met die soeke na 'n pad deur 'n woud waar geen duidelike roetes bestaan nie. Planck is van mening dat die praktiese teologie geen nuwe kennis-elemente tot die teologiese wetenskap byvoeg nie, omdat die praktiese teologie slegs met toepassing besig is (Heyns & Pieterse 1990:9). Vir Barth is die praktiese teologie slegs 'n hóé-wetenskap deurdat dit sê hoe die verkondiging van die Evangelie moet geskied (Heyns & Pieterse 1990:9). Die term "praktiese teologie" is volgens Janse van

Rensburg (2000:78) te algemeen omdat alle teologiese dissiplines prakties georiënteerd is; die klem te veel op die praxis geplaas word; daar 'n verskuiwing weg van God as die subjek van pastorale sorg na die gelowige is en die rol van die Bybel gemarginaliseer word.

Tereg beskryf Ganzevoort (2009:1) die karteringsproses as volg: "What I had expected to be primarily practical turned out to be a highly complex network of networks of meanings of theories, actions and practices, relationships and conversations". Die rede is dat die praktiese teologie as 'n veld in onlangse dekades besig is om 'n kreatiewe fermenteringsproses te ondergaan (Osmer 2008:ix). Hierdie fermenteringsproses hou nou verband met wat as die taak van die praktiese teologie beskou word. Dit is dus belangrik dat die landskap van praktiese teologie as refleksiewe ruimte waarbinne kwessies van geloof geëksploreer kan word aan bod kom. Die roete, deelnemers, aksie en die landskap wat betrokke is by die proses van eksplorasië bied geleentheid vir 'n beter verstaan. Ter wille van 'n chronologiese verloop in die ontwikkeling van die praktiese teologie word 'n kort oorsig oor verskillende perspektiewe aan die orde gestel. Sodoende word sekere ontwikkelingstendense asook faktore wat hierby betrokke is geïdentifiseer.

Die debat insake die aard van realiteit kan teruggevoer word na die tyd voor die Verligting (Ball 2009:40). Realiteit was as gedeeltelik verborge beskou en kon slegs direk bereik word deur middel van tekens, simbole en natuurlike fenomene (Anderson 2001:15). Die era van Verligting wat hierop gevolg het, het bekend gestaan as die "Age of Reason" (Janse van Rensburg 2000:3). Die term "positivisme" is in hierdie tyd deur August Comte gemunt en dui daarop dat die mens die wêreld regeer deur rede en intellek (Janse van Rensburg 2000:3). As deel van die paradigma van die modernisme het praktiese teologie voortdurend vernuwe en verander. Kant het die teorie gestroop van objektiewe realiteit as 'n objek van filosofiese denke deur sy standpunt dat daar geen objektiewe kennis van realiteit buite die menslike ervaring bestaan nie (Anderson 2001:16). Schleiermacher, as die vader van die praktiese teologie, was instrumenteel tot uitbreiding van die praktiese teologie deur die instelling van 'n Protestantse leerstoel in die praktiese teologie (Immink 2003:15).

Die natuurwetenskaplike paradigma het tydens die negentiende eeu oorheers. Die rigting-gewende teorieë van Popper (kritiese realisme) en Kuhn (paradigma-teorie) het 'n wegbeweeg van 'n rasionalistiese model met as eis verifikasie/bewysbaarheid, meegebring (Louw 1999a:118). Gedurende die sestigerjare van die vorige eeu het 'n sterk na buite gerigte beweging ontstaan waar die kerk en die wêreld medebepalers van die kerk was (Immink 2003:16). Die resultaat was 'n praktiese teologie wat die wisselwerking tussen die kerk en die wêreld voorop stel (Immink 2003:16). In hierdie era kry die sosiale wetenskappe 'n selfstandige plek in die praktiese teologie. Die wisselwerking tussen kerk en samelewing dien as belangrike motief vir die hermeneuties en empiries georiënteerde praktiese teologie. Die rede is dat die teologie 'n menslike bedryf bly, sodat menslike ervaring en interpretasie 'n rol te speel het in die plek van empiriese momente in die proses van teologisering (Louw 1999a:119).

Die verskuiwing van pastorale teologie na praktiese teologie het onder leiding van Browning plaasgevind (Anderson 2001:25). Volgens Browning (1991:187) is die taak van praktiese teologie "... to examine theological understandings in the light of contemporary experience in order that their meaning within God's redemptive movement in the present can be developed and assessed". Die praktiese teologie is volgens Heyns en Pieterse (1990:13) 'n wetenskap in eie reg en bestudeer die objek van teologie, naamlik die mense se geloof en geloofsuitsprake oor God vanuit 'n bepaalde perspektief. Dit beteken dat die praktyk en teorie vervleg is. Heitink (1993:19) is oortuig dat dit in die praktiese teologie gaan om die handeling van God deur die diens van mense. Dit dui daarop dat God nie die objek van studie is nie, maar die menslike ervaring van God, naamlik die Christelike geloof (Heitink 1993:114). In hierdie studie word my gespreksgenote se ervaring van God te midde van die misbruik bestudeer.

Jeanine: *Ek is baie kwaad vir Hom. Hy het my verraai.*

Zoe: *Al my gebede dat dit moet ophou het nie gehelp nie.*

Karla: *God sou dit gekeer het as Hy vir my omgee.*

Anna: *Ek is moeg, besef ek. Moeg na liggaam en gees. Van God en mens verlate (Lötter 2004:166).*

Die aangesig en struktuur van religie is egter besig om te verander en die teologie sowel as die praktiese teologie moet hierop reageer (Ganzevoort 2009:2). Die problematiek word geskep deur onderliggende vrae ten opsigte van wat die teologiese taak behels, asook die konseptuele toerusting wat in die denkprosesse van die kerk gebruik word, asook in die kerk se “thinking about thinking” (Mudge 1987:xvi). Hierdie denke vra vir ’n rekonstruering van die verstaan van die verhouding tussen die teorie en praktyk van die teologiese taak, sowel as van die onderskeidings en konneksies tussen teoretiese en praktiese kennis wat in hierdie verhouding figureer.

Die historiese prosesse in die lewe staan egter nie stil nie omdat mense hulle behoeftes ervaar binne die pluralistiese situasie van ’n voortdurend veranderende sosiale konteks. Die veranderende omstandighede en onderskeibare probleme wat hiermee gepaard gaan, moet daarom verreken word in ’n teologie wat bewus is van sosiale en kulturele verskuiwings in die landskap van die samelewing van die tyd. Die gevolg is dat daar sekere paradigmatiese verskuiwings in die teologie plaasgevind het, soos aangedui deur Louw (1999a:21):

- Die skuif van ’n individuele benadering na ’n kontekstuele benadering,
- ’n Paradigmatiese verskuiwing weg van die oorsaak en verklaring van probleme na ’n hermeneutiese paradigma wat dui op die verheldering en verstaan van menslike probleme,
- ’n Beweging weg van kerugmatiese verkondiging na ’n narratiewe aanpak waar gefokus word op vertolking en storievertelling.

Müller (2004:294) stem saam met die basiese filosofie van hermeneutiek, maar voel ongemaklik met die hermeneutiese benadering tot teologie vanweë twee oorwegings:

- Hermeneutiek is onvoldoende in situasies waar kommunikasie voortdurend skeefgetrek word weens die gebruik van taal.
- ’n Klaarblyklike ontoereikendheid van die hermeneutiese benadering om teologie te voorsien van werklike kontekstuele uitkomst. Die teorieë vir praxis wat sodoende ontstaan het is verwyderd van die regte wêreld.

As teenvoeter hiervoor sluit Müller (2009b:4) aan by die verskuiwing weg van die *foundationalisme* na *post-foundationalisme*. Die *foundational* benadering neem 'n universele waarheid wat beskikbaar is vir almal as vanselfsprekend aan. Daar is dus slegs een teoretiese waarheid wat nagevolg moet word, wat daarop dui dat elkeen se waarheid die enigste waarheid is, en dus aan die individu 'n "God's eye view" bied (Müller 2009b:4). In teenstelling hiermee word die teen-*foundationalistiese* of diverse perspektief daargestel waarvolgens daar geen fundamentele waarhede is nie, maar slegs 'n diversiteit van opinies (Müller 2009b:5). Die *post-foundationele* benadering staan skepties teenoor eersgenoemde twee benaderings en word gekenmerk deur die dinamiek van bewustheid, die verweefdheid van vele stemme, die wisselwerking van sosiale praktyk sonder om die identiteit daarvan in te boet (Van Huyssteen 2006:19). Van Huyssteen, Schrag en andere gebruik die term "transversale rasionaliteit" om hierdie benadering te omskryf. Van Huyssteen (2006:19) definieer hierdie benadering as volg:

In this multidisciplinary use of the concept of transversality there emerge distinct characteristics or features: the dynamics of consciousness, the interweaving of many voices, the interplay of social practices are all expressed as *metaphor* that points to a sense of transition, lying across, extending over, intersecting, meeting, and conveying without becoming identical.

Hierdie verskuiwings bring mee dat die teologie navorsingsdoelwitte of kennis moet formuleer in 'n situasie waar radikale veranderings in die konteks van die wetenskaplike gemeenskap aan die orde van die dag is (Ulrich 2006:43). Dit is ook van toepassing op die ander subdissiplines van teologie (Ulrich 2006:43). Vir O'Brien (2009:371) is dit belangrik "... to relinquish our 'exclusive' holds on God and expand our prayer and our disciplined action, to embrace the entire provenance of God in society and creation". Sodoende word die grense van ander dissiplines soos psigologiese, sosiale, kulturele, politieke en antropologiese diskoerse ook nadergebring sodat hierdie velde gesien kan word as aangrensende terrein van die praktiese teologie. 'n *Post-foundational* praktiese teologie ontwikkel daarom alternatiewe interpretasies as "... that point beyond the local community" (Müller 2004:300).

In hoofstuk 2 word aangedui dat my navorsing geskied volgens die lesing op die prismatiese kompas van kwalitatiewe navorsingsepistemologie vanuit die narratief-pastorale paradigma. Die fokus in die studie bly dus hierop gerig, maar daar word gebruik gemaak van transversale rasionaliteit as epistemologiese strategie tot kennis. Vakgebiede soos die sosiologie, psigologie en fisiologie dien om die navorsingsterrein van hierdie studie verder te verhelder. Sodoende word gewaak teen vals negatiewe deurdat nuwere vorme van religie uitgesluit word weens die definiëring van religie wat gebaseer word op slegs die tradisionele vorme daarvan. Daar word ook gewaak teen vals positiewe wat geskep word wanneer vasgehou word aan tradisies wat dan gesien word as religie, selfs al is daar min transendensie of skakeling met die heilige.

Die voorrang en integriteit van die individu self, die kerk se werklike situasie, die konkreetheid van geleefde ervaring en politieke kwessies word deur praktiese teologie gehanteer (Mudge 1987:xxiii). Die hart van die praktiese teologie lê volgens Heyns en Pieterse (1990:i) in die dinamiese interaksie tussen teorie en praktyk, tussen praktiese-teologiese teorieë enersyds en die kerklike en geloofspraktyk andersyds. In die proses word die geloofshandeling van die mens onder die soeklig geplaas. Dit was egter Rolf Zeffass wat 'n wending in die paradigma en metodologie van die praktiese teologie vanaf die logiese wetenskapsteorie na 'n kommunikatiewe handelingsteorie aangekondig het (Van den Berg 2007:49). Na aanleiding hiervan som Osmer (2008:4) die take van praktiese teologie op as die deskriptief-empiriese; die interpreterende; die normatiewe en die pragmatiese taak. Vir Louw (1999a:567) word 'n wetenskapsmetodologie in die teologie aan die hand van die volgende dimensies van teologie omskryf: geloof wat via rasionaliteit kan verstaan (*fides quaerens intellectum*); metaforiese teologie en simboliek binne prosesse van dialoog en kommunikasie (*fides quaerens verbum*); geloof uitgedruk en gerealiseer in verskillende geloofshandeling (*fides quaerens actum*); en geloof wat mense sinvol op die toekoms rig met die oog op die antisipering van die teenwoordigheid van God (*fides quaerens spem*).

Die besondere fokus van die praktiese teologie is dus volgens Endres (2009:97) om die dinamika van spesifieke situasies te verken sodat tot die verstaan van die betrokke situasie gekom kan word. In hoofstuk 3 is aangetoon dat 'n betekenisvolle taal, hermeneuties gesproke, geskep word waar medenavorsers mekaar se wêreld betree. In die proses word gepoog om 'n konkrete situasie waarin in diens van God opgetree

moet word, te interpreteer en te verstaan. Geen wetenskap kan los staan van die werklikheid waarin die mens leef nie (Heyns & Pieterse 1990:11), daarom kom die aspekte van praktyk en teorie; die handelingswetenskap in diens van die Evangelie; sosiale konstruksie; hermeneutiek; die narratiewe benadering en die rol van empirie in prakties-teologiese navorsing vervolgens aan bod. Hermeneutiek lê op die terrein van al die geesteswetenskappe (Steyn 2008:249). Die hermeneutiese benadering het daarom belangrike implikasies vir die menswetenskappe, omdat alle verstaan 'n vorm van kommunikasie binne histories gesitueerde kontekste is (Dreyer 2003:315) en kom dus eerstens aan bod.

4.3.1 PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE ROL VAN HERMENEUTIEK

Die woord hermeneutiek is afgelei van die Griekse woord *hermeneuein* wat beteken om te interpreteer of te vertaal (Steyn 2008:249). Vir Brown (2012:112) is hermeneutiek definitief nie 'n metode nie, maar is "theory about the human phenomenon of understanding". Hermeneutiek het ten doel om (soos die praktiese teologie) te fokus op die konkretisering en toepassing van die heilsboodskap (Louw 1999a:98). Hierdie toepassing en verstaan kan volgens Steyn (2008:253) nie anders as om relasioneel en kontekstueel te wees nie. Osmer (2008:15) vergelyk die fokus van die praktiese teologiese interpretasie met 'n "living human web". Die verbindings tussen die drade dien as metafoer vir die band tussen individue, hulle families, gemeentes, gemeenskappe en die groter sosiale sisteme, soos aangedui in die vorige hoofstuk.

Volgens Anderson (2001:37) is praktiese teologie in wese 'n hermeneutiese teologie. Hermeneutiese verstaan en interpretasie is essensieel vir die verstaan van hoe bogenoemde interverwantskap funksioneer in die mens se alledaagse lewe (Percy 2009:185). Die wyer sosiale, kulturele, politieke en historiese kontekste moet dus betrek word in die aksie van prakties-teologiese navorsing sowel as in die doen van praktiese teologie (Sremac 2010:8). Effektiewe pastorale sorg moet die wyse waarop die tussenspel tussen die verskillende vektore van aksie, geskiedenis, kulturele tradisies en gedifferensieerde impak van mag die selfverstaan van 'n individu of 'n groep raak, in ag neem (Brown 2012:119). Metodologies beteken dit dat die sosiale konstruksionistiese perspektief, veral met die klem op die belang van die narratief, in staat moet wees om die prosesse betrokke by die misbruik van 'n dogter, te

interpreteer. Menslike gedrag en verstaan word gesien as 'n aktiewe proses van interrelasie en verstaan waardeur mense poog om die aard van hulle sosiale situasies te deurgrond (Sremac 2010:10).

Volgens Louw (1999a:18) het die verskuiwing van teorie na praxis in postmoderne denke 'n toenemende druk veroorsaak sodat praktiese teologie verplig is om te soek na die regte praxis: "ortopraxis binne kontekste". Konteks word enersyds saamgestel deur persone, verhoudings en strukture, sodat dit die bron van gebeurtenisse wat vra om geïnterpreteer te word, vorm. Andersyds dien konteks as bron van moontlike singewing. Dit stel die praktiese teoloog in staat om 'n unieke en noodsaaklike rol binne die proses van teologiese refleksie en ontwikkeling te speel. Die taak van die praktiese teologie is dus "locating itself within the diversity of human experience, making its home in the complex web of relationships and experiences that form the fabric of all that we know" (Swinton & Mowat 2006:3).

4.3.2 PRAKTIESE TEOLOGIE: PRAKTYK EN TEORIE

Hierdie konsepte kom aan bod wanneer gereflekteer word op die krisis van die kerk ten opsigte van 'n modernistiese paradigma. Die praktiese teoloog het volgens Ganzevoort (2007:23) "... geen moegelykheden om de normatiewe vragen buiten de praxis om te beantwoorden en kan zich in die zin op geen enkele autoriteit beroepen". Volgens Louw (2008:107) het die praxis te doen met verstaan/interpretasie; kommunikasie/verbalisering; optrede; hoop; verbeelding en insig. Dit is almal praktiese werkwoorde wat dui op die rede of bedoeling van menslike aksies sowel as die norme en waardes wat die aksies beïnvloed. Barth (Anderson 2001:15) het alle pogings om teorie en praxis teenoor mekaar te plaas, teengestaan. Heyns en Pieterse (1990:33) pleit ook dat praxis en teorie nooit teen mekaar afgespeel mag word nie. Anderson (2001:15) sluit as volg hierby aan: "Understanding of Christ as the light of life can be understood only as a theory which has its origin and goal in praxis".

'n Dualisme tussen teorie en praktyk moet egter ten alle koste vermy word aangesien beide teorie en praktyk noodsaaklike dimensies is van kennis, die lewe en ervaring (Russell & Lyon 2011:24). Teorie dra by tot die beskerming van die misterie van die ontmoeting tussen God en die mens en dien as "werkhypotesen" wat betekenis gee aan

die ervarings in hierdie lewe (Schuurman 2010:2). Daar bestaan nie so iets soos suiwer teorievorming nie omdat alle teorieë uiteindelik histories en samelewingsbepaald is (Pieterse 1993:174). Praktiese teologie is tegelyk praktyk en teorie, daarom word in die prakties-teologiese wetenskaplike proses aangesluit by die *practical wisdom* benadering van Browning (1991:34). Hy beweeg weg van basiese teorie (*theoria*) en praktiese teorie (*techné*) deur aansluiting te vind by die begrip *phronēsis* (Browning 1991:2-4). Die idee van *phronēsis* bied volgens Müller (1996:4) 'n inklusiewe denkraamwerk om verskillende teorieë te operasionaliseer. *Phronēsis* bring verder mee dat abstrakte beginsels nie toegepas word op konkrete situasies nie (Browning 1991:39). Volgens Percy (2009:190) moet erkenning gegee word aan die feit dat praktyk teorie vorm en dat teorie ook praktyk vorm deurdat "... practices are what we become as we are set in motion in the space of doctrine". Percy (2009:191) beskryf praktyk as die resonanse van God se betrokkenheid by die wêreld, daarom moet die teologie altyd in diepe dialoog met die praktyk verkeer.

Wanneer praktiese teologie ter sprake kom, verduidelik Heitink (1979:18) die verhouding tussen teorie en praktyk in 'n bipolar benadering as "die vorm van teologie, die in de onderscheiding van die bijbelse en systematiese teologie de praxis as 'locus theologicus' heeft". Heitink identifiseer hierdie benadering as 'n vorm van politieke teologie omdat teorie en praxis geen primaat bo die ander het nie. Furet (Heitink 1979:19) gebruik die term *praxeologie* om 'n teologiese handelingswetenskap aan te dui. Deurdat wegbeweeg word vanaf die dualistiese benadering waar teorie enersyds geformuleer en andersyds in die praktyk toegepas word, tree praktiese teologie as volwaardige vennoot toe tot die kring van die geesteswetenskappe (Müller 1996:2-3).

Praxis dui volgens Pieterse (1993:173) op gereflekteerde praktyk. Wat teologie prakties maak, is volgens Anderson (2001:11) "not the fitting of orthopedic devices to theoretical concepts in order to make the walk". Barth (Anderson 2001:14) weeg praktyk en teorie as volg teen mekaar op: "Praxis and theory, Church and theology, love and knowledge, simply cannot be set over against one another in (an) abstract way". Die *locus theologicus* van die praktiese teologie word as volg deur Ganzevoort (2007:23) saamgevat:

Wat my betref moet we sijn waar de actie is: bij de botsende verhale over God, de religieuse spanningen in en tussen tradities, en de religieuse aktiviteit van mense en groepe die zich op hun eigen wijze verhouden tot het heilige.

Die praxis wat die praktiese teologie bestudeer, is volgens Pieterse (1993:172) die kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie.

4.3.3 PRAKTIESE TEOLOGIE AS 'N KOMMUNIKATIEWE HANDELINGS- WETENSKAP IN DIENS VAN DIE EVANGELIE

Habermas ontwikkel die konsep van kommunikatiewe handelinge vanuit sy oortuiging dat die toekoms bepaal sal word deur die effektiewe wyse waarop beperkings op kommunikasie verwyder sal word en dat dit heelwat probleme in die wêreld sal oplos (Janse van Rensburg 2000:81). Ten einde die kommunikatiewe handelingsparadigma van Habermas in die praktiese teologie van toepassing te maak, gebruik Heitink 'n paradigma wat gefokus is op kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie (Heitink 1979:19). Praktiese teologie word in hierdie verband deur Heitink (1979:19) omskryf as: "een wetenskap ... die het *gebeuren* tussen God en mens, voorzover dat geschied in het spanningsveld van tussenmenselijke relaties, naar zijn strukturen en funksies ondersoekt". Die geloofshandelinge van die mens is gegrond in God se handelinge met die mens in die verlede, die hede en die toekoms (Heyns & Pieterse 1990:42). Dit gaan hier oor die kommunikasie van die Evangelie in verskillende situasies met verskillende handelinge van die kerk, soos onder andere prediking, viering van die heil van die erediens en pastorale sorg (Pieterse 1993:2). Louw (1999a:103) kwalifiseer dat kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie betrokke is in die ontmoetingsgestaltes en -gebeure van die heil.

Die Christelike praktyk van kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie kan aan die slagoffer van misbruik 'n konteks bied waar sy ander kan ontmoet, saam met hulle kan leef en van hulle kan leer wat 'n ontmoeting met God behels. Volgens die paradigma van kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie van Pieterse (1993:5) neem God alle inisiatief in die werklikheid en die praxis van God. Tussen die spreke van God deur die Gees en die pastorale vertolking bestaan 'n teologiese ruimte

waarin die mens nie anders kan as om te kommunikeer nie (Pieterse 1993:5-6). Die totale omgang, verhoudinge, reaksie en optrede in woord en daad tussen gelowiges word deur die kommunikatiewe handeling in diens van die Evangelie uitgedruk (Pieterse 1993:7). Vir Russell en Lyon (2011:18) gaan praktiese teologie fundamenteel oor hoe die mens dienswillig deel word van God se doel vir die wêreld. Uiteindelik gaan dit oor die gemeenskap tussen mense gesentreer om die Woord van God soos gefundeer in 'n eskatologiese hoop wat die toekoms onthou (Mikoski 2008:349). Die konkrete werklikheid van die mens se situasie moet daarom in berekening gebring word.

4.3.4 PRAKTIESE TEOLOGIE EN SOSIALE KONSTRUKSIONISME

In teenstelling met die Carteaanse objektiwiteit, word wetenskapsbeoefening hier gekenmerk deur kontekstualiteit en pluralisme (Brueggeman 1993:8-9). Praktiese teologie vereis volgens Bass en Dykstra (2008:13) stereoskopiese aandag aan beide die persoonlike en gemeenskapslewe. Gelowiges is ingebed in voortdurend veranderende sosio-kulturele omgewings wat 'n impak het op die beoefening van praktiese teologie. Jones (2009:125) stel die belang van sosiale konstruksionisme as volg:

Our senses, our feelings, and our ways of engaging life are culturally and historically structured. We do not have some singular human nature that is the same in all time and all places, but rather we are in great part made up of the practices, the relations, the form of life and the times of which we are part.

Binne die konteks van teologiese refleksie, as die mens se poging om die teenwoordigheid van God op so 'n wyse uit te druk dat lewensbetekenis kontekstueel geopenbaar en ontdek word, is praktiese teologie beide 'n hermeneutiese en kommunikerende onderneming (Louw 2008:107). Sosiale konstruksie kan nie die ervaring van die mens verstaan sonder 'n dialoog met die teologie nie (Sremac 2010:7). Praktiese teologie moet die elemente van identiteit en ervaring van die gespreksgenote (in hierdie studie die adolessente dogters wat misbruik is) wat hoofsaaklik geraak word deur die sosiale diskoers, aanspreek. Die self, veral die religieuse self, kan nie

onafhanklik van die sosiale konteks bestaan of verstaan word nie. Hierdie konteks is nie net daar buite nie, maar leef volgens Russell en Lyon (2011:21) in en deur die mens, gebruik die mens en absorbeer die mens terwyl hy/sy poog om dit te interpreteer en iets daaraan te doen. Praktiese teologie het daarom volgens Russell en Lyon (2011:21) deel in 'n lewendige, voortdurend intersubjektiewe voedingsbodem.

4.3.5 PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIE NARRATIEWE BENADERING

Daar is volgens Ganzevoort (2012:214) ten minste drie dimensies in narratiewe benaderings te vind. Die eerste dimensie maak gebruik van narratiewe vorme soos gevind in praktiese bediening en religieuse kommunikasie, soos prediking en pastorale sorg. Die tweede behels empiriese analise en dekonstruksie van religieuse subjektiwiteit wat inherent narratief is. Die derde bemagtig gemarginaliseerde stemme deur 'n gehoor te skep vir hulle verhale. Hierdie drie dimensies is vervleg, wat dit onmoontlik maak om 'n eenvoudige beskrywing van narratiewe benaderings te bied. Die primêre fokus van 'n narratiewe benadering is egter mense se uitdrukking van hulle ervarings van die lewe (White 1997:elektroniese bron) waardeur hulle vorm gee aan hulle lewe en hulle lewe organiseer (Hauerwas & Jones 1989:2). Dit gaan hier oor kontekstuele ervarings wat 'n narratiewe vorm aanneem (Müller 1996:3). Hauerwas en Jones (1998:2) vat die tesse van die narratiewe teologie as volg saam:

Narratives function to sustain the particular moral identity of a religious (or secular) community by rehearsing its history and traditional meanings, as these are portrayed in Scripture and other sources. Narrative shape and sustain the ethos of the community. Through our participation in such a community, the narratives also function to give shape to our moral characters, which in turn deeply affect the way we interpret or construe the world and events and thus effect what we determine to be appropriate action as members of the community.

Die narratiewe benadering dra by tot 'n beter verstaan van die konsep van kommunikatiewe handeling sowel as dié van *phronēsis*. Dit bring 'n inklusiewe denkraamwerk mee vir die nuttige gebruik van informasieteorie; krisisteorie; spelteorie; algemene kommunikasieteorie en die algemene sisteemteorie (Müller 1996:4). Die

narratief dien dus as 'n "way of knowing" (Dreyer 2003:313) en bied die taal waarmee persoonlike identiteit gespesifiseer word (Thiemann 1989:320). Dit gaan dus oor 'n samehang tussen verlede, hede en toekoms. Dít is waarmee die verhalende navorser werk en nie met objektiewe waarhede nie.

Taal speel 'n sentrale rol in die konstruksie van die gespreksgenoot se sosiale realiteit. Ricoeur (Dreyer 2003:325) onderskei tussen die "sense of the narrative" en die "referent of the narrative". Die "sense" verwys na die immanente betekenis van die narratief as die interne sisteem van kodes en reëls wat te doen het met die taalkundige betekenis van begrippe. Die assosiasies wat gepaard gaan met die gebruik van taal is ook hierby ingesluit. 'n Narratief het ook 'n "referent" wat dui op die betekenis in die narratief wat terugverwys na die verlede en vorentoe projekteer op die toekoms (Dreyer 2003:325).

Die sosiaal-gekonstrueerde orde waarbinne die mens "... think and move and have our being" (Vanhooser 2003:13) word aangedui deur taal. Probleme ontwikkel wanneer mense die sosiale gesprekke wat hulle inperk toelaat om hulle te beperk tot 'n "... narrow description of self" (Freedman & Combs 1996:48). Elke taalwêreld ontwikkel 'n eie woordeskat en die taalgrense van elke wêreld moet gerespekteer word. Bird (2000:xii) gebruik die term "living respect" en sê: "It is within this environment of living respect that we can direct our hearts and minds towards an engagement with the complexities of people's lived experience".

Volgens Landman (2010:elektroniese bron) dui die hermeneutiek op die mens se betrokkenheid by sy/haar wêreld soos gekenmerk deur persoonlike singewing waardeur gebeure of verhoudinge 'n persoonlike betekenis kry. Die hermeneutiese perspektief sien alle menslike taalsisteme, insluitende teologie, as pogings om die misterie van wat buite menslike verstaan lê te penetreer en sin te maak daarvan (Gerkin 1984:19). Die sentrale doel van narratiewe terapie is juis om die gespreksgenoot van die probleemgevulde beskrywings van sy/haar lewe en verhoudings te skei (White & Epston 1990:39). Hierdie skeiding vind plaas in die vorm van eksternalisering sodat die probleem as die probleem gesien word en nie die mens nie. Sodoende word 'n nuwe verstaan en alternatiewe weë vir die konstruering van sosiale rolle en verhoudings gefasiliteer (Muntgli 2004:138). Die daarstelling van alternatiewe verhale wat sodoende geskied, dien om hoop te bied vir iemand wat hom-/haarself in 'n vasgeloopte verhaal

bevind. In die narratiewe benadering val die klem daarom op aksie en nie op die probleem nie. Die eie lewenstorie verkry sin in intersaksie met die stories van ander.

Hierdie verhale speel 'n belangrike rol in die pastorale proses. Dit gaan in die narratiewe pastoraat primêr oor die gesprek oor God in aansluiting by die wyse waarop God binne die geloofstradisie in verhale, simbole, rites en gebruike verwoord word (Ganzevoort & Visser 2007:219). Die doel daarvan is die "... onder woorden brengen wat ons te boven gaat aan vreugde en verdriet met behulp van beeldende en verhalende taal vanuit de Schrift en de geloofstraditie om vorm en rigting geven aan ons leven" (Ganzevoort & Visser 2007:219). Die Evangelieverhaal kan uiteindelik 'n impak op die geïnterpreteerde menslike realiteit hê sodat die verhaal van die gespreksgenoot oopgebreek kan word vir herinterpretasie en transformasie (Gerkin 1986:68). Die volgende belangrike afleiding oor die ontstaan van die postmoderne narratiewe posisie word deur Gergen (1991:108) gemaak:

If texts do not derive their persuasive power from "the ways things are", but from textual maneuvers, then attention must be directed to the "world as represented". The rhetorical techniques of representation, of constructing the world, have a critical and often unwitting impact on social life. Our understandings become subject to the maneuverings of metaphor, narrative form, plain talk, irony and the like.

Daar kan dus nie sprake wees van absolute feitelike gegewens nie. Woorde het daarom 'n relatiewe betekenis tot die taalsisteem waarin dit funksioneer. Dekonstruksie dien dan om na versteekte betekenis van tekste te kyk en nuwe moontlikhede in die vorm van alternatiewe verhale beskikbaar te stel (Dill & Kotzé 1997:21). Die idee om te soek na verborge betekenis (dekonstruksie) kom van die werk van Jacques Derrida (Derrida 1997:100) en Michael Foucault (Foucault 1988:1). Derrida wou in sy dekonstruksie die tradisie wat die Westerse denke gedomineer het, en wat die "roots of understanding" (Kotzé & Kotzé 1997:37) vorm, ongedaan maak en terselfdertyd van die gereedskap van hierdie tradisies gebruik maak. Hoe inligting ingewin word deur middel van die proses van dekonstruksie aan die hand van die dekonstruktiewe luister vir unieke uitkomst, eksternalisering en die ontdek van landskappe van aksie en bewustheid, sal in die volgende hoofstuk aan die orde gestel word.

Ek maak in hierdie studie gebruik van die metodologie van induktiewe navorsing deurdat 'n in-diepte bestudering van slegs 'n paar individue deur middel van onderhoudvoering gedoen word. Inligting word dus verkry “uit die materiaal uit” (Heyns & Pieterse 1990:81). Aangesien enige wêreldsiening egter gefiltreer word deur die lense van taal, geslag, sosiale klas, ras en etnisiteit kan die kwalitatiewe navorser gebruik maak van enige strategie asook metodologiese en empiriese materiaal wat beskikbaar is (Denzin & Lincoln 1998:3). Die empiriese dimensie van prakties-teologiese navorsing word daarom vervolgens aan die orde gestel.

4.3.6 DIE ROL VAN EMPIRIE IN PRAKTIES-TEOLOGIESE NAVORSING

Die objek van praktiese teologie, naamlik Christelike religieuse praxis, bepaal die fokus en die grense van empiriese navorsing in praktiese teologie (Pieterse & Dreyer 1993:31). Ek verwys in ooreenstemming met Louw (1999a:119) na “empiriese momente” in die prosesse van praktiese teologie. Van der Ven (1993:121) vra hier vir 'n dialektiese tussenspel tussen teologiese persepsie en teologiese refleksie in die induktief-teologiese fase van empiriese navorsing. Teologiese persepsie dui eerstens op 'n toevallige en sistemiese persepsie waar observering gedoen word in 'n hermeneuties-kommunikatiewe praxis sonder 'n vooraf opgestelde kategorie-sisteem. Tweedens dui persepsie op 'n nie-deelnemende praxis waar sosiale interaksie op 'n lae vlak van betrokkenheid geskied. 'n Derde dimensie dui op 'n kovertse wyse van observering waar die subjek wat nagevors word nie die identiteit van die navorser ken nie. Die self-perspeksie van die navorser vra 'n introspeksie van haar lewens en religieuse geskiedenis sowel as haar professionele pastorale ervaring. Die daad van refleksie vereis volgens Van der Ven (1993:123) dat die navorser oor 'n sinoptiese kennis van die teoretiese sowel as empiriese literatuur relevant tot die navorsingsarea moet beskik. Die *Aksie*-fase van die ABDCE- navorsingsbenadering fokus op die “nou” ten opsigte van wat besig is om te gebeur. Dit is alleen moontlik as daar 'n empiriese insig is in mense en die aksie waarby hulle betrokke is (Botha 2004:11). Die teoretiese oorsig so verkry, is nuttig vir die naspoor van die skopus van die probleem wat nagevors word en sal bydra om die elemente van ondersoek wat hieruit voortvloei te identifiseer.

Volgens Louw (1999a:119) sou 'n pastorale hermeneutiek kwalik sonder 'n "empiriese moment" kon funksioneer wanneer die geloofskwaliteite en Godsvoorstelling van die mens noukeuriger ontleed word. Wanneer die praktiese teoloog observasies maak en inligting inwin ten opsigte van 'n situasie, poog hy/sy om die vraag "Wat is besig om te gebeur?" te antwoord (Osmer 2008:33). Dit gaan hier egter nie net oor die insameling van inligting tydens problematiese situasies nie. Dit het te doen met die kwaliteit van aandag wat die pastor aan die betrokke mense en hulle ervaring van die gebeure in hulle lewens, gee (Osmer 2008:33). Louw (1999a:118) waarsku egter "... wanneer teologie geloof inruil vir empirie, verwar teologie sy unieke karakter (as verstaan en vertolking van die sin van die heilsboodskap/God se heilsword vir die menslike bestaan in die skepping) met algemene handelingswetenskaplike modelle in die geesteswetenskappe en word teologie: psigologie, sosiologie en kommunikasiekunde". Die definiëring van die taak van die praktiese teologie deur Russell en Lyon (2011:13) dien hier as belangrike kontouer om verwarring te voorkom:

- Om God se teenwoordigheid (en afwesigheid) soos ervaar deur individue, gelowige gemeenskappe en oorgedra deur geskrewe en mondelinge getuienis te interpreteer.
- Om die mens se uitdrukkings van sy teenwoordigheid en afwesigheid in die wêreld krities te interpreteer. Teologie moet egter ook daardie ervarings wat nie uitgedruk word nie, maar wat tog die waardes, standpunte en aksies van individue en gemeenskappe beïnvloed, ontdek.
- Teologie moet gebruik maak van die menslike rede, kennis en verbeelding ter verheldering en integrasie van die aansprake en ervarings van mense. Sodoende word bygedra tot hulle formulering van 'n beeld van God wat toepaslik vir die tradisie en die gemeenskap is.

Praktiese teologie is dus voortdurend besig met die evaluering van Christelike aksie ten einde maniere te vind om die Evangelie meer effektief uit te dra, wat dui op die gedeelde grondgebied van die praktiese teologie.

4.3.7 PRAKTIESE TEOLOGIE: 'N GEDEELDE GRONDGEBIED

O'Brien (1009:367) beskryf die gedeelde grondgebied as "the concrete, contextually situated faith life, in which narrative, interpretation, *savoir-fair*, perception, praxis, signification, and reflection are interlocked". Religie dien as die eerste parameter van die gedeelde grondgebied van hierdie vakgebied en dui op die gesindheid van beide God en mens wat die kwaliteit en die menswaardigheid van die mens bepaal (Louw 2005:17). In die keuse van gesindheid en posisie skuil daar 'n diepe religieuse motief (Louw 2005:17) en word vervolgens aan die orde gestel.

4.3.7.1 Religie

Religie is volgens Heitink (1990:118) 'n wesenlike dimensie van die menslike bestaan. Ganzevoort (2009:6) definieer religie daarom as "... een transcenderend patroon van betekenisgeving dat opkomt uit en bydraagd aan de relatie met wat voor heilig wordt gehouden". Religie dien dus as die kumulatiewe tradisie van die verskillende uitdrukkings van geloof (Ganzevoort 1994a:23). Beide religie en identiteit is betrokke by reaksies op die feite van die lewe. Religie is volgens Schuurman (2010:2) relasioneel, eksistensiëel, eties en intellektueel en het te doen met die beliggaming van religie in die aangesig van die alledaagse lewe, sowel as die krake in hierdie lewe.

Louw (2008:194) onderskei tussen institusionele religie wat te doen het met teologie, seremoniële en ekklesiastiese organisasie, sowel as persoonlike religie wat handel oor die mens se innerlike ingesteldheid, naamlik gewete, hulpeloosheid en onvoltooidheid. Die mens se interpretasie van gebeure in die lewe word gevorm en gestruktureer deur die persoonlike narratief. Beide geloof en ongeloof is deel van die sentrale storielyne van mense se lewens en bied die antwoord op die vraag aangaande die verhouding tussen God en hulle lewens (Ganzevoort (1994:24). Verder dien beide geloof en ongeloof as religieuse gesindhede wat geraak kan word deur trauma of krisis. In hierdie studie kom die persoonlike en eksistensiële gevolge van genade in die vorm van eskatologiese hoop aan bod.

Ganzevoort (2009:3) vergelyk praktiese teologie met 'n pelgrimstog waar alle projekte in praktiese teologie uiteindelik fokus op religie, ongeag of dit geskied op die vlak van die

fenomeen wat bestudeer word, of op die vlak van teologiese refleksie. Die heilige is die sentrale punt waarom die mens se lewe graviteer en 'n teenwoordigheid wat eerbied en passie sigbaar maak: "To be human is to be religious" (Fowler 1991:3). Ganzevoort (2009:3) is van mening dat die "... core subject matter the transcending patterns of action and meaning embedded in and contributing to the relation with the sacred" is. Ganzevoort (2009:3) kwalifiseer die gedeelde grondgebied van die praktiese teologie dus verder as geleefde religie.

4.3.7.2 Geleefde religie

Goodall (2009a:96) beskryf die reis van diegene wat trauma oorleef het as volg: "From illusion, denial and anger as first responses, through to apathy and humor as defences, people eventually found inner peace in the spirituality of religion, art and music". Die veronderstelling is dat religie kan dien as inisiëring van vergifnis en om aan te toon dat die oortreder die skuld dra vir die gebeure en nie die slagoffer nie. Religie impliseer ook gebed en die geleentheid om met God te kommunikeer sodat die slagoffer haarself en die oortreder kan vergewe. Ondersteunende religieuse groepe bied die geleentheid vir versterkende meelewing deur 'n portuurgroep wat dieselfde ervarings meegemaak het. Wanneer misbruik plaasgevind het in 'n gesin wat religie as lewensleuse uitleef, word die slagoffer se Godsbeeld en haar vertrouwe in religieuse mense egter aangetas. Ander faktore wat hier 'n rol speel, is die gesindheid, gesins agtergrond en individuele karaktereenskappe van die slagoffer, soos aangetoon in die vorige hoofstuk. Die rol wat religie speel in die doen van praktiese teologie word hierdeur geraak. Die studie van religie, teologie ingesluit, gebruik drie verskillende tipes materiaal, met drie korrelerende benaderings en dissiplines (Ganzevoort 2009a:3).

"Teks", as die eerste materiaal, is die tekstuele bron van 'n religieuse tradisie. Hierdie materiaal is sentraal tot die "religions of the book" (Ganzevoort 2009a:3), maar kom ook pertinent in die dominante oosterse religieë voor. Die dominante vraag ten opsigte van die teks gaan oor wat dit poog om te sê, hoe dit verstaan word in verhouding tot ander tekste, opvattinge oor die goddelike, en menslike ervaring (Ganzevoort 2009a:3).

Die tweede materiaal dui op "idee" as die konseptuele en/of doktrinêre strukture wat poog om uit te druk wat ons kan dink, of nie kan dink of sê oor die verhouding met die

goddelike nie. Die dominante vraag is hier of sekere sienswyses van die religieuse tradisie houdbaar is in verhouding tot mekaar, met die menslike ervaring en met die tekstuele agtergrond van die bronne van die religieuse tradisie (Ganzevoort 2009a:4). Die metodes wat hier gebruik word, is hoofsaaklik filosofies.

“Praxis” of geleefde religie as derde materiaal dui op die aksies en betekenis wat werksaam is in die lewenswyses van mense, en wat mense in ontmoeting bring met die goddelike deur met hulle in interaksie te verkeer. Die dominante vraag gaan oor wat besig is om te gebeur en hoe die mens meer toegerus kan word ten opsigte van die bronne van religieuse tradisie en die idees oor die goddelike betrokkenheid. Die metodes hier ter sprake stam hoofsaaklik af van die sosiale wetenskappe en pedagogie en hierdie dissipline word dan deur Ganzevoort as praktiese teologie gesien.

Vir Ganzevoort (2009a:4) is geen teks moontlik sonder idees of praxis daaragter, daarinne of wat ingeroep word nie; geen idee sonder die bronne en reperkussies van die praxis nie en geen praxis sonder bronne en inherente idees nie. Dit bind die teologie saam, selfs al is die materiaal en metodes wat gebruik word divers van aard. Die bydrae van praktiese teologie begin met die eksplorasië en verstaan van geleefde religie. Verder tree die religieuse bronne soos die Bybel en religieuse idees soos doktrines tot die spel toe in soverre hulle direk verwant is aan die praxis en selfs ontstaan vanuit die praxis. Ten einde as praktiese teologie geïdentifiseer te word, is dit nodig dat die fokuspunt steeds praxis en geleefde religie bly.

4.3.8 PRAKTIESE TEOLOGIE GEDEFINIEER

Vanuit 'n Amerikaanse perspektief wys Osmer (2008:4) daarop dat daar vanaf die 1960's 'n nuwe verstaan en ontwikkeling in praktiese teologie duidelik geword het. Hierdie nuwe benadering dui daarop dat:

Praktiese teology constructs action-guiding theories of Christian praxis in particular social contexts based on four interrelated forms of research and scholarship – the descriptive-empirical, the interpretive, the normative, and the empirical”.

Müller (1996:5) omskryf praktiese teologie as "... die sistematiese-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofs-gemeenskap, teologies te verhelder en te vernu". Louw (1999b:268) verstaan dat praktiese teologie reflekteer op, en betrokke is by die diskoers aangaande die bewustheid van God en die uitleef van geloof in 'n dinamiek en wisselwerking tussen persoonlike behoeftes, sosiale konteks en verwagtings ten opsigte van die betekenis van die lewe.

Anderson (2003:22,31) interpreteer praktiese teologie as die dinamiese proses van reflekerende, kritiese afvra, in die praxis van die kerk in, oor God se doel vir die mensdom. Hierdie invra word uitgevoer in die lig van die Christelike Skrif en tradisies en wat in kritiese dialoog met ander kennisbronne verkeer. Die dissipline van praktiese teologie ontstaan as 'n refleksie op die reddende aksies van God-in-die-wêreld en die menslike ervaring wat ontstaan in respons op hierdie aksies. Swinton en Mowat (2006:6) sluit as volg hierby aan: "Practical Theology is critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world, with a view to ensuring and enabling faithful participation in God's redemptive practices in, to and for the world". In 'n Suid-Afrikaanse konteks word klem enersyds geplaas op die hermeneutiese en andersyds op die betekenis van konteks (Van den Berg 2007:52).

Praktiese teologie kan volgens Brown (2012:112) onder andere beoefen word deur 'n groep gelowiges, waarvan sommige dakloos is, waar hulle besig is om te aanbid in 'n stedelike kunste sentrum. Hulle kan gelei word deur 'n pastor wat leke predikers oplei in 'n landelike dorpie, of deur 'n professor aan 'n universiteit wat besig is om 'n nuwe teorie oor Christelike opleiding te ontwikkel. In elke geval is praktiese teologie "that field of theological inquiry and practice that seeks critically to discern and respond to the transforming activity of God within the living text of human action" (Brown 2012:112).

Praktiese teologie is 'n term wat volgens Miller-McLemore (2012:103) gewoonlik gebruik word in Christelike teologie "... for a general way of doing theology concerned with the embodiment of religious belief in the day-to-day lives of individuals and communities". Die tematiese onderwerp van praktiese teologie sluit dikwels generiese woorde wat beweging in tyd en plek suggereer in, byvoorbeeld aksie, praktyk, praxis, ervaring, situasie, gebeurtenis en optrede. Die onderwerp van praktiese teologie word ook

geassosieer met aksie geöriënteerde religieuse woorde soos vorming, transformasie, dissipelskap, getuienis, bediening en sendingwerk (Miller-McLemore 2012:103). Praktiese teologie is uiteindelik normatief en eskatologies geöriënteerd deurdat dit nie slegs beskryf hoe mense lewe as gelowiges in gemeenskappe en die samelewing nie. Dit oorweeg ook hoe die mens in groter volheid in en verby hierdie lewe en wêreld kan lewe.

Met hierdie definisies in gedagte, word eerstens oorgegaan tot 'n bestudering van adolessente spiritualiteit in 'n postmoderne konteks as vertrekpunt vir 'n teologiese antropologie. Wanneer met die slagoffers van misbruik in gesprek getree word, moet daarom gepoog word om soveel as moontlik van hierdie populasiegroep te weet en te verstaan. In die vorige hoofstuk het die konsepte van adolessensie, misbruik en die impak van misbruik op die slagoffer daarom aan bod gekom. In hierdie hoofstuk is dit egter belangrik om die soeklig verder te rig op die veld van die teologiese antropologie sodat slagoffers, as skepsels van God, in hierdie lig gespieël en verstaan kan word. Dit is nodig dat eerstens gekyk word na adolessente soos wat hulle 'n adolessente spiritualiteit in die postmoderne era beleef met die doel om “a practical theological anthropology with pastoral implications” (Van den Berg 2007:2) daar te stel.

Die persepsie bestaan dat adolessente “... *consumers* of theology rather than people who help *construct* religious discourse” is (Dean 2001:30). Die mens se lewensgerigtheid word volgens Louw (2005:18) bepaal deur:

... the way one thinks is intimately related to the way one lives, whether in Christ, in the Spirit and by faith, or alternatively in the flesh, in sin and in spiritual death. A man's thinking and striving cannot be seen in isolation from the overall directions of his life; the latter will be reflected in the aims he sets himself.

4.4 ADOLESSENTE SPIRITUALITEIT IN 'N POSTMODERNE KONTEKS

Realiteit word in 'n postmoderne wêreld gesien as sosiaal-gekonstrueerd en bring 'n onstabieleit in die konsep van betekenis mee (Phillips 1995:254). Selfs in teologie maak verskillende “Christelike” teologieë aanspraak op etlike weersprekende meta-

narratiewe. Die meta-narratiewe van ander religieë maak in dieselfde mate aanspraak op die waarheid (Phillips 1995:254). Pluralisme vereis hier 'n verdraagsaamheid ten opsigte van alle sienswyses op grond daarvan dat geeneen die absolute waarheid is nie (Phillips 1995:258). In die proses word inbeweeg in die meta-teoretiese komponente soos norme, waardes en geloofsoortuigings wat 'n rol speel in geloofsgedrag, religieuse simbole en metafore, asook die ontwikkeling van spiritualiteit (Louw 1999a:12).

Verskeie skrywers oor spiritualiteit (nie Christelike spiritualiteit nie) bied verskillende oplossings om die spirituele leemtes in die lewe van die mens in die postmoderne era te vul. Die gewildste temas handel oor spiritualiteit, inspirasie en hoop (Downey 1997:6). Die term "spiritualiteit" kan hier verskillende praktyke aandui, naamlik naturopatiese medisyne; produkte wat 'n "goed-voel" spiritualiteit aanbied; die New Age beweging; Oosterse wysheid; die teenwoordigheid van die heilige in die aarde, bo-natuurlike lewe en die elemente; selfhelp-bewegings soos die Twaalf Stappe van Alkoholiste Anoniem en die feministiese spiritualiteit (Downey 1997:8-11). Spiritualiteit is dus in die eerste plek nie begaan oor religieuse opvattinge nie, maar oor die "*experience of the sacred precisely as experience*" (Downey 1997:8). Spiritualiteit geskied daarom:

... wherever we struggle with the issue of how our lives fit into the greater cosmic scheme of things... An idea or practice is "spiritual" when it reveals our personal desire to establish a felt-relationship with the deepest meanings or powers governing life (Coleman 2006:303).

Die afleiding kan gemaak word dat spiritualiteit begin en gekoester word in die lewe en ervaring van die alledaagse man, vrou of adolessent, of hulle religieus is, al dan nie. Die fenomeen van spiritualiteit oorspan dus in terme van die "geleefde lewe" of "ervaring" religieuse, kulturele sowel as nasionale grense (Kourie & Ruthenberg 2008:76). Dit is hier belangrik om daarop te let dat die mens 'n spirituele wese is en dus nie volledig objektiveerbaar nie, veral wanneer dit gaan om die dinamiese verband tussen spiritualiteit en die menslike soeke na sin (Louw 1999a: 156).

'n Postmoderne tiener soek na 'n manier om betekenis te genereer na die val van meta-narratiewe in die postmoderne era (Bouma 2011:2). Die millennium-generasie is dus baie geïnteresseerd in die spirituele omdat hulle wil sin maak van 'n gefragmenteerde

wêreld (Bouma 2011:2). Hulle is skerp bewus van die spirituele leemte in hulle lewe, maar identifiseer nie met een religieuse tradisie nie, is minder geneig om 'n plek van aanbidding te besoek en onderskryf nie sommer die credo van 'n dominante wêreldreligie nie (Collins-Mayo 2010:1). Postmoderne soekers word sodoende die versamelaars van religieuse idees en ervarings en kombineer dikwels idees van verskillende religieë in 'n persoonlike credo of 'n spirituele laslappiekwilt. Die postmoderne jeug word dus gelaat met 'n verskeidenheid mikro-narratiewe soos aangedui deur die woorde van die liedjie *Same direction* van Hoobastank (Mueller 2006:108).

So why does there only have to be one correct philosophy?
I don't want to go and follow you just to end up like one of them.
And why are you always telling me what you want me to believe?
I'd like to think that I can
Go my own way and meet you in the end.

Dit is dus moeilik om te bepaal hoe, en watter adolessente by godsdiens betrokke raak. Konteks speel 'n rol in die lewe van die bekeerling deur al die fases van bekering. Regnerus en Uecker (2006:218) het gevind dat die mikro-konteks vir spirituele en religieuse transformasie geleë in die gesin, vriende, etniese groep, religieuse gemeenskap en woonbuurt hier 'n belangrike rol speel. Verder het kontemporêre spiritualiteit: "... increasingly related to *all* of life and has become infiltrative or permeative of all life" (Kourie & Ruthenberg 2008:84).

Gerard Kelly (Mueller 2006:107) het gevind dat die ortodokse Christendom nie meer die primêre invloed op populêre spiritualiteit is nie. In die plek hiervan ontstaan 'n nuwe generiese spiritualiteit wat menslike ervaring, pluralisme en selfvervaardigde credo's prioritiseer. Die invloed van hierdie perspektiewe is diepgaande, en raak vele aan wat hulleself nie as religieus beskou nie. Die nuwe klem op spiritualiteit sal die individu se keuse en uitdrukking van geloof beïnvloed, maar sal ook 'n impak hê op die manier hoe die populêre kultuur die Christelike kerk beoordeel.

Dit is duidelik dat die progressiewe impak van sekularisasie; die lewensiklus; kognitiewe ontwikkeling en biografiese effekte; veranderende paradigmas en die veranderende

aangesig van adolessensie alles bydra tot die Christelike spiritualiteit van adolessente. Christelike spiritualiteit dui volgens Osmer (2008:27) op 'n "... openness to the guidance of the Holy Spirit as she forms and transforms them (people) toward the image of Christ in his body and in the service of the church's mission". Na aanleiding van die vele narratiewe in die lewe van 'n adolessente meisie, vra sy daarom die vraag: "Wat beteken dit alles vir my?" (Louw 1999a: 165). Volgens Hyde (1990:78) vloei die vraag: "Wat beteken God in dit alles?" by adolessente hieruit voort. Hier moet daarop gelet word dat adolessente groepe verskillend saamgestel word in verskillende gemeenskappe en dat ervaring in die gemeenskappe varieer volgens onder andere sosiale klas, geslag, etnisiteit en vaardighede.

Die Christelike geloofsperspektief en die kwessie van Christelike spiritualiteit staan dus in verband met die fundamentele eksistensiële vraag na die sin en toekomsgerigtheid van lewe (Louw 1999a:20). In hierdie studie kom die impak wat misbruik het op die Christelike spiritualiteit en geloofsperspektief van adolessente dogters wat die trauma van molestering beleef het, aan bod. Die rede vir die fokus op genoemde perspektiewe is omdat hulpverlening aan 'n slagoffer van misbruik 'n kontekstuele en sosiale dimensie verkry waarin dit nie net gaan om geloofsvraagstukke nie, maar om die sinvraagstuk. Hierdie sinvraagstuk word geplaas binne die breë raamwerk van lewensvraagstukke (Louw 1999a:20), wat in hierdie studie dui op die vraagstukke wat ontstaan weens die impak van misbruik op die geleefde ervarings van slagoffers.

Wanneer adolessente betrokke is by 'n gewortelde teologie dui dit op betrokkenheid by 'n religieuse narratief wat oorgeërf is van 'n gelowige gemeenskap (Dean 2001:30). Die beelde en taal van hierdie storie klink vir hulle waar, maar hulle het dit nog nie krities ondersoek nie. Adolessente met hierdie tipe teologie se belydenis sê: "Ek glo ..." (Dean 2001:30) en kan maklik bedreig word wanneer gekonfronteer word met kritiese denke. Die alternatief vir genoemde teologieë word volgens Dean (2001:30) gevind in 'n deurdagte teologie wat gekenmerk word deur 'n verstaan van geloof deurdat die jong persoon teologiese aannames en praktyke sorgvuldig ondersoek en deurdink. Dit is dus nie 'n rasionele oefening gekenmerk deur kritiese denke nie, maar 'n "faith seeking understanding" (Dean 2001:30). 'n Adolessent wat hierdie teologie leef, sê: "Ek glo omdat ..." (Dean 2001:30). Die "hoekom" vraag lei hier na God, selfs al is dit die onbekende God (Dean 2001:30).

Adolessente is besig met die ontwikkeling van die vaardigheid van derdepersoon perspektiefneming en beskik daarom oor die vaardigheid om te reflekteer op die verhouding tussen die self en die wêreld (Dean 2001:31). Tieners ontwikkel dus 'n bewustheid van die "ander" waar die aanvaarding van die ander en die verdraagsaamheid jeens die ander op die voorgrond staan (Nel 2000:39). Hierdie vaardigheid is belangrik vir ontwikkeling van beide die morele en spirituele lewe. Die keuse vir die ander binne 'n era wat gekenmerk word deur pluralisme word egter steeds gemaak op grond van persoonlike oorwegings.

'n Adollesent ontwikkel 'n na-binne-gerigtheid wat 'n bewustheid van eksterne kwaliteite insluit. Hulle laat dus ruimte vir ander opinies, ook dié van God. Dit bring vrae oor God, hulleself, asook hulle doel en plek in die kosmos mee. Bevindings vanuit 'n empiriese studie onderneem deur Babin (Hyde 1990:78) het daarop gedui dat adollesente dogters 'n sensitiwiteit getoon het vir die beskrywing van God as vertroueling, vriend beskermer en vertroostende teenwoordigheid. Hulle was ook meer ontvanklik vir die liefde van God as die seuns.

In die vorige hoofstuk is aangedui dat identiteitsvorming die belangrikste ontwikkelingstaak tydens adollesensie is. Teologies dui die essensie van identiteit daarop dat die persoon word wat hy/sy alreeds is. Dit vereis dat teruggekeer word na God se skepping van verhoudings. Die mens is voortdurend op soek na kontak met God in hierdie veranderde wêreld. Die jeug sowel as gelowiges *is* in Christus, selfs al verstaan hulle dit nie volledig nie, of al leef hulle nie hierdie Christelike verstaan uit nie (Nel 2000:101). Weens die mens se skepselmatigheid as beeld van God is hulle dus ook religieuse wesens (Highes 1989:55).

4.5 DIE BELANG VAN 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE VIR DIE PASTORALE BENADERING IN HIERDIE STUDIE

Die komplekse dinamiek van die menslike ontmoeting met God word vanuit 'n prakties-teologiese oogpunt geëksploreer. Hier word verstaan dat die Evangelie nie slegs met die verstand geproklameer kan word nie, maar vanuit die totale menswees, wat dui op 'n holistiese benadering (Swinton & Mowat 2006:27). Psalm 8:5 vra die vraag: "Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?" Hieruit

ontstaan twee vrae: die antropologiese vraag: “Wat is die mens?” en die teologiese vraag: “Wie is God?” Wanneer hierdie twee vrae in dieselfde asem gevra word, is die aanduiding dat die teologie en die antropologie nie wêreldes verwyder is nie. Antropologie poog om die menslike ervaring te verstaan, terwyl teologiese antropologie bemoeienis maak met die mens as skepsel van God en daarop dui dat menswees beteken om in samesyn met God te leef (Louw 1999a:95).

Daar bestaan egter ’n werklike behoefte aan ’n antropologie wat gewortel is in ’n duidelik onderskeibare teologiese uitgangspunt, aangesien dit ’n verstaan van die mens self, as skepsel van God, teweegbring (Van den Berg 2007:3). ’n Spesifieke antropologie word dikwels aangedui, maar sonder om ’n uiteensetting aan te bied oor hoe hierdie antropologie die pastoraat beïnvloed (Van den Berg 2007:3). Die uitspraak van Kuitert (Ganzevoort & Visser 2007:101) dat “al ons spreken over boven van beneden komt” word daarom deur Ganzevoort en Visser (2007:101) aangevul met “al ons spreken over boven gáát over beneden”.

Die pastorale ontmoeting dien hier as metafoor vir God se betrokkenheid by die mens. Pastorale bediening gaan ten diepste om ’n bediening aan mense, daarom word enige beleid en strategie uiteindelik bepaal deur die grondliggende beskouing van die pastorale terapeut oor die mens (Louw 1999a:152). Die antropologie word nie vervang met teologie nie, maar menslike ervaring word verstaan vanuit ’n teologiese perspektief. Dit gaan dus om die perspektief van die mens vanuit sy/haar verhouding tot God (Louw 1999a:156).

Vanuit ’n Christelike oogpunt beskik mense, samelewings en kulture oor die volle potensiaal om kreatief en verantwoordelik op te tree vanuit hulle Goddelike skepselmatigheid (Sands 2010:28). Die menslike wese het waarde vanweë wie hy/sy essensieel is, nie vanweë wat hy/sy met sy/haar bestaan doen nie (Anderson 1982:4). ’n Teologiese antropologie beweeg dus verder as die fenomenologiese beskrywing van die mens in terme van gedrag deur te konsentreer op “... mensverstaan in terme van sinbewussyn, lewensbestemming en ’n normatiewe raamwerk” (Louw 1999a:175). Die uniekheid van die teologiese antropologie lê daarin dat dit nie sê hoe die mens is nie, maar dui op wat die mens se wesenlike gerigtheid, die oorsprong en eindbestemming van die mens is (Louw 1999a:181).

Volgens Schmutzer (2008:785) is die teologie besig met die “understanding of God and the world that will make sense of other data than the Scriptures”. Die skopus van alle biologiese wetenskappe sluit op die een of ander wyse sekere aspekte van die menslike wese in (Peacock 1996:44). Kognitiewe wetenskappe vorm ’n brug tussen biologiese neurowetenskappe en die gedragswetenskappe, en poog veral om te verstaan hoe die gees-brein verwantskap in die mens werk (Peacock 1996:46). Volgens Peacock (1996:47) stem dit ooreen met die Bybelse antropologie wat die mens sien as ’n psigosomatiese eenheid met ’n multigenuanseerde menswees waarbinne die vele eienskappe, vermoëns en potensiele verhoudings daarvan saamgevoeg is. Dit ontstaan vanuit haar unieke menslike ervaring van skepselmatigheid sowel as haar bewustheid van die teenwoordigheid van God.

’n Teologiese antropologie fokus op die aard van God se verhouding met die mens, die mens se verhouding tot God en die implikasies hiervan vir die vraag na die sin van die lewe vir die mens (Louw 1999a:174). Wanneer ’n teologiese antropologie ter sprake kom, moet die gangbare klimaat waarin die mens hom-/haarself bevind dus ook in berekening gebring word. Soos aangedui, leef adolessente tans in ’n postchristelike of postmoderne tydvak waar niks as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die negatiewe implikasies hiervan vir die praktiese teologie dui volgens Anderson (2003:20) op die viering van diversiteit. Hierdie viering word weerspieël in ’n morele relativisme. Wat reg is, is waarmee die individu gemaklik mee voel of dui op wat reg is vir die individu. Die individu ontwikkel ’n gesindheid van “Ek wil alles hê” wat maklik kan oorgaan tot “Ek word verlam in die aangesig van dit alles” (Anderson 2003:20).

Die vraag ontstaan: “Wie is die mens?” Louw (2005:15) bied die volgende perspektiewe op hierdie vraag:

- ’n Eksistensiële perspektief wat dui op die besluitnemende beginsel en op die subjektiewe selfverstaan. Hier word verwys na ’n morele bestemmingsbewussyn wat in gedrag tot uitdrukking kom.
- ’n Persoonlike verstaan wat dui op identiteit en selfbewussyn en het te doen met uniekheid, individualiteit en ’n bewussyn dat daar meer in die lewe is as wat die mens kan aanraak, waarneem of ervaar.

- o Die psigo-sosiale verstaan dui op die affektiewe, konatiewe en kognitiewe aspekte van die menslike selfbewussyn waar die self na buite kenbaar is binne 'n netwerk van verhoudinge.

Die vraag ontstaan nou: “Wie is die mens in 'n teologiese antropologie?” Aspekte van die perspektief van Louw sal ondervang word wanneer die mensvisie vanuit die Bybel, die mens as seksuele wese, en die verband tussen teologiese antropologie en misbruik vervolgens aan die orde gestel word.

4.5.1 WIE IS DIE MENS?

Anderson (1982:5) sien die mens as 'n selfbewuste persoonlikheid met 'n innerlike lewe wat uitgedruk word as gedagtes, gevoelens en gedrag. Volgens die modernistiese paradigma word geglo in die “... tenseless, non-narrative Reason; it believes in the timeless unity of Truth, the unity of virtue and the unity of the self” (Cupitt 1991:x). Die modernisme het veral staatgemaak op die deursigtige en gelyktydige rasonale besitting van die self (Cupitt 1991:x). Die ou doelwit van spanninglose Rede het verdwyn en moes volgens die postmodernisme plek maak vir subjektiwiteit. Dit het die ruimte geskep vir 'n onversadigbare aanvraag vir stories oor die selfheid. Die mens as narratiewe wese in 'n postmoderne samelewing bestaan nie meer as dramaturg of akteur nie, maar as terminale van 'n veelheid van netwerke (Snodgrass 2011:10). Volgens Gerkin (1997:19) is die mens “... organizers of bits and pieces of knowledge, perceptions of the way things are, fragments of truth. Be they fragments of fact or value, into images of the whole of things. We order things in our images”.

Volgens Becker (2010:170) moet die vraag oor wie die mens is in gesprek met ander dissiplines oorweeg word omdat dit nie net deur 'n Christelike teologie beantwoord kan word nie. Die mens kan nie verklaar word nie, maar moet verstaan word (Louw 1999a:157). Die mens, as skepsel van God is egter 'n misterieuse wese deurtrek met iets van die heilige misterie van die Gees van die Skepper (World Council of Churches 2010:2). Dit beteken dat die mens beskik oor 'n verlede, hede en toekoms. Vele van die uitdagings in die kontemporêre samelewing, soos armoede, seksuele geweld en MIV/VIGS, bied die geleentheid vir nuwe maniere om die mens oor tyd te verstaan as persone geskape na die beeld van God.

4.5.1.1 'n Mensvisie vanuit die Bybel

Daar word nêrens in die Bybel 'n sistematiese en geordende bespreking van die mens gevind nie (Heyns 1988:119; Van Jaarsveld 2001:19). Die Skrif bied geen definisie van die menslike natuur nie, en geen vaste en skerp afgebakende wese neem voor die oë van die mens gestalte aan nie. Die leser word eerder fragmentaries, en soms selfs onduidelik bewus van 'n "...dinamiese en gevolglik ondeursigtige kern wat sy ryke inhoud in 'n oorsigtelike veelheid van situasies en handelingte ontplooi" (Heyns 1988:119). Die Bybel is nie 'n wetenskaplike handboek nie, maar is nogtans onontbeerlik om die mens te verstaan.

Volgens Van der Watt (2009:129) is die Woord van God gesagvol vir die hele lewe, maar dit kan ewe maklik ondervra of oovra word. Daar word te min van die Bybel ver wag wanneer dit as irrelevant beskou word vanweë die ouderdom en karakter daarvan. As Goddelike openbaring bied dit egter gegewens oor die mens wat nie op ander (byvoorbeeld wetenskaplike) wyses bekom sou kon word nie (Van der Watt 2009:130). Die Skrif bied 'n sentrale konsep in die vorm van die mens as beeld van God en verbondswese (Van Jaarsveld 2001:21). Die Bybel toon verder aan dat die mens in sonde verval het, maar ook in Christus verlos kan word (Van der Watt 2009:130). Hierdie gegewens kan alleen in die geloof aanvaar of verwerp word omdat dit nie wetenskaplik bewys kan word nie. Die mens kan ook te veel van die Skrif ver wag wanneer gepoog word om 'n wetenskaplike handboek met 'n afgeronde antropologie daarvan te maak. Die Bybel is 'n geloofsboek oor die mens se verhouding tot God, wat dui op die vertikale blik van die Skrif op die mens. Die Bybel bied ook 'n totale blik op die mens deurdat dit gaan oor die ganse mens in sy/haar verhouding tot God (Heyns 1988:119). Die Skrif bied ook 'n realistiese blik op die mens deurdat die mens besing word as die kroon van God se skepping met die ewigheid in sy/haar hart. Dit gaan egter ook oor die mens se verlorenheid as sondaar.

Tekste wat heenwys na die mens as beeld van God dui op Gen. 1:26; 9:6; 2:23-24 en Ps 8. Sentraal tot die Bybelse verstaan van die mens is die lering dat man en vrou geskape is na die beeld van God (*Imago Dei*) (Hoekema (1986:ix). Die *Imago Dei* is dikwels in die geskiedenis verstaan as 'n ontologiese konsep wat verwys na die inherente kwaliteite van die mens (Vorster 2007:19). Hierdie ontologiese siening van

die *Imago Dei* is egter nie haalbaar nie, omdat dit verwyder is van die verhouding tussen God en die mens. Beide die terme *Imago Dei* of beeld van God en die mens as lewende wese fokus volgens Louw (1999a:182) op die:

uniekheid van die mens as wese wat van God afhanklik is en dat die uiteindelijke bestemming van sy/haar bestaan slegs vanuit sy/haar verhouding tot God geïnterpreteer kan word.

Die mensdom word verstaan as teomorfiese wese (volgens die beeld van God) eerder as dat God vanuit 'n antropomorfiese oogpunt verstaan word sodat die vertrekpunt begin by God en nie die mens nie. Die mens *het* nie die beeld van God nie, maar elke mens *is* in sy/haar psigosomatiese geheel die beeld van God (Schmutzer 2008:792). God is die unieke subjek en die mens die unieke ontvanger in die skeppingsverhaal (Schmutzer 2008:792). Die pastorale teologie stel dus nie in die mens as bloot 'n bewuste wese belang nie, maar in die mens as Godgerigte, sondige, verlore en gelowige wese (Louw 1999a:156). Die boodskap van die Skrif word gevind in die verhouding tussen God, die mens en die skepping (Vorster 2007:18). Dit bied aan die mens die taak om die aarde te ontwikkel en dit plaas die mens in die posisie om die lewe op aarde te benut.

Wanneer misbruik ter sprake kom, lei die verhouding met God en die skepping dus skipbreuk. Die teologie werk met die basiese veronderstelling dat die mens slegs vanuit sy/haar verhouding tot God verstaan kan word: "Die mens is 'n tema van die teologie juis omdat God dié tema van die teologie is" (Louw 1999a:159). Volgens Berkouwer is die treffendste aspek van die Bybelse weergawe van die mens dat "... it never asks attention for man in himself, but demands our fullest attention of man in his relation to God" (Hoekema 1986:204). Heyns (1988:128-137) beskryf die mens in verhouding tot God, sy/haar medemens, hom-/haarself, die natuur, kultuur en strukture.

In Christelike kringe word dikwels oor die mens gedink as bestaande uit verskillende dele, naamlik liggaam en siel, of liggaam, siel en gees (Hoekema 1986:203). Vir Louw (1999a:203-204) is die liggaamlike en geestelike vermoëns van die mens egter so enkapties vervleg dat hierdie eienskappe nie van mekaar gedissekteer kan word nie. Omdat die mens 'n eenheidswese is, is "liggaamlike en geestelike kwaliteite (dus) nie

op 'n atomistiese wyse afsonderlike komponente in die wesensaard van die mens nie” (Janse van Rensburg 1998:69). 'n Bybelse antropologie skakel egter nie die normale funksies van die mens in die geloofsprosesse uit nie, maar gaan ook nie bloot net oor menslike behoeftes en verwagtinge nie (Louw 1999:541).

'n Bybelse mensvisie hou verband met 'n *stereometriese* (holistiese) siening van die mens as 'n eenheidswese waar begrippe soos hart, siel, vlees, en liggaam gebruik word om 'n bepaalde aspek van die totale mens aan te dui (Heyns 1988:121; Louw 1999a:195). 'n *Sintetiese* beskouing dui op die mens as geheel soos geïmpliseer deur 'n deel (byvoorbeeld die niere). Die hart kan byvoorbeeld verskillende menslike aspekte uitlig sodat 'n teologiese antropologie moeilik een begrip as beskrywend van die mens kan uitlig (Louw 1999a:196). 'n *Perspektiewiese* benadering werk met die veronderstelling dat die mens verbondsmatig en skepselmatig van God afhanklik en op Hom gerig is, wat bekend staan as die transendente dimensie van die menslike bestaan (Louw 1999a:196). Pastorale teologie onderskryf dus die teologiese antropologie soos ontwikkel deur die eskatologiese teoloë (Lester 1995:23). Die toekoms word volgens die eskatologiese sienswyse 'n verhoog waarop die mens kan word wat hy/sy nog nie is nie deurdat hy/sy altyd op weg is na 'n “expected future whole” (Lester 1995:23).

Volgens Louw (2005:16) is die mens 'n “beliggaamde siel en 'n besielde liggaam”. Vir Van Huyssteen (2006:276) beteken: “... to exist as a human being is to be a body-in-the world. In fact, the human body is the vehicle for being in the world”. Die verband met die veronderstelling dat taal en rasionaliteit ontwikkel vanuit liggaamlikheid, dat die menslike fenotipe geneties gekodeer is vir die goddelike en dat die siel nie onafhanklik van die liggaam bestaan nie (Van den Berg 2007:12) word daarom verreken. Die beeld van God word gevind in die beliggaamde menslike wese, wat liggaam, siel en verstand insluit, daarom word holisties oor die mens gedink (Louw 2005:16).

Die mens is dus as skepsel volledig liggaamlikheid wat beteken dat die liggaam die draer is van die mens se geestelike en etiese impulse (Louw 1999a:200). Liggaamlikheid verwys ook na die mens se ervaring van hul wese in terme van hulle liggaamlike bestaan, wat meebring dat die mens nie slegs 'n liggaam het nie, maar 'n liggaam is (Louw 1999a:202). God het die mens as seksuele wese geskape wat beteken dat seksuele en liggaamlike gewaarwordinge bedoel is tot wedersydse

aanvulling en intieme verwantskap (Louw 1999a:202). Die liggaam word die sentrale ontmoetingsplek vir religie en adolessente seksualiteit (Cooksey & Dooms 2010:108). Die Skrif bevestig die mens se liggaamlikheid en seksualiteit op 'n positiewe wyse sodat die Skrif se siening van die mens 'n "God-gesentreerde humanisme is met ruimte vir erotiek" (Louw 1999a:203).

Hier word saam met Louw (1999a:196) gekies vir 'n Bybelse realisme wat na vore tree in verskillende belangrike komponente van 'n pastorale antropologie, naamlik: sonde/skuld en skaamte; liggaam en liggaamlikheid; liggaamlikheid en seksualiteit; persoonlikheid en die dinamika tussen siel, hart en denke; spiritualiteit en die transendente dimensie van lewe. Alle menslike wesens is vanaf geboorte tot die dood seksueel en alle seksuele daad is ingebed in die etiek en esteties (Louw 2009:95). Seksualiteit is 'n wesenskenmerk van menswees en funksioneer as uitdrukking van menslike intimiteit. "It is intrinsically connected to the ensoulment of the body and the embodiment of the soul" (Louw 2009:94). Menslike seksualiteit beskik oor 'n sekere "sakramentele" dimensie, deurdat die misterie en realiteit van die wese van die ander geopenbaar word deur seksuele relasie (Anderson 1982:108). Seksualiteit is daarom 'n spirituele saak omdat dit 'n uitdrukking is van die mens se diepste wese. Seksualiteit is die soeke en verlangete na 'n ewebeeld as die spieëling van die individu se identiteit (Louw 2009:94). Die mens moet in sy/haar seksualiteit bevestig word as ten volle mens en as gelyke persoon (Anderson 1982:108) wat nie in misbruik die geval is nie.

Dat die mens geskape is na die beeld van God is nie al wat daar te sê is in 'n teologiese antropologie nie. Deur navraag te doen oor menslike ervaring, word die aandag gelei na God, as Skepper en Verlosser. Wanneer oor God navraag gedoen word, word tot 'n beter verstaan van die ervarings van die mens gekom. Sekere kernteologiese aspekte betrokke by die antropologiese visie van die mens is daarom aan die orde gestel. Dit laat die leser beter voorbereid om 'n teologiese lig op misbruik te werp. Dit word gedoen met die wete dat, al is die verlede of die geskiedenis toekomsgerig, die gevaar van misbruik steeds wesenlik teenwoordig is.

4.5.1.2 Die verband tussen 'n teologiese antropologie en misbruik

Die alomteenwoordigheid van misbruik daag die Christen uit om ernstige teologiese vrae te vra oor die verstaan van die menslike natuur. Sekere vrae word aan die orde gestel:

- Is misbruik die gevolg van sonde of die vervreemding van die mens van sy/haar ware identiteit as skepsels na die beeld van God? Deudat die kernverhouding waarin die mens lewe, naamlik dié tot God, deur die sonde aangetas is, is ook alle ander verhoudinge waarin die mens se lewe afspeel, deur die sonde besmet (Heyns 1988:179).
- Gebeur dit omdat die ander op een of ander wyse gesien word as minder mens en dus as objek vir eksploitasie, of is dit die resultaat van 'n onvermoë om selfloos, soos Christus, lief te hê?

Misbruik kan hier gesien word as 'n biologiese en psigologiese funksionalisme vanuit die wil om mag en beheer uit te oefen en behels 'n seksuele immoraliteit waar seks gebruik word vir immorele doelwitte. Dit dui op die skeiding van seks en seksualiteit van liefde as 'n uitdrukking van selfrespek en respek vir die ander (Louw 2009:104). Seksualiteit word gebruik as uitdrukking van woede, frustrasie en gewelddadige eksploitasie van die self en ander.

Die skeppingsmandaat kom in Gen. 1:28 en Ps. 8:5-8 aan bod, terwyl menslike seksualiteit aangedui word in Gen. 1:27 en 2:23-24. In Gen. 1:26-28 word kollektief verwys na die mens as manlik en vroulik deurdat hulle as persone en nie as geslagte nie, aangespreek word. Volgens Anderson (1982:108): "... the same Word which summons personhood into being summons it into existence in a modality of being experienced as creaturely sexuality, male and female, male or female". Betekenisvol is die verwysing na hulle kapasiteit as seksuele wesens (vermeerder), nie na hulle verhouding nie (Schmutzer 2008:792). Dit kom eers ter sprake in Gen. 2:23, 3:6, en dui op die doel van die Skepper (Gen. 1:26b).

Die mens as beeld van God dui op die unieke verhouding tussen God en die mensdom. Dit bied die posisie aan die mens van "onderkoning" wat beide die morele visie en

funksionele kapasiteit bied om op 'n wyse wat waardig is aan die Skepper te heers (Schmutzer 2008:793). Seksuele misbruik is daarom 'n vergryp teen God waardeur die oortreder op 'n selfsugtige wyse regte aan hom-/haarself toe-eien, sonder om die verantwoordelikheid ooreenkomstig hierdie regte te aanvaar en uit te leef. Interpersoonlike verhoudings vorm 'n essensiële deel van die mens as skepsel van God. Dit mag nie vernietig word deur onder meer seksuele mishandeling nie. Die holistiese aard van die mens (Louw 1999a:203) impliseer dat seksualiteit nooit gedegradeer mag word tot 'n bloot biologiese aktiwiteit nie (Vorster 2007:77). As die heelheid van die ander persoon ontken word, gaan die uniekheid van daardie persoon verlore. Seks word fundamenteel gekoppel aan die teologies-antropologiese motief, menswees en menslike spiritualiteit. Indien seks bloot op 'n biologiese aksie neerkom, is dit onderworpe aan die wet van outomatisme soos gevind op die terrein van die diereryk. Wanneer die outentisiteit van die ander persoon as beeld van God na wie omgesien moet word vanweë hierdie posisie, nie gehuldig word nie, word die liefde van God weerspreek (Ef. 5:21-33).

Die koninklike, priesterlike en herderlike bedoeling van die Skepper vir sy skepsels word paradoksaal uitgelig wanneer dit deur misbruik vernietig word. Misbruik kan gesien word as verraad deurdat die "... foundational element of paradise - sexual innocence in community - has been spoiled" (Schmutzer 2008:785). Misbruik dra 'n unieke verwoestingsfaktor omdat dit die realiteite van wat dit beteken om mens te wees, naamlik beliggaamde menswees vernietig; gedelegeerde gesag word destruktief; seksuele uitdrukking is verdraaid; intra-persoonlike vertrouwe word vernietig en die diepgaande metafore vir God word vermink (Schmutzer 2008:786). Hierdie aspekte verenig betekenisvol rondom die beeld van God.

Soos aangedui in die vorige hoofstuk, word die eksploitasie van die persoon gekenmerk deur 'n gevoel van hulpeloosheid; verlies; kwesbaarheid; skaamte; vernedering; degradering en ander emosionele trauma. Die gedwonge stilswye dra by tot die trauma omdat dit op die oortreder se voorwaardes geskied. Misbruik depersonaliseer dus die slagoffer omdat dit die *nēphēsh*-heelheid van die persoon versplinter. *Nēphēsh* beskryf die menslike bestaan in terme van geskiedenis en verantwoordelikheid voor God (Louw 1999a:36). *Nēphēsh* staan dus in verband met "... 'n unieke lewenservaring waarin dit gaan om 'n bepaalde lewenskwaliteit waarby verskillende aspekte van ons

menswees betrokke is” (Louw 2005:12). Misbruik stuit die missiologiese aspek van seksualiteit deurdat dit die opdrag om te vermeerder aantast. As ’n komponent van beliggaming, word die Skepper se ontwerp van die seksuele anatomie ’n skeefgetrekte simbool van eksploitasie. Dit disoriënteer die slagoffer se seksuele self, asook haar totale selfbesef omdat die daad deur ’n medebeelddraer gepleeg word.

As beelddraer is die mens ’n beliggaamde siel, daarom tas misbruik die totale beliggaamde menswees aan. Selektiewe amnesia bring mee dat die *sōma* verlaag kan word tot ’n onderworpe dop, sodat sy dit onmoontlik vind om die betekenis van die trauma in haar eie vel sonder terapie te kan verstaan (Schmutzer 2008:793). Indien sy nie terapie ontvang nie, kan haar selfhaat oorgaan tot selfmutilasie, aangesien fisiese pyn die emosionele pyn verdoof.

Die mens, as beeld van God en as versorger van die skepping, is diep betrokke by ’n interafhanklike verhouding met die hele skepping sodat die taak van onderwerping in tandem met die posisie van heerskappy verkeer. Alle aksies moet geskied in diens van, en in oriëntasie met God, se mandaat (Schmutzer 2008:796). Volgens Louw (2005:12) is die beste vertaling van *nēphēsh* die mens as: “beliggaamde lewenskrag, liggaamlikheid as besielde lewe, doelgerigte en Godgegewe lewe”. Misbruik word dan ’n teken van kwaadwillige leierskap en die skeppings-missie raak ontspoor. Dit is dus vir die slagoffer baie moeilik om ’n gevoel van vertroue in volwassenes wat wel betroubaar is te ontwikkel. Dit is ook baie moeilik om kontrole te verkry in situasies wat onvoorspelbaar is of mag te verkry in situasies wat die boodskap van hulpeloosheid kan oordra terwyl al wat sy tot haar beskikking het, ’n onvolwasse psigologiese verdediging-sisteem is. Sy sukkel dus dikwels vir die res van haar lewe met vertroue in verhoudings.

Die uniekheid van elkeen se menswees tree op die voorgrond in ’n verhouding. Om mens te wees behels daarom ’n individuele en kommunale bestaan. Menswees is beliggaam in tyd en ruimte, in verwantskap tot God en ander. Nordling (Schmutzer 2008:800) stel dit as volg: “Thus, to be human is essentially to be a ‘who’ (a personal, intellectual moral agent) called forth into existence as a unique embodied ‘what’ (a biological entity)”. Om met en vir die ander te wees, is die kern van menswees en is die

uitdrukking van 'n vryheid om mens te wees en om die verantwoordelikheid om mens te wees te aanvaar (Anderson 2001:312).

Misbruik sny egter die band tussen die “wie” van menswees en die “wat” van beliggaamde lewe af omdat die gebeure deur liggaam, siel en verstand onthou word. Die slagoffer ervaar daarom 'n: “... crushing alienation; the affirmation they desperately need they can no longer risk” (Schmutzer 2008:800). Misbruik ontnem dus die slagoffer van die uniekheid van 'n seksuele identiteit. Sy ontwikkel die persepsie dat sy deur God en haar medemens in die steek gelaat is. Die slagoffer raak verlam in die spektrum van die lewe sowel as intieme verhoudings sodat sy uiteindelik deel word van 'n wêreld van sonde, skuld en skaamte. Die gawe wat God aan die mens gee, naamlik sy Gees (Müller 1996:39) en verskeie kenmerke van die menslike ervaring wat die stempel van God se beeld in die mens dra, naamlik persoonlikheid; spiritualiteit; rasionaliteit; moraliteit; gesag en kreatiwiteit word hierdeur aangetas (Cameron 2005:56). Die totaliteit van die mens as eenheidswese, word dus aangeraak. Hier is dit belangrik om die geroepenheidsvisie in gedagte te hou, naamlik dat 'n sondige mens die waardigheid van sy/haar Godgegewe roeping volgens Gen. 1:26-28 en Gen. 9:6 behou (Sands 2010:36). Die *imago Dei* is dus 'n teologiese konsep met etiese implikasies (Sands 2010:39), veral vir die pastoraat.

Etiek dui hier op die “behoort te” van menslike gedrag en het diepgaande implikasies vir die pastoraat deurdat die antropologiese ingesteldheid van die berader haar gesindheid jeens haar gespreksgenoot direk raak:

- Die mens beskik oor 'n onvervreembare waardigheid wat gerespekteer moet word.
- Die menslike lewe behoort beskerm en na waarde geag te word.
- Magsideologieë behoort teengestaan te word.
- Sonde wat in die konteks van hoop gesien word.
- Die belang van hoop in 'n seksuele etiek en estetiek moet in ag geneem word.

'n Kritiese refleksie op praxis wat egter nie menslike lyding in ag neem nie, is blote praxeologie wat die mees gekompliseerde “praktiese” kwessie van almal, naamlik teodisee en die skakel tussen God, die bese en lyding, omseil (Louw 2003:385).

4.5.1.3 Implikasies vir die Christelik-spirituele identiteit van 'n slagoffer van misbruik

Seksuele misbruik affekteer slagoffers in só 'n mate dat hulle nie meer in staat is om voorheen gehuldigde standpunte of bestaanswyses, insluitende dié wat betrekking het op hulle spiritualiteit, in stand te hou nie (Crisp 2007:301). Spiritualiteit behels hier die vermoë om te kan vertrou en te hoop, intieme verhoudings te hê, sowel as die gevoel om aanvaar te word deur ander en God (Ganzevoort (2001:47). Algemene temas ten opsigte van die impak van misbruik op spiritualiteit behels skaamte; skuld; woede en kontrole versus oorgawe (Ganzevoort (2001:47). Die vraag: “Wie is ek?” is hier nou verweef met die vraag: “Wie is God?” wat terselfdertyd skepper en onderhouer is van alles wat bestaan, en wat ook teenwoordig is in die mens binne die skepping (Endean 2005:224). Die wisselwerking tussen genoemde twee vrae word as volg deur my gespreksgenote ervaar:

- Zoe: *Ek weet die Here is daar, ek weet net nie of Hy vir my daar is nie.*
- Karla: *Ek is opgebruik. Die Here wil nie ashoopmense hê nie.*
- Jeanine: *Ek is te kwaad vir die Here om te wil lewe. Dit sal baie beter wees as ek liever dood is.*
- Anna: *Ek het nie die hart gehad om te sê dat ek lankal nie meer in God en sy genade glo nie. Soms in 'n oomblik van stilte dink ek ek ken die Here en Hy ken my. Maar kinders van God soek nie wraak nie. Kinders van God vergewe en vergeet. Wat maak dit dan van my? (Lötter 2004:129,153).*

Volgens Snodgrass (2011:3) is geen taak belangriker vir Christene as die hermeneutiek nie “... for hermeneutics determines everything else”. Ten opsigte van hierdie studie is die hermeneutiek van identiteit van belang. Hoewel die term “identiteit” nooit *per sé* in die Skrif voorkom nie, gee die Skrif aan die mens sy/haar identiteit, deurdat aan die mens oorgedra word hoe hy/sy in die verhaal van God inpas en hoe sy/haar identiteit

uitgeleef behoort te word (Snodgrass (2011:4). Wanneer op enige aspek van die Christelike bestaan gefokus word, veronderstel hierdie fokus alreeds 'n identiteit.

Die narratiewe waarvolgens 'n individu sy/haar religieuse ervarings interpreteer, word grootliks gevorm deur sy/haar kultuur, geslag en gemeenskap van geloof (Ozorak 2003: 249). Die interaksie tussen God en mens is dus “geen statiese aangeleendheid, maar een levendig en dinamisch gebeuren” (Immink 2003:43). Kontemporêre Christelike spiritualiteit word tans gekenmerk deur 'n “metanarrative realism” (Bass & Stewart-Sicking 2005:152) wat beteken dat geen verstaan van God neutraal kan wees nie. Die skakel tussen trauma en teologie dui daarop dat beide te doen het met essensiële dimensies van die menslike bestaan, gegewe die feit dat die Christelike tradisie 'n traumatiese ervaring as kernverhaal bevat (Ganzevoort 2008:19). Wie die slagoffer is, en hoe haar verhoudings met haar medemens en met God lyk, word in die lig van geleefde ervaring getoets (Crisp 2007:302). 'n Persoon se verstaan van God sê daarom baie van die persoon en die impak van gebeure in haar lewe op die self. Hiervolgens word die waarheid gesien as afhanklik van die stories wat 'n persoon vertel oor die realiteit en die leef van sy/haar verhaal as deelnemer aan die spesifieke narratief van God se aksie met die mens.

Die mens soek na kontak met God in 'n veranderende wêreld gekenmerk deur veelstemmigheid of veeltaligheid. Die spanningsveld tussen God en mens is hier geleë binne die spanningspole van Skepper-skepsel; sonde-genade; dood en lewe (Louw 1999a:298). Volgens Louw (1999a:21) kan ontoepaslike opvattinge oor God geloofsgroei rem wat dan lei tot geloofspatologie as “... 'n verwringing van mense se Godsverstaan as gevolg van pynlike lewenservaringe as resultaat, 'n blokkasie binne die proses van sinvolle toekoms-oriëntasie of –antisipasie”.

In hoofstuk 2 is aangedui dat God 'n misterie is wat nie vasgevang kan word in vaste definisies nie. Om dus gekonfronteer te word deur die Misterieuse wat so 'n groot impak op die verhaal van die mens het, is alreeds moeilik vir 'n gelowige. Vir iemand wie se belewenis van God deur trauma aangetas is, is dit dus nog moeiliker om sy/haar verhaal in verband te bring met God se verhaal en Sy ware aard (Doyle 2008:6). Die misbruikende verhouding tussen die oortreder en die slagoffer kan dus meebring dat laasgenoemde se vermoë om op God se genade te reageer verminder of vernietig

word. Die gebeure beïnvloed haar vermoë om God, ander en haarself lief te hê negatief (Beste 2003:3). Die pastoraat moet daarom die ervaring van die slagoffer soos wat sy dit beleef binne hierdie pluralisme van stemme in ag neem.

Uit die verhale van slagoffers is dit duidelik dat die verhouding tussen seksuele geweld, die Bybel en geloof kompleks is. Hierdie kompleksiteit het eerstens te doen met die slagoffers se ervarings. Sommige vind hulle krag uit die Bybel. Ander noem weer die Bybel en misbruik in een sin. Bybelse argumente stem nie ooreen met die psigologiese behoeftes van die slagoffer nie, byvoorbeeld wanneer sy met die tema van vergifnis gekonfronteer word. Dit lei dan tot die vraag oor hoe die Bybel geles word en wat sy verstaan as dít wat God tot haar vanuit die Bybel spreek. Selfs net een teks kan dus nie losstaande van die konteks van die leser gesien word nie (Ganzevoort & Veerman 1999:68). Hierdie konteks sluit haar tradisies en kultuur, sowel as lewensverhaal in. Ek het Ps 8 sowel as ps 139 saam met my gespreksgenote geles.

Zoe: *Ek hoor wat die Bybel sê maar ek kan nie daardie prentjie en die prentjie van my lewe bymekaar bring nie.*

Jeanine: *As dit van my lewe waar was, hoekom wil my ma my nie glo nie?*

Karla: *Dit voel of die Bybel van iemand anders praat. Hoe pas dit in by al die dinge wat al aan my gedoen is?*

Die bepaalde Godskonsep wat by die slagoffer funksioneer, moet dus in aanmerking geneem word in die pastoraat aangesien daar 'n verband bestaan tussen "... pynlike lewenservaringe, verwagtingskemas en Godsvoorstelling" (Louw 1999a:114). In die slagoffer se poging om die mag van God te herinterpreteer, kan haar Godsbeeld "te klein" of "te groot" word (Louw 2003:391). God word as te klein beskou wanneer die persepsie bestaan dat Hy slegs empatie met die menslike lyding kan hê, maar niks daaraan kan doen nie. God word ook geminimaliseer wanneer Hy geïdentifiseer word met menslike eienskappe, vaardighede of ideale (Louw 2003:391). Hy word as te groot beskou wanneer Hy geïdentifiseer word met 'n allesomvattende mag wat onstuitbaar is (Louw 2003:391). Dit gaan hier oor die naamgewing aan God, in plaas daarvan dat God aan die mens 'n naam gee (Perrin 2005:454), wat lei tot 'n verwarde Christelik-spirituele identiteit. Hierdie identiteit word verder beïnvloed deur globalisering en die

toenemende religieuse pluralisme eie aan die postmoderne era (Bass & Steward-Sicking 2005:151).

Volgens Louw (2003:384) is dit egter belangriker om die lyding van die mens met meer erns op te neem as om God se eer te probeer verdedig deur te bewys dat die bose op een of ander wyse nodig is. Die vraag wat hieruit voortvloei, dui op: Wat is die verband tussen die bose, lyding en die mens se ervaring en verstaan van God? Die aanname word in hierdie studie gemaak dat skeefgetrekte opvattinge oor God die geloofsgroei van lydendes rem met 'n gevolglike blokkasie binne die proses van "sinvolle toekoms-oriëntasie of antisipasie" (Louw 1999a:21).

Die spesifieke wyse waarvolgens die daede van God en die karakterisering daarvan deur die dogter wat misbruik beleef het in haar verhaal weergegee word, dui op haar beeld van God. Daar moet dus fyn geluister word vir slagoffers se verstaan en interpretasie van die Godsnaam of verwante temas (Downey 1997:16). Die kritieke kwessie hier is die menslike bestaan weg van God sowel as God se waargenome stilswye en magteloosheid in die aangesig van menslike boosheid en arrogansie (Downey 1997:16). Verder moet die slagoffer se beleving van geloof en hoop soos beïnvloed deur die internalisering van die geloofsargumente van die dader ook in ag geneem word (Ganzevoort & Veerman 1999:77). Daar bestaan dus 'n skakel tussen die bestaans- en geloofsfunksie van die adolessent.

Die doelgerigtheid en hoopdimensie van die geloof, "... dit wil sê die gelowige gerigtheid en voortdurende ontwikkeling van die geloof vanuit die oorwinningsdimensie van hoop" (Louw 1999a:87), vorm 'n wesenlike faktor in die ontwerp van 'n pastorale teologie. Daar is 'n nou verband tussen geloof en identiteit as dimensies van die persoonlike narratief en die plek van God in hierdie narratief (Ganzevoort 1994a:25). Karla, Jeanine en Zoe se ervaring van die impak van misbruik op hulle Christelike spiritualiteit hang nou saam met die volgende verwoording van 'n oorwinnaar oor die impak van misbruik:

Of all the relationships in my life, one that has been the most difficult is the relationship with myself; overcoming low self-confidence is an ongoing struggle. All too often low self-esteem has limited the

opportunities available to me, and had an impact on the relationships with significant others in my life, including God (Crisp 2007:303).

Wanneer geloofspatologie ter sprake kom, moet die volgende drie belangrike faktore in berekening gebring word (Louw 1999b:219,220):

- 'n Negatiewe identiteit wat geskep word deur 'n skeefgetrekte Godsbeeld, soos gehanteer in die vorige hoofstuk.
- Geloof, as 'n proses van oorgawe, word verwerp weens 'n vrees vir self-onderwerping. 'n Narsistiese selfhandhawing ontstaan vanweë die vrees om getrou aan die self te wees in verhouding tot eksterne faktore. Dit lei tot 'n valse sin van self.
- Geloof impliseer totale toewyding. Wanneer die aanklewing van een aspek van die Evangelie 'n obsessie word, ontstaan die gevaar van ideologie.

4.5.1.4 Ontoepaslike Godsvoorstellings

'n Hermeneutiese verstaan van die slagoffer se Godsverstaan is dus belangrik. Die dinamika van, en tussenspel tussen persoonlike behoeftes, sosiale kontekste en belangrike verwagtings van die lewe word blootgelê. Hier word die teologie wat ontstaan vanuit die refleksie op die persoonlike ervaring van die gebeure en die impak daarvan op diegene wat direk of indirek daarby betrokke is geëksploreer. Daar moet dus 'n groot sensititeit getoon word vir die rol wat 'n Godsbeeld speel in die pastorale gesprek. Behalwe die Godsbeeld van die gespreksgenoot, speel dié van die terapeut 'n belangrike rol deurdat sy self 'n unieke Godsbeeld reflekteer wat deur haar eie teologie en geleefde ervaring bepaal word (Jordaan 2005:87).

Ek het eers die verskillende positiewe en negatiewe Godsbeelde aan die gespreksgenote verduidelik. Daarna het ek hulle gevra om te kies wat die meeste van toepassing is op hulle Godsverstaan. Deurdat al drie kwaad is vir God omdat hulle glo Hy kon die gebeure gekeer het, beskou hulle Hom as bron, skepper, agent. Hulle sien God ook as versekeringspolis omdat hulle gedink het hulle geloof sal hulle vrywaar van lyding. Al drie ly aan skuldgevoelens en swak selfbeeld omdat hulle die boodskap van die oortreder, naamlik dat hulle magteloos staan in die gebeure en dat hulle net goed

genoeg is om gebruik te word, hulle eie gemaak het. Hulle het egter geen positiewe persepsie van God nie.

Volgens Fourie (2001:190-216) is spiritualiteit, die beoefening daarvan en praktyke daarbinne inherent metafores van aard. Die impak en rol van metafore is kragtig deurdat dit bydra tot die vorming van die mens se leefwêreld en konsepte waarvolgens geleef word, dit skep ook gemeenskap en intimiteit (Jordaan 2005:89). Vervolgens word negatiewe Godsvoorstellings in tabelvorm aangedui:


Godsvoorstelling.	Impak op gedrag.	Hermeneutiese interpretasie
God as bron en skepper.	Verwyt en neerslag-tigheid.	Wanneer God as bron of skepper van alle dinge gesien word, word Hy aan die begin van alles geplaas (Müller 2011:130). God word dan verantwoordelik gehou vir alles wat gebeur en moet daarom pa staan vir die persoonlike omstandighede van die individu (Müller 2011:130).
God as bron en as agent	Wanhoop, ongeloof, angs en depressie.	Die persepsie van God as bron en as agent kan meebring dat die slagoffer glo sy kan God beïnvloed met haar geloofslewe (Müller 2011:130). Sy ervaar dat God beheer uitoefen van buite haar wêreld en dat Hy ver verwyderd van haar probleme is. Die slagoffer ervaar die breuk met God as 'n realiteit en dat die geestelike band met Hom dus waardeloos is.
God as oortreder en regter.	Verwyt, neerslagtig-heid, magteloosheid, hulpeloosheid, isolasie en wanhoop.	God word tradisioneel gesien as 'n teïstiese wese wat beskik oor almag, alsiendheid en alomteenwoordigheid (Doyle, 2008:6). Die slagoffer assosieer die situasie waar die oortreder haar vanuit 'n magsposisie skade aangedoen het, hiermee (Ganzevoort & Veerman 1999: 75). Die kruisdood van Jesus as plaasvervangende offer dien as voorbeeld vir die slagoffer om haarself aan misbruik te onderwerp ten einde haar broers en susters te beskerm (Ganzevoort & Veerman 1999:76). Vanuit die perspektief dat God diegene straf wat Hy liefhet word verstaan dat Hy behae skep in lyding. Dit dra die boodskap oor dat, in gehoorsaamheid aan God, lyding verduur moet word (Ganzevoort & Veerman 1999:75).

God as outeur van die kwaad.	Ongeloof.	Die lewe word ervaar as vooraf geprogrammeer binne die uitverkiesende raad van God (Louw 1999a:402). Wanneer God beskou word as die outeur van die kwaad en die verklaringsbeginsel van lyding (Louw 1999a:401) ontstaan neutraliteit wat lei tot verwerping van God.
God as regter.	Skuld en straf primêr in haar gevoelswêreld.	Sonde is 'n daad, gedagte of versuim wat God beledig en daarom kom die straf Hom toe. Skuld ontstaan vanuit haar aanname dat sy iets verkeerd gedoen het. Daar word algemeen aanvaar dat God dié wat lewe en dié wat reeds dood is, oordeel. Lyding word dan met oordeel gelyk gestel.
God as paaiboelie	Nietigheid, skaamte en onwaardigheid van God se liefde en genade.	Volgens die klassieke leer van die erfsonde is die mens in beginsel sondig en moet daarom die liefde van God verdien (Doyle 2008:7). Omdat die mens omring word deur 'n legio versoekings word die persepsie geskep dat dit uiters moeilik is om die liefde van God te verseker. Skaamte ontstaan deurdat sy haarself as inherent sleg ervaar
God as versekeringspolis.	Onsekerheid, angs, teleurstelling en vertwyfeling.	Geloof word gesien as versekering teen lyding (Louw 1999a:401). Omdat Hy nie intree wanneer en soos die slagoffer dit vra nie, ervaar sy Hom as onbetrokke. Dit lei tot 'n verknegtingsperspektief aangesien daar voortdurend gewag word dat God op elke gier van die slagoffer moet reageer (Perrin 2005:454).
'n Onregverdige God.	Wanhoop, eensaamheid, woede, weerstand, skuld en vertwyfeling.	Die vergifnisleer word deur die meerderheid mense verkeerd verstaan deurdat hulle glo vergifnis verklaar die daad nietig en ten volle vergete (Doyle 2008:7). Vir die slagoffer beteken dit dat die oortreding nie plaasgevind het nie, of dat die dader nie verantwoordelikheid vir sy/haar daad hoef te aanvaar nie. God kan ook as onregverdig beskou word, omdat die slagoffer ervaar dat Hy aan die kant van die oortreder is deurdat Hy nie die gebeure gekeer het nie. Wanneer met die slagoffer oor vergifnis gepraat word, ervaar sy dit dan opnuut as misbruik.

Hieruit is dit duidelik dat herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte belangrik is vir spirituele heling en dat Skrifgebruik verantwoordelik toegepas moet word op weg na 'n verantwoordelike beskouing van God. In die pastorale gesprek is dit egter belangrik om daarop te let dat voorstellings van God meer as metaforiese betekenis het. God openbaar hom in 'n konkrete selfbekendstelling deur sy ingrepe in die geskiedenis en sy handeling met mense (Jordaan 2005:91).

Die sentrale temas van belang vir terapie wat vanuit bogenoemde samevatting duidelik blyk, dui op skuld, skaamte, minderwaardigheid, eensaamheid, wantroue in mense en God, angs, woede, wanhoop en identiteitsverwarring. Dit is duidelik dat die impak van misbruik alle aspekte van haar menswees as konatiewe, kognitiewe, liggaamlike en affektiewe wese raak. Haar identiteit as mens, as *imago Dei* word dus negatief aangetas en word vervolgens gekarteer:

4.5.1.5 'n Mikrokaart van die impak van misbruik



'n Mikrokaart maak dit moontlik dat al die aspekte wat betrekking het op 'n sekere grondgebied met een oogopslag waargeneem kan word. Dit bevat nie klein detail wat

verwarrend kan wees nie, maar slegs inligting wat die oog deur die vernaamste aspekte van 'n sekere landskap kan lei. Vanuit die mikrokaart is dit duidelik dat, wie die slagoffer is, sowel as haar verhoudings met ander, insluitende God, getoets word in die lig van haar ervarings. Identiteit kan daarom verstaan word as 'n "territory of life" (White 2004:47). Wanneer die terrein van identiteit verklein of versteur word weens trauma, is dit baie moeilik om te weet hoe om die lewe te leef. Dit word veral waargeneem in steurings van die fisiese en fenomenologiese self, soos identiteits-verwarring en dissosiasie van aspekte van die self, swak geformuleerde gevoelshoude en impulscontrole, insluitend 'n verskeidenheid van self-kritiese en self-destruktiewe simptome, onsekerheid in verhoudings, veral weens wantroue, paranoia, gebrek aan intimiteit en isolasie (Cole & Putnam 1992:175).

Die hantering van die impak van misbruik kan vir 'n slagoffer 'n spirituele reis meebring wat andersins nie sou plaasvind nie. Sy word uitgedaag om vanuit die waarheid wat weens trauma uitmekaar geval het, te soek na 'n sterker, transenderende waarheid wat haar sal help om haar identiteit intak te hou. Die verwagting in hierdie studie is dat, wanneer heling op die terrein van die Christelike spiritualiteit van 'n slagoffer plaasgevind het, sy ook heling op ander gebiede van die verhaal van die self sowel as 'n eskatologiese hoop kan ervaar. Hierdie uitgangspunt word gemotiveer deur die sienswyse van Louw (1999a:85) dat die perspektief van lewe, oorwinning, hoop en opstanding 'n belangrike rol in die ontmoetingsgebeure tussen God en mens speel.

4.6 DIE TEODISEE-VRAAGSTUK AS PRAKTIES-TEOLOGIESE PROBLEEM

Praktiese teologie word onderskei van ander teologiese dissiplines omdat die oorsprong daarvan in die menslike ervaring lê. Die menslike ervaring is die "plek" waar die Evangelie begrond, beliggaam, geïnterpreteer en uitgeleef word (Swinton & Mowat 2006:5). Dit vereis dat die vrae wat ten opsigte van teologiese tradisies en die Skrif gevra word altyd vanuit die konteks ontstaan. Binne die kader van hierdie paragraaf is dit onmoontlik om die totale probleem van lyding aan te spreek. Daarom word gefokus op gespreksgenote se vrae oor God se rol in die voorkoms van hulle lyding wat voortspruit uit hulle ervaring dat God hulle in die steek gelaat het omdat die misbruik in elk geval plaasgevind het. Verder is die teodisee-vraagstuk een van die sentrale probleme in die geloofsontwikkeling van adolessente (Ganzevoort 1994a:280).

Geloof in God is geen waarborg teen lyding nie, maar is slegs 'n uitweg in lyding (Van Niekerk 2005:117). Die lewe soos die mens dit ken, en dikwels vrees, is "... 'n slingerpad oor hoogtes van vreugde en deur dale van wanhoop ... 'n siklus van uitsig en rondtas in die donker " (Van Niekerk 2005:117). Wie heil, heling en gesondheid te berde bring, veronderstel dus tegelykertyd ook onheil, gebrokenheid en siekte (Van Egmond 1990:41). Van Egmond (1990:41) stel dit verder dat "... iedereen uit zichzelf weet, wanneer hij onrecht lijdt, ... elkeen maar zo kan zijn omdat God ons deze kennis in het hart gelegd heeft!". Die mens se persepsie van die moontlikhede van Goddelike transformasie van 'n bepaalde situasie word getoets teen die realiteit van wat, gegewe die situasie en wie die mens daarin is, moontlik is (Gerkin 1986:73).

Dit is egter belangrik dat in al die spreke oor lyding, die lydende nie uit die oog verloor moet word nie. Die bose verwys na vernietiging en kwaadwilligheid, terwyl lyding wys in die rigting van menslike nood (Louw 2003:386). Lyding sluit die mens se onderneming om vrede te maak met pynlike lewensgebeure en om "heel" te word in. Volgens Louw (2008:1) stam die behoefte vir 'n pastorale antropologie voort vanuit die teodisee en die ervaring dat lyding twee vrae ontlok, naamlik: "Wie is ek?" en "Wie is God?". Na aanleiding van Jer. 32:35 en 1 Joh. 3:5 skryf Hume (Meadors 2009:185) die volgende:

Is he (God) willing to prevent evil, but not able? Then he is impotent.

Is he able, but not willing? Then he is malevolent.

Is he both able and willing? *Whence then is evil?*

Lydning omspan die hele lewe deurdat die mens se pogings tot interpretasie van wat besig is om te gebeur 'n herondersoek van waarin geglo word impliseer. Vrae wat rondom die onverstaanbaarheid van lyding ontstaan, is: Waar kom lyding vandaan? Hoekom laat 'n liefdevolle en almagtige God dit toe? Wat is die sin van lyding? Teodisee is dus die poging om God se regvedrigheid en goedheid te midde van die ervaring van die bose en lyding in die wêreld te regverdig en raak spesifiek vrae rondom die almag, goedheid en liefde van God aan (Vos & Müller 1990:6). Die antropodisee-vraag ten opsigte van waarom onskuldige en regverdige mense ly sluit hierby aan.

Hoe die vrae aangaande die betekenis van lyding beantwoord word, word grootliks bepaal deur die beeld of beelde wat die vraagvraer van God het (Louw 2000:98). Binne

'n teologiese sisteem waar die voorsienigheid en almag van God bely word, word die gevolgtrekking gemaak dat God ook met lyding te doen het. As God verantwoordelik is vir die goeie in die lewe, staan Hy sekerlik nie los van die slegte nie. Die probleem met die rol wat God speel in lyding, is dat die kwaad soveel vorme aanneem: sonde, siekte, sinlose lyding, dood en onreg (König 2002:22). König (2002:16) maak daarom gebruik van die voorsienigheidsleer wat dui op hoe God by die totale skepping betrokke is. Hierdie leer plaas die mens "... vierkant in die werklikheid, of liever in die stukkendste en seerste deel van die werklikheid" (König 2002:16). Dit is hierdie mense wat ly, wat ontnugter is, wat voel dat hulle aan die einde van hulle lewe gekom het, wat die vrae oor geloof vra.

Die teodisee-vraagstuk bied tradisioneel die belangrikste grond vir ongeloof (Van Niekerk 2005:118). Die kwaad is, soos God self, 'n misterie waar misterie altyd agter 'n sluier aangemeld word (Van Niekerk 2005:133). Dietrich Bonhoeffer het tydens sy gevangenskap in Auschwitz geen nodigheid gesien om God te regverdig in die teenwoordigheid van die bose nie (Aubert 2011:49). Die kern van alle dinge is volgens Bonhoeffer Christus en daarom moet alles verstaan word in die lig van Christus se dood en opstanding (Aubert 2011:49). In die Bybel bestaan daar geen eenduidige en koherente teorie omtrent die kwaad nie. Die boeke Habakuk en Job verklaar of verduidelik op geen stadium die werklikheid van die kwaad nie. Job sien nie wat die oplossing van die probleem van die kwaad is nie, maar wel wé God is as Skepper, wat ook nie deurvors kan word nie. Heitink (1979:54) sluit as volg aan aan by (Hebr 1:3): "... hoe de Bijbel ook gelezen wordt, het moet corresponderen met hem die 'de afstraling van Gods heerlijkheid en de afdruk van Zijn wezen'". Volgens Van Niekerk (2005:131) is kwaad en lyding die gevolg van die risiko wat God geloop het om die mens te skep- "... mense in die sin van persone of volwaardige agente met die werklike vermoë om te kan kies tussen goed en kwaad".

Dit het dus implikasies vir die teologies-antropologiese siening van die mens as beeld van God. As die mens beeldraers van God is, dan is hulle agente van God se Vryheid. Louw (2000:99) is hoofsaaklik besorg oor die vraag: "Will Christians maintain a God-image and an understanding of provision which must satisfy our need for development, achievement and survival or a God-image which deals with our human misery and opens up new horizons of hope?" Volgens hom word die beeld wat die

mens van God het dikwels beïnvloed deur die konteks en kultuur waarin die lydende verkeer. Verder klink die “verklarings” wat vir lyding aangebied word, dikwels eerder na Godslastering (König 2002:22). Hierdie verklarings volg op die vrae wat ten opsigte van lyding gevra word oor die oorsaak van lyding, wie die oorsaak daarvan is, watter rol God in die gebeure gespeel het en hoe lyding draagliker gemaak kan word. Lydendes is nie teoloë nie, maar dit maak nie hulle vrae ongeldig nie. Ek het met verskeie mense gesels nadat hulle op een of ander manier deur lyding getref is. Die vrae wat hulle gevra het, word vanuit die oogpunt van die lydende, vanuit die praktiese teologie sowel as teologiese teorie verwoord.

4.6.1 HOEKOM? WIE IS VERANTWOORDELIK VIR LYDING?

Tradisioneel is eers in die algemeen gevra hoe God by die mens se lewe betrokke is en dan is die konkrete kwaad eers later ter sprake gebring (König 2002:22). Volgens Louw (2000:99) kan die verskillende benaderings tot die probleem in twee groepe ingedeel word, naamlik: die inklusiewe benadering wat lyding sien as die wil van God, en die eksklusiewe benadering wat lyding nie sien as die wil van God nie. Irenaeus het geen probleem daarmee gehad om God in die eerste en laaste instansie verantwoordelik te hou vir die kwaad en lyding in die wêreld nie (Van Niekerk 2005:124). God is egter volgens hom nie ’n moedswillige kosmiese sadis nie. Kwaad en lyding bied noodsaaklike stimuli en weerstand wat, as die mens reg daarop reageer, die geleentheid bied om as morele wese te groei (Van Niekerk 2005:124). Volgens Calvyn (König 2002:113) het God tot in die ewigheid letterlik elke ding wat gebeur, en ook hoe dit gebeur, vooraf bepaal. Hy sluit die sondeval met al sy vernietigende gevolge hierby in. Die probleem van hierdie standpunt is dat God dan ook die outeur van die kwaad word. Vir Augustinus (König 2002:113) was die skepping een groot harmoniese geheel waarin alles goed inpas, al is daar sonde en die kwaad wat dit ontsier. Hy vergelyk dit met die kleur swart, wat op sigself ’n morbiede kleur is, maar wat ’n noodsaaklike funksie in ’n skildery vervul. Vir Müller (2011:135) is alle Godsbeelde uiteindelik maar taalkonstruksie wat die mens óf help óf belemmer in hulle pogings om God te verstaan. Dit is eerder belangrik dat die mens daartoe moet kom om “... ons nie aan slegs één begrip van God uit te verkoop nie, maar oop te wees vir die onuitspreeklike veelkantige misterie van God” (Müller 2011:135).

Louw (2000:99) kom tot die gevolgtrekking dat:

... theodicy can never explain suffering at a rational level. It can only describe and express the complexity of suffering and our human attempt to come to grips with our own misery ... every attempt to justify suffering using logic, reason or morality is unsuccessful from a pastoral perspective.

Louw (2000:99) maak gebruik van 'n metaforiese teologie, wat hy beskryf as “kwesbare getrouheid”, waarvan die beste voorbeeld gesien word in die kruis. Vir my gaan dit daaroor dat die vroeë oorlyding in die teenwoordigheid van God gevra moet word.

4.6.2 HOE IDENTIFISEER GOD MET DIE MENSE LYDING?

Barth redeneer dat aangesien Christus God se oplossing vir lyding is, moet enige Christelike debat oor teodisee begin by Christus en die kruis (Vorster 2007:153). 'n Positiewe teodisee is daarom net in Christus moontlik. Moltmann sien God se lyding aan die kruis as vertrekpunt van die Christelike teologie en beklemtoon daardeur God se solidariteit met lyding (Moltmann 2008:102). Van Niekerk (2005:233) stel dit dat: “Die kruis van sy Seun is die grootste bewys dat Hy harte kan ‘oopenbreek’, sy vyande sy vriende kan maak”. Hier openbaar Louw (2000:99) die kritiese belang van 'n teologie van die kruis deur van die kern argumente van Moltmann gebruik te maak. Hy bring egter uit op Moltmann se benadering deur klem te lê op die belang van die pneumatologie vir 'n interpretasie van die kruis. Vir König (2002:228) is dit die mag van God in die kruis van Christus wat Hom uniek maak, maar dit maak nie sin sonder die opstanding nie, omdat die dood oorwin is. Paulus verklaar in 1 Kor 15:12 - 58 dat die Christelike geloof op die opstanding van Christus berus. Die kruisgebeure maak dus nie sin sonder die opstanding van Jesus Christus nie. My verstaan van hierdie tema gaan daaroor dat lyding by God is en dat God in die lyding is deur middel van die verbond wat Jesus aan die kruis met ons gesluit het.

4.6.3 WAAR IS GOD? HOE WORD GOD IN DIE GESKIEDENIS EN DIE GEBEURE IN DIE MENS SE LEWE GEVIND EN WAT IS SY WIL IN LYDING?

Vir Turl (2011:51) gaan dit oor God se begeerte vir 'n skepping wat verantwoordelike besluite neem en "... involved self-imposed uncertainties that can nevertheless be incorporated into a predictable framework on a sufficiently large scale" (Turl 2011:51). Die plasing van God se skeppingsdaad buite die ruimte-tyd raamwerk maak slegs 'n verskil aan sy almagtigheid as daar 'n indeterminisme in die heelal is, anders sal alles wat gebeur voorspelbaar wees (Turl 2011:53). Louw (2007:100) se antwoord hierop is deurslaggewend vir die pastoraat:

Most fundamental in finding the will of God is our being function – our new status in Christ ... Impressions and emotions easily lead to guesswork and speculation ... Personal desires can often be most misleading and are driven by selfish motives and egotistic objectives. Circumstances might provide a contour ... but they do not communicate a final yes or no ... What indeed exists is the person who makes decisions. And for our decisions we need the guidance of the Spirit, the direction of the Word of God, trust in His faithfulness and the wisdom of the church – the body of Christ.

Die sin van die geskiedenis is die koninkryk van God en sy heerskappy met die oog op gemeenskap met God. Die koninkryk van God is nie God self nie, maar die mens en die ganse kosmos wat in gehoorsaamheid buig voor die heerskappy van God se daad.

4.6.4 WANNEER SAL LYDING OORKOM EN GETRANSFORMEER WORD?

Van fundamentele belang hier is die dinamiek van, en die voortgaande verbonds-verhouding met God, wat Homself geopenbaar het in die persoon van Jesus Christus. Hoewel lyding sinloos is, kan dit sinvol aangewend word. Elke nuwe dag is 'n uitdaging vir die komende ryk van God. Dit behels troos; bystand; bestryding van onreg; verbetering van die wêreld en die opheffing van mens-onterende daad. Sy lewe, dood en opstanding en Gees betrek dus die mens by 'n lewe van responsiwiteit en verwantskap aan die ander (Louw 2000:100).

4.6.5 DIE UITEINDELIKE VRAAG HANDEL DUS NIE OOR DIE BETEKENIS VAN LYDING NIE, MAAR EERDER WATTER BETEKENIS AAN LYDING GEGEE KAN WORD.

In Johannes 9:2 vra die dissipels aan Jesus: “Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s’n?”.

Vir Richards (1987:177) dui die sin in lyding op:

To be human is to be vulnerable and to know pain. From the beginning, the glory of God has been displayed, not in any immunity to suffering which God has granted his own, but in unique good which has worked in us through suffering.

Lyding word dan ’n uitnodiging en ’n geleentheid om God se genade, meelewing, uiterste getrouheid en troos opnuut te ontdek in die manier waarvolgens gelewe word in die mens se “Life Together” (Louw 2000:101). Lyding kan dan ’n roeping word deurdat geloof nie midde-in die pyn stagneer nie. Geloofsgroei vind plaas in die innige gemeenskap met die opgestane Christus en met die oog op getuienis na die wêreld en die gemeente as die liggaam van Christus.

4.7 DIE SAMEHANG TUSSEN GELOOF EN MISBRUIK

Die skakel tussen krisis en geloof dui volgens Ganzevoort (1994a:220) daarop dat dit ’n periode van religieuse betekenis ten opsigte van geloofsontwikkeling behels. Krisis dui in die konteks van hierdie studie op die negatiewe impak wat misbruik het op die ontwikkelingstake van ’n vroulike adolessente slagoffer. Dit dui verder op die geloofsidentiteit en die individuele geloofsverhale van slagoffers. Geloof word gesien as ’n “... bijzonder type van verhalen en als een deel van de identiteit en zingeven” in verwantskap met die Christelike tradisie (Ganzevoort 1994a:315).

Geloof het betekenis deurdat “... het is een bron van inspirasie, het vormt de levensstijl en het wekt hoop en verwachting” (Immink 2003:11). Geloof in God dui nie slegs op bepaalde opvattinge oor God nie, maar dit hou ook in dat die mens in ’n dinamiese

verhouding tot God lewe. Die verband tussen misbruik en geloof is daarom kompleks en het in die eerste plek te doen met die ervaring van die slagoffer (Ganzevoort & Veerman 1990:62). God mag egter nooit gereduseer word tot 'n lewensantwoord vir menslike lyding nie, aangesien Hy dan nie meer God is nie (Müller 2000:64). Geloof in God is ook geen waarborg teen lyding nie, maar is slegs 'n uitweg in lyding (Van Niekerk 2005:139). Geloof is 'n gawe van God sodat die swaartepunt nie geleë is in die mens nie, maar in God wat die mens versoenend en bevrydend tegemoet tree (Immink 2003:27).

Tradisioneel word Paulus se trilogie van hoop, geloof en liefde geïnterpreteer as dimensies van 'n tydsbewussyn. Geloof word gekoppel aan die verlede, liefde aan die hede en hoop aan die toekoms. Lester (1995:22) kritiseer egter hierdie denkwysie omdat hoop versterk word vanuit die toekoms deurdat dit 'n visie bied. Hoop is ook aktief in die hede deurdat dit die mens motiveer om te lewe en sodoende lewensenergie ontvang sodat God "... se wil op die aarde kan geskied, soos in die hemel" (Matt 6:10).

Deur in die teenwoordigheid van God te leef help dit mense om 'n gesindheid te kweek wat fyner ingestel is op die doel van God vir die wêreld, naamlik "... living for the fulfillment of the Rule of God proclaimed in Scripture" (Richards 1987:13). Wat ook al werklik menslik is in die lewe van die Christen, is bedoel om beide 'n uitdrukking en 'n groei van die Christelike lewe te wees (Richards 1987:13). In die pastoraat gaan dit dus om 'n verstaan van God te verbind met reële menslike ervarings sodat die menslike bestaan sin mag maak (Louw 1999a:3). Hoop in God is egter nie bloot optimisme nie, terwyl die teenoorgestelde van hoop in God nie dui op pessimisme nie, maar nihilisme (Soskice 2001:68). Geloofsekerheid dui volgens Calvyn (Immink 2003:49) nie daarop dat die gelowige nooit twyfel nie, maar dat die gelowige in 'n voortdurende stryd met sy/haar eie gebrek aan vertrouwe verkeer. Hierdie bipolariteit speel ook 'n belangrike rol in die teologie van Tillich (Immink 2003:49). Vir Tillich gaan dit egter enersyds oor geloof as 'n sentrale daad van die menslike gees, maar andersyds dien geloof as uitdrukking "... van een oneindeigheidsrelatie" (Immink 2003:50). Immink definieer geloof dus as volg:

Geloof is zekerheid in soverre het ervaring is van het heilige. Maar geloof is onzekerheid in zoverre het oneindige, waarmee het in betrekken staat, ontvangende word deur een eindig wezen.

Eksistensiële twyfel en geloof is dus pole van een en dieselfde werklikheid. Vir Van Niekerk (2005:139) dui die resonansie van geloof in die lewe van die mens op:

Dis 'n instemming dat die lewe is soos ons dit ken en soos ons dit dikwels vrees: 'n slingerpad oor hoogtes van vreugde en deur dale van wanhoop, 'n verwarrende wisseling van oorvloed en honger, 'n siklus van uitsig en rondtas in die donker.

Volgens Ganzevoort (1994:213-217); Lester (1995:21-22); Louw (1999b:213-214) en Immink (2003:49-51) beskik geloof ook oor 'n psigologiese dimensie wat op die volgende wyses vir die pastoraat en dus vir hierdie studie van belang is:

- o Geloof het 'n paradoksale karakter deurdat dit 'n geneigdheid het om te regresseer tot die vlak van begeertes en instinktiewe magte. Dit volg op die vraag: Waarom glo ek? Dit beskik egter ook oor progressie deurdat dit die tydelike transendeer deur middel van hoop en afwagting.
- o Geloof impliseer 'n kapasiteit tot vertrouwe, ontvanklikheid en openheid vir God, en 'n gewilligheid om Sy Woord, liefde en reddende krag te aanvaar.
- o Geloof impliseer getrouheid en toewyding. Die proses van oorgawe en toewyding bied aan die gelowige 'n gevoel van behoort en identiteit.
- o Ware geloof is regstellend, genesend en lei tot volwassenheid.
- o Geloof help om die proses van identiteitsvorming te rig tot nuwe norme en 'n realiteit wat onafhanklik is van die beperkinge van die ego, en wat dien tot die ontstaan van hoop.

Daar bestaan ook 'n verband tussen misbruik, die Bybel en geloof (Ganzevoort & Veerman 1999:62). Hier moet rekening gehou word met die positiewe en negatiewe ervarings van die slagoffer en met die Christelike geloofsoortuiging dat God in die Bybel tot ons spreek (Ganzevoort & Veerman 1990:62). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat elke mens vanuit sy/haar konteks die Bybel anders lees en verstaan. Dit is dan

nodig vir die pastoraat dat op die spoor gekom word van die gespreksgenoot se verstaan van 'n bepaalde teks vanuit haar konteks, kultuur en tradisie. Die maatskaplike en kulturele waardes en norme van die tyd waarin die verhaal neergepen is, moet ook deurgewerk word. Dit is wel duidelik vanuit die Bybel dat God elke vorm van seksuele geweld afkeur (Matt 18:6). Vir Louw (1984:60-62) bring hoop verantwoordelikheid mee wat in die praktyk van Christenwees sekere gestaltes besit. Die geduldige afwagting van hoop verskaf 'n kalmte en nugterheid wat die gelowige in staat stel om in oomblikke van ontwrigting te kan beplan en doelgerig op te tree.

4.7.1 CHRISTELIKE HOOP

Pastorale versorging van 'n mens sonder hoop vereis dat hy/sy gehelp moet word om sy/haar posisie in die verlede, hede en toekoms te evalueer (Lester 1995:24). Volgens Lester (1995:24) het die menslike wetenskappe egter die toekomsgerigte dimensie van die menslike bestaan afgeskeep. Dit sluit 'n verwaarlosing van die ontwikkeling van persoonlikheidsteorieë en hulle metodologiese strategieë in en het nie die toekoms in die formulering van die menslike toestand ingebring nie (Lester 1995:22). In die konteks van hierdie studie word die aandag gevestig op die eskatologie wat volgens Heyns (1988:390) die klem plaas op "... die heerlike ontvouing en die finale voltooiing van die werk wat God in die skepping begin en in die herskepping voortgesit het". Die eskatologie toon 'n trinitariese fundering deurdat dit gaan om die voleinding van die skepping wat deur die Vader geskep is, deur Christus verlos is, en deur die Heilige Gees geheilig is (Heyns 1988:390).

Volgens Moltmann (2008:101) dui die volgende drie essensiële konsepte vir elke Christelike teologie van hoop op:

- Die konsep van die "... divine promise".
- Die konsep van die "... raising of the crucified Christ " as God se belofte aan die wêreld.
- 'n Verstaan van die menslike geskiedenis as die "... mission of the kingdom of God".

Thomas Aquinas het hoop gedefinieer as "... the movement of the will toward a future difficult, yet possible, good" (Doyle 2011:275). Die vooruitsig van hoop maak die Christelike geloof meer geloofbaar. Die rede is dat dit nie net God se waarheid verkondig nie, maar dit manifesteer ook God se genade en mag. Dit geskied deur middel van 'n "nonpossessive attitude" van nederige afhanklikheid en geduldige afwagting van 'n eskatologiese doel (Doyle 2011:281). God is 'n dinamiese Persoon wat in lewende verbondsverhouding met die mens saam op pad is na 'n belofteryke toekoms. Die lewende God maak dus 'n toekoms moontlik. Die soewereiniteit van God setel in sy koninklike heerskappy waar dit gaan om die oorwinning van God oor alle magte. Hoop is 'n doelgerigte verwagting. In 'n teologiese hoop is die antwoord op die hedendaagse mens se angs en uitsigloosheid die oorwinning van die opstandingshoop. 'n Teologie in hoop wil veeleer die mens troos met die alhoewel-nogtans-skemas van die geloof (Louw 1984:62). Dit beteken dat die teologie minder met logiese verklarings of oplossings werk en meer met verlossings wat dui op die opgestane Christus en die versoening van die kruis. Die hede is egter die werkskamer van die hoop. "Both past and future are drawn into the present in a way that makes it quite impossible to keep future reality from having a practical impact on the present" (Moltmann 1979:112). Vir Moltmann (1979:11) is die onderskeidende kenmerk van die Christelike geloof die hoop wat dit voortbring te midde van die onbetroubare en selfs hooplose omstandighede wat die menslike bestaan teister. Die Christen is nie net in die geloof bevry van skuld en angs nie. Die eskatologie handel volgens Heyns (1988:390) oor die finale en uiteindelijke handeling van God, waarby ook die handeling van die mens in berekening gebring word. In die hoop is Christene bevry *tot* oorwinning en leef dus nie vanuit ons probleme na God toe nie maar vanuit die opstandingshoop na die probleme toe (Louw 1984:62).

Die belang vir die pastoraat is hoe met die teodisee-vraagstuk omgegaan word, en watter weg in 'n betrokke situasie gevolg moet word. Wanneer ek as terapeut erken dat daar grense is aan wat ek kan ken, erken ek my menslike beperktheid en die verkieslikheid daarvan bo onbekookte antwoorde en finale sekerhede. Opsommend kan gesê word dat dit naïef is om God te blameer omdat Hy skynbaar "niks doen" om lyding te keer nie. Daar kan ook nie van Christene verwag word om netjiese klinkklare antwoorde op die kwessie van lyding te bied nie. Dit is egter belangrik om die aard van die God in wie geglo word te bevestig, om die omvang van die mens se eie

verantwoordelikheid te erken en om die wêreld te aanvaar vir wat dit is met die goed en die sleg (Turl 2011:66).

4.8 TERUGBLIK EN TOEKOMSVISIE

In die voorafgaande hoofstuk is aangedui dat God 'n misterie is en daarom nie in menslike taal omskryf kan word nie. Dit is egter nie 'n nadeel nie, omdat dit 'n verdieping van kennis weens 'n voortdurende soeke na wysheid meebring in die wete dat die horison altyd sal verskuif. Dit is dus die mens se reaksie op God wat in die praktiese teologie bestudeer word. Verskillende merkers is aangedui ten einde 'n pad te vind deur die onsekere woud van praktiese teologie. Daar is ook aangedui dat praktiese teologie beskik oor 'n gedeelte maar brose grondgebied in die vorm van religie en geleefde religie. Die vuk in die pad van praktiese teologie word aangedui deur die skuif van die *foundational* na die *post-foundational* benadering sodat gebruik gemaak kan word van ander akademiese velde.

'n Soeklig is gewerp op die totaliteit van adolessente menswees in die postmoderne era om as grondslag te dien ter motivering van 'n teologiese antropologie. Die vraag oor wie die mens is is die eerste vraag wat in 'n teologiese antropologie aan bod kom en is implisiet deurdat dit reeds verwys na die saak van 'n Bybelse mensvisie. Die mens, soos geskape na die beeld van God, is nie al wat daar te sê is in 'n teologiese antropologie nie omdat navraag oor God tot 'n beter verstaan van menslike ervaring lei. Daarom kon 'n teologiese lig gewerp word op misbruik, en sekere etiese implikasies wat hiermee verband hou, wat die fundamentele eksistensiële vraag na die sin en toekomsgerigtheid van die lewe aan die orde gestel het. Verskillende gestaltes van hoop soos geformuleer deur Louw (1984:60-62) is aan die orde gestel.

Rigtingwysers 4 en 5 as die klimaks en die einde van die navorsingsverhaal word vervat in hoofstuk 5. Dit gaan hier om die ontdekkende omgang met die werklikheid van misbruik waar die aspekte van hierdie fenomeen wat reeds aan bod gekom het, dien as basis vir 'n hermeneutiek van Christelike spiritualiteit. 'n Narratiewe benadering word gevolg met hierdie bevindinge as hermeneutiese vertrekpunt sodat die verhale van die slagoffers teologies geïnterpreteer, verstaan, verhelder en vernuwe kan word in 'n eie narratief-pastorale benadering.

HOOFSTUK 5

DIE NARRATIEF-PASTORALE BENADERING AS KONTOER VIR 'N REIS DEUR DIALOOG

5.1 INLEIDING

Die aanduiding van ligging is 'n integrale komponent van die karterings proses (Odendaal 1981:25). Benewens die sentrale probleem van ligging moet die kartograaf onderskei tussen verskillende verskynsels wat in die werklikheid voorkom. *Chōra*, soos aangedui in hoofstuk 1, word dan 'n indikasie van hoe die mens ruimte met waardes, persepsies en assosiasies vul. Die doel is om 'n dinamiese netwerk van interaksie te skep waar taal, simbole en metafore die betekenis en diskoerse van die lewe vorm (Louw 2008:104). Genoemde aspekte ten opsigte van hoe die mens sy/haar ruimte vul, word vervat in die narratiewe paradigma van hierdie studie.

Ten einde 'n effektiewe terapeutiese benadering te ontwikkel, is dit nodig om te verstaan wat die psigologiese, liggaamlike en sosiale impak van misbruik behels, soos in die vorige hoofstuk aangedui. Die vernaamste problematiek ten opsigte van die interpretering van die impak van misbruik is die gebrek aan teoretiese en konseptuele studies (Cole & Putnam 1992:174). Wanneer die impak van misbruik ter sprake kom, moet ook in gedagte gehou word dat die navorser gebruik maak van ideografiese kennis, wat beteken dat geen twee individue dieselfde gebeure op dieselfde wyse ervaar en interpreteer nie (Swinton & Mowat 2006:43). Elke gespreksgenoot se geleefde ervaring vind plaas in 'n bepaalde konteks, soos aangedui in hoofstuk 3. Daar word dus geen algemeen geldende uitsprake gemaak nie.

Die naald van die kompas van hierdie navorsingsreis is tot dusver gerig op en deur rigtingwysers 1,2 en 3 as die *Aksie*, die *Basiese aanloop* en die *Dinamiek* van die navorsingsverhaal. Rigtingwyser 1 toon die wat en hoe van die navorsingsverhaal aan wat dui op waarneming en teorievorming langs die weg van refleksie, interpretasie en analitiese beredenering (Louw 1997:44). Volgens rigtingwyser 2 as die *Basiese aanloop* tot hierdie studie is die eksistensiële temas van vroulike adolessensie, misbruik en die impak van misbruik op die Christelike spiritualiteit van die dogter wat

gemolesteer in die sentrum van die ondersoek geplaas. Die verskillende temas word toegelig vanuit 'n sensitiwiteit ten opsigte van die sosiale konstruksie van realiteit soos aangedui deur die gekose paradigma van postmoderniteit. Daar word in die proses gebruik gemaak van rigtingwyser 3 as die *Dinamiek* van die navorsingsproses waar die vier sleuteltake van praktiese teologiese interpretasie vanuit verskillende hoeke belig word. Hierdie take behels die beskrywend-empiriese; die interpreterende; die normatiewe en die pragmatiese take van praktiese teologie en onderskei die praktiese teologie van ander studieveldde.

Hierdie hoofstuk word gekarteer in die lig van die eerste fase van rigtingwyser 4. Rigtingwyser 4 as *Clou* dui op die “vernaamste hoogtepunt” (HAT 1994:122) van die navorsingsproses: “You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters” (Müller 2001:12). Soos aangedui deur rigtingwyser 2 word die kennis wat die mens van die lewe het, en die narratiewe wat daaruit geformuleer word, opgebou deur geleefde ervaring in verskillende kontekste. Pastorale sorg groei egter vanuit 'n gegewe menslike situasie waar nie slegs die ervaring van misbruik ter sprake is nie, maar ook die ervaring van die transendente, naamlik God. 'n Verkenning van die idees en beginsels van die narratief-pastorale benadering word in hierdie hoofstuk onderneem as 'n hermeneutiese strategie om die storieversamelings van my drie gespreksgenote te interpreteer en te verstaan. Die doel is om die navorsingsreis in die lig van die tweede fase van rigtingwyser 4, waar 'n eie narratief-pastorale benadering vanuit 'n ryk bron van terapeutiese inisiatiewe saamgestel kan word, voort te sit.

Sentraal binne die verskillende inisiatiewe staan die narratiewe metafoor wat onder meer veronderstel dat mense se verhale “lewensbepalend is, konteks bepaald is en meervlakkig van aard is met dominante en alternatiewe beskrywings en dat die verteller die beste gids van 'n eie verhaal is” (Van den Berg & Smit 2006:1082). In hierdie hoofstuk word diepte verkry deur aandag te gee aan die gebruik van sleutelmetafore, moontlikhede word geskep deur poststrukturele denke, die konteks van narratiewe terapie en die relevansie van die narratief-pastorale benadering wat die belang van Christelike spiritualiteit vir hierdie benadering insluit. In aansluiting by die laag-op-laag ontdekkingsreis binne verhale, word eerstens aandag aan die inhoudelike agtergrond van die narratiewe benadering gegee. Hierdie benadering staan volgens Ganzevoort

en Visser (2007:100) "... in een hermeneutisch perspectief en probeert te expliciteren wat er in de pastorale ontmoeting gebeurt en hoe het verhalen van mensen en het verhaal van God elkaar raken en beïnvloeden". Die eiesoortige karakter van die pastoraat sal dus tweedens aan die orde gestel word. Die narratiewe pastoraat vloei derdens hieruit voort. Die verhale van my gespreksgenote sal in die volgende hoofstuk aan die orde gestel word.

5.2 DIE NARRATIEWE BENADERING TOT TERAPIE

Kwalitatiewe navorsing behels die sorgvuldige eksplorاسie van die maniere waarvolgens menslike wesens in 'n ontmoeting tree met hulle wêreld. Dit neem die menslike ervarings ernstig op en poog om hierdie ervarings op verskillende wyses te verstaan en te interpreteer (Swinton & Mowat 2006:31). Wanneer dus na narratiewe terapie verwys word, is dit belangrik om die volgende opmerking van Freedman en Combs (2002:17-19) in gedagte te hou:

We think about information as being generated rather than 'gathered' in therapeutic conversations ... We do not think of people or relationships as having stable, quantifiable identities or "typical" characteristics, so we do not try to discover or gather information about such characteristics. Instead, we think of people's lives as being multi-storied and we believe that each new telling generates new possibilities for interpretation and action.

Die postmoderne mens leef dus in 'n konteks wat gekenmerk word deur 'n veelvuldige wyse van kennis en besluit oor sake. Vir slagoffers beteken dit dat alles nie meer deur algemeen-geldende waarhede bepaal, of binne 'n enkele raamwerk ingepas te hoof word nie (Müller 2002:22). Dit is daarom belangrik dat die narratief-pastorale benadering binne konteks verstaan moet word.

5.2.1 KONTEKS

In die interaksie tussen geloof en misbruik is die konteks 'n sentrale faktor. Die konteks word saamgestel deur persone, verhoudings en strukture sodat dit die bron van

gebeurtenisse bied wat vra om geïnterpreteer te word (Ganzevoort 1994a:330). Narratiewe terapie is gebaseer op die siening dat kennis ontstaan binne 'n gemeenskap van "knowers" deurdat die realiteite van 'n persoon dít is wat onderhandel word met andere (Freedman & Combs 1996:20). Volgens die perspektief van postmoderniteit:

... narratives form the matrix of concepts and beliefs by which we understand our lives, and our world in which our lives takes place; and there is a continuing interaction between the stories we tell ourselves about our lives, the ways we live our lives, and the further stories we tell (Payne 2000:20).

Na aanleiding van die postmoderne epistemologieë is dit die onmiddellike, alledaagse, konkrete en persoonlike begrip van die lewe, soos uitgedruk in die verhale wat oor die self en die geskiedenis vertel word, wat primêr kenbaar is (Payne 2000:20). Die take van 'n benadering van postmoderniteit tot terapie behels volgens Parry en Doane (1994:27, 28) en Johnson (2007:132) die volgende:

- Die gespreksgenoot word aangemoedig om haar verhale te legitimeer. Legitimering beteken dat haar verhaal geldig is omdat daar geen maatstaf bestaan waaraan dit gemeet kan word nie. Narratiewe terapie word dus gebaseer op die idee dat mense se lewens en verhoudings gevorm word deur die legitieme stories wat hulle vertel en by betrokke raak ten einde betekenis te gee aan hulle ervarings.
- Die gespreksgenoot word bewus gemaak daarvan dat, wanneer sy haar verhaal in haar *eie* woord oordra om haar *eie* ervaring te vertel, niemand die legitimiteit daarvan in twyfel mag trek nie. Indien die mens as objek waaroor sekere waarhede bestaan benader word, lei dit tot ontmensliking aangesien hy/sy soos 'n masjien in 'n monterlyn gehanteer word.
- Die terapie word nie vanuit die oogpunt van vaste waarhede toegepas nie, maar die terapeut werk saam met haar gespreksgenoot om nuwe voorkeurverhale te ko-konstrueer. Volgens postmodernisme is daar beperkings op die vermoë van die mens om die heelal op enige presiese wyse te meet en te beskryf, daarom is daar geen vaste waarhede nie.

- 'n Verdere taak van die hedendaagse narratiewe terapeut is om mense te help om hulle los te maak van 'n enkele dominante reeks opeenvolgende verhale (Parry & Doane 1994:28). Agter elke verhaal lê daar nog 'n verhaal.
- Die bewustheid dat elke mens ander en die self waarneem deur die bril van sy/haar eie narratiewe. Dit beteken om, in plaas daarvan om ander of die self as gemeen of pervers te etiketeer, eerder gedrag te interpreteer as die uitvloeisel van angs, pyn en verwarring.
- Elke mens word onderwerp aan die invloede van die huidige wêreld en tale. Postmodernisme is geïnteresseerd in die betekenis van hierdie invloede.
- Deurdad mense se verhale gesien word as interpretasies van die teks wat uitloop op ongelukkige ervarings, kan hulle tydens gesprekke gehelp word om meer bevredigende interpretasies daar te stel. Hierdie interpretasies word verkry deur verhale na vore te bring wat meer kongruent is met die lewe wat hulle graag sou wou leef.
- Die terapeut is 'n deelnemer aan die gesprek wat bereid is om ook persoonlike narratiewe te deel. Beide gespreksgenoot en terapeut word dus in mekaar se leefwêreld ingelaat.

Die sentrale beginsel van narratiewe teorie is dat die self gekonstrueer en gestorie word deur interaksie met ander en dat taal binne hierdie konteks betekenis gee, sodat dit nie slegs 'n weergawe van gebeure bied nie (Gower et al 2005:155). 'n Narratiewe paradigma maak gebruik van die sosiale konstruksie van kennis wat nuttig gebruik maak van idees oor hoe daar met mag, kennis en die "waarheid" gehandel kan word in verskillende kontekste. Sosiale konstruksionisme het alreeds in hoofstukke 2 en 4 aan bod gekom, daarom word die volgende praktyke wat geassosieer word met sosiale konstruksionisme slegs kortliks genoem:

- Realiteite word sosiaal gekonstrueer.
- Realiteite word deur middel van taal saamgestel.
- Realiteite word deur narratiewe georganiseer en onderhou.
- Daar is geen essensiële waarhede nie.

Ten einde te verseker dat 'n narratief/sosiale konstruksionistiese posisie gehandhaaf word, word sekere vrae deur Freedman en Combs (1996:40) geformuleer. Daar geword gebruik gemaak van vrae, omdat voorskrifte nie inpas by hierdie paradigma nie.

- o Vra ek vir beskrywings van meer as een realiteit?
- o Luister ek met die doel om tot verstaan te kom van hoe die gespreksgenoot se ervaring van realiteit sosiaal-gekonstrueerd is?
- o Aan wie se taal word voorkeur gegee? Poog ek om die gespreksgenoot se taal te aanvaar en te verstaan? Wat is die impak van die verskillende taalkundige onderskeide wat tydens terapie na vore getree het?
- o Watter stories ondersteun haar probleme? Is daar dominante verhale wat haar lewe inperk? Watter gemarginaliseerde verhale hoor ek? Is daar aanduidings van gemarginaliseerde verhale wat nog nie genoem is nie? Hoe kan ek hierdie persoon uitnoui tot 'n "insurrection of knowledge" ten opsigte van hierdie verhale?
- o Fokus ek op betekenis eerder as op feite?
- o Evalueer ek die persoon, of noui ek haar uit om 'n wye reeks van haar eie ervarings te evalueer?
- o Plaas ek my menings in my eie ervarings? Is ek deursigtig ten opsigte van my konteks, my waardes en my bedoelings sodat die gespreksgenoot die impak van my vooroordele kan evalueer?
- o Word ek vasgevang in patologiese of normatiewe denke? Werk ons saam om die probleme te definieer gebaseer op wat problematies in haar ervarings is? Bly ek weg van "ekspert" hipoteses of teorieë?

Die narratiewe teorie wat my navorsing ten opsigte van die narratiewe pastoraat dus rig, kan in ooreenstemming met Ganzevoort (2001:48) saamgevat word in ses dimensies, naamlik: struktuur (insluitend opeenvolging van tyd en konseptuele storielyne); perspektiewe (insluitend die sosiale posisie van die verteller en die kwessie van mag); ervaring (insluitend die evaluering en die dialektiese interaksie van emosies, liggaam en interpretasie); roltoekenning (die toekenning van rolle aan die self, ander en God); relasionele posisionering (die gebruik van narratiewe ten einde verhoudings te skep, te onderhou, te verander of te beëindig) en gehoor (insluitend om toegesprek te word

deur 'n betekenisvolle ander asook om verslag te lewer van die persoon se lewe voor ander).

5.2.2 DIE BELANG VAN STORIES BINNE DIE RAAMWERK VAN NARRATIEWE TERAPIE

Narratiewe terapie is veral geskik om mense te voorsien van 'n ervaring waar hulle 'n stem kan gee aan hulle trauma, hulle interpretasies kan evalueer, hulle gevolgtrekkings oor hulle identiteit kan heroorweeg en hulle lewensverhale kan herskryf vanaf slagofferskap tot oorwinning en hoop (Duvall & Béres 2007:233). Volgens White en Epston (1990:11) word ervaring georganiseer deur narratiewe strukture en word betekenis gegee aan ervaring op die volgende wyse:

... persons face the task of arranging their experiences of events in sequence across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them. Specific experiences of events of the past and the present, and those that are predicted to occur in the future, must be connected in a linear sequence to develop this account (White & Epston 1990:10).

Mense gebruik dus stories om sin te maak van gebeure in hulle lewe. Die belang van die narratief is volgens Golberg (1981:62) nêrens belangriker en geregverdigter as in die weergee van 'n lewe nie. In aansluiting hierby definieer Cupitt (1991:ix) stories as:

... interpretative resources, models and scenarios through which we make sense of what is happening to us and frame our own action (and) are stretched out in time, as melodies are. They shape the process of life. It is through stories that our social selves, which are our real selves, are actually produced. We are the collections of stories that we are acting out, the stories that proliferate and reproduce themselves in us.

'n Storie is dus nie slegs 'n weg tot die oordra van kennis nie, maar is 'n wyse van interpretering van geleefde ervaring. In 'n narratief-pastorale benadering word kennis van die lewe dus saamgestel uit die geleefde ervaring van mense waar die verhaal van

God en die verhaal van mense mekaar ontmoet (Ganzevoort 2007:100). Hoop word volledig gekoppel aan die trou van God (Louw 1984:17). Goldberg (1981:17) wys as volg op die rol van God se verhaal in die lewensverhaal van mense:

We cannot have a human Christ unless we have a historical Christ, that is, unless we know his history. That is why the writers of the four Gospels tell the good news in the form of the story of Jesus' life. The events described are not intended as fiction but as God's way of changing the course of history in a human person.

Aangesien alle verhale 'n begin (geskiedenis), middel (hede) en 'n einde (toekoms) het, word die interpretasie van gebeure net soveel deur die toekoms as die verlede bepaal (White & Epston 1990:10). Die kartering van gebeure oor tyd is dus essensieel vir die waarneming van verandering (White & Epston 1990:2). Verder maak die narratiewe benadering voorsiening vir die prosesse wat ryk en vol beskrywings daarstel as fondasie vir die uitdrukkings, opvoerings en vertellings wat volg (White 2010:elektroniese bron). Die narratief is dus soos 'n goue draad wat stories omtrent die persoon self; haar vaardighede; worstelings; aksies; begeertes; verhoudings; werk; belangstellings; oorwinnings en mislukkings aaneen skakel (Morgan 2000:5). White (2010:elektroniese bron) voeg hierby die idees; begeertes; gemoedstoestande; doelwitte; hoop; intensies; motiewe; drome; passie; besorgdheid; waardes; standpunte; fantasieë en toewyding van die gespreksgenoot. Hierdie benadering beklemtoon orde en opeenvolging, en is geskik vir die bestudering van verandering in- en die ontwikkeling van die lewensiklus (White & Epston 1990:3). 'n Sentrale beginsel van die postmoderne paradigma waarop die narratiewe benadering geskoei is, is dat standpunte, wette, sosiale gewoontes en kultuur ontstaan vanuit sosiale interaksie oor tyd (Freedman & Combs 1996:23).

5.3 DIE LEES VAN DIE TEKS BINNE DIE NARRATIEWE BENADERING

Verhale begin gewoonlik met: "Eendag was daar ...". Die vraag ontstaan hoekom die storie enigsins vertel behoort te word? Volgens Bird (2000:48):

To tell is to relive and to relive is to feel and to feel is to risk the abysses that we fear may overwhelm us: not an easy journey.

Dit is daarom belangrik dat die gespreksgenoot die geleentheid gebied word om op so 'n wyse te reflekteer oor die verlede, dat sy nie verlore raak daarin nie (Bird 2000:48). Slagoffers kan sodoende hulle geleefde ervarings uiter of neerskryf, "... to operate cognitively and emotionally on that static encapsulation – to process it" (Smith 2005:61). Terapie kan hier metafories gesien word as 'n teater vol moontlikhede vir improvisasie wat noodsaaklik is om effektief betrokke te raak. Taal is hier van deurslaggewende belang. Volgens Cupitt (1991:8): "Language is most at home and runs along most smoothly when it is interwoven with human action". Die mens woon in 'n wêreld gevorm deur taal, daarom kan ervaring so maklik omgesit word in taal. Ten einde die wêreld van die ander te betree vereis dat die ander se taalwêreld, met al die nuanses en eienaardighede daarby betrokke, betree word (Gerkin 1984:56).

5.3.1 DEKONSTRUKSIE IN DIE NARRATIEF-TERAPEUTIESE KONTEKS

Gewoonlik besoek mense 'n terapeut omdat hulle probleme in hulle lewe ervaar. Gedurende die ontmoeting begin hulle gewoonlik deur van vele gebeurtenisse in die lewe van die probleem waarvoor hulle hulp soek, te vertel. Hulle sal ook 'n weergawe bied van hulle interpretasie van die gebeure. Hier is 'n veelheid van stemme en perspektiewe dus ter sprake. Die dekonstruktiewe luisterproses bied hier die geleentheid om ruimte te skep vir aspekte van mense se narratiewe wat nog nie in 'n verhaal omskep is nie (Gower *et al* 2005:160).

5.3.1.1 Dekonstruktiewe luister

Freedman en Combs (1996:46) beskryf die proses van dekonstruktiewe luister as die soeke "... to open spaces for aspects of people's lives that haven't yet been storied". Vir die gespreksgenoot bestaan daar voor dekonstruksie geen ander wyse om haar verhaal te vertel nie. Die dekonstruksie van probleemge vulde verhale en die konstruksie van voorkeurstories gaan gewoonlik hand aan hand. Narratiewe terapeute stel daarom belang in die ontdekking, erkenning en die dekonstruksie (uitemkaarhaal) van sienswyses, idees en praktyke in die breër kultuur waarin die persoon lewe en wat

bydra tot die probleem en die probleemverhaal (Morgan 2000:45). Dekonstruksie behels volgens White (1991:121):

... deconstruction has to do with procedures that subvert taken-for-granted realities and practices; those so-called “truths” that are split off from the conditions and the context of their production, those embodied ways of speaking that hide their biases and prejudices, and those familiar practices of self and of relationship that are subjugating of person's lives.

Derrida (1997:96-105) eksplorieer onder andere die glibberigheid van betekenis. Hy ondersoek en illustreer in hierdie gedeelte hoe die betekenis van enige simbool, woord of teks onlosmaaklik verbind is aan die konteks daarvan. Die soeke na die werklike of ware betekenis van enige teks, is vrugtelos. Die betekenis wat aan 'n gegewe teks geheg word, is maar een van vele moontlike betekenis. Die betekenis wat die luisteraar aan 'n verhaal heg, verskil dikwels van die betekenis wat die spreker bedoel het (Freedman & Combs 1996:47). Geen verhaal staan alleen nie, agter elke storie is daar 'n verskuilde verhaal. Die doel van dekonstruksie is om hierdie verhale te ontdek en die probleem binne konteks te plaas (Morgan 2000:45).

Wanneer die standpunte en idees wat die lewe van die probleem ondersteun, ondersoek word, word die gespreksgenoot aangemoedig om hulleself te distansieer van die probleem. Hierdie gesprekke verskuif die fokus van die geïnternaliseerde prosesse van die individu na die geëksternaliseerde fokus op idees en standpunte, die geskiedenis van hierdie idees en standpunte, die impak daarvan en verskillende moontlikhede (Morgan 2000:50). Die belang van dekonstruksie vir die terapeutiese proses dui volgens White (1991:121) en Morgan (2000:50) op die volgende:

- Die terapeut mag nie haar eie, of ander se idees of gedagtes op die gespreksgenoot afdwing nie.
- Sy vra slegs vrae waarvan sy werklik nie die antwoord/e ken nie.
- Sy vra uit oor die idees en die konteks wat die bestaan van die probleem in die hand werk, sy spoor die geskiedenis van die idees en hoe dit in haar gespreksgenoot se lewe gekom het, na. Sy vra vrae wat die effek van die

gespreksgenoot se standpunte evalueer, naamlik of die standpunte haar help, of nie.

- o Indien tot die besef gekom word dat haar standpunte haar nie ondersteun nie, word geluister vir dié kere toe sy opgetree het op maniere wat 'n wegbreek van haar dominante idees aandui. Wanneer hierdie unieke uitkomst geïdentifiseer is, is dit moontlik om hulle verder te eksploreer vir verdere ruimtes vir alternatiewe verhale.

5.3.1.2 Dekonstruksie van narratiewe

i) *Dominante narratief as dominante kennis en eenheid van mag*

Teks-analogie bied 'n raamwerk wat die navorser en terapeut in staat stel om die breër sosiopolitieke konteks van persone wie se lewe plaasvind in vele tekste in oënskou te bring (White & Epston 1990:18). Dit stel terselfdertyd die navorser/terapeut in staat om oorweging te skenk aan mag, die werking daarvan en die impak daarvan op die lewens en verhoudings van mense. Hierdie moontlikheid is belangrik omdat mag diskwalifiseer, beperk, misken en inperk (White & Epston 1990:19). Volgens Foucault (1988:2) is mag dus wesenlik deel van- en vormend ten opsigte van die mens se lewe. Foucault (1988:5) onderskryf die standpunt dat die “waarheid” gekonstrueerde idees is waaraan 'n waarheidstatus toegeken word. Hierdie “waarhede” is “normaliserend” in die sin dat dit norme konstrueer wat die persoon aanmoedig om hulle lewens daarvolgens te formuleer (White & Epston 1990:20). Dominante diskoerse kom meesal voor in opvattinge of persepsies, sodat die persoon se denke daarmee versadig word (Bird 2000:18). Die mens is geneig om die “dominante narratiewe” van hulle kultuur te internaliseer en glo dan maklik dat hulle die waarheid oor ander se identiteit weet (Freedman & Combs 1996:39).

Slegs 'n fraksie van geleefde ervaring kan egter gestorie en uitgedruk word op 'n gegewe tydstip, daarom val 'n groot deel van geleefde ervaring buite die dominante verhaal oor die lewe en verhoudings van 'n persoon (White & Epston 1990:14). Ten einde die storie aangaande die misbruik wat sy beleef het saam te stel, selekteer die slagoffer sekere gebeurtenisse as belangrik genoeg om ingesluit te word in haar spesifieke verhaal (Morgan 2000:6). Hierdie gebeure geniet dus voorrang bo ander

omdat sy sekere betekenis aan hierdie ervarings toedig en formuleer sodoende 'n dominante verhaal. Die aspekte van geleefde ervaring wat buite die grense van die dominante verhaal val, bied 'n ryk en vrugbare bron vir die generering of hergenerering van alternatiewe verhale.

ii) ***Eksternalisering***

Eksternalisering skep 'n omgewing wat emosionele en kognitiewe afstand van die probleem meebring (Bird 2000:52). Die identifisering van unieke uitkomst kan gefasiliteer word deur die eksternalisering van die dominante probleemgevulde verhaal van 'n persoon se lewe en verhoudings (White & Epston 1990:16). Ten einde die stories van mense te dekonstrueer, stel White (1991:126) die objektivering van die probleme waarvoor hulle hulp soek, voor. Hierdie objektivering betrek die gespreksgenoot by eksternaliserende gesprekke in verband met wat sy as problematies ervaar, eerder as internaliserende gesprekke (White (1991:126). Eksternaliserende gesprekke word geïnisieer deur die gespreksgenoot aan te moedig om die impak wat die probleem op haar lewe en verhoudings het, te karteer. Die eksternalisering van die probleem word verder versterk deur die kartering van die invloed wat die gespreksgenoot het op die lewe van die probleem (White & Epston 1990:49). Sodoende word die gespreksgenoot betrek by aktiwiteite wat 'n bewustheid van 'n proses skep waar sy terselfdertyd 'n akteur in, en gehoor van, haar eie opvoering is, sodat 'n konteks vir refleksiwiteit geskep word (White & Epston 1990:18). Eksternaliserende taal dien dus as voertuig om die self in 'n terapeutiese verhouding te oorweeg. 'n Konseptuele ruimte word sodoende geskep waarbinne alternatiewe verduidelikings vir probleme of bekommernisse geëksploreer en oorweeg kan word (Bird 2000:11). Die geskiedenis van die "iets", die verskyning en verdwyning daarvan, die impak daarvan en die betekenis daarvan kan nou geëksploreer word. Die terapeut word dan die eksploreerder van mense se lewensverhale eerder as ekspert kenner van hulle lewens (Bird 2000:12).

Eksternalisering is gebaseer op die uitgangspunt dat die probleem die probleem is, in teenstelling daarmee dat die persoon gesien word as die probleem (Morgan 2000:17). 'n Herdefiniëring van die probleem nooi die gespreksgenoot uit om nuwe interpretasies te konstrueer. Die eksternalisering van die gespreksgenoot se verhaal en die

gevoelens en gedagtes wat daardeur ondersteun word, kan dien as 'n baie effektiewe wyse om so 'n herdefiniëring moontlik te maak (Parry & Doan 1994:52). Eksternalisering is 'n nuttige strategie wat help om probleme te herformuleer in uitdagings wat ontmoet kan word (Dowling & Vetere 2005:20). Woorde wat die gespreksgenoot vantevore gevange gehou, geteister en beperk het, word herformuleer en verander sodat dit kan dien as medium vir transformasie en heling. Wanneer die terapeut betrokke raak by 'n eksternaliserende gesprek, doen sy daarom volgens Bird (2000:13) omvattend navorsing oor die volgende:

- Die konteks.
- Die beweging tussen die polariteitsposisies, sluit byvoorbeeld sukses/mislukking, vergifnis/hoop in.
- Die posisies buite die polariteitsposisies, byvoorbeeld as alle oorwegings ten opsigte van vergifnis eenkant geplaas word, watter ander oorwegings staan uit?
- Die eksplorاسie van een posisie, en dan die ander – sonder dat bewustelik gekies word vir een posisie bo 'n ander. Hierdie eksplorاسie bring onvermydelik idees en praktyke na vore wat nie voldoen aan die rigiede aankleef van enige posisie nie.

iii) *Unieke uitkomst en alternatiewe verhale*

'n Ware hermeneutiese proses behels volgens Müller (1996:12) dat mense en hulle verhale op so 'n wyse bymekaargetrek word dat die tot dusver onbekende horisonne na vore tree sodat nuwe realiteite geskep word. In die narratiewe benadering gaan dit oor meer as die innerlike taalkundige betekenis van woorde en begrippe. Volgens die beginsel van *difference* van Derrida verplaas die een verhaal die ander en dié wat daarop volg (Dreyer 2003:325). Hierdie alternatiewe verhale bied geleentheid om konvensionele denkpatrone uit te daag sodat rekonstruksie van herinneringe kan plaasvind (White & Epston 1990:16). Narratiewe terapie fokus dus op die nie-tipiese soos waargeneem deur die gespreksgenoot (Payne 2000:6). Verder moedig narratiewe terapie 'n gedetailleerde ondersoek van die nie-tipiese aan omdat dit hierdie onverwagte is wat die persoon 'n geleentheid bied om van die dominante verhaal te ontsnap (Payne 2000:6). Hierdie weersprekings van die dominante verhaal is altyd teenwoordig (Morgan 2000:7). Narratiewe terapie moedig dus die ontkiëming en groei van ryker

narratiewe aan wat los staan van die ongebalanseerde beskrywings van ervaring, wat nie gesien word as “foutief” of “beperk” nie, maar as “yl” of “arm” (Payne 2000:7). Hierdie gebeure kan aanleiding gee tot alternatiewe verhale wat ook weer met verloop van tyd meer invloedryk kan raak, om dan die gerekonstrueerde dominante verhaal te word (Morgan 2000:8). White (1991:127) noem hierdie herformulering van die lewensverhaal “re-authoring”.

Wanneer 'n persoon gekonfronteer word met 'n probleem ervaar hy/sy dikwels isolasie van belangrike verhoudings. Die dominante probleemge vulde verhaal kan suksesvol wees in die minimalisering van sekere vennootskappe of geskiedenis in die persoon se lewe (Morgan 2000:77). Die bedoeling van “re-membering” gesprekke is dan om betekenisvolle mense wat 'n invloed op haar lewe het te inkorporeer in die lewe van die gespreksgenoot (Morgan 2000:77). “Re-membering” gesprekke kan 'n betekenisvolle bydrae maak tot die ryk beskrywing van die geskiedenis van alternatiewe verhale. Betekenisvolle lidmaatskap kan mense wat steeds lewe, of wat alreeds oorlede is, verwant of onverwant is, werklike of verbeelde persone of mense vanuit hulle verlede of hede insluit (Morgan 2000:78). Lidmaatskap kan selfs diere, speelgoed, plekke, simbole of objekte insluit.

Ten einde herskrywing en “re-membering” moontlik te maak, word landskap-van-aksievrae en landskap-van-bewustheid-vrae gevra (White 1991:127). Landskap-van-aksievrae moedig die persoon aan om unieke uitkomst in volgorde van gebeure wat ontvou oor tyd volgens sekere storielyne te plaas. Landskap-van-bewustheid-vrae moedig weer die persoon aan om te reflekteer op, en om die betekenis te bepaal van daardie ontwikkelings wat gebeur in die landskap van aksie.

iv) *Landskappe van aksie en bewustheid.*

Die landskap van aksie word saamgestel uit (a) gebeure wat aaneengeskakel is in (b) spesifieke opeenvolging deur die (c) tydsdimensie – deur die verlede, hede en toekoms – en volgens (d) spesifieke storielyn (White 1992:125). Vrae dui op die “wie, wat, wanneer, waar en hoe” van die joernalistiek (Freedman & Combs 1996:97). Hierdie vrae word gevra met die oog op die uitbring van daardie aspekte van die ontkiemende verhaal wat “persoonlike bemiddeling” ondersteun (Freedman & Combs 1996:97). Die

daad van herskrywing vereis en demonstreer persoonlike bemiddeling deur vrae te vra oor hoe sy reggekry het wat sy wel vermag het.

Die landskap van bewustheid verwys na daardie verbeelde terrein waar mense oor hulle betekenis, begeertes, intensies, standpunte, toewyding, motiverings en waardes wat in verband staan met hulle ervarings in die landskap van aksie reflekteer (Freedman & Combs 1996:89). Die landskap-van- bewustheid-vrae moedig dus die persoon aan om ontwikkelings te hersien soos wat dit ontvou in die landskap van aksie, en om te bepaal wat dit mag openbaar (White 1991:131). Die landskap- van-aksie en landskap-van-bewustheid-vrae is nie net bloot vrae oor die geskiedenis nie, maar dit historiseer die unieke uitkoms (White (1991:134). Unieke uitkomst behels ook nie bloot die uitwys van positiewe punte in die verhaal nie, maar dit betrek die persoon aktief by die ontrafeling van misteries wat die terapeut nie kan oplos nie (White 1991:134). Die tussenspel tussen hierdie twee landskappe bring empatie en die betrokkenheid van ervaring in die lewe en gedagtes van die karakters in die verhaal na vore.

5.4 NARRATIEWE UITGANGSPUNT EN HERMENEUTIESE PASTORAAT

Die vrae: “Wie is ek?” en “Wie is God?” wat tydens die belewing van lyding gevra word, het ’n paradigmaskuif in die pastoraat teweeggebring vanaf “siele sorg” na “... geloof sorg binne die konteks van lewensorg” (Louw 2008:1). Hierdie verskuiwing behels meer as net ’n verskuiwing weg van die individu-gesentreerde benadering na ’n meer kontekstuele en gemeenskaps-benadering bekend as ’n hermeneuties-georiënteerde pastoraat (Müller 1996:7). Elke storie bied ’n bepaalde betekenis aan die gebeure waarvan vertel word. Volgens Dreyer (2003:314) behels die hermeneutiese benadering die proses om te verstaan en te interpreteer, waar beide deurgaans ’n rol in die refleksie oor die vertolking van sosiale instellings se konvensies, etos en identiteit speel. Die narratief as weg tot kennis fokus op die vorm, inhoud, funksie en konteks van lewenstories (Dreyer (2003:14). Hermeneutiek verwys hier na die verstaan van verskillende narratiewe en lewensverhale binne die eksistensiële realiteit van pyn, lyding, angs, skuld en wanhoop, sowel as die menslike hoop op betekenis, hoop, bevryding, sorg en ontferming (Louw 2008:1). Volgens narratiewe teoloë wag “die feite” egter nie bloot “daar buite” om net gelees te word “off the surface of reality” (Goldberg

1981:189) nie, maar word gelees deur die lens van een of ander storie, tradisie of perspektief. Volgens Goldberg (1981:180): “A successful and compelling appropriation of narrative by theology demands a description of ‘the hermeneutics of narrative’”. Die hermeneutiese pastoraat is volgens Müller (1996:9) doelbewus op soek na ’n rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit ’n dubbele narratiewe struktuur: (1) die eie lewensverhaal, en (2) die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale.

Die benaming wat volgens Gerkin (1986:59) die beste by die doen van praktiese teologie pas, is narratiewe hermeneutiese teorie van praktiese teologie omdat:

... it takes with utmost seriousness both the connection between human interpretation and action and the reality that all human processes and activities take place in the flow of time, a flow we humans hold in meaningful movement by means of a narrative or storied structure.

Die implikasie van Gerkin (1986:101) se narratiewe benadering is dat die pastor nie die gesag het om op direkte wyse raad of opdragte te gee nie. Die kennis van die terapeut moet hermeneuties gebruik word ten einde die gespreksgenoot se verstaan te verryk eerder as om dit te verhoed deur die afdwing van die “ekspertopinie” van die terapeut (Cattanah 2008:47). Die pastoraat moet gebruik maak van die beeld van begeleiding sodat die pastor self ’n tolk en interpreteerder van verhale word (Gerkin 1996:100). Hermeneutiek plaas die fokus op die interpretasie van tekste binne ’n persoonlike konteks en verwysingsraamwerk (Ganzevoort 1993:288). Die navorser beweeg van die bekende na die onbekende deur middel van die projeksie van ’n narratief oor wat bekend is in die konteks van die onbekende (Müller 1996:3). Betekenis volg dus op interpretasie en nie andersom nie. Die grense van verstaan kan verder verskuif word in die betrokkenheid by ’n ander persoon of teks. Dit lei tot die ontstaan van ’n “hermeneutiese sirkel” wanneer bestaande kennis herformuleer word tot ’n nuwe verstaan (Warnke 1987:83). Die terapeut en haar gespreksgenoot deel die drama van die verhaal soos wat betekenis ontwikkel sodat die verhaal gedekonstrueer en gerekonstrueer word ten einde nuwe, meer aanvaarbare stories daar te stel (Cattanah 2008:46). Dit bring mee dat dieselfde elemente oor en oor op versillende vlakke van verstaan teëgekomp word.

Hermeneutiek lê nie net diep in die hart van die teologie nie, maar ook in die hart van die pastoraat. Hermeneutiek dui op die teorie van interpretasie, waar die klem geplaas word op “tot verstaan kom”, wat nie net ’n objektiewe begrip is nie, maar ’n proses van ontmoeting, waarby die leser sowel as die teks mekaar interpreteer (Ganzevoort & Visser 2007:103). Volgens Louw (1999a:23) moet God verstaan, vertolk en geïnterpreteer word in terme van reële kontekste en die mens moet binne konteks verstaan en vertolk word in die lig van God en die Evangelie. In hierdie opsig stel Ganzevoort en Visser (2007:100) dit dat: “Die narratiewe benadering staat in een hermeneutisch perspektief en probeert te expliciteren wat er in de pastorale ontmoeting gebeurt en hoe het verhaal van mensen en het verhaal van God elkaar raken en beïnvloeden”.

By die hermeneutiese speel die religieuse momente dus eksplisiet ’n rol (Müller 1996:9):

Die hermeneutiese pastoraat is meer doelbewus op soek na ’n rekonstruksie van die lewensverhaal vanuit ’n dubbele narratiewe struktuur: (1) die eie lewensverhaal, en (2) die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale. Die noue verbande tussen die hermeneutiese en narratiewe benadering blyk hieruit reeds duidelik.

Die effek van die hermeneutiese paradigma in die pastoraat is volgens Müller (1996:10) verreikend wat benadering en metode betref. Geloofstaal is simboletaal en daarom word van metafore gebruik gemaak in die pastoraat, waarvan gelykenisse ’n goeie voorbeeld is (Heitink 1990:127). Na aanleiding van die grondslag van die narratief van die Christelike geloof is dit in die misterieuse transformasie waarin die mens uiteindelik vertrou kan hê (Gerkin 1986:55). Die mens se spreke daarvoor is altyd metafories omdat God ’n misterie is en die mens na Hom deur ’n dowwe glas kyk. Die brandpunt van die pastoraat “... ligt bij de spirituele dimensie van de levensweg, bij de relatie met het mysterie dat wij God noemen” (Van der Meulen 2004:17). Hiermee word ’n direkte verband tussen die spirituele dimensie van die lewensweg van die mens en die verhouding met die geheimenis van God gelê (Van der Meulen 2004:17).

5.5 PASTORAAT EN ROUTE

Pastorale bediening is 'n bystandshulp aan *mense* (Louw 1999b:17). Die begrip “terapie” het hier te doen met die funksies van heling, herstel en sensitiewe sorg wat konstruktiewe en positiewe implikasies vir die menslike bestaan en sy sinvolle funksionering kan hê (Louw 1999a:510-511). Wanneer die teologiese dimensie van die pastorale handeling geëksploreer word, val die soeklig op verskillende pastorale modelle. Implisiet tot die metafoor van kartografie word die aspek van eksplorاسie en landkaarte vervat. In aansluiting hierby word gebruikgemaak van Zerfass (Heyns & Pieterse 1990:38) se vergelyking van 'n model met 'n landkaart. Met behulp van 'n landkaart word 'n oorsigtelike beeld van 'n groot gebied aangedui wat verstaan vergemaklik. 'n Landkaart kan egter nie alle besonderhede weergee nie, daarom word die verskillende modelle en benaderings op 'n vereenvoudigde, maar wel verstaanbare wyse weergegee.

Die kerugmatiese benadering van Thurneysen word deur die absolute soewereiniteit van God en die primaat van die Woord beheers (Thurneysen 1968:67). Die kerugmatiese benadering word deur die Gereformeerde siening van die menslike wese: *simul justus et peccator* gedomineer (Louw 1999b:28). In hierdie benadering gaan dit om die toepassing van absolute waarhede wat saamgaan met 'n sterk klem op die openbaringskarakter van die Bybel en die ontoereikendheid van die menslike insig (Ganzevoort & Visser 2007:208). Dit kom dus neer op 'n deduktiewe benadering deurdat al die inligting vanuit die Bybel verkry word en aan die individu gegee word (Van Jaarsveld 2001:58). Furet (Louw 1999a:43) beskryf die kerugma as die modus vir aktualisering van die Woord. Die groot kritiek teen die klassieke formulering van Thurneysen was dat hy die pastoraat laat opgaan het in 'n homelitiese gebeure sodat die mens in nood nie self tot sy/haar reg kom nie (Louw 1999a:44).

Volgens Hiltner is die deduktiewe model te veel besig met God en te min met die mens (Van Jaarsveld 2001:61). Die eduktiewe model dui op die term “eduktief” wat afgelei is van die Engelse *educere* wat beteken “te voorskyn kom” (Van Jaarsveld 2001:61). Hiltner beskou teologie as 'n proses eerder as 'n finale verbale formulering (Hiltner 1985:222). Hiltner toon aan dat dit in die teologie gaan om die dinamiek van die menslike bestaan waarop die psigologie en psigiatrie gerig is (Ganzevoort & Visser 2007:210). Volgens

Tillich se sienswyse van hierdie benadering staan God se Woord nie soseer sentraal nie, maar die proses van beraad (Louw (1999a:46). Onder invloed van die werk van Boisen word die mens beskou as 'n soort lewende dokument wat as die eintlike kernbron figureer (Louw 1999a:46). Hierdie ontwikkeling bedreig egter die eiesoortigheid van die pastoraat deurdat die eduktiewe benadering poog om die pastorale gesprek en die psigologiese beradingsproses ineen te laat smelt (De Klerk 1987:36).

In sy noutetiese benadering staan Adams ferm teenoor die meer liberaal-teologiese uitgangspunte van die eduktiewe model deurdat hy deur middel van die proses van konfrontasie die persoon tot persoonlike verandering en gedragswysiging wil begelei (Louw 1999a:47). Adams se uitgangspunt is die sondige natuur van die mens wat daarop dui dat daar iets in die gespreksgenoot se lewe verkeerd is (Van Jaarsveld 2001:68). Die noutetiese konfrontasie in Adams se Bybelse gebruik beoog om die individu se karakter- en gedragspatrone sodanig te verander dat dit met Bybelse standaarde konformeer (Van Jaarsveld 2001:68). Die probleem met die noutetiese benadering is dat Adams die Skrif op alle menslike problematiek wil forseer. Die gevaar ontstaan dan dat die Skrif moet diens doen as 'n versameling van teksverse wat gebruik kan word om alle psigiese en sosiale probleme op te los (Louw 1999a:50).

Heitink (1993:10) plaas sy hulpverleningsmodel binne die raamwerk van bipolariteit waarin hy poog om 'n sintese tussen die kerugmatiese benadering van Thurneysen en die kliëntgesentreerde benadering van Hiltner te bewerkstellig. Volgens hierdie benadering moet die pastoraat nie net 'n suiwer kerklike nie, maar ook 'n buite-kerklike gerigtheid op die wêreld hê. Die bipolariteit tussen God en mens, in die sin van interafhanklikheid van mekaar vir die sinvolle bestaan van beide, staan egter onder verdenking (Van Jaarsveld 2001:82). God word dan die neweproduk van die mens se "... hartstogtelike fantasieryke soeke na 'n 'transendente sekuriteit ...' wat dui op "... 'n die soeke na 'n waarborg buite die vlak van die mens se eie bestaans-verganklikheid" (Louw 1999a:55).

Pastorale sorg as 'n hermeneutiese proses gaan egter oor meer as die blote aanleer van tegnieke (Müller 1996:101), aangesien die mens as 'n hermeneutiese wese verstaan word. Die hermeneutiese benadering dui daarop dat verstaan nie gereduseer

kan word tot 'n "... rigid methodology, cannot be simple repetition, cannot be reduced to one single meaning, and cannot eliminate the human element" (Stiver 2003:170). Volgens Ganzevoort en Visser (2007:22) bestaan daar dus groot verskille tussen die onderskeie versorgingswyses, maar daar kan terselfdertyd ook groot ooreenstemming wees as dit gaan om die belang van die verhaal van God. Die hermeneutiek stel volgens Müller (1996:11) belang in betekenisvolle inhoud wat verweef is in 'n eie tradisie. Hierdie versmelting behels 'n totale horison van konteks, tyd, plek en tradisie wat in die pastoraat ook 'n verrekening van die horison van die Christelike tradisie beteken (Müller 1996:12).

In ooreenstemming met Louw (1999a:307) lê die onderskeid vir my daarin: "Die hulpsoekende mens en die menssoekende God ontmoet mekaar met behulp van die Heilige Gees" in die pastorale gesprek. God het Homself aan die mens bekendgestel as misterieuse wese in sy boodskap aan Israel: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir Israel sê: 'Ek is' het my na julle gestuur" (Eks 3:14). God verskyn dus dikwels in onverwagse en vreemde gedaantes aan die mens. Die pastor moet daarom waak teen kitsantwoorde. Pastorale terapie, daarenteen is gerig op die maak van keuses en die neem van besluite om in geestelike volwassenheid die weg van God te volg. Dit is egter belangrik om daarop te let dat terapie slegs 'n hulpmiddel is en nooit 'n doel op sigself mag word nie (Louw 1999a:513).

Die basis van pastorale sorg is gesprekvoering (Ganzevoort & Visser 2007:133). Die pastorale gesprek bring volgens Louw (1999a:305) mee dat dit "... in die pastoraat om 'n dialogiese proses van kontak en ontmoeting gaan". Hierdie gesprek word deur Ganzevoort en Visser (2007:100) beskryf as "... een gesprek waarin verhalens word gedeel met een ander en word verbonden met die verhaal van God". Die pastorale gesprek gaan vir Louw (1999a:307) om selfverstaan in die lig van Godsverstaan en omgekeerd. In hierdie verband kwalifiseer Louw (1999a:307) die teologiese aard van die pastorale gesprek aan die hand van vier faktore:

- Die feit dat die Woord en die Gees 'n derde faktor in die pastorale gesprek is, stempel die dialoog in die gesprek tot 'n dialoog.
- Dit gaan in die pastorale gesprek wesenlik om 'n hermeneutiese proses van vertolking.

- Mense word in hulle verantwoordelikheid aangespreek in terme van die verbondmatige karakter van die kommunikasiegebeure tussen God en mens.
- Die pastorale gesprek beoog 'n heel spesifieke antropologiese doelwit: geloofsvolwassenheid as geloofsgroei binne die konteks van die gemeente.

Heitink (1979:289-311) dui vier funksies van die pastoraat aan as heling, bystand, begeleiding en versoening. Die uniekheid van die pastoraat word verder deur Velema (1994:42) aangedui deur die profetiese, priesterlike en koninklike aspekte van die pastoraat wat vervat word in vier funksies, naamlik vertroosting en bemoediging; vermaning en teregwysing; raadgewing, heling en genesing en die daarstelling van vrede deur versoening, met as kernwoord heling. Hierdie funksie sluit aan by die mening van Clinebell (1966:15) dat wanneer mense geraak word deur die lewe van Christus, hulle die helende krag ervaar. Hierdie krag spruit voort uit die openheid ten opsigte van die self, ander, die natuur en God. Die doel van die pastoraat is hier om harmonie in verhoudings te herstel.

Die mens bevind hom-/haarself in die daaglikse lewe in drie verhoudingsvlakke wat volgens Prins (1971:42) op so 'n intieme wyse met mekaar verweef is, dat nie een daarvan uitgelaat kan word sonder om die geestelike gesondheid van die mens te benadeel nie. Hierdie verhoudingsvlakke dui op die vertikale (verhouding tussen God en die mens); die horisontale (verhouding tussen mens en medemens) en die intrapersoonlike (die innerlike verhouding waarin die mens met hom-/haarself staan) (Prins 1971:42). Volgens Müller (1996:68) sluit horisontale verhoudinge ook die individu se behoefte aan warmte, intimiteit, affeksie en seks in. Die vertikale verhouding in die pastoraat behels dat die pastorale gesprek aanknoping vind in die ontmoeting tussen God en die mens en speel af teen die agtergrond van God se gesprek met die mens. Verder is die profetiese gesprek veral die lerende gesprek vanuit die Woord; die priesterlike gesprek is veral die gesprek rondom skuld, berou, belydenis, troos en vergifnis; die koninklike gesprek is veral die vermanende gesprek wat oproep tot liefdesgehoorsaamheid (De Klerk 1975:48). Hierdie "struktuur" in pastorale gesprekvoering dui nie op 'n vooropgesette skema wat op direkte wyse deurgewerk word nie. Dit dui eerder volgens Louw (1999a:308) op 'n integrasie van kennis aangaande die interaksiegebeure tydens die gesprek, die moontlike fases waardeur 'n

gesprek beweeg en die basiese vaardighede waaroor die persoon beskik met die oog op "... verstaan en ontsluiting van mekaar tot egte humaniteit".

Die take van die pastor as koning, priester en profeet word egter vandag in toenemende mate oorgeneem deur nie-kerklike instansies (Ganzevoort & Visser 2007:23). Gerkin (1979:12) verstaan pastorale sorg as dat dit fundamenteel groei uit die vermoë om te verstaan wat besig is om te gebeur in 'n gegewe menslike situasie. Hierdie gebeure geskied "... with the greatest breadth and richness of perception possible and the accompanying ability to relate these perceptions to a coherent and comprehensive theological framework" (Gerkin 1979:12). Veral in die huidige tydvak wat gekenmerk word deur die toenemende impak van sekularisasie, vinnige sosiale verandering en pluralisme moet pastorale sorg daarom die hoek van die waarnemingslens wyer stel. Die pastorale ontmoeting binne die veld van hierdie lens bring volgens Louw (1999a:110) die volgende paradigmaskuiwe mee:

... 'n skuif weg van 'n metafories-ontologiese aanpak ('n verklaringsmodel van God in terme van abstrakte syns-kategorieë); weg van 'n kousaliteitsmodel (oorsaak en gevolg) na 'n meer persoonsmatige en hermeneutiese model (vertolking en verstaan); weg van 'n metafisiese verstaan van God in terme van afstand na 'n metaforiese verstaan van God in terme van eksistensiële kontekste (singewing).

Die Christelike verstaan van die verlossing vereis 'n voortgaande dialoog tussen Christen- gelowiges en die mens wetenskappe, wat dogmatisme aan albei kante uitsluit (McNish 2004:70). Volgens Louw (1999a:510) moet die pastorale terapeut kennis dra van psigoterapeutiese tegnieke, gedragsmodifikasie en sisteemteoretiese modelle. Louw (1999a:515) gebruik sy perspektiewiese lens om die onderskeid tussen die pastoraat en die psigologiese benaderings aan te dui. Hierdie onderskeid is geleë in die basiese filosofie dat die mens óf beskou word vanuit 'n geloofsperspektief (verhouding met God), óf vanuit 'n sekulêre perspektief (outonomie van die menslike persoon). Antropologie speel hier 'n belangrike rol omdat die pastorale teologie sowel as die ander geesteswetenskappe met een en dieselfde mens werk. Die eintlike uitdaging volgens Louw (1999a:52) is dat elke wetenskap duidelikheid sal kry oor die

bepaalde perspektief van die mens en wat elke dissipline terapeuties gesproke, met die mens wil bereik.

Van Jaarsveld (2001:148) vergelyk psigoterapie en pastorale terapie as volg met mekaar:

KATEGORIE	PSIGOTERAPIE	PASTORALE TERAPIE
Metodiek	Korreleer met bepaalde persoonlikheidsteorie	Promissioterapie wat met bepaalde vlak van geloofsvolwassenheid korreleer.
Gespreksteknik	Dialogies Kommunikasie-geïoriënteerd	Triologies Verbondsmatig-kommunikatief geïoriënteerd.
Antropologie	Mens is outonome wese. Potensiaal tot selfrealisering.	Geskape wese en dus afhanklik. Charismatiese potensiaal vir geloofsrealisering.
Doelwit	Psigiese volwassenheid	Geloofsvolwassenheid
Effek	Psigofisiese stabiliteit	Geloofstabiliteit
Konteks	Berader-kliënt-interaksie	Pastor-gespreksgenoot-interaksie

Na aanleiding van die pragmatiese taak van die praktiese teologie word die narratiewe pastoraat en psigologie beskou as interpenetrerende, aaneengeskakelde dissiplines wat mekaar wedersyds beïnvloed ter wille van die praktyk van terapie (Osmer 2008:10). Aangesien die impak van misbruik die mens as affektiewe, konatiewe, kognitiewe en liggaamlike wese raak, is dit belangrik dat al die dissiplines betrokke by hierdie verskillende aspekte in terapie geïntegreer behoort te word. Die grense wat die uniekheid van elke dissipline afbaken, word egter nie sonder meer uitgewis nie. Die identiteitsteorie van Erik Erikson (soos weergegee in hoofstuk 3) bied geleentheid vir die integrasie van sosio-kontekstuele en individueel-eksistensiële interpretasies. In hierdie studie word hierdie benadering verder geïntegreer met die narratiewe pastorale benadering. Dit laat my dink aan die 3-D brille wat soms verskaf word sodat films en sekere fotografiese beelde drie-dimensioneel waargeneem kan word sodat die beeld

nader aan die kyker beweeg en eintlik die kyker se ruimte betree. Die beeld is ietwat vaag wanneer sonder die bril daarna gekyk word. “Laagvorming” word dus ’n komponent van die ontwerp waarbinne die verskillende perseptuele lae in ’n “werklike” drie-dimensionele ruimte bestaan. Die psigologie bied hier ’n ekstra “laag” wat diepte en duidelikheid aan die samestelling van die Christelik-spirituele ervaring bied.

Spiritualiteit gaan veral oor hoe die Christelike lewe geleef word (Louw 1999a:136). Dit is daardie “iets” wat ’n persoon beweeg na dieper dieptes van sy/haar geloof. Christelike spiritualiteit behels die menslike kapasiteit tot self-transenderende kennis, liefde en toewyding soos wat dit geaktualiseer word deur die ervaring van God in Jesus Christus en die gawe van die Gees (Conn 1983:3). Dit vereis nie ’n vormgodsdien van byvoorbeeld twee maal op ’n Sondag kerk toe gaan of die onderhou van ’n godsdien volgens sekere wette en reëls nie (Von Benecke 2005:15). Die menslike persoon in verhouding tot God waar hierdie verhouding een van ontwikkeling en groei in die geloofsluwe is, en dus die hele persoon insluit (Von Benecke 2005:23). Dit sluit die werk van die Heilige Gees in interaksie met die menslike gees in. Christen-spiritualiteit is dus eksplisiet vir dié wat gebroke, gewond en gestrem is, wat die dogter wat misbruik is, insluit.

In die narratiewe hermeneutiese paradigma val die klem op verstaan binne die konteks van die geheel deurdat pastorale aksies in terme van die kontemporêre lewenskewessies verstaan kan word (Louw 2002:341). By narratiewe terapie gaan dit nie slegs oor die spesifieke verhaal wat vertel word nie. Die verhaal word aan die orde gestel in relasie tot die vele ander verhale wat in haar lewe voorkom. Daar moet ook na twee kante van die narratief (dieselfde munt) gekyk word. Eerstens word gelet op die sintakse of samehang binne die verhale (Ganzevoort & Visser 2007:115). Dit handel oor dele van haar lewensverhaal, maar betrek ook die verhale van ander oor haar asook ander verhale uit die sosiale konteks wat ’n bepalende rol in haar lewe speel (Ganzevoort & Visser 2007:115). Alternatiewe verhale dui tweedens op die lewensverhaal as één van die moontlike verhale. In plaas van die verhaal wat die probleem in stand hou en versterk, is daar ook verhale wat minder invloed aan die probleem bied. Dit dui aan hoe sy eerder haar lewe sou wou leef.

Elke storie wat 'n slagoffer vertel, dra dus by tot 'n selfportret waarna sy kan kyk en verwys, sy kan daarvoor dink en die terapeut kan dit gebruik om tot 'n verstaan van die verteller te kom (Cattanah 2008:21). Die mens is altyd betrokke by interpretering en beskik daarom oor geen absolute waarheid ten opsigte van geregtigheid, die self, realiteit of die “morele reg” nie (Warne 1997:1). Die primêre fokus van die narratiewe benadering is mense se uitdrukking van hulle geleefde ervaring (Cattanah 2008:86). Die funksie van die interpreterende terapeut is om 'n dialogiese verhouding tussen die Bybelse verhale en die stories van mense in die hedendaagse lewe te bewerkstellig (Gerkin 1994:123). Wanneer die Bybel in terapie gebruik word, moet dit nie met neerbuigende sekerheid gedoen word nie, maar met 'n groot behoefte aan 'n nederige, soekende omgaan met die geloofsboek (Müller 2011:177). Die terapeut moet nie net herhaal wat die Bybel sê nie, maar moet dit ook interpreteer aangesien die Evangelie nie 'n geskenkpakkie is wat onoopgemaak van geslag na geslag oorgedra word nie (Müller 2011:177). Die Evangelie is eerder soos 'n lewe wat weer en weer gebore en van nuuts af gelewe moet word. Dit maak dus meer sin om oor God as die doel van alles eerder as die oorsaak van alles te dink. In die pastoraat wil dus wegbeweeg word van God as die bron van alles en agent wat agter alles staan na God as reisgenoot (Müller 2011:178). Sodoende bevind 'n gelowige hom-/haarself op 'n ontdekkingsstog van die immanente, immerteenwoordige en moontlike God, ten einde in die lig van die hoop in te beweeg.

5.6 'N PASTORALE REIS VANUIT 'N PERSPEKTIEF VAN HOOP

Die term vir terapie in die Grieks (*therapeuo*) verwys na diens, hulpverlening en sensitiewe sorg (Louw 1999a:511). In die pastoraat staan heil, heling en gesondheid sentraal (Heitink 1990:117). 'n Eskatologiese perspektief interpreteer die menslike wese in terme van die gebeure van God se dood en opstanding (Louw 2008:2) waar God getipeer word as die God van die opstandingslewe (Louw 1999a:86). Hoop word egter nie gebaseer op voorspellings of profesieë nie, maar op die beloftes van God wat die toekoms open en die krag voorsien “... to leave behind everything that one has, and to risk the exodus into the unknown and to trust solely the star of promise” (Moltmann 2008:101).

Geloof en hoop word aanmekaar gekoppel, en geloof word selfs gedefinieer in terme van hoop: “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie” (Heb 11:1). Volgens Petrus is lyding ’n geleentheid om verantwoording te doen oor die hoop wat in die gelowige se lewe heers (1 Pet 3:15). Die pastor moet binne hierdie onsekerheid haar eie integriteit vind. Hieruit definieer Louw (1999a:87) die pastoraat vanuit ’n hoop-perspektief as volg:

Pastoraat wil die geloof in die hoop sodanig laat lewe dat die oorwinning van die heil deurbreek in elke dag se lewe, ook in lyding. Die sinhorison van die Evangelie word dus wesenlik bepaal deur die oorwinningsdimensie van die opstandingshoop. In die lig van die eskatologiese perspektief, word pastoraat (as heilsbemiddeling van die Evangelie) lewensbediening van hoop.

Hier is geloof veel meer ’n praktiese as ’n teoretiese saak (Van Niekerk 2005:77). Die Godsbeeld van God, as doel, plaas Hom volgens Müller (2011:131) in die toekoms, en lei tot ’n werkbare en praktiese spiritualiteit. Die implikasie is dat die realiteit gesien word in die lig van die alreeds en die nog nie (Louw 2008:6). Dit beteken dat die dialoog tussen God en die mens gedra word deur ’n spanning van belofte-in-ervulling waar hierdie spanning teleologies gerig word op die komende ryk van God (Louw 1999a:89). Heling van seksuele misbruik word hier gedefinieer as: “not the absence of pain or memories, but the ability to go forward with hope and purpose, cultivating a vital relationship with God and investing in the lives of others” (Hunt 2010:323).

Die teologie maak volgens Louw (1999a:299) hoofsaaklik van promissiotherapie gebruik, wat met ’n spesifieke geloofsvolwassenheid korreleer. Die uitwerking van promissiotherapie is geloofstabieleit wat vastigheid vind in ’n eksterne steunpunt, naamlik die trou van God (Louw 1999a:300). Hierdie stabiliteit is volgens Louw (1999a:300) gekoppel aan die middelaarswerk van Christus, naamlik sy soenverdienste en regverdigmaking. Die konteks van promissiotherapie is die kommunikasienetwerk van die pastor-lidmaat-interaksie. Die impak van pastorale terapie op die funksionering van geloof, is hoop waar peil getrek word op die vervulde beloftes van God en sy trou (Louw 1999a:426).

Moltmann (2008:101) lees die Ou Testament as die geskiedenis van God se onuitputlike belofte aan Israel ten opsigte van die toekoms van die wêreld. Eskatologie is nie gebaseer op die voorspellings en profesieë nie, maar is gebaseer op God se beloftes. God belowe aan die volk sy getrouheid, en "... since faithfulness is the essential nature of his divinity, so the promise and what is promised in it are one and the same, namely the presence of God" (Moltmann 2008:101). God se belofte gooi die toekoms oop deurdat die gelowige in staat gestel word om alles wat hy/sy het en is agter te laat ten einde die risiko van die eksodus na die onbekende te waag en om in die reisproses alleenlik staat te maak op die "star of promise" (Moltmann 2008:101).

Die lewe word geleef in aktiewe hoop, met die beklemtoning van die krag van die toekoms bo die teenwoordige – "God werk vanuit die toekoms" (Müller 2011:131). Volgens Büchner (2006:27) beteken spirituele heelwording om heeltemal nuwe verhoudings aan te knoop en vrede te vind, wat dui op die volgende merkers:

- Die gespreksgenoot leer God ken as iemand wat regtig omgee en haar waardig ag (Ps 139, Matt 10:29-36).
- Die gespreksgenoot besef dat sy meer is as haar gekneusde self en leer om haarself lief te hê.
- Sy kyk met minder agterdog na ander en waag dit om mense te vertrou wat regtig omgee.
- 'n Mens wat spiritueel heel is, sien die wêreld weer raak en is dan ook weer bereid om God saam met ander as volwaardige Koninkryksburger te dien.

Die God-mens-spanning besit 'n tweërlei dinamika wat volgens die begrippe "sentrifugaal" en "sentripitaal" beskryf word (Louw 1999a:89). Vanuit die Godpool moet die eskatologiese dinamiek sentrifugaal gesien word. In die spanning tussen God en mens dien Hy as middelpuntvliedende krag en bepaal die menslike lewensbestemming deurdat die geloof gerig word op die lof van God as die eintlike bestemming van die mens (Louw 1999a:89). Vanuit die mens-pool moet die eskatologiese perspektief sentripitaal gesien word. Vanuit hierdie dinamiek bly die mens binne die God-mens-spanning 'n onrustige middelpuntsoeker in die soeke na sin en bestemming in sy/haar bestaan (Louw 1999a:98). Die pastoraat gaan daarom wesenlik om die mens en hierdie lewe. Vir Moltmann (2008:103) dui hierdie lewe op:

The contradiction to existing reality into which the Christian hope brings believers is nothing other than the contradiction out of which this hope itself was born: the contradiction between the world of the resurrection and the world in the shadow of the cross.

Wanneer die mens weier om vorentoe te beweeg ontstaan “hoop”-loosheid wat beskryf kan word as ’n magtelose gevoel of ervaring van kontroleverlies en hulpeloosheid (Louw 1999a:525). Wanhoop dui op ’n “... toestand van bestaansvertwyfeling en ’n ervaring van sinloosheid as gevolg van die ontbreking van bestaansgeborgenheid” (Louw 1999a:525). Hoop is dan ingebed binne ’n sisteem van verwagtinge wat die wending van die toekoms antisipeer. Die hoop moet daarom ’n uitsig bied wat antisipering van die toekoms moontlik maak (Louw 1999a:528). Hier speel verbeelding ’n belangrike rol: “Imagination ... is the principal human organ for knowing and responding to disclosures of transcendent Truth” (Moltmann 1997:103).

Die pastorale terapeut maak dus gebruik van ’n ander taal as ander helpende professies en word van hierdie professies onderskei deur hoe hulle praat oor lewensprobleme. Die pastorale terapeut se wêreldbeskouing is gegrond in ewige hoopvolheid volgens die aard van sy/haar beroep (Capps 1995:3). Die slagoffer word aan God, as die enigste Een wat haar na behore kan versorg, toevertrou wanneer sy ’n eskatologiese hoop in die eindelike, maar terselfdertyd die eintlike dinge van die lewe vir die toekoms ervaar. Volgens Capps (1995:143) skei hoop die mens van vrees:

It is the experience of myriads of trustful souls, that this sense of God's unflinching presence with them in their going out and in their coming in, and by night and by day, is a source of absolute repose and confident calmness. It drives away all fear what may befall them. The nearness of God is a constant security against terror and anxiety.

5.7 OORSIG

Ligging, as die integrale komponent van kartografie, word in hierdie hoofstuk aangedui deur die narratiewe pastorale benadering soos geïnformeer deur die konsepte en opvattinge waarvolgens mense hulle lewens en die wêreld waarin dit plaasvind,

verstaan. Kartering het plaasgevind in die soeklig van rigtingwyser 4 as die vernaamste hoogtepunt van die navorsingsproses ter voorbereiding vir die voortsetting van die tweede deel van die navorsingsreis in die lig van dieselfde gids. Die inhoud van die narratiewe benadering volgens die hermeneutiese perspektief, 'n eksplorاسie van die pastorale ontmoetingsgebeure, die eiesoortige karakter van die pastoraat en 'n narratief-pastorale benadering tot terapie is aan die orde gestel. In die proses is aangedui dat die mens nie as objek waaroor sekere vaste waarhede bestaan benader kan word nie. Hierdie sienswyse is gegrond in die paradigma van postmoderniteit waarvolgens daar beperkings is op die mens se vermoë om die heelal op enige presiese wyse te meet en te beskryf. Dit beteken dat daar agter elke verhaal nog 'n verhaal verskuil lê sodat gedrag geïnterpreteer word as uitvloeisels van die impak van misbruik. Hierdie verhale word ontdek deur middel van die dekonstruksie van die dominante verhaal en die ontdekking van unieke uitkomstes as boustene van alternatiewe verhale.

5.8 VOORSKOU

In hoofstuk 6 word voortgebou op die grondslag wat in die lig van rigtingwyser 4, as die *Clou* fase van die navorsingsproses, gelê is vir 'n narratief-pastorale betrokkenheid by die skep van hoop vir 'n adolessente dogter wat misbruik is. Die lig word gewerp op die narratief-pastorale terapeut sowel as haar verantwoordelikhede as reisgenoot. Die belang van verhale in terapeutiese konteks sal aangedui word. Uiteindelik word die verskillende bewegings ter fasilitering van stories van hoop in die terapeutiese gesprekvoering aangedui.

HOOFSTUK 6

’N REISJOERNAAL VAN NARRATIEF-PASTORALE BETROKKENHEID BY TIENERDOGTERS WAT SEKSUEEL MISBRUIK IS

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk word gekarteer in die lig van die eerste fase van rigtingwyser 4. Rigtingwyser 4 as *Clou* dui op die “vernaamste hoogtepunt” (HAT 1994:122) van die navorsingsproses: “You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters” (Müller 2001:12). Soos aangedui deur rigtingwyser 2 word die kennis wat die mens van die lewe het en die narratiewe wat daaruit geformuleer word, opgebou deur geleefde ervaring in verskillende kontekste. Pastorale sorg groei egter vanuit ’n gegewe menslike situasie waar nie slegs die ervaring van misbruik ter sprake is nie, maar ook die ervaring van die transendente, naamlik God. ’n Verkenning van die idees en beginsels van die narratief-pastorale benadering word in hierdie hoofstuk onderneem as ’n hermeneutiese strategie om die storieversamelings van my drie gespreksgenote te interpreteer en te verstaan. Die doel is om die navorsingsreis in die lig van die tweede fase van rigtingwyser 4, waar ’n eie narratief-pastorale benadering vanuit ’n ryk bron van terapeutiese inisiatiewe saamgestel kan word, voort te sit.

Sentraal binne die verskillende inisiatiewe staan die narratiewe metafoor wat onder meer veronderstel dat ons verhale “lewensbepalend is, konteks bepaald is en meervlakkig van aard is met dominante en alternatiewe beskrywings en dat die verteller die beste gids van ’n eie verhaal is” (Van den Berg & Smit 2006:1082). In hierdie hoofstuk word diepte verkry deur aandag te gee aan die gebruik van sleutelmetafore. Moontlikhede word geskep deur poststrukturele denke, die konteks van narratiewe terapie en die relevansie van die narratief-pastorale benadering wat die belang van Christelike spiritualiteit vir hierdie benadering insluit, word verreken. In aansluiting by die laag-op-laag-invera in verhale, word eerstens aandag aan die inhoudelike agtergrond van die narratiewe benadering gegee. Hierdie benadering staan volgens Ganzevoort en Visser (2007:100) “... in een hermeneutisch perspectief en probeert te expliciteren wat er in de pastorale ontmoeting gebeurt en hoe het verhalen van mensen en het verhaal van God elkaar raken en beïnvloeden”. Die eiesoortige karakter van die

pastoraat sal dus tweedens aan die orde gestel word. Die narratiewe pastoraat vloei derdens hieruit voort.

'n Narratiewe pastorale benadering word gevolg wanneer geluister word na die verhale van my drie medenavorsers. Die navorsingsproses word gebaseer op sewe bewegings soos ontwikkel deur Julian Müller (2005:8-9):

- 'n Spesifieke konteks word beskryf.
- Daar word na ervarings binne konteks geluister.
- Ervarings word geïnterpreteer, beskryf en ontwikkel in ooreenstemming met my mede-navorsers.
- Ervarings word beskryf soos geïnformeer deur tradisies van interpretasie.
- 'n Refleksie vind plaas oor religieuse en spirituele aspekte, veral oor God se teenwoordigheid, soos verstaan en ervaar in 'n spesifieke situasie.
- Ervaring word beskryf soos verryk deur interdisiplinêre ondersoek.
- Ontwikkeling van alternatiewe interpretasies wat verder heenwys as die plaaslike gemeenskap vind plaas.

Daar is reeds in die vorige hoofstuk aangedui dat een lewensverhaal meer as een storielyn bevat. Elke storielyn in hierdie studie is tot dusver gekoppel aan adolessensie, sosiale konteks, misbruik, interpretasie van die gebeure, die verlede, hede en die toekoms, Christelike spiritualiteit en wat 'n narratief-pastorale benadering tot terapie behels. Hierdie fragmente betrokke by die slagoffer se lewensverhaal sal dien as fondasie vir my terapeutiese benadering. Vir die doel van hierdie studie word van al ses hierdie dimensies betrokke by misbruik gebruik gemaak om die moontlike plek en funksie van Christelike spiritualiteit in die toekomsverhaal van slagoffers van misbruik aan te dui. Dit is egter nodig dat 'n narratief-pastorale terapeut as medereisiger op die karteringsroete eers onder die loep geneem word.

6.2 'N NARRATIEF-PASTORALE TERAPEUT AS REISGENOOT

Wanneer dit gaan om heil, heling en gesondheid kom die narratief-pastorale terapeut opnuut in beeld. Die rede hiervoor is volgens Heitink (1990:118):

... omdat ook hij in toenemende mate oog gekregen heeft voor de verbinding van theologiese, psigologiese en mediese inzichten, en meent met behoud van eie identiteit hieraan in zyn werk een bydrage te mogen leverer.

Vir Gerkin (1984:55) begin interpretasie altyd vanuit 'n seker oogpunt wat slegs geplaas kan word binne die horisonne van die interpreteerder. Gerkin (1997:114) beskou die narratiewe pastor as interpreterende gids wat die mense in hulle verhale begelei om self sin en identiteit te vind. Dit is hier waar die Bybelse en teologiese begronding van die pastorale terapeut se selfverstaan deurslaggewend is, aangesien dit vanuit hierdie unieke perspektief is dat pastorale terapeute hulle interpretasie doen (Collins 2007:17). Wie ook al 'n teks lees, doen dit dus vanuit 'n spesifieke standpunt in terme van opvoeding, opleiding en ervaring (Louw 2010:37). Ek lees die verhaal van my drie gespreksgenote in die lig van my identiteit as 'n persoon wat geestelik mishandel is tydens my kinderjare, as narratief-pastorale terapeut en as gelowige vir wie geloof sin, betekenis en hoop vir my lewe gee. Die verhaal van God kom hier as volg aan bod:

Participation in being, in life, is the discovery of depth in togetherness. Ultimately, it is a participation in Being-Itself, in God (Pembroke 2002:18).

Die pastor moet die hoop kommunikeer dat God, wat aktief betrokke was by die vorming van die religieuse verhaal, reeds betrokke is by die verhale van die individu (Botha 2004:20). Volgens Pembroke (2002:43) dui empatie op: "To sense the client's private world as if it were your own, but without ever losing the "as if" quality – this is empathy, and it seems essential for therapy". Die "as if" kwaliteit dui op daardie interpersoonlike moment wanneer die terapeut die woede, pyn, vrees of verwarring van haar gespreksgenoot kan aanvoel asof dit haar eie is, sonder dat haar eie emosies daarin vasgevang word (Pembroke 2002:43). Dit is daarom belangrik dat die terapeut 'n unieke selfverstaan van haar beeld, rol, funksies en doelwitte het (Clinebell 1966:17).

Nouwen (2006:82) stel dit dat die terapeut "... is called to be the wounded healer, the one who must look after his own wounds but at the same time be prepared to heal the wounds of others". Wanneer die terapeut haar eie wonde 'n bron van heling maak,

beteken dit nie dat sy dit gebruik in 'n oppervlakkige selfopenbaring nie. Sy toon eerder 'n konstante gewilligheid om haar eie pyn en lyding te sien as "... rising from the depth of the human condition which all men share" (Nouwen 2006:88). Gemeenskaplike transformasie vind plaas wanneer "... there is the power of empathy and compassion, of delight in otherness, and the strength in the solidarity of listening to others" (Kotzé & Kotzé 2001:3). Dit laat die terapeut kwesbaar omdat sy oor haar grense beweeg om dit buite haar sekuriteitsraamwerk te waag, maar volgens Müller (1996:12) is kwesbaarheid die voorwaarde vir verstaan. Gerkin (1984:45) stel dit as volg:

Care and empathy are therefore shown to be reciprocal human activities in which the subjective limits of carer and one cared for are made vulnerable. Care involves the opening of the horizon of our understanding to admit the intrusion of the world of the other in the hope and expectation that something truly new may be shared in the encounter ...

Persoonlike warmte beskryf pastors wat versorgend, oplettend, aanvaardend en opreg belangstellend in hulle gespreksgenote is sonder om besitlik of magsbehep te wees. 'n Bewustheid van persoonlike waardes is die kern van menslike stabiliteit (Collins 2007:18). 'n Effektiewe terapeut het haar waardes deurdink, lewe daarvolgens en verstaan hoe dit ander kan affekteer. Dit laat haar sensitief jeens die waardes van ander, insluitende haar gespreksgenote. Die terapeut word 'n werktuig vir die skep van hoop in die lewe van slagoffers. Die terapeutiese gesprek gaan vir die terapeut gepaard met sekere verantwoordelikhede.

6.2.1 VERANTWOORDELIKHEDE VAN TERAPEUT

Verantwoordelikheid dui op 'n gereedheid om te luister vir die geroep van die ander en op só 'n wyse daarop te reageer dat die innerlike potensiaal van die persoon in die lig van God se verhaal gerealiseer word. Die uniekheid van 'n Christelike terapeut lê daarin dat hy/sy, net soos die ander terapeute, daarna streef om verandering in gedrag, gesindheid, waardes en/of persepsies te weeg te bring. Hy/sy gaan egter verder deurdat gepoog word om Christelik-spirituele groei te stimuleer sonder om die gespreksgenoot se bekommernisse en probleme te ignoreer of manipulerend op te tree (Collins 2007:19).

Wanneer die verantwoordelikhede van die terapeut ten opsigte van 'n slagoffer van misbruik ter sprake kom, is laasgenoemde se veiligheid altyd die eerste en belangrikste oorweging. Die rede is dat die gespreksgenoot moontlik steeds misbruik beleef, of haar in 'n onveilige omgewing bevind (White 2006:87). 'n Veilige omgewing word geskep deur die wyse waarop die terapeut met die gespreksgenoot praat oor die ervarings van trauma. Tydens die aanvang van die terapeutiese proses moet die gespreksgenoot betrokke wees by besprekings aangaande vertroulikheid, die perke van vertroulikheid, en die verwagte vlakke van die betrokkenheid van ouers (Wickham & West 2002:25). Dit bied aan die gespreksgenoot die geleentheid om te kan praat oor gebeure waaroor sy nog nooit tevore iets kon sê nie. Die gespreksgenoot moet gehelp word om te verstaan dat die rol en verantwoordelikhede van die terapeut essensieel draai om eersgenoemde se welstand (Wickham & West 2002:26).

Dit is belangrik dat die terapeut die impak van misbruik op haar gespreksgenoot verstaan. Vrae wat spesifiek handel oor die trauma behoort op so 'n wyse gehanteer te word dat dit as grondslag dien vir die herbou van haar "sin van self" en om haar respons op die trauma te identifiseer (White 2004:49). Dit is daarom belangrik dat gebruik gemaak word van "double listening" (White 2004:49) waar geluister word na die verhaal van misbruik, maar ook na uitdrukkings van wat sy as waardevol ag ten spyte van die gebeure. Aanvanklik is haar verstaan van wat met haar gebeur het 'n "arm verstaan" wat deur middel van terapeutiese gesprekke veel "ryker" uitgebou word.

'n Sterk omgee vir mense is hier belangrik en beteken om saam met hulle in te vra, ondersoek in te stel na en saam met hulle vrae te vra oor wat die gebeure van hulle lewe op die diepste vlak beteken (Gerkin 1994:125). Pembroke (2002:1) voeg hierby dat teenwoordigheid (presence) die hart vorm van pastorale terapie. Met teenwoordigheid word bedoel dat die terapeut haar liefde en empatie toon deur 'n outentieke "daar-wees" as "dialogue in the sphere of the inter-human" (Pembroke 2002:1). Die pastor en persone in terapie word medekonstrueerders van 'n gedeelde realiteit. Die terapeut se pastorale roeping dui op 'n bemoedigende teenwoordigheid wat as grondslag vir hoop kan dien. Die uitdaging is om die dialektiese verhouding tussen hierdie teenwoordigheid en die eksterne Woord van God op 'n natuurlike, respekvolle en outentieke wyse te bou (Gerkin 1994:123). Tegnieke word as sekondêr tot die "daar-wees" van die terapeut beskou (Pembroke 2002:4).

Vrae wat die terapeut haarself deurgaans in enige terapeutiese situasie moet afvra ten opsigte van haar verantwoordelikhede, dui volgens Morgan (2006:vi) op:

- Bly ek bewus van die rol wat mag in die terapeutiese proses speel?
- Is die veiligheid van die gespreksgenoot 'n prioriteit?
- Word die gesprek sodanig gestruktureer dat die gespreksgenoot nie verder getraumatiseer word nie?
- Is die verhouding met die terapeut sodanig dat die gespreksgenoot veiligheid, ondersteuning, respek, waardering en bemagtiging ervaar?
- Het dekonstruksie van die dominante diskoerse van die plaaslike kultuur, byvoorbeeld die blamering van die moeder, individualisme, heteroseksuele dominansie en persepsies van wat "normaal" is, plaasgevind?
- Is kontekste gebied waarbinne die multi-verhalende weergawes van die lewe en verhoudings gevier en omhels kan word?
- Het ek die medeskrywer geword van gesprekke sodat die gespreksgenoot se voorkeur-stories van identiteit na vore gebring en verryk kan word?
- Beskik ek oor die vaardigheid om met adolessente te kommunikeer en neem ek elkeen se ontwikkelingsvlakke in ag tydens die kommunikasieproses?
- Is kontekste gebied wat medewerking moontlik maak tussen die verskillende betrokke partye?
- Is toestande geskep wat bydra tot die ontwikkeling van persoonlike bemiddeling vir diegene wat gekonsulteer word?
- Is gebruik gemaak van 'n videokamera of bandopnemer wanneer gevrees word dat die gespreksgenoot die aksies van die terapeut seksualiseer (Doyle 1998:90)? Dit is belangrik dat die terapeut in staat moet wees om geskikte generatiewe grense daar te stel.
- Twee beginsels wat geld in al hierdie dimensies behels dat die terapeut altyd 'n posisie van nuuskierigheid moet behou, en dat sy altyd vrae moet vra waarop sy werklik nie die antwoorde ken nie (Morgan 2000:2). Elke vraag wat gevra word, verteenwoordig 'n tree in die ontdekkingstog wat nie berus op een "regte" roete nie, maar op vele moontlike rigtings wat gevolg kan word.

6.2.2 ALGEMENE FOUTE OM TE VERMY

Dit is belangrik dat, wanneer met vroulike adolessente slagoffers van misbruik in gesprek getree word, die adolessente ontwikkelingsfases, sowel as ander faktore betrokke by misbruik in gedagte gehou word:

- Motivering deur middel van skuldgevoelens. Adolessente dra swaar aan skuldgevoelens weens onrealistiese eise aan die self en 'n meedoënlose gewete. Skuld slaag nie daarin om lewenslange kwaliteite te vestig nie.
- Om te hoë verwagtings van adolessente te hê, veral wanneer dit voortspruit vanuit die hoë eise wat die gespreksgenoot aan haarself stel, of wat deur haar ouers aan haar gestel word. Te hoë verwagtings verseker mislukking en bring verdere skuld en skaamte mee.
- Te lae verwagtings wil impliseer dat hulle nie oor die vermoë beskik om enigiets te bereik nie.
- Wanneer die terapeut self die slagoffer van misbruik was, kan dit gebeur dat sy die nood van die gespreksgenoot internaliseer.
- Terapeute wat self kinders het, kan dit moeilik vind om die misbruik van kinders wat soos haar eie lyk, te hanteer. Sy kan alternatiewelik oorientiseer met die slagoffer se ouers.
- Die wense van die slagoffer ten opsigte van die geslag van die terapeut word nie gerespekteer nie. Dit is ideaal dat sy 'n keuse in hierdie opsig gegun word. Wanneer dit nie moontlik is nie, moet sy nie die geleentheid vir terapie misgun word nie.
- Die terapeut onderwerp die gespreksgenoot aan te veel vrae, te vinnig. Dit bring mee dat laasgenoemde voel hy/sy word nie verstaan nie, of verwag dat die terapeut aan die einde van al die vrae 'n diagnose sowel as 'n oplossing sal bied.
- Etikettering van 'n gespreksgenoot as byvoorbeeld 'n "uitdagende tienerdogter" bring kategorisering en vooroordeel mee. Die gespreksgenoot kan ervaar dat sy nie gerespekteer word nie, omdat etikettering aanleiding kan gee tot onsensitiewe opmerkings.
- Die terapeut raak emosioneel te betrokke by die gespreksgenoot. Dit kan meebring dat die pastor perspektief verloor en dan effektiwiteit inboet.

- Die terapeut belas hom-/haarself met die idee dat 'n goeie terapeut altyd die regte toepaslike woorde gebruik, dat sy foute vermy of dat sy oor die nodige kennis en vaardighede beskik om enige tipe terapeutiese situasie te kan hanteer.

6.3 VERHALE VAN GELEEFDE ERVARING IN TERAPEUTIESE KONTEKS

Die taal en grammatika van praktiese teologie lei die gespreksgenoot na nuwe plekke en maak hulle ontvanklik vir die moontlikheid dat "... the way the world is is not the way it has to be, or indeed will be" (Swinton & Mowat 2006:12). Dit is dus belangrik dat die primêre fokus van 'n narratiewe benadering geleë is in mense se uitdrukkings van hulle geleefde ervaring (Cattanach 2008:86). Die geleefde ervaring van misbruik sowel as die impak van die dade is alreeds in die vorige hoofstukke aan die orde gestel. Selfs al maak die slagoffer gebruik van fiksie, is daar altyd 'n konneksie met haar geleefde ervaring (Cattanach 2008:86). Alle stories toon sekere basiese ooreenkomste, maar verskil tog ook van die volgende verhaal (Müller 1996:103). Müller (1996:103) onderskei die volgende vyf karakteristieke elemente betrokke in verhaale:

- Elke verhaal het 'n begin en einde omdat stories gevorm word binne tyd en ruimte. Daar is dus 'n verlede, hede en 'n toekoms.
- 'n Verhaal vertel altyd van die een of ander krisis of katastrofe.
- Daar is op 'n manier 'n verlossing wat deel van die intrige vorm.
- Daar vind karakterontwikkeling plaas. Dit gaan oor persone wat name dra en betekenis het binne die geheel. Binne die verhaal is daar gewoonlik ook 'n dinamiese ontwikkeling in terme van die karakters en hulle verhoudinge tot mekaar.
- Alles in die verhaal het betekenis. 'n Verhaal behels 'n outeur. Daarom is daar niks toevalligs in 'n storie nie. Gebeurtenisse wat deur 'n outeur in 'n verhaal ingevoeg word, word met 'n doel ingevoeg. Niks is blote "vullers" nie.

Aan die hand van hierdie verhaalelemente word die gespreksgenoot gelei tot die vertel van die volle verhaal. Terapie het meer te doen met die naspour van die beweging van interpretasies van die misbruik en die implikasies daarvan vir die altyd-vloeiende identiteit as wat dit poog om 'n absolute of objektiewe waarheid buite die interpretasie en konteks te vind. Aangesien die mens se lewe gesien word as bestaande uit 'n

veelheid van verhale, vind terapie plaas deur middel van die vertel en hervertel van hierdie verhale sodat uitgekomm word by herinterpretasie en rekonstruksie.

Alle menslike wesens, implisiet of eksplisiet, vorm deel van die ontvouende narratief van God aangesien die mens in God se skepping lewe. Vanuit God se verhaal kan die eie verhaal dus herinterpreteer word. Praktiese teologie word daarom deur Swinton en Mowat (2006:12) gedefinieer as: "... the theological discipline which is essentially involved in living, communicating and practicing the life of faith". Die begin- en eindpunt van praktiese teologie is om 'n getroue deelname aan die narratief van die Evangelie oor tyd heen te verseker en aan te moedig. In die proses speel die realiteit van die sonde, die behoefte aan verlossing en die onvermydelike onsekerheid en wispelturigheid van die menslike kennis en verstaan 'n belangrike rol en moet ernstig opgeneem word (Swinton & Mowat 2006:10). Die rede is dat die mens in die verhale van die Bybel, en so ook in vandag se lewe, steeds die ruimte gehad het om 'n keuse te maak en daarin sy/haar houding ten opsigte van die wêreld en God te bepaal (Ganzevoort 1994a:271).

Die interpretering van die mens se verhaal in die lig van God se narratief is gekoppel aan tyd. Vanuit 'n Christelike hoop perspektief is dit daarom belangrik om daarop te let dat 'n verandering in die hede nie moontlik is sonder duidelike verbindingslyne tussen die storie van die verlede en die storie van die toekoms nie. Die gespreksgenoot maak staat op haar geheue om herinneringe en stories van die verlede te gebruik as oorsprong van idees en gedagtes in die hede (Müller 1996:72). Aangesien 'n verhaal vloei vanaf die verlede na die toekoms word gebruik gemaak van sekere bewegings om die ontwikkeling van die storielyn volgens tyd aan te dui (Duvall & Béres 2007:232). Hierdie bewegings vind nie lineêr plaas nie, maar sirkulêr, deurdat telkens na sekere bewegings teruggekeer word. Dit kan egter nie verhaas word nie omdat die pad vanaf slagoffer na oorwinnaar 'n pynlike weg is (McGregor 2008:416). Kartering van gesprekke bied die geleentheid om die belang en betekenis van gespreksgenote se verhale aan te dui en om hulle uit te nooi om onderskeid te tref tussen ooreenkomste en verskille (Duvall & Béres 2007:235). In die konteks van hierdie studie is dit belangrik dat 'n steeds groter wordende ruimte gegee word vir God in die vertel en hervertel van gespreksgenote se stories. In Christelike berading word die verhaal van die gespreksgenoot so vertel dat haar persoonlike narratief en die storie van geloof verweef

word. Die doel is dat die wordingsaspek van haar bestaan na die breuk met God weer terugkeer na 'n toekomsaspek.

Vervolgens word verskillende bewegings in die terapeutiese gesprekvoering kortliks aangedui ten einde gewenste storielyne te fasiliteer. Die klem in die verloop van hierdie bewegings val op sirkulariteit eerder as lineêre voortgang. In die hart van dit waarmee die terapeut besig is lê nie in "... die model en metodes wat ons gebruik nie, maar die verhouding wat ons skep met die betrokkenes, en dit bepaal die aard van die nuwe realiteit wat gekonstrueer word" (Müller 1996:33).

1. *Die begin: 'n doolhof van verhale.* Die gespreksgenoot word gehelp om die noodverhaal so breedvoerig as moontlik te vertel.
2. *Die begin van die begin: eerste deur na die toekoms.* Die geskiedenis van die noodverhaal moet vertel word. Die verhaal van die gesin van oorsprong vorm gewoonlik 'n belangrike deel van hierdie verledeverhaal. Hier word opgelet na herhalende temas deur middel van interpretasie en herinterpretasie.
3. *Die begin alreeds besoek.* Die toekomsstorie word saam met die gespreksgenoot in die verledeverhaal ontdek. Nood behels altyd 'n verduisterde toekomsverhaal. Dit is hier belangrik dat die toekoms in die verledeverhaal ontdek word.
4. *Terug by die begin: alternatiewe verhale.* Deur ander temas in plaas van die probleemversadigde temas te suggereer, word die gespreksgenoot genooi om nuwe verhale uit die verlede te begin skep.
5. *'n Toekoms positief onthou.* Die herinterpretering van die verlede word 'n uitnodiging om 'n beter toekoms te verbeel(d). Wanneer die gespreksgenoot genooi word om oor die toekoms en toekomsdrome te gesels, neem die toekomsverhale op 'n natuurlike manier vorm aan.

6.4 DIE KARTERING VAN 'N REIS DEUR TYD NA HOOP

Hoop groei uit die terapeutiese situasie en word saam met die gespreksgenote geskep in die vertel van hulle verhale. Hierdie verhale sluit ook die verhaal in waar misbruik die medenavorser in 'n krisis van geloof laat beland het deurdat sy haar sinshorison weens 'n gebrek aan 'n doelgerigte lewe verloor het (Louw 1999a:91). 'n Belangrike

verantwoordelikheid en voorreg van 'n pastor is om hoop te koester en wanhoop te beveg. Botha (2004:21) verwoord die taak van 'n pastor in hierdie opsig as volg:

The pastoral caregiver “hopes with” suffering persons and allows these persons to “borrow” hope. The hopeful encounter becomes the stone quarry from which despairing persons find materials to build life anew.

'n Dekonstruksie van daardie dele van die geïnternaliseerde verhaal wat geglo word die “waarheid” is, dien om die “waarhede” te ontgin. Die gespreksgenoot word in die proses aangemoedig om haar verhaal te vertel (skryf) en te hervertel (herskryf) volgens alternatiewe en gewenste verhale van selfidentiteit, en volgens voorkeur lewenswyses. Sy word sodoende uitgenooi om weg te beweeg van selfblamerende verhale. Volgens (Duvall & Béres 2007:234) is dit belangrik dat 'n stem gegee word aan die pyn deur middel van terapeutiese gesprekke waartydens verskillende betekenis van, en kennis oor, die wond beweging na voorkeure kan meebring.

Die rol van die sosiale konteks dui daarop dat mense 'n rol speel in mekaar se verhale, en dus bydra tot 'n gedeelde storie wat 'n sterk betekenisbron daarstel. Die storie van die self kan dus nie vertel word sonder die stories van die res van die self nie (Müller 2000:58). Louw (1999a:3) maak gebruik van die term “ontmoeting” as die gebeure van interpretasie, kommunikasie en die ervaring van “in 'n verhouding te wees” tydens die terapeutiese situasie. Vir Müller (1996:25) sê die term egter nie genoeg van die intensiteit van die gebeure tydens terapie nie. Vir hom dui dit op die kommunikasie gebeure wanneer mense mekaar in die alledaagse lewe ontmoet. Pembroke (2002:31) se standpunt dat “A person’s deepest identity is to be found in the need, the urge, for dialogue”, versterk egter Louw se verstaan van “ontmoeting” wat ook my verstaan informeer.

Dit is deurgaans belangrik dat die terapeut haar in 'n nie-wetende posisie moet plaas en daarom nie mag verslap in haar nuuskierigheid nie. 'n Nie-wetende posisie dui volgens Freedman en Combs (1996:44) nie op 'n “Ek weet niks”-posisie nie. Die gespreksgenoot word met respek bejeën en die belang van konteks word erken. Die terapeut dra wel kennis van die proses van terapie, maar nie van die inhoud en betekenis van die gespreksgenoot se lewe nie.

Die klem word geplaas op geselsmetodes volgens die subjektiewe keuses van die terapeut en nie op tegniese gesprekvoering nie (Müller 2000:71). Die aaneenskakeling van traumatiese herinneringe ten einde 'n koherente geheel van die verlede te vorm vereis die teenwoordigheid van 'n empatiese persoon wat gewillig is om getuie van die proses te wees. Mense se stories word vertel na aanleiding van hulle ervaring van Christelike spiritualiteit, die gebruik van metafore, rituele en simbole (Louw 1999a:23) sowel as die gespreksgenoot se ervaring van misbruik. Mense kan nie anders as om stories te vertel nie, omdat verhale dít oordra wat nie gesê kan word nie. Die verhaal waarby dus uitgekóm word, is 'n outobiografie waar die terapeut die verteller deur middel van gesprekvoering gelei het om haar lewensverhaal in haar eie woorde al vertellend te karteer. Biografisering dien daarom as teks wat op eie meriete gelees, verstaan en geïnterpreteer word.


Persoonlike betekenis word gekonstrueer deur die vertel van die eie lewensverhaal as haar legitieme storie (Johnson 2007:132). Ervaring neem die vorm van narratiewe aan wat dan gebruik word om oor die gebeure te praat. Daar word dus van geen vraelyste of meetskale gebruik gemaak nie. Wanneer met verhale gewerk word, word met die geheue gewerk en nie met die onderbewuste of onbewuste nie (Müller 2000:71). Verder word van die veronderstelling uitgegaan dat die komplekse verhouding tussen trauma en geloof fundamenteel 'n persoonlike en hermeneutiese saak is wat slegs vanuit die persoonlike narratief verstaan kan word.

Vraagstelling speel 'n deurslaggewende rol in die terapeutiese proses deurdat die gespreksgenoot aangemoedig word om die invloed van die probleem in haar lewe en verhoudings te karteer (White & Epston 1990:42). Hierdie vrae help die gespreksgenoot om die invloedssfeer van die probleem in die gedrags-, emosionele, fisiese, interaksionele en gesindheidsdomeine te identifiseer (White & Epston 1990:42). 'n Tweede stel vrae behels die kartering van die invloed van persone. Hierdie vrae nooi die gespreksgenoot uit om haar invloed en die invloed van haar verhoudings op die 'lewe' van die probleem te karteer (Freedman & Combs 1996:67). Langs die weg van die karteringsproses word unieke uitkomst in die dekonstruksie van die verhaal ontdek wat dien as deurgange tot alternatiewe verhale.

Nuwe verhale van hoop is ten nouste gekoppel aan die dekonstruksie van die stories van die slagoffers van misbruik. Hierdie stories van gespreksgenote geskied nie in 'n lineêr-gerangskikte volgorde nie. Daar word in 'n sirkulêre beweging gesprong van die hede na die onlangse verlede, na die meer onlangse verlede, na die verre verlede, terug na die toekoms, na die verbeelde toekoms, wat weer herinneringe van die verlede oproep. Daar word deurgaans geluister vir unieke uitkomst, soos vervolgens aangedui word (u/o = unieke uitkomst):

Verlede —————> —————> **Hede** —————> —————> **Toekoms**

Landskap van aksie



Wanneer 'n persoon met 'n nuwe situasie te doen kry, gebruik sy die sentrale storielyn van haar persoonlike narratief om te interpreteer wat die nuwe ervaring vir haar beteken (Ganzevoort 1994b:23). Solank sy hiertoe in staat is, bly haar sentrale storielyn intak en word dit daarom voortgesit. Wanneer die nuwe situasie egter nie interpreteerbaar binne die sentrale storielyn is nie, is daar twee moontlikhede. Die een is om die impak van die situasie te ignoreer. Die ander is om die storielyn te verander. Indien die situasie nie ontken kan word nie, word die storielyn onderbreek. Dit skep dan 'n noodverhaal wat moeilik is om te vertel omdat daar te veel faktore is wat inspeel in die huidige probleem (Ganzevoort 1994b:23) en eindig in 'n doolhof van verskillende en soms teenstyldige verhale.

Rigtingwyser 1 het in hoofstuk 1 lig gewerp op metafore wat deur White (2006:11) gebruik word in verband met die narratiewe benadering tot terapie. Hierdie metafore wys heen na *chōra* metafore waarvolgens mense betrokke raak by sekere aksies. Aksies wat in terapeutiese konteks benut kan word, dui op: “terugwen” van hulle lewe en/of die “ondermyning” van hulle probleme; geografiese metafore van “grond wen” en “herwonne grondgebied”; politieke metafore van “protes” en “weerstand”; bevrydingsmetafore van “vryheid” en “ontsnapping”; opvoedkundige metafore soos “lering” en “supervisie” en metafore van lig soos “oorskaduwing” en “verligting” van die probleem.

6.4.1 DIE BEGIN: 'N DOOLHOF VAN VERHALE

Probleme ontwikkel wanneer mense gesprekke internaliseer wat hulle beperk tot 'n eng beskrywing van self (Freedman & Combs 1996:48). In die doolhof-verhaal is daar feitlik geen spoor van daardie “sin van self” wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van persoonlike bemiddeling, die ontwikkeling van belangrike temas in die verlede, hede en toekoms van die gespreksgenoot se lewe asook die ontwikkeling van intieme verhoudings met ander nie (White 2004:55). Daarom moet fyn geluister word vir die kompleksiteit van ervaring wat vele verhale bied in die “... rough and perpetually changing draft of our autobiography” (Payne 2000:38). Die gespreksgenoot kan nie meer haar lewe leef soos sy graag wou nie, en het nie 'n “... zinvol verhaal meer om in te wonen” (Ganzevoort & Visser 2007:188). Die rede waarom 'n slagoffer nie aanvanklik die gebeure openbaar gemaak het nie is, soos reeds aangetoon, afdreiging of 'n poging om die gesinstrukture in stand te hou. Die hervertel van die verhaal van misbruik bring verder mee dat die gebeure herleef word: “To tell is to relive and to relive is to feel and to feel is to risk the abysses that we fear may overwhelm us: not an easy journey” (Bird 2000:48).

Dit is die eerste taak van die pastor om hierby aansluiting te vind en toe te sien dat die noodverhaal so goed as moontlik verwoord word deur met respek en ontsag na die verskillende ontknopingspogings van die deurmekaar verhaal te luister.

The telling moves what is internal and fragmented, known but forgotten, into an external public place where it gathers coherence as the memories are related to, negotiated and rediscovered (Bird 2000:48).

Dit is dus belangrik dat die terapeut 'n nuuskierige, nie-wetende posisie inneem wanneer sy haar gespreksgenoot uitnoui om te gesels oor daardie deel van haar verhaal waarmee sy haarself die sterkste vereenselwig. Die eerste stap in enige terapie is om erkenning te gee aan, en om die gespreksgenoot se gevoel oor wat moontlik gaan gebeur te eksploreer (Wickham & West 2002:141).

Terapeut: *Jeanine, Juffrou het gevra dat jy 'n bietjie met my kom gesels. Hoe voel jy oor die verwysing?*

Jeanine: Jeanine wring haar hande, maar weier om te praat. Sy het 'n blos op haar wange, en sit penorent op die stoel.

Terapeut: *Ek kan sien dat jy baie gespanne is. Ek gaan jou so 'n bietjie van myself vertel, en ook meer oor my werkwyse ... Dit is ook belangrik dat jy te enige tyd kan weier om met my te gesels, veral omdat jy nie self gevra het vir 'n afspraak nie.*

Die moontlikheid dat Jeanine sekondêre traumatisering opgedoen het, kan nie uitgesluit word nie. Die terapeut moenie onmiddellik afleidings hieromtrent maak nie, maar moet die volgende oorweeg. Die feit dat sy nie die misbruik kon keer en dat haar ma haar nie wou glo nie, kon Jeanine laat glo het dat haar behoeftes en verlangens nie bestaan nie, of dat sy haarself as onsigbaar of nie-bestaande vir ander, ervaar. Haar weiering om te praat kan dus vir haar as 'n tipe van veilige skuilplek dien en sal verder geëksploreer moet word. Dit gebeur selde dat 'n slagoffer van misbruik sonder pyn en angs kan fokus op die hervertel van haar verhaal van trauma, misbruik en vernederende gebeure. Slagoffers van misbruik voel dikwels soos die karakters in ander se verhale omdat hulle nie die gebeure kon keer nie. Hulle gaan soms oor tot 'n diepgaande sinisme wat lei tot 'n pessimistiese uitkyk op die lewe. Die gespreksgenoot moet dan uitgenoui word om aan die terapeutiese gesprek deel te neem deur empaties en uitnodigend op te tree.

Terapeut: *Jy hoef nie nou te praat nie, of jy kan oor enigiets praat wat niks met die slegte dinge in jou lewe te doen het nie. Ek luister.*

Die terapeut se voorkoms kan die gespreksgenoot aan iemand anders aan wie sy positiewe of negatiewe herinneringe koppel, laat dink. Haar geleefde ervaring van misbruik, sowel as die perspies wat daaruit ontstaan het, moet in ag geneem word.

Anna: ... daar was 'n ouerige tannie met grys hare. Hoe sou ek ooit met haar kon praat? Hoe sou enigeen met haar oor dit kon praat? Ek wou nie voor 'n vreemde sit en derms uitryg nie (Lötter 2004:55).

Hierdie dogters se verhale is dikwels gevries in 'n slagofferidentiteit (Duvall & Béres 2007:236). Die storielyn van haar misbruik formuleer dus haar interpretasie van haarself en ander. Hier moet opgelet word vir nie-verbale kommunikasie wat gebare en liggaamlike posisionering; gesigsuitdrukkings; stemtoon; outonadiese fisiese response soos bloos en vinnige asemhaling, fisiese eienskappe soos massa en fiksheid en algemene voorkoms soos persoonlike versorging insluit (Egan 1998:70).

Jeanine het laag op laag klere aan op 'n warm somersdag en sy trek haar romp laag oor haar knieë af wanneer sy sit. Die impak van misbruik in die vorm van skaamte en skuld kan die ontwikkeling van liggaamsbeeld as adolessente groeifase inperk omdat die liggaam ervaar word as 'n refleksie van die self (Louw & Louw 2007:285). Nie-verbale kommunikasie is nie natuurlike woelinge nie, maar narratiewe konstruksie (Parry & Doane 1994:37). Die moontlikheid van selfmutilasie kan nie uitgesluit word nie, maar kan ompaai in die verloop van hierdie studie , meebring.

Vanuit die teologies-antropologiese siening vorm die affektiewe, konatiewe, kognitiewe en liggaamlike eienskappe van die mens 'n onskeibare geheel. Wanneer dus na 'n gespreksgenoot se gevoelens geluister word, word tegelyk gewerk met haar denke, wil, emosies en haar liggaam. Die stories waarbinne nie-verbale kommunikasie ingebed is, moet gedekonstrueer en gedekodeer word om die hardkoppige geloof oor die "realiteit" waarop die emosies 'n reaksie is, te ontgin (Parry & Doane 1994:37). Die doel van terapie is hier om deel te neem aan gesprekke "... that continually opens up, rather than constricts and closes down" (Freedman & Combs 2007:44).

Terapeut: Zoe, jy het gevra om met my te kom gesels. Dit is al 'n groot stap wat jy geneem het. Wil jy my vertel wat het jou laat besluit om vandag 'n afspraak te maak?

Zoe: My stiefpa sê ek moet teruggaan na my ou skool toe. Ek weet nie hoe ek sonder my vriendin gaan "cope" nie. Ek bly baie lekker in die koshuis, en ek wil nie weggaan nie! 'n Vloedgolf van trane volg.

Terapeut: *Wil jy vir my die storie van jou trane vertel?*

Zoe: *Ek dink my stiefpa wil my molesteer, want hy kom sit styf langs my wanneer ek rekenaarspeletjies speel. Ek mag nie by my vriendinne gaan kuier nie. My oupa se verhoor is nou net afgehandel, maar hy is nog nie gevonnissen nie. Ek dink die Here straf my omdat my oupa dalk tronk toe sal moet gaan. Ek bid, maar ek bid teen die dak vas. As ek hom betyds gekeer het, sou al hierdie goed nie gebeur het nie. Ek voel so deurmekaar, dit voel of 'n klomp leeus my jaag en ek kan nie wegkom nie.*

Terapeut: *Dit moet vir jou baie sleg wees om so bang en magteloos te voel. Vertel my meer van hierdie leeus?*

Gevoelens gee aan die pastor toegang tot die persoon se realiteit en onmiddellikheid. Aantasting van die funksionering van die ego en sosiale verwantskappe vorm deel van die mees prominente manifestasies van misbruik (Killian & Brakarsh 2004:369). Zoe se probleemversadigde verhaal gaan oor haar innerlike onmag en pynlike herinneringe van misbruik deur haar oupa, haar ongemaklike verhouding met haar ma, haar stiefpa wat haar seksualiteit wil uitbuit, haar irrasionele Godskonsep en die feit dat sy kwaad is omdat sy voel sy het dit nie verdien nie. “Ek bid teen die dak vas” beteken dikwels “my emosionele filters is so negatief dat dit my van alles isoleer” (Louw 1999a:379). Behalwe dat sy swaar dra aan skuldgevoelens, glo sy ook dat God ver verwyderd is van haar probleme omdat Hy dit nie gekeer het nie. Dit is dus belangrik dat Zoe onvoorwaardelik aanvaar word deur 'n “... attitude of spirit ... (more) ... than direct statements” (Coetzer 2009:83).

Die manier waarop 'n tienerdogter haarself en die wêreld definieer en waarneem is krities belangrik vir die wyse waarvolgens sy sal aanpas in die verskillende dimensies van die self (Gilmartin 1994:112). Vanuit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat die vertikale, horisontale en intrapsigiese verhoudings in die lewe van 'n slagoffer van misbruik skeefloop. Dit laat haar met gevoelens van leegheid, verlatenheid en vertwyfeling deurdat sy 'n vasgeloopte storie konstrueer wat so probleemversadig is dat dit baie swaar en negatief op haar bestaanskwaliteit inwerk. Die meeste slagoffers van misbruik is daarom nie in staat om hulle ervarings op 'n duidelike en samehangende wyse weer te gee nie. Die gespreksgenoot bly soek na 'n uitkoms, maar bevind haar

telkens in 'n doodloopstraat. Dit is dan die terapeut se taak om na mense se stories te luister en dit te interpreteer (Müller 1996:107).

Terapeut: *Karla, jy het sommer self by my kom aanmeld. Wat lê so swaar op jou hart?*

Karla: *Ag Tannie, ek weet nie eintlik waar om te begin nie. Ek is baie deur-mekaar*

Terapeut: *Begin sommer vertel by die eerste ding wat in jou gedagtes opduik.*

Karla: *Ek het Saterdag gehoor hoe my ou vir sy vriend sê dat ek "maklik" is en dat hy by my moet slaap. Haar wange is rooi, en sy kyk af.*

Terapeut: *Wat dink jy het hy bedoel met 'maklik'?*

Karla: *Tannie, ek het al by baie ouens geslaap. Dit pla my nie, maar met my ou het ek gedink dit is spesiaal, want ek is regtig lief vir hom.*

Terapeut: *Hoe het "maklik" in jou lewe ingekom?*

Karla: *Ek is verskeie kere deur my ma se mansvriende gemolesteer. Ek kon hulle nie keer nie, want ons was afhanklik van hulle vir 'n dak oor ons kop. Later het ek besluit die weg van die minste weerstand is om op te hou baklei. Hulle het vir my gesê ek is daar om gebruik te word en ek het dit begin glo. Later het ek net nie meer omgee saam met wie ek slaap nie.*

Terapeut: *Hoe laat dit jou voel wanneer jy as "maklik" bestempel word?*

Karla: *Teleurgesteld, want hy het my "gedrop". Ek voel so goedkoop en kwaad omdat ek hom geglo het. Dit het vir my gevoel ek pas iewers in, maar nou weet ek nie meer nie.*

Terapeut: *Wat doen "goedkoop" en "nie inpas nie" aan hoe jy jou lewe hanteer?*

Karla: *Dit beteken ek voel soos die kougom in die bottel by die Griek se kafee. Almal kou net aan my en dan spoeg hulle my uit. Ek behoort net aan hulle die rukkies wat hulle my kou. Dit laat my dink dat God my ook so sien. Ek bid nie eens nie, want ek weet nie eintlik wat om vir Hom te sê, en of Hy my sal hoor nie.*

In hoofstuk 3 is aangetoon dat seksualiteit te doen het met die kern van die mens se identiteit deurdat die slagoffer se vroulikheid diep verweef is met wie sy is en hoe sy

haarself sien. Probleme ten opsigte van seksuele gedrag van slagoffers wat gereeld opduik, is onder andere vrees vir seks, seksuele weerhouding en promiskuiteit (Wickham & West 2002:4). Adolessente beskik nog nie oor die seksuele insig om na hulle eie seksuele gesondheid om te sien nie. Misbruik dra dus by tot die probleemgevolde stories as dominante verhale van die self wat kan lei tot 'n patologiese siening en ervaring van die self (Bird 2000:61). 'n Geneigdheid tot impulsiwiteit, gebrek aan insig en selfrespek kan bydra tot promiskuiteit en herviktimisering (Cole & Putnam 1992:179).

Anna: *Aangesien my ma my nie meer saans wou laat uitgaan nie, het ek Vrydagaand deur die venster geklim sodat ek saam met Helena na 'n paartjie toe kon gaan (Lötter 2004:135). Ek het aangeneem dat dit maar weer die ou spanning was wat kop uitsteek. Hoe dit ook al sy, ek was swanger (Lötter 2004:138). My grootste probleem was baie meer ingewikkeld. Wie was die pa? ... Van al die ouens by wie ek geslaap het, het net twee nie kondome gebruik nie (Lötter 2004:139). Sy (Helen) het my beskuldig dat ek 'n hoer is. Gesê dis nie meer lekker om my pel te wees nie. Hoer. Die hoer van die boardwalk (Lötter 2004:136)*

Anna se verhaal demonstreer dat die arm beskrywings wat 'n slagoffer van haarself het, dikwels geskep word deur ander en ly tot ingeperkte gevolgtrekkings ten opsigte van haar identiteit. Volgens Morgan (2000:13): "These thin conclusions, drawn from problem-saturated stories, disempower people as they are regularly based in terms of weakness, disabilities, dysfunctions or inadequacies". Irrasionele oortuigings dra by tot angstigheid, depressie, woede, gekrenktheid, selfbejammering, waardeloosheid en gramskap (Vernon 2002:33). Karla word ontmagtig tot 'n verarmde beskrywing van haarself deurdat die etiket van "maklik" aan haar die beeld toedig van 'n gebruiksartikel wat geen sê in die gebeure het nie, en maar net aangeskuif kan word na die volgende gebruiker. Daar is dus vir haar geen blywende lewensruimte van sin en behoort nie. Hierdie siening verdof die lense waardeur alternatiewe verhale opgespoor moet word.

Wanneer die vorm, die storielyn en die drade wat die verhale volgens 'n geïnterpreteerde aanname oor die self en die wêreld geïdentifiseer is, kan begin word

met die proses van eksternalisering (Parry & Doane 1994:42). Die rede waarom 'n slagoffer se verhaal vertel moet word, is sodat unieke uitkomst die dowwe lense waardeur sy na haarself en die lewe kyk, herstel kan word. Die vertel van die verhaal bied 'n historiese oorsig oor die probleem se invloed op die lewe van die gespreksgenoot (White 1989:16). Die gespreksgenoot word aangemoedig om gebeure te herroep wat die impak van die probleem op haar lewe en verhoudings weerspreek. Die terapeut funksioneer hier terselfdertyd as 'n verbindingskakel of gangmaker vir God se Verhaal en as projeksieskerm vir mense se konflik met God (Louw 1999a:133). Spiritualiteit dui hier op betrokkenheid in die "experience of conscious involvement in the project of life-integration through self-transcendence toward the ultimate value one perceives" (Waaijman 2002:308). Die pastoraat is daarom ten diepste betrokke by die dekonstruksie van die labirint van verhale, waar die storie van 'n gelowige altyd:

... 'n stuk selfuitleg (hoe die mens hom-/haarself verstaan binne die gebeure); 'n stuk ander-uitleg (hoe hy/sy ander mense verstaan) en 'n stuk Godsuitleg (hoe hy/sy God verstaan) is (Louw 1999a:133).

In hierdie studie word gefokus op die geloofskrisis van die gespreksgenoot, soos geraak deur haar eksistensiële krisis. Die wesenlike teologiese inhoud van slagoffers se geloof kan wissel vanaf God se almagtige voorsienigheid tot sy magtelose meegevoel. Dit is egter belangrik om daarop te let dat daar steeds 'n moontlikheid vir die interpretering van die feite binne die persoonlike narratief sowel as haar geloofsisteem bestaan (Ganzevoort 1994a:29).

Die interaksie tussen God en mens is nie 'n statiese aangeleentheid nie sodat geen verstaan van God neutraal kan wees nie (Bass & Stewart-Sicking 2005:152). 'n Persoonlike Godsbeeld dui dikwels op 'n konsep van God in 'n menslike vorm wat beskik oor menslike eienskappe en menslike kapasiteite (Waaijman 2002:428). Karla glo dat God haar moet straf vanweë haar sonde. Sy glo ook dat sy nooit Sy liefde sal kan verdien nie omdat mense aan haar die boodskap oordra dat sy tweedehands en dus nie menswaardig is nie. Die gespreksgenoot se verstaan van God sê daarom net soveel van haarself as van die impak wat misbruik op die self het. Die spanningsveld tussen God en mens is hier geleë binne die spanningspole van Skepper-skepsel, sonde-genade, dood en lewe (Louw 1999a:298).

Ontoepaslike opvattinge oor God bring 'n verwringing van haar Godsverstaan mee asook "... 'n blokkasie binne die proses van sinvolle toekomsoriëntasie of –antisipasie" (Louw 1999a:21). Algemene temas in verband met geloof dui op skaamte, skuld, woede, verlies van vryheid, en kontrole versus oorgawe (Ganzevoort 2001:46). Sy verloor haar sin van self as unieke mens in die lig van God se genade en liefde. Die terrein van haar identiteit, insluitende haar identiteit in Christus, krimp omdat die dinge waaraan sy vroeër waarde geheg het, verklein of verdwyn het. Betekenisvolle terapie wil gespreksgenote help om 'n sin van "being their own experts" (Payne 2000:46) daar te stel deur middel van die vertel van hulle verhale gebaseer op hulle ervarings, gedagtes en gevoelens.

Jeanine: Jeanine wil steeds nie haar verhaal verbaal weergee nie, maar sy het haar verhaal in dagboekvorm vertel. Ons kommunikeer verder deurdat ek vir haar vrae vra, en sy die antwoorde neerskryf. Tensy anders vermeld, is dit die wyse waarvolgens ons kommunikeer. *Ek is kwaad vir my ma, want sy wou my nie glo nie en my tannie het gesê ek moet stilbly, anders sal ek nie weer by haar kan gaan kuier nie. Ek is kwaad vir God, want Hy het nie die misbruik gekeer nie.* Jeanine het die volgende persepsies omtrent haarself vir my neergeskryf: *Ek is lelik, ek is dom, ek is "useless", ek is vertraag, ek is vet, ek is onnosel, ek is niks werd nie, ek is goed vir niks, ek het geen talente nie, ek is 'n slegte vriendin, ek is 'n slegte dogter, ek is 'n slegte sussie, ek is 'n slegte mens, daar is niks goeds in my nie!*

Terapeut: *Vertel my hoe al hierdie slegte dinge wat jy oor jouself glo jou lewe raak?*

Jeanine: *Al hierdie goed hou my in 'n "trunk". Ek is te bang om uit die 'trunk' te kom, dit voel vir my veilig daar. Ek is bang dat as ek daar uit kom ek weer sal seerkry. Dit voel of ek al een is wat myself kan beskerm deur myself in die "trunk" te hou.*

Wanneer die herinneringe aan die misbruik gevrees word of oorweldigend is, bring dit mee dat 'n slagoffer pogings sal aanwend om nie daaraan te werk nie, veral wanneer die impak van die gebeure haar hele lewe raak (McGregor 2008:227,229). Weens die

feit dat haar ma haar nie wil glo nie, het Jeanine die boodskap gekry dat sy iets verkeerd gedoen het, dat sy inherent sleg is en verantwoordelik was vir die misbruik. Dit laat haar met 'n diep gevoel van skuld en skaamte, geïsoleerdheid en verwerping. Elke gespreksgenoot kom na die terapeutiese gesprek met "... threads of knowing that make some sense of their experiences" (Bird 2000:56). Die komponente van skuld en skuldgevoelens is gewoonlik 'n aanduiding van dít wat op die vlak van die persoon se diepste selfkern, identiteit en selfbeeld plaasvind (Louw 1999a:379).

Terapeut: *Hoor ek reg – jy voel jy het skuld aan die gebeure.*

Jeanine: *Ja, dit maak my baie hartseer en ek voel soos in alleen op 'n eiland, al is my ma-hulle en my broer saam met my.*

Terapeut: *Sal jy omgee om vir my 'n prentjie te teken van julle saamwees soos wat jy dit in jou gedagtes sien?*

Jeanine: *Jeanine teken 'n toneel waar haar ouers en broer saam sit en TV kyk. Sy hang agter hulle rug aan 'n galgtou.*

Terapeut: *Vertel my van hierdie toneel?*

Jeanine: *My ouers en my broer is 'n gesin. Die tou hou my vas sodat ek nie deel van die gesin kan wees nie.*

Terapeut: *Kom ons dink vir 'n oomblik oor hierdie tou. Hoe laat hierdie tou jou voel?*

Jeanine: *Ek voel magteloos, bang en alleen.*

Terapeut: *Wanneer hou hierdie tou jou so vas dat jy magteloos, bang en alleen voel?*

Jeanine: *Ek voel so wanneer my ma my nie wil glo nie, wanneer ek voel God was nie daar om my te help nie en wanneer ek niks kan regkry in die skool nie.*

Terapeut: *Dit moet baie sleg wees vir jou. Kan jy onthou van 'n tyd in jou lewe toe jy nie so gevoel het nie?*

Dit is volgens Ganzevoort (1993:279) algemene kennis dat wie die ouers is, die manier waarop hulle teenoor hulle kinders optree en hulle verhouding met hulle kinders bydra tot die verstaan van God. Dickie et al (2006:67) het in 'n studie gevind dat moeders 'n deurslaggewende rol speel in die ontwikkeling van hulle kinders se Godskonsepte en geloof. Wanneer protes teen God aangeteken word, geskied dit gewoonlik in 'n

noodsituasie, eksistensiële krisis, ervaring van benoudheid, eensaamheid en hulpeloosheid, vrees vir die vyand of angs vir die dood (Louw 1999a:463). Protes kommunikeer dus opstandigheid op 'n direkte manier aan God.

“Wil jy my vertel” toon hier 'n gewilligheid om betrokke te raak en te luister na die dominante tema van haar vasgeloopte verhaal. Die sentrale temas in Jeanine se verhaal dui op verwerping, magteloosheid, 'n lae eiewaarde en 'n gebrek aan hoop weens vrees om weer verwerp te word. Dit is belangrik dat hierdie temas in klein hanteerbare brokkies gedekonstrueer word. Die gespreksgenoot word sodoende in staat gestel om die emosies, gedagtes en gevoelens wat gepaard gaan met die vertel van haar verhaal een fragment op 'n slag te prosesseer. Dit is dus belangrik dat die verhaal van misbruik nie te gou te berde gebring word nie, omdat dit kan dien as 'n verdere grensverskuiwing. Eksternalisering dien hier om die probleem te skei van die persoonlike identiteit van Jeanine.

Deur die aandag te vestig op die invloed van die tou-probleem op haar lewe, word sy uitgenooi om meer oor die probleem uit te brei. Dit dui ook op hoop vir die toekoms wanneer die knoop losser gemaak en uiteindelik afgehaal kan word. Die gespreksgenoot word genooi om gebeure te onthou wat die invloed van die probleem op haar lewe en verhoudings weerspreek (White 1989:16). Haar lewe moet dus eers leefbaar voorkom voordat met die harde werk van die verwerking van die gebeure begin kan word (Ganzevoort & Veerman 1999:113).

6.4.2 DIE BEGIN VAN DIE BEGIN: DIE EERSTE DEUR NA DIE TOEKOMS

Elkeen van die gespreksgenoot se verhale is begrens, maar word ook verduidelik deur die groter storie waarbinne dit funksioneer. Die vertel van 'n lewensverhaal bring dus nie net 'n verstaan van een lewe oor tyd mee nie, maar hoe individuele lewens in wisselwerking met die geheel verkeer. Dit is die taak van die narratief-pastorale terapeut om die aanvanklike noodverhaal mettertyd te laat plek maak vir meervoudige verhale wat almal verband hou met die probleem. Hoop gebore uit geloof bied hier 'n positiewe horison van sin. Dit gaan hier nie bloot oor gespreksteknieke en die ontsluiting van innerlike potensiaal nie, maar om geloofsontwikkeling. Verder kan God en die mens nie komplementêr tot mekaar as gelyke gespreksgenote gesien word nie

(Louw 1999a:88). Die geloofsperspektief voorkom dat God en die mens net in terme van relasie en kommunikasie verstaan word, maar eerder in 'n belofte-in-ervulling-struktuur (Louw 1999a:89).

Daar is meer in die vasgeloopte verhaal as wat deur die aanvanklike weergawe aangedui word. Dit is daarom nodig om die verhaal te hervertel sodat die deur na die toekoms op 'n skrefie oopgemaak kan word. Die verlede het 'n kragtige greep op die toekoms deurdat die gevoelens, aksies en geloofstelsels van die persoon daardeur gevorm word (Gerkin 1997:167). Die gevoelens wat met die misbruik gepaard gegaan het, word onderdruk, vergeet of ontken, maar dit verdwyn nooit nie. Die gespreksgenoot word daarom uitgenooi om te onthou. Die pastorale taak van die terapeut is hier om nie 'n moralistiese oor na die verhaal te keer nie, maar om op 'n historiese basis luisterend te hoor (Müller 2000:76).

Die verhalende pastor werk met die rou materiaal van die geskiedenis wat by die Groot Verhaal van God ingesluit is (Müller 2000:76). Vir Gerkin (1997:88) beliggaam goeie pastoraat die Evangelie in verhoudings deur te spreek tot die innerlike wese van individue wat sodoende oomblikke van openbaring moontlik maak. Volgens White (1989:19) bepaal stories die betekenis wat aan gebeure geheg word, aangesien alle verhale 'n begin (geskiedenis), 'n middel (hede) en 'n einde (toekoms) het. Die interpretasie van gebeure in die hede "... is the primary scheme by means of which human existence is rendered meaningful" (Payne 2000:45). Indien die lens van die verlede nie 'n helder beeld van die toekoms bied nie, is onthou noodsaaklik omdat die herinneringe en interpretasie van die verlede die materiaal is waarmee die toekoms-storie gebou word (Müller 1996:111). Grafiese voorstellings is 'n nuttige strategie wanneer gebeure in die verlede ontken word, of wanneer die persoon nie kans sien om, weens die pynlikheid van die verlede, daaroor te praat nie.

6.4.2.1 Grafiese voorstellings

Grafiese voorstellings van die verlede dien as 'n biografiese voorstelling van die persoonlike narratief of "root metaphor" (Ganzevoort 1993:285) soos gekoppel aan sosiale en religieuse narratiewe wat betekenisvol vir die individu is. Die sketse dien as hermeneutiese teorie wat die sosiale dimensie, die simboliese en die religieuse

dimensies van die individu se lewe interpreteer. Dit is hoogs onwaarskynlik dat selfs drie geslagte van 'n gesin in 'n terapisessie teenwoordig kan wees. Daarom is 'n grafiese voorstelling wat 'n weergawe van die drie geslagte bied, baie bruikbaar.

Hoewel dit nie moontlik is om 'n genogram van Anna se stamboom aan te bied nie, word die verlede van haar ouers se familie aangedui omdat Anna as een van my medenavorsers beskou word:

Anna: *My ma se ma en pa was lankal dood. My pa se pa ook. Maar sy ma het nog gelewe. Ek het nie eens geweet wat haar naam was nie. My ma het my vertel dat my pa uit 'n baie slegte huis kom. Sy wou nie sê hóé sleg nie. En dat sy, my ma, altyd met my ouma so gepraat het dat dit nie nodig vir haar was om haar Ma te noem nie. Ek het haar jare laas gesien, my ouma. My pa het nie baie gaan kuier nie (Lötter 2004:64).*

In die geval van die persoonlike narratief kan die verband tussen die verskillende verhale wat grafies weergegee word, dui op 'n onderliggende persoonlike narratief deurdat verborge herinneringe en verwagtings gestimuleer word (Ganzevoort 1993:284). Grafiese voorstellings is minder tydrowend as die skryf van verslae en bied 'n blik op die moontlike perseptuele filters waardeur die gespreksgenoot na die wêreld kyk. Hierdie filter word gekleur deur ervarings, 'n nalatenskap van die gesin, groepsoortuigings, genetika, sowel as godsdienstige en morele oortuigings binne haar sosiale en kulturele omgewing (Fourie 2007:9-13).

i) Die genogram

'n Genogram is 'n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familie oor drie of vier geslagte te verhelder (Müller 1996:151). Dit is 'n uiters bruikbare metode om transgeneratiewe patrone wat hulleself herhaal, bloot te lê. Ten einde die kragte wat in gesinsverhoudings en –strukture skuil aan te toon, is dit belangrik dat die aard van die verhoudings tussen die gesinslede ook ingevul word. Die grafiese voorstellings van die verlede bied verder geleentheid vir eksternalisering deurdat dit as 'n linguistiese onderskeid tussen die herkenning van die probleem en die persoonlike identiteit van die persoon dien. Die genogram moet nie vir die

gespreksgenoot uitgelê word nie, maar die terapeut moet saam met haar die betekenis daarvan ontdek (Müller 1996:152).

Grafiese voorstellings dien as bykomende hulpmiddel vir die gespreksgenoot om haar stem te oefen in die vertel van die stories wat sy haar lewe noem (Parry & Doane 1994:170). Verder dien grafiese voorstellings as dokumente wat deur die gespreksgenoot gehou kan word sodat sy van tyd tot tyd daarna kan verwys. Ek het verkies om die genogram met Zoe te doen, omdat sy nie kon verstaan hoekom haar oupa, wat haar vaderfiguur was, haar misbruik het nie. Die genogram dien hier om die voortgesette oorlewing van die probleem, die gebrek aan korrektiewe maatreëls en die teenwoordigheid van verskeie negatiewe persoonlike en verhoudingskwaliteite in haar familie te bevestig. Deurdat transgeneratiewe gedragspatrone in die genogram aangedui kon word, het sy verstaan dat sy niks gedoen het om die misbruik deur haar oupa aan te moedig nie.

Zoe: *Die stamboom het my nogal gehelp om te verstaan dat daar baie leeus in ons geskiedenis rondloop.*

Terapeut: *Watter leeu val jou die meeste op?*

Zoe: *Die leeu se naam is mishandeling. My ma, my ouma en my oumagrootjie het almal mans gehad wat hulle sleg behandel het.*

Terapeut: *Wat het die leeu van mishandeling gedoen om seker te maak dat jy stilbly oor die misbruik?*

Zoe: *Daar was al aanrandingsklagtes teen my oupa en die polisieman het gesê as daar weer klagtes oor my oupa se gedrag ingedien word, hy toegesluit sal word. My oupa het my gedreig dat as hy in die tronk is, daar niemand is wat vir my sal sorg nie.*

Terapeut: *Ons het nou al die slegte verhoudings (die leeus) in julle familie, sowel as jou oupa se onderonsies met die polisie op die genogram ingeteken. Jy was maar 8 jaar oud toe die misbruik begin het. Waar was jy wanneer die misbruik-leeu jou bedreig het?*

Zoe: *Ek was alleen. My oupa het gewag tot my ouma dorp toe gaan of by my tannie gaan kuier.*

Terapeut: *Kan jy geleenthede onthou toe jy nie vir die leeu ingegee het nie?*

Zoe: *Ek het gereël dat my maatjie se ma my kom haal as ek vooruit gewees het ek gaan alleen by die huis gelos word.*

Terapeut: *Wat dink jy sien ek in jou raak wanneer jy my van hierdie plan vertel om die leeu te uitoorlê?*

Zoe: *Ek kon nie altyd die leeu keer nie, maar ek is 'n plannemaker, en ek het die "guts" gehad om my plan deur te voer, al het die leeu my gedreig.*

Terapeut: *Jy is heeltemal reg. Kan jy aan ander geleenthede dink toe jy ook die "guts" gehad het om die planne wat jy gemaak het deur te voer?*

Zoe se probleemgevolde verhaal word beskryf deur die dominante storie van mishandeling en misbruik. Eksternalisering moedig die gespreksgenoot hier aan om die probleme wat sy as benouend in haar lewe ervaar te objektiveer en soms te verpersoonlik (White (1989:5). Die proses van eksternalisering het Zoe in staat gestel om haarself en haar verhoudings van die probleem te skei. Sy word in staat gestel om vorige geïgnoreerde, maar baie belangrike aspekte van haar geleefde ervaring te identifiseer. Om betrokke te raak by herinneringe is dus nie 'n passiewe aktiwiteit nie, deurdat dit die hersiening van gebeure en gevoelens vanuit verskillende perspektiewe vereis (Bird 2000:213). Reflektering op die verlede behels 'n dinamiese proses van invra en response op herinneringe wat geleentehede skep vir die ontdekking van moontlikhede. Wanneer op die verlede gereflekteer word, is dit belangrik dat 'n blik op die omstandighede en standpunte van daardie tyd gewerp het. Sodoende word die fokus van psigologiese welstand van geïsoleerde innerlike ervarings verskuif na die self in verhouding tot historiese, kulturele en gesinsomstandighede (Bird 2000:217).

ii) Die lewenslyn

Die verloop van die gespreksgenoot se lewe word in grafiekvorm aangetoon. Die "... oppe en afte en kinkels en draaie" (Müller 2000:84) word deur middel van 'n grafiek aangetoon, terwyl die datums van oorgange aangedui word. Die manier waarop die lyn getrek word, is alreeds 'n interpretasie en herinterpretasie van lewensgebeure.

Aangesien Jeanine steeds nie haar verhaal verbaal wou oordra nie, het ek hierdie grafiese vertelling van haar geskiedenis handig gevind. Ten einde die agtergrond te

kry, het ek in plaas van 'n grafiese voorstelling, gebruik gemaak van sketse. Ek het haar as baba, peuter, kleuter en daarna soos ek dink sy gelyk het in elke graad (byvoorbeeld sonder voortande in graad 1) geteken. By elke skets is 'n jaartal aangebring. Sy het toe 'n kruisie gemaak by die skets wat ooreenkom met die tyd van die gebeure. Daarna het sy "oppe" en "affe" op die grafiek van haar lewensgebeure by elke gedateerde skets aangedui en toe die lyne verbind. Hierdie lyne verteenwoordig die tou om haar nek wat soms slapper en soms stywer om haar nek span. Sy het by elke punt 'n enkele woord neergeskryf wat dui op een van die drade wat die tou vorm, omdat sy nog nie gereed was om daarop uit te brei nie.

Waar verbale kommunikasie onmoontlik geword het, kan die gespreksgenoot aangemoedig word om haar verhaal in woord en beeld te vertel. Vanweë die eiesoortigheid en funksionering van die die regterhemisfeer van die brein maak regterbrein strategieë volgens J van Rensburg (1998:65) appèl op die innoverende potensiaal van beide die gespreksgenoot en die pastor. Kreatiwiteit in die vind van oplossings in gewone situasies deur gewone mense kan nuwe perspektiewe en moontlikhede vir 'n moeilike taak meebring. Janse van Rensburg (1988:66) stel egter die voorwaarde dat die pastorale karakter behoue moet bly as deel van die pastorale proses.

Terapeut: *Ek sien daar is heelwat "oppe" vanaf die tyd toe jy gemolesteer is. Dit sluit nie net die voorval in nie. Jou oupa was baie kwaai en sy kinders moes stilbly as hy praat. Julle familie het ook al heelwat slegte dinge beleef soos dat een van jou ooms in die gevangenis is weens bedrog. Hoe voel jou ma daaroor?*

Jeanine: *My ma praat nooit daaroor nie en ons mag ook niks sê nie.*

Terapeut: *Dit lyk my daar is heelwat toutjies in die galgtou ingeweef. Watter toutjies sou jy sê is die sterkste as ons na jou lewenslyn kyk?*

Jeanine: *Ek dink my oupa se humeur wat gemaak het dat niemand hulle opinie kon gee nie, is die sterkste.*

Terapeut: *Wat dink jy het dit aan jou ma en haar broers se selfbeeld gedoen?*

Jeanine: *Ek dink dit is die rede hoekom my oom bedrog gepleeg het, want hy wou nie vir my tannie sê dat hulle te hoog lewe nie. My ma wil weer ten alle koste haar "image" in die gemeenskap beskerm.*

Terapeut: *Kan dit dalk wees dat jou ma wel baie lief is vir jou maar dat haar opvoeding haar geleer het dat sy nie mag praat oor gebeure en gevoelens nie?*

Jeanine: *Ek het nie so daaraan gedink nie, maar dit kan dalk waar wees.*

Dit is belangrik dat openbaring op so 'n wyse plaasvind dat sy haarself kan herdefinieer in terme van die verlede, hede en die toekoms, betekenisvolle ander, die idees van die samelewing en alternatiewe verhale. Deur weer kontak te maak met die verlede ontdek die gespreksgenoot emosies wat in die verlede onderdruk is ter wille van oorlewing, wanneer sy nie geglo is nie, of wanneer die familie besluit het om daaroor stil te bly.

iii) Die ekokaart

Die kognitiewe aspek van geloof is nie die belangrikste aspek tydens 'n krisis nie, maar die relasionele dimensie daarvan. In die geesteswetenskappe dien die ekokaart om groter begrip mee te bring vir die feit dat die mens mens-in-konteks is (Müller 1996:156). Dit gaan oor die sosiale, ekonomiese, politieke, religieuse en ander strukture wat die konteks van die slagoffer aantoon, soos in hoofstuk 3 uitgewys. Dit dien om die slagoffer te laat verstaan dat die hele sisteem waarbinne sy haar bevind, geëvalueer word, en nie net sy alleen nie. Die belang hiervan is dat die skuld en skaamte wat sy met haar saamdra weens die gebeure, versprei word oor die geheel van haar sosiale omgewing. Ek het gekies om Karla te betrek by hierdie metode van grafiese uitbeelding omdat sy op 'n meer deurlopende grondslag meer met instansies soos die kerk, die skool, die jeugsorgsentrum, haar vriende en maatskaplike dienste te doen kry as met haar ma. Dit is egter belangrik om aan te dui wat die verbindings tussen haar ma en die verskillende dele van haar ekologiese omgewing is, sodat wanbalanse, en die betekenis daarvan, saam deur die terapeut en haar gespreksgenoot ontdek kan word.

Eksplorاسie van die kontekstuele omgewing vergroot die fokus van die terapeutiese gesprek tot verder as die simplistiese verwysings na probleme en oplossings (Bird 2000:67). Kontekstuele navraag ontbloot die verhouding tussen individuele lyding en institusionele opvattinge en praktyke en bied sodoende aan haar die geleentheid om 'n verduideliking van haarself te ontwikkel. Sentraal tot hierdie eksplorاسie staan die

benoeming en herbenoeming van ervaring (Bird 2000:67). Wanneer gebruik gemaak word van “relational externalizing talk” (Bird 2000:69) voel/ervaar/ken sy die verhoudingswêreld van haar lyding en institusionele opvattinge en praktyke. Hierdeur voel/ervaar/ken sy haar relasionele self wat op sigself ’n omgewing kan skep wat verandering moontlik maak.

Payne (2000:57) gebruik sirkels om aan te toon watter buite invloede ’n prominente rol speel in haar verhouding tot die probleem. Wanneer die verskillende kontekste aangedui word, kan die betekenis wat sy daaraan heg om lid van die vroulike geslag sowel as van ’n adolessente generasie te wees onder die soeklig geplaas word. Verdere aspekte betrokke by die konteks van haar verhaal sluit dit die volgende in: wat dit beteken om ’n verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag te hê; om ’n verhouding met God te hê; om ’n graad 11 leerder; inwoner van die jeugsorgsentrum en ’n lidmaat van ’n kerk te wees, in. Elke aspek word deur middel van ’n sirkel voorgestel. Die wyse waarop elke sirkel haar lewensverhaal raak, word dan geëksploreer.

Terapeut: Karla is gevra om verskillende sirkels uit papier te knip, en op elkeen die verskillende persone, en instansies wat ’n rol in haar lewe speel aan te bring. Een sirkel verteenwoordig haar genogram, en word in die middel van ’n agtergrond-plakkaat geplaas. Die res word daarom gerangskik, maar nie vasgeplak nie. Sy moet ’n stukkie kougom op elkeen wat sy voel aan haar “kou”, plaas.

Karla: *Ek dink ek gaan myself uit die stamboom uit haal en ’n aparte sirkel vir my maak. My vriendekring en sport naby aan my. Die jeugsorgsentrum, my ma en haar ouens kom die verste van my af, en elke sirkel kry ’n stukkie kougom op. My eks kom nie eers op die bladsy nie, want hy het my verrai. Ek weet nog nie so mooi waar ek met God staan nie. Ek voel nog steeds asof ek “damaged goods” is, en dat ek te sleg is vir God se liefde en genade. Dit is hoekom ek die gekoude stukkie op myself neergesit het.*

Dit is duidelik dat ’n ekokaart nie net lei tot ’n ewewigtige beoordeling van die gesinsituasie nie, maar veral ook wanverhoudinge en eensydige belangstellings (Müller 1996:156). Wanneer ’n kind egter in ’n gesonde omgewing ontwikkel, ontstaan daar ’n

koördinasie tussen die verskillende lewensdomeine. Sodoende word 'n positiewe self-agting ontwikkel wat erken dat sy ook negatiewe eienskappe besit, maar wat neig om positief te reageer wanneer die self geëvalueer word (Calverley et al 1994:197). Abstrakte denke by adolessente bring 'n onderskeidingsvermoë mee wat na-binne- en na-buite-gerigte kwaliteite kan onderskei. Wanneer hierdie vermoë ingeperk word deur die trauma van misbruik word die ontwikkeling van beide die morele en spirituele lewe ingeperk sodat sy verder van God af beweeg (Dean 2001:31).

Anna se ma: *Nie ek of jy het 'n pa wat die naam pa werd was, in die huis gehad nie. Jy weet, oom Danie se ma is vroeg dood. Sy pa het sy ma in 'n dronk woedebui met 'n mes doodgesteek. Ek is nie veronderstel om jou dit te vertel nie, maar onder die huidige omstandighede moet ek maar. Sy oupa het nie (hom verkrag nie). Sy broer het.*

Anna: *So herhaal die geskiedenis hom weer (Lötter 2004:132,133).*

Bandvormingspatrone wat in die kinderjare vasgelê is bepaal hoe sy (of Anna se stiefpa) sal optree ten opsigte van haar intieme verhoudings (Bacon 2003:44).

Terapeut: *Watter sirkels sou jy sê het jou lewe negatief geraak?*

Karla: *Die sirkel waarop my ma is, het my baie sleg beïnvloed. Sy is die oorsaak dat ek vandag is waar ek is, ook in my verhoudings met seuns. Die God-sirkel is ek onseker oor. Aan die een kant sê almal vir my Hy het my lief, maar aan die ander kant weet ek nie of ek dit kan glo nie.*

Terapeut: *Ons het jou ma se stamboom op haar sirkel ingeteken. Wat het jy daaruit wys geword?*

Karla: *Ek het gesien dat sy as kind erg deur haar pa mishandel is. Sy is vroeg uit die skool uit omdat sy nie meer die moed gehad het om aan te gaan nie. Sy het maar baie rondgeval omdat sy nooit lank in een werk gebly het nie. Sy het altyd vir ander die skuld gegee daarvoor.*

Terapeut: *Ek sien jou ma het ook maar baie kougompies in haar lewe. Kan dit dalk die rede wees hoekom sy nie die misbruik gekeer het nie?*

Karla: *Ek kan dit nogal verstaan en ek voel effens verlig. Ek weet net nie hoe ek dit gaan hanteer nie, want soms dink ek ek is lief vir haar, en ander kere is ek kwaad vir haar.*

White (1989:16) verwys na “historical unique outcomes” as die ontdekking van nuwe betekenis in die hede deur terug te verwys na die gespreksgenoot se persoonlike en verhoudings- geskiedenis. Grafiese voorstellings dien as dekonstruksie van die gespreksgenote se dominante verhale en bied die geleentheid om die historiese alternatiewe verhale te begin vertel, al is die gespreksgenoot nog nie daarvan bewus nie. Hulle kon begin om hulle selfkennis te ontgin en is alreeds besig om vrae te oorweeg wat ’n konteks skep waarin hulle toenemende gesag verkry. Die oomblikke wanneer die gespreksgenoot haarself verras is die werklik betekenisvolle oomblikke en dien as waardevolle rigtinggewers om die gespreksgenoot te help om haar verhaal terug te win (Pembroke 2002:98).

Die mens se werklikheidservaring word gestruktureer deurdat die persepsies van die verlede en van die toekoms op ’n manier met mekaar in verband gebring word (Müller 1996:114). Vanuit die perspektief van ’n Christelike spiritualiteit is daar in elke vorm van heling die faktor van transendensie as die teenwoordigheid van God (*coram Deo*) (Louw 1999a:559).

6.4.3 DIE BEGIN VOOR DIE BEGIN

Die mens interpreteer sy/haar wêreld vanaf die eerste dag van sy/haar lewe (Ganzevoort 1993:280). Die toekomsverhaal funksioneer volgens Müller (1996:87) nie eksplisiet nie, maar implisiet deurdat dit nog soos ’n embrio in die baarmoeder van die verlede lê. Die embrio kan eers ontwikkel wanneer die roumateriaal van die toekomsverhaal uit die rommel van die verledeverhaal uitgesnuffel word (Müller 1996:87). Wanneer die terrein wat alreeds besoek is weer geëksploreer word, vertel gespreksgenote dikwels selfstories van hartseer, pessimisme, verwarring, pyn en verslaenheid (Payne 2000:161). Dit is dus baie belangrik dat ’n terapeutiese omgewing geskep word waar die gespreksgenoot liggaamlik en geestelik veilig voel. Die gespreksgenoot word sodoende genooi om die impak van haar probleemverhaal en

haar suksesse om teen die probleem op te staan te eksplloreer en te evalueer (Duvall & Béres 2007:235).

Ten einde 'n alternatiewe verhaal te skep, word onproduktiewe persepsies bevraagteken en voorkeurverhale word na vore geroep. Deurdat die gespreksgenoot uitgevra word oor haar lewe voor die misbruik, word daardie dele van haar identiteit wat gedeeltelik deur haar noodverhaal van slagofferskap verduister is, uitgelig (Duvall & Béres 2007:238). Dit lei tot die besef dat daar meer omtrent haar identiteit is as haar verhale van misbruik en dat identiteit dus vloeiend van aard is. Die gespreksgenoot kan egter nie droom oor die toekoms solank sy vir haarself 'n stukkende toekoms voorstel nie (Müller 1996:87).

Dit is belangrik dat ook fyn geluister word vir “current unique outcomes” (White 1989:18). Dit is uitkomst wat opduik tydens die loop van die gesprek. Tydens die vroeë fases van terapie begin die gespreksgenoot om 'n aangepaste verhaal te vertel deur sekere onsigbare, vergete of ontkende elemente vanuit 'n wyer perspektief te sien vanweë die vertel en hervtel van haar verhaal. Hierdie elemente word aaneengeskakel in sub-storielyne met behulp van die vrae van die terapeut (Payne 2000:161). Die terapeut bring gewoonlik hierdie uitkomst onder die aandag van die gespreksgenoot en nooi haar uit om oorweging daaraan te skenk. Hierdie uitkomst kan dadelik onder die loep geneem word en het daarom 'n groot impak op die verloop van die terapeutiese proses (White 1989:18).

In die hermeneutiese sirkel word dieselfde elemente oor en oor gehanteer, maar op verskillende vlakke. Vervolgens word die elemente van skuld, skaamte en die belang van die Evangelie in al drie die gespreksgenote se verhale aangetoon.

Terapeut: Jeanine het vir my 'n foto van haarself op die eerste dag van haar skool- loopbaan gebring. *Vertel my meer van die dogtertjie op hierdie foto?*

Jeanine: *Ek was 'n baie vrolike dogtertjie. My ma was baie lief vir my. Ek het gehou van prentjies teken en om met my maatjies te speel. Dit was vir my lekker om my ma te help.* Jeanine het hierdie deel van haar verhaal verbaal vertel.

Terapeut: *Dit verskil baie van die briefie waarin jy jousef net afgekraak het. As ons kyk na jou skets waar jy agter jou gesin se rug aan 'n tou hang, het jy nou baie meer geïsoleerd van hulle en ander mense geraak. Dit lyk of jy niemand anders in jou ruimte wil hê nie. Verstaan ek reg?*

Jeanine: *Ja.*

Terapeut: *Hoe sal jy die skets verander om weer gelukkig te kan wees?*

Jeanine: *As my ma my glo en wanneer ek nie meer so skuldig voel oor wat met my gebeur het nie, sal ek langs haar op die bank kan sit (geskrewe sin). Ek sal klein kindertjies in die prent inbring omdat ek goed voel oor myself wanneer ek met hulle speel (verbaal weergegee).*

Terapeut: *Klein kindertjies aanvaar 'n mens in hulle onskuld onvoorwaardelik. Hoe voel jy oor jousef wanneer jy hulle besig hou?*

Jeanine: *Ek kan by hulle net myself wees. Hulle storm altyd na my toe as hulle my sien en wil nie hê ek moet loop nie.*

Terapeut: *Ek neem aan dit laat jou veilig genoeg voel om tydelik uit die toulus los te kom?*

Jeanine: *Ja, dit doen nogal.*

Duvall en Béres (2007:240) verwys na “dubbele luister”. Die terapeut luister na die gespreks-genoot se noodverhaal en laat haar toe om haar pyn uit te spreek, asook na haar verhaal van wat sy al gedoen het om teen die trauma op te staan. Sy openbaar in die proses dit waaraan sy waarde heg ondanks die trauma wat sy beleef het. Vanuit 'n Christelike paradigma is die self-interpretasie van mense slegs geldig wanneer dit ooreenstem met die geopenbaarde betekenis soos gevind in die Skrif (Ganzevoort 1993:280). Die Skrif is daarom die primêre verwysings-raamwerk waarbinne die mens se lewe geïnterpreteer word. Sedelikheid is nie bloot 'n morele kategorie in die menslike bestaan nie, maar sluit die etiese dimensie van norme en waardes in (Louw 1999a:269). Die mens is egter ten diepste sedelik deur die aanspraak van God op haar lewe. Die Bybelverhaal kan teenoor die gespreksgenoot se verhaal gestel word en haar uitdaag om anders daarna en na haarself te kyk (Capps 1990:82-85). Die helende krag van die Skrif lê in die toepassing daarvan op 'n toepaslike manier sodat tot dieper insig en verstaan gekom kan word.

Die invloed van die tou op Jeanine se lewe is hier op verskillende vlakke aangetoon. Die horisontale verhouding tussen Jeanine en die tou is aangedui as die verhouding wat sy aangeknoop het met misbruik en die skadu-karakters in haar gesin en haar familie. Die innerlike verhouding met haarself word aangedui deur die invloed wat skuld en skaamte op die beleving van haarself as deelnemer aan die misbruik het. Die vertikale verhouding in die pastoraat beteken dat die gesprek aanknoping vind in die ontmoeting tussen God en Jeanine en speel af teen die agtergrond van God se gesprek met haar vanuit die geskiedenis. Dit gaan hier om die deeglike omgaan met die verledeverhaal as 'n herlewing van die verlede eerder as die oproep van 'n dooie verlede (Müller 1996:114). "Future unique outcomes" (White 1989:19), as die beskouing van die gespreksgenoot se planne om in die toekoms die invloed van die probleem te ontduik ten einde haar lewe en verhoudings daarvan te bevry, kan hier dien as konstruktiewe ondersteuningsmeganisme.

Zoe: *Ek het baie gedink oor hoe ek die leeu kan inhok, maar daar is 'n paar gate in die heining wat ek nie toe kry nie. Ek het gedink as die hofsaak verby is, sal ek kan aangaan met my lewe, maar ek sukkel. My stiefpa maak die lewe vir my so moeilik dat ek nie weet watter deel van my lewe die ergste is nie. Ek voel so magteloos.*

Terapeut: *Is magteloos ook 'n leeu?*

Zoe: *Ja, ek het nie 'n sê in wat met my gebeur nie. Die leeu sê ek kan maar probeer weghardloop, maar alles wat gebeur het is my skuld, en ek sal nooit daarvan wegkom nie. Ek voel skuldig oor die misbruik, oor goed wat ek nog nie eens gedoen het nie, oor ek beter kan doen in die skool, oor dit voel of ek nie "guts" het nie. Vandag voel ek sommer net goor. (Volgens Louw [1999a:318] bring "Ek voel"-uitsprake die gespreksgenoot se intuïtiewe belevingsvlak na vore).*

Terapeut: *Dit klink my die leeu vertel baie leuens oor jou. Aan watter leuens kan jy op die oomblik dink?*

Zoe: *Ek dink ek het tóg 'n "guts", want, al was ek bang, het ek elke keer hof toe gegaan en al die vrae so goed as wat ek kan, geantwoord, al het ek gebewe van senuwees. Gelukkig was my ouma en die*

maatskaplike werkster elke keer by my. Zoe moes lank nadink voordat sy by hierdie slotsom kon uitkom.

Terapeut: *Wat sal jou veilig genoeg laat voel sodat jy kans sien om ten spyte van die herinneringe aan te gaan met jou lewe?*

Zoe: *Ek wil nie weer my oupa sien nie en ek wens my stiefpa kan uit ons lewens verdwyn.*

Terapeut: *Jy kan jou oupa vermy, maar nie jou stiefpa nie. Wat anders kan jou die moed gee om aan te gaan met jou lewe?*

Zoe: *Tannie, ek is bang om dit te glo, maar Tannie het gesê dat Jesus vir ons te gaan plek voorberei in die hemel. Ek probeer, maar ek glo nog nie heeltmal dat ek een van daardie mense is nie.*

Wanneer die Skrif aangehaal word in die pastoraat is die bedoeling nie dat die pastor beter weet of oor meer insig beskik nie. Dit verwys veeleer na die gedagte van wysheid waar wysheid dui op die besef van God se teenwoordigheid binne die konteks van die daaglikse menslike ervarings (Louw 1999a:313). Wanneer die verhale van die Bybel saamgevoeg word, bied dit 'n veelvlakkige en pluralistiese, maar tog verenigde narratiewe weergawe van die verhouding tussen God en die wêreld (Gerkin 1986:30). Dit is daarom essensieel dat die pastorale identiteit in die narratiewe beelde en metafore van die Christelike storie gewortel is (Gerkin 1986:71).

Ten opsigte van skuld en skaamte as impakteerders op Christelike identiteit wys McNish (2004:20) hierop as 'n positiewe fenomeen. Skuld en skaamte is hiervolgens 'n "... boundary phenomenon, and as such it helps us differentiate ourselves from nature and from one another, at the same time guarding our privacy and our intellectual and emotional integrity" (McNish 2004:20). Die negatiewe kant van die munt dui egter op skuld en skaamte as 'n "... shame vortex experienced as the *godless* place because it is a place of suffering" (McNish 2004:20).

Karla: *Ek het elke dag na my ekokaart gaan kyk en elke dag aan die sirkels geskuif. Party dae het ek 'n halwe kougompie op my sirkel gesit, ander dae 'n hele een. Dit is asof die spoke van molestering en "maklik" my net nie wil uitlos nie.*

Terapeut: *Watter gebeure het jou die afgelope week laat voel om die veranderings te maak?*

Karla: *Die Tannie by die jeugsorgsentrum se sigarette is gesteel en toe sê sy sommer dis ek. Dit het my so klein en nikswerd laat voel dat ek weer gevoel het soos toe my ou gesê het ek is "maklik".*

Terapeut: *Sjoe, dit moes vir jou baie sleg gewees het! Kan jy onthou van kere toe jy nie soos 'n stuk kougom gevoel het nie?*

Karla: *Die dag toe ek goed gedoen het in my Afrikaanse toets, en Juffrou sê sy het geweet ek kan, het ek weer net 'n halwe kougompie op my sirkel gesit.*

Terapeut: *Dit klink my dat jy voel die tannie het jou verraai en dat dit jou soos 'n "niks" laat voel het? Dit is nie lekker om so te voel nie. Kan jy dink aan iemand in die Bybel wat ook verraai is en wat soos 'n "Niks" behandel is?*

Karla: *Jesus.*

Terapeut: *Wat beteken dit vir jou wanneer jy soos 'n "niks" voel?*

Karla: *Ek dink daar is tog bietjie hoop vir my. Ek is net bietjie bang om dit ten volle te glo, want ek het al so baie seergekry wanneer ek iemand vertrou.*

Indruk-uitsprake kan 'n hoë mate van eerlikheid en nabyheid skep, veral wanneer dit op 'n sensitiewe wyse oorgedra word (Louw 1999a:319). Hierdie uitsprake voorkom ook verwronge boodskappe wat tot misverstand aanleiding kan gee, sodat die lens waardeur Karla kyk nie 'n verwronge toekomsbeeld bied nie. Hoop word omskryf as: "... toestand van bestaan waarin, deur die geloof, peil getrek word op God se vervulde beloftes en trou" (Louw 1999a:426). Wat die verband tussen die verlede en die toekoms betref: "... daar moet genoeg van die verlede-verhaal wees wat voortgesit kan word, maar daar moet ook genoeg wees wat nuut is sodat dit 'n krag tot nuwe homeostase kan wees" (Müller 1996:116).

Anna: *Die winkel was bedrywig, vol bont lap. Dit was daar, op daardie oomblik, dat ek verlief geraak het op die tekstuur en kleur van lap. Ek, wat naaldwerk gehaat het, wat nie gou genoeg 'n ander vak kon kies nie. Ek moet erken dat ek nie veel van materiaal weet nie,*

maar my gevoel is dat ons die see en son moet inbring in die sitkamer (Lötter 2004:173).

Hoopterapie is teologies gesproke promissiotherapie wat die praktiese uitvloeisel is van die teologie van die opstanding. Hierdie opstandingsteologie dien as hermeneutiese raamwerk en eksegeese van die kruis (Louw 1999a:426). Jesus het opgestaan sodat die verlossing van die mens 'n daad van God se trou is. Homeostase word verkry deur die positiewe herstrukturering van die verledeverhaal met die oog op die toekoms.

6.4.4 TERUG BY DIE BEGIN

Laag-op-laag-gesprekke bied aan die gespreksgenoot die geleentheid om van die bekende wanhoop inherent tot die dominante storie te beweeg tot hoop wat moontlik is om te ontdek in die ontluikende alternatiewe verhaal (Duvall & Béres 2007:235). Stories van die verlede word tydens terapie gerekonstrueer, terwyl stories oor die toekoms slegs in die verbeelding bestaan en oop is vir improvisasie (Ganzevoort 1993:286). Soos wat die gespreksgenoot die verlede bevry van die greep van dominante stories, is sy in staat om 'n minder problematiese toekoms te verbeel, te voorsien en te beplan (Freedman & Combs 1996:101). White (2006:89) maak gebruik van die metafoer van "standing on the riverbank" ten einde oor die rivier van die lewe uit te kyk. Solank die gespreksgenoot in die rivier van die probleemverhaal spartel, is dit onmoontlik om anders oor die lewe te dink. Wanneer die gespreksgenoot haar egter op 'n rivieroewer, as 'n ander identiteitsterreine bevind, is dit moontlik:

... to look over the events of one's life, to re-visit them, to speak about them and to think differently about them, without being re-traumatised, without being swept along by the current.

Hoop behels volgens Capps (1959:138) "... confident expectation, anticipation, or hope for the future". Hoop ontstaan binne die vele verhoudings waarbinne 'n persoon hom-/haarself bevind, asook in haar geleefde ervarings tot op hede (Capps 1959:163). Die absolute terme waarmee die gespreksgenoot haar probleme benader, word deur hoop gerelativeer (Louw 1999a:535). Die ontdekkingsreis na die toekoms word dus telkens gekarteer vanuit die verlede. Daar moet genoeg van die ou verhaal oor wees wat

voortgesit kan word. Daar moet egter ook genoeg wees wat nuut is sodat "... dit 'n krag tot nuwe homeostase (tussen stabiliteit en verandering) kan wees" (Müller 1996:116). Die rol wat 'n terapeut in die skep van hoop speel word deur Freedman en Combs (1996:42) as volg aangedui:

If you don't believe to the bottom of your soul, that people are not their problems, and that their difficulties are social and personal constructions, then you won't be seeing transformations. ... their voices, their postures, their whole beings radiate possibility and hope. They are definitely under the influence of Optimism.

Dit is hier dat 'n verband met die verhaal van God getrek moet word. Die pastor is as 'n verteenwoordiger van die Christelike tradisie 'n simboliese draer van die storie van God (Ganzevoort 1993:287). Die Bybel is die manier wat God gebruik om Homself aan die mens te openbaar en wel op 'n narratiewe manier. Die gelowige word deur die opstandingshoop geleer om "... met die perikoop van die geloof om die hoek van die dood te kyk" (Louw 1999a:536). Herstrukturering vind plaas wanneer ander, nuwe betekenis aan gebeure toegeken word omdat die mens 'n interpreterende wese is (Müller 1996:117). Persoonlike voorkeure en keuses tree meer op die voorgrond en maak dit sodoende vir die gespreksgenoot makliker om meer te fokus op wat sy graag vir haar lewe wil hê.

Ten einde gesond te kan vergeet, is dit eers nodig om goed te onthou. Jeanine sien nie kans om haar verhaal verbaal oor te dra nie, hoewel sy graag haar verhaal wou deel. Sy het toe met 'n dagboek begin, waar sy in detail die gebeure van die molestering neergeskryf het. Om die verlede te vergeet, word deur Müller (1996:119) vergelyk met "backtracking" en "looping". "Backtracking" is vergelykbaar met kroniekskrywing waar die kroniek geen storielyn het nie. Wanneer "backtracking" en "looping" saam gebruik word, dui dit op die proses waar die individu op haar eie spore terugloop ten einde haar eie weë van nuuts af te probeer verstaan. McGregor (2008:230) maak gebruik van die metafoer van 'n naaldekker. Wanneer die gespreksgenoot begin om die misbruik te verwerk, is dit belangrik dat sy nie vir te lang periodes stilstaan by haar herinneringe van die ervaring van misbruik nie. Wanneer die naaldekker in die lug is, kan dit oor 'n wye gedeelte van die dam van herinneringe sien, en kan daarom kies waar dit wil land.

Die gespreksgenoot kan kies of sy op die slegte of op die goeie herinneringe wil land. Dit is altyd beter om vir kort tye op die negatiewe herinneringe te land, voordat oorbeweeg word na die positiewe herinneringe waar sy langer moet vertoef. Dit is belangrik om die negatiewe verlede te besoek, sodat sy kan leer hoe om dit te beheer sonder om in die verlede vas te steek.

Terapeut: *Gedurende die tye dat die tou styf om jou nek gespan het, het jy soms gesê dat jy die dood bo die lewe verkies. Hoe voel jy nou oor jou lewe?*

Jeanine: *Jeanine begin nou verbaal met my gesels. Daar is nog tye wanneer ek so voel, veral wanneer ek en my ma baklei het. Dit bring al die slegte herinneringe weer terug. Gelukkig word die “op”-tye wanneer ek positief oor my lewe en die toekoms voel, al meer in vergelyking met die “af”-tye wanneer ek moedeloos voel.*

Terapeut: *Dit klink vir my die tou sit nie meer so styf om jou nek nie, want jy begin nou met my gesels. Dit is lekker om jou stem te hoor.*

Jeanine: *Ek het begin om ’n nuwe gewoonte aan te leer volgens die “naaldekker-metode” wat Tannie my geleer het. Dit het baie gehelp omdat ek besef het dat ek myself baie keer in die tou se knoop ingedink het, in plaas van daaruit. Dit help ook baie wanneer ek met my niggies speel en regtig kan weet dat ek lief is vir hulle. Dit voel dan of dit tog moontlik is om vir myself lief te wees en dan begin ek dink dat God my ook spesiaal aanmekaar geweef het soos in Ps 139. Dit maak die pyn in my hart minder en gee my hoop vir die toekoms.*

Verandering in die hede en toekoms kan slegs plaasvind wanneer die verlede geherinterpreteer word sodat dit die basis van verandering kan word (Müller 1996:120). Herinterpretasie het te doen met die herevaluering van die onderliggende rasionaliteit. As dit nie gebeur nie, is die ontvouing van ’n nuwe storie eenvoudig ’n droom en geen realiteit nie. Herstrukturering dui op ’n heroriëntasie in terme van waardes wat herontdek word en van dít waaruit ’n nuwe vertel van die verhaal moontlik word. Herinterpretasie en uiteindelik herstrukturering vereis taal en herformulering (Müller 1996:123).

Zoe: *Tannie, ek het vir my hierdie prentjie van 'n leeu in my huiswerkboek geplak. Ek het by met hom al die goed geskryf wat my jaag.*

Terapeut: *Dit was 'n goeie idee. Ons het mos uitgevind dat jy 'n plannemaker is. Wie, of wat, het die leeu tot nou toe sterk gemaak?*

Zoe: *My oom, my oupa, my ma, my akademie, my verhouding met Jesus.*

Terapeut: *Ek sien ook dat jy begin het om sirkels om die leeus te teken. Wat stel dit voor?*

Zoe: *Dit is die pale wat ek al ingeslaan het om die leeu hok te slaan. Hierdie een is die juffrou wat vir my RTT gee. Sy het gesê ek is "skerp" omdat ek voor die ander kinders verstaan wat sy verduidelik. Ek rook al baie minder en sal een van die dae kan ophou. Ek het vir my stiefpa gesê hy mag nie aan my vat nie. Dit was nogal lekker om die verbasing op sy gesig te sien, want ek vries gewoonlik as hy naby my kom. God voel ook nie meer so ver weg nie omdat ek begin besef het dat Hy hier by my, onder die dak, is wat die omstandighede ook al is.*

Terapeut: *Wat dink jy wil die leeus wat jy besig is om toe te kamp vir jou sê?*

Zoe: *Ek dink hulle wil dalk sê dat ek sterker is as wat hulle en ek gedink het. Ek dink hulle kyk met meer respek na my en ek self ook. Hulle voel ongemaklik as ek van God praat, want hulle ken Hom glad nie. Ek is nie meer so baie kwaad vir Hom nie, want ek besef dat ek nie die pad tot hier toe alleen sou kon loop nie.*

Herformulering behels die verandering van 'n konseptuele en/of emosionele agtergrond of sienswyse in verhouding tot hoe 'n situasie beleef is. Dit word dan in 'n ander raamwerk geplaas wat ewe goed of selfs beter inpas by die "feite" van dieselfde konkrete situasie sodat die totale betekenis daarvan verander (Müller 1996:124). Die eksplorاسie van nuwe moontlikhede vir die lewe van die gespreksgenoot word versterk wanneer sy aangemoedig word om bewus te word van, en die verskuiwing in haar verhouding met die probleem te artikuleer (White 1989:20).

Die realisme van hoop bied egter nie vir alle probleme 'n oplossing nie, maar die sentrale storielyne kan ruimte gegee, verbreed, verskuif en verander word. Die terapeut moet daarom verstaan en kommunikeer in die kliënt se taal, aangesien hierdie taal die metafoor is waarin sy haar ervarings uitdruk (Müller 1996:130). Die terapeut moet in die eerste plek 'n goeie luisteraar wees wat nie te gou begryp nie, sodat geleenthede vir misverstand so min as moontlik geskep word. Taal bied ook die geleentheid om die gespreksgenoot te help om haar stories op so 'n wyse weer te gee dat dit meer in lyn is met wat sy graag vir haar lewe wil hê.

Terapeut: *Hoe verskil die huidige kougomlewe van die een wat jy aanvanklik op jou ekokaart geteken het?*

Karla: *Ek kon nie al die kougom van my kaart af verwyder nie, want ek het nie ander blyplek nie. Ek het besluit ek sal so goed as moontlik aanpas by die huisreëls en kry nie meer so dikwels raas nie. Ek rook ook nie meer so baie nie. Ek is nou meer jammer vir my ma as wat ek vir haar kwaad is omdat ek beter verstaan hoekom sy so opgetree het. Ek het besluit om die kougom op haar blokkie te los, want dit is háár kougompie omdat sy lewe soos sy lewe. Ek gaan nie haar kougom vir haar kou nie, maar ek het vir haar 'n brief geskryf en gesê hoe ek voel. Ek het begin om stiltetyd te hou en het die verhaal van Jesus se kruisiging en opstanding gelees. Dit help dat ek beter voel oor myself, want dit beteken dit is die een verhouding waarin ek altyd veilig sal wees.*

Terapeut: *As jou eks jou nou kan hoor, wat dink jy sal hy sê?*

Karla: *Tannie, ek dink hy sal eers vermakerig wees, want hy erken nie maklik dat hy verkeerd is nie, en dan sal hy maar liever 'n ander "maklike" meisie gaan soek. Dit is so lekker om te dink ek is nie meer "maklik" nie, maar ek is nog nie seker of ek regtig vir God aanvaarbaar is nie.*

Die impak van misbruik is dat dit die mag het om die gespreksgenoot se vermoë om op God se genade te reageer en om haarself lief te hê, lam lê. Dit versterk die impak van die probleem omdat dit afhanklik is van die effekte daarvan om te kan oorleef (White 1989:20). Praktiese dekonstruksie dien hier as voertuig vir onderhandeling ten opsigte

van betekenis (Bird 2000:72). Die identifisering van unieke uitkomst en die toeken van betekenis daaromheen, help die gespreksgenoot om haar weerstand teen die effekte, of die vereistes, van die probleem te identifiseer (White 1998:21).

Anna: *Male sonder tal het ek voor die huis gesit met wraak in my hart, maar nooit die moed gehad om hom of my ma te konfronteer nie, nooit die moed gehad om hom dood te maak nie. Vandag dank ek God daarvoor. Want, ja, Hy is daar vir ons, ja, Hy luister. As ons maar net met Hom wil praat, as ons maar net wil vra* (Lötter 2004:195).

God mislei mense nie om in te koop in Sy goddelike liefde nie, maar bied Homself deur middel van Goddelike selfkommunikasie as vryheidsoffer aan die mens en verwag 'n gewillige menslike respons (Beste 2003: 4). In die proses is die terapeut nie besig met 'n storie of alternatiewe verhale nie, maar met die buitengewone lewe van haarself en die gespreksgenoot (Bird 2000:56) as ontvangers van God se boodskap. Die gespreksgenoot en die terapeut eksploreer die verlede in die hede: "Together we pull forward the threads of knowing that weave together a sense of hope and possibility of the self, always in relationship" (Bird 2000:56). Hoop bring 'n nuwe manier van kyk na die wêreld deur die ontdekking van sin en die saakkarakter van die probleem (Louw 1999a:536). Die saakkarakter dui op God se bestemmingsfunksie met die betrokke probleemarea. Die hantering van 'n probleem vereis volgens Gerkin (1997:323) "... to transcend the past, move through the change of the present, and embrace the open-ended, unknown quality of the future".

6.4.5 OM 'N TOEKOMS POSITIEF TE ONTHOU.

The faithfulness of God ... looks toward something in the future as it reaches toward the deep metaphor coming from the past (Gerkin 1986:39).

Volgens Snodgrass (2011:15) is die geskiedenis van die mens onveranderlik, maar die mens word verby sy/haar geskiedenis opgeroep om in Christus te lewe. 'n Eerlike worsteling met God is deel van die geloofspad. Onskuldige mense ly as gevolg van die

sonde van ander wat nie volgens God se wil lewe nie. Stemme vanuit die Bybel antwoord nie noodwendig die vrae van die gespreksgenoot nie, maar bied wel 'n perspektief daarop. Die skrywer van die boek Prediker kom tot die gevolgtrekking dat die lewe vol teenstrydighede en God ewe onbegryplik is. Job erken prontuit dat hy God nie verstaan nie, maar dat die mens uit die ellende kan opstaan, al het hy/sy alles verloor. Die redenasie tussen Job en sy vriende bereik 'n dooie punt wanneer hulle nie tot 'n vergelyk kan kom oor die oorsaak van Job se lyding nie. God tree daarom self tussenbeide. Hy beantwoord nie Job se vrae nie, maar nadat Job vir God gesien het, is hy tevrede. Eers in die Nuwe Testament kan die mens na Christus aan die kruis kyk ten einde die lyding van die enigste waarlik onskuldige Mens te aanskou. Jesus Christus kan ten diepste met die lyding van die gespreksgenoot identifiseer omdat Hy self misken en verwerp is. God het Hom egter nie aan die wêreld onttrek nie, maar stuur mense op die gespreksgenoot se pad wat vir haar omgee en haar aanmoedig (Büchner 2006:27). Daarom kan God weer vertrou word.

In die psigoanalitiese modelle word die klem geplaas op die verlede en die hede, terwyl Egan (1990) in sy boek *The skilled helper* poog om vanuit die hede na 'n toekomsprojeksie te beweeg. Binne die eko-hermeneutiese benadering van Müller (1996) in sy boek *Om tot verhaal te kom*, is die beweging meer vanuit die hede na die toekoms. Hoop bring 'n "... eksistensiële ontslotenheid wat die mens *vorentoe* oopmaak" (Louw 1985:114). Volgens T.S.Elliot (Müller 1996:117) word die einde van eksplorاسie bereik wanneer aangekom word by die beginpunt van die reis om dan die plek vir die eerste keer werklik te ken. Die doel van pastorale sorg is hier volgens Fowler (1987:21):

"... it intentionally sponsors the awakening, shaping, rectifying, healing and ongoing growth in vocation of Christian persons and community, under the pressure and power of the in-breaking kingdom of God".

Müller (2000:42) vra tereg 'n terapeutiese vraag: "Hoe kan die toekomsprentjie weer heelgemaak word sodat dit 'n dryfkrag kan word om in die hede te kan verander?" Snodgrass (2011:13) beskryf identiteit as die innerlike self-interpreterende geheue "... that includes some sense of the future ... for from our identity we project a future". Wanneer die slagoffer beseft dat die misbruik en die impak daarvan nie deel van haar identiteit is nie, is dit makliker om die skuld vir hom terug te gee en hom te vergewe.

Volgens Beste (2003:11) is dit nodig dat die werking van God se genade gesien word in die lig van die vermoë om fundamentele keuses te maak. Herstel word dus diep geraak deur die moontlikheid van 'n begeerte om meer te weet, te groei, te eksplorieer, alles te bevraagteken en oop te wees vir verdere moontlikhede. Die moontlikheid bestaan ook dat God sy genade deur middel van liefdevolle interpersoonlike verhoudings kan oordra. 'n Gesindheid van liefdevolle aanvaarding deur die terapeut is dikwels die eerste positiewe verhouding wanneer familieledede betrokke was by misbruik. Die verskillende moontlikhede moet aangewend word in die herstrukturering van haar identiteit, as 'n "... a different place to stand" (White & 2006:88).

Jeanine: *Ek is nog bang om myself toe te laat om aan te beweeg, want dit is "scary".*

Terapeut: *Ek kan dit verstaan, maar as ons nou weer na jou foto kyk, wat dink jy wil daardie Jeanine vir jou sê?*

Jeanine: *Dat ek "OK" is. Ek is nog steeds dieselfde mens, al is ek gemolesteer. Jesus is steeds lief vir my.*

Terapeut: *Wat wil jy graag vir haar sê?*

Jeanine: *Dat ek lief is vir haar, en dat dit nie haar skuld was nie. Ek het besluit om volgende jaar te gaan "au pair", want ek is baie lief vir kinders. Ek dink as ek vir hulle goed is, sal ek ook beter voel oor myself, en sal die "slegte ek" nie meer my lewe so oorheers nie. Dan sal ek kans sien om na God toe te gaan en met Hom te praat omdat ek glo Hy is lief vir my en dat Hy vir my ook aan die kruis gesterf het.*

Tydens herstrukturering is dit belangrik om nie weg te doen met die ou verhale nie, maar om 'n slagoffer bekend te stel aan ander opsionele weergawes van die verhale wat sy kan gebruik om beheer oor haar lewe terug te kry (Parry & Doane 1994:157). Dit gaan volgens Erikson (Capps 1995:29) nie oor die afwesigheid van simptome nie, maar oor die aanwesigheid van sekere "sterk punte" in die identiteit van die slagoffer. Sodra die gespreksgenoot begin om haar verhaal te herstrukturer, is dit die terapeut se taak om die herstruktureringproses in terme van hoop te inisieer. Hoop word gedefinieer as die opbou van sinsamehang waarbinne die gelowige 'n perspektief op sy/haar uitsiglose situasie verkry (Louw 1999a:535). Geloof word deur Snodgrass (2011:14) beskryf as

“... a set of choices, commitments, and relations that enable being, and by their very nature transform identity”.

Betekenisvolle herformulering word verstaan in die lig van die toekomsverhaal en nie in terme van 'n beter voorstelling van die verledeverhaal nie (Müller 1996:133). 'n Ryk beskrywing van 'n alternatiewe verhaal bied geleentheid dat uitdrukking aan die trauma gegee kan word sonder dat die trauma herleef word en sonder om deur die trauma gedefinieer te word (White 2006:98). Die toekomsverhaal wat in die lig van hoop ontkiem maak die hantering van die lyding nie makliker nie, maar stuur die gespreksgenoot terug na die trauma van misbruik. Dit beteken dat die omvang van die trauma erken word en dat die alternatiewe verhaal parallel hiermee ontwikkel word. Wanneer die gespreksgenoot op die rivieroewer staan, word dit vir haar moontlik om haar ervaring van die trauma weer te gee op maniere wat helend eerder as hertraumatiserend is (White 2006:98). Sodoende word 'n repertoire van self uitgebou en vermeerder (Smith 2005:64). Die einddoel is oorwinning oor die impak van misbruik deur die onuitspreekbare kennis van God weens kontak met Hom wat op suiwer geloof dui (Waaijman 2002:846). Die mens se verhouding tot God bepaal wie ons is, maar plaas ons ook in verhouding tot alle ander in Hom en met die hele mensdom (Snodgrass 2011:15).

Die ontdekking van haar vaardighede en dit waaraan sy waarde heg as die generering van hoopvolle uithouvermoë behels “... to perceive the possible in the actual, seeing possibilities immediately connected with the person” (Waaijman 2002:513). Hierdie moontlikhede het te doen met moontlikhede in die persoon se werklike lewensituasie. Dit is hier belangrik dat sy die ervaring het om grense te stel waarby sy kan hou ten einde telkens terug te keer na haar identiteit in Christus. Terme soos “finale doel”, “ideal”, “roeping”, die “essensiële” en ‘rypgeworde volwassenheid’ word op hierdie stadium gebruik (Waaijman 2002:513). Spirituele groei dui op die verskil tussen dít wat menslik moontlik is (suiwerheid van hart) en moontlikhede aan die kant van God (oorpeinsing) (Waaijman 2002:510). Ten opsigte van verandering en groei moet onthou word dat dit 'n voortdurende proses is en nie bloot net 'n gebeurtenis nie (Snodgrass 2011:17).

Karla: *Ek het heeltemal opgehou om by die ouens te slaap. Dit het gehelp dat ek baie beter oor myself voel. Ek dink dit is omdat ek beseft dat ek volgende jaar uit die skool is en ek wil graag 'n nuwe blaadjie omslaan.*

Terapeut: *Wat sou jy graag op die eerste bladsy wou skryf?*

Karla: *Ek sou graag wou skryf dat ek 'n oorwinnaar is.*

Terapeut: *Wat beteken dit vir jou om 'n oorwinnaar te wees?*

Karla: *Dit beteken dat ek weer in beheer van my lewe en my liggaam is. Die belangrikste is dat ek beseft dat dit die Heilige Gees is wat met my kom praat het. Ek sou nie die besluit alleen kon neem nie. Ek sien so uit na volgende jaar. 'n Tannie in die gemeente het aangebied om my matriek-afskeidsrok te maak. Ek het die mooiste prentjie gekry! Ek was so kwaad vir almal en hier bied sy aan om dit te gratis vir my te doen. Jesus stuur wonderlike mense op my pad, ek het dit tot nou toe net nie raakgesien nie. Ek is so dankbaar vir die verandering in my lewe.*

Die interaksie tussen selfbeskrywing en anderbeskrywing van self word aangehelp deurdat beide deel is van die liggaam van Christus. Nog belangriker is God se beskrywing. Vir Christene word identiteit gevind in wat God sê, soos bevestig en getoets deur die interaksie met die self en die gemeenskap (Snodgrass 2011:18). 'n Belangrike deel van Michael White (2006:95) se werkwyse met slagoffers van trauma is dus om hulle lewensverhale te skakel met die stories van betekenisvolle ander/e. Aangesien hierdie studie die impak van eskatologiese hoop op die oorwinning van misbruik ondersoek het, word op God as die betekenisvolle Ander gewys. “Remembering” gesprekke bied die geleentheid om weer betrokke te raak by betekenisvolle figure sowel as God. Die vertrekpunt is hier die mens geskape na die beeld van God, asook die situasie van die einde (volle oorgawe aan Hom) (Waaijman 2002:510).

Een van die sleutelaspekte van “re-membering” gesprekke is dat twee-rigting weergawes van verhoudings geskep word. In die eerste fase van “re-membering” gesprekke vra die terapeut vrae oor stories waar die betekenisvolle figuur 'n positiewe bydrae tot haar lewe gemaak het en wat die figuur op sy/haar beurt waardeer omtrent die slagoffer. Tydens die tweede fase van “re-membering” gesprekke vra die terapeut

vrae oor die slagoffer se bydrae tot die lewe van die figuur; oor hoe haar bydrae bevestigend is, of kon gewees het vir hierdie lewe (White 2006:95). Daar word ook vrae gevra oor hoe haar lewe 'n getuie kan wees van haar identiteit soos gesien deur die oë van haar “re-membering” figuur. Die herontmoeting met die alledaagse lewe en die ontwikkeling van 'n effektiewe lewensuitkyk vereis goeie ondersteunende verhoudings deur medegeskapenes na die beeld van God. Die beeld van God is hier 'n “... dynamic power, a seed, which prompts humans to proceed toward divinization, toward likeness” (Waaijman 2002:511). Dit stel die gespreksgenoot in staat om nuwe gevolgtrekkings oor haar eie waarde en die verstaan van God se genade te maak.

Terapeut: *Wat het julle toe besluit oor die skuif na die ander skool volgende jaar?*

Zoe: *My ma sien nie kans om teen my stiefpa op te staan nie. Ek het besluit dat ek ter wille van die vrede sal teruggaan na my ou skool toe. Ek het in die vakansie weer kontak gemaak met my ou vriende en dit lyk darem of hulle my nie vergeet het nie.*

Terapeut: *Ek is baie bly om dit te hoor. Wat sê dit van jou as persoon dat hulle jou nie vergeet het nie?*

Zoe: *Ek weet nie eintlik nie. Ons het net weer soos in die ou dae “geklied”. Al wat ek kan dink, is dat die dinge wat ek gedoen het om die leeus in hulle hok te hou my baie gehelp het om nie meer so skaam en bang te wees nie. Ek begin so stadigaan dink dat Jesus my tog al die tyd gehelp het om op my voete te bly en om die leeus in toom te hou. Ek glo weer 'n bietjie in myself en ek weet Hy sal my volgende jaar ook help.*

Louw (2008:98) stel dit dat: “In Christ our body already partakes in this resurrection promise as fulfilled in the resurrection of the Christ-event”. Geloof dui op die bewustheid dat God besig is om êrens uit die toekoms na die persoon toe te kom.

Anna: *En so word ek een oggend wakker met die besef dat die verlede verby is, dat ek vorentoe kan kyk, moet aangaan. Ek besef dat ek nie alle mans kan wantrou omdat één man my misbruik het nie.*

Beelde van wat Anna se bestaan in die toekoms sal wees, dien as padkaart vir die konstruksie van 'n toekomsverhaal. Die self wat besig is met die konstruering van die toekoms is meervoudig en dialogies (Müller 1996:134). Dit beteken dat een individu in verskillende wêreldes kan leef en dat elke wêreld oor 'n eie outeur kan beskik wat sy/haar eie verhaal op 'n relatief onafhanklike manier aan die ander vertel (Müller 1996:135). Wanneer die verskillende ek-posisies met mekaar in dialoog gaan, ontstaan betekenis wat nie voorheen bestaan het nie. Die werklikheid word uitgedaag deurdat relevansie op nuwe maniere tussen sake geplaas word. Deur 'n nuwe verhaal te verbeeld, word nuwe relevansie ontdek en verandering bewerk (Müller 1996:139). Terapie word dus die proses van die uitbreiding van betekenis. Die belang van relevansie is dat die ooreenkoms tussen die negatiewe van die verlede en die positiewe van die toekoms ontdek word (Müller 1996:139).

Wanneer die toekoms in die hede figureer, kom God se wil vir die menslike lewe, as die ruimte en plek vir God se praxis aan bod. Hierdie praxis is die ruimte en plek vir God se reddende betrokkenheid by, en verbintenis met die lewensloop en lyding van die mens (Louw 2008:107). Binne die konteks van teologiese refleksie dui hoop op die mens se poging om die teenwoordigheid en wil van God op so 'n wyse uit te druk dat betekenis in die lewe ontdek word. Hierdie poging van die mens behels beide 'n hermeneutiese en kommunikatiewe onderneming waar die kommunikatiewe praxis van geloof vertaal word in die eksistensiële en lewenskategorieë van plek en ruimte (Louw 2008:107).

6.5 TERUGSKOUIING

In hierdie hoofstuk het 'n narratief-pastorale betrokkenheid by drie vroulike adolessente slagoffers van misbruik aan bod gekom. Interpretasie word in die terapeutiese proses binne die horisonne van die interpreteerder geplaas. Daarom word die narratiewe pastor as interpreterende gids wat mense begelei om sêlf sin en identiteit in hulle verhale te vind, aan die leser voorgehou. Daar is aangedui dat die terapeut sowel as haar gespreksgenote die teks lees vanuit 'n spesifieke konteks in terme van opvoeding, opleiding en ervaring (Louw 2010:37). Daar is ook gevind dat die opbou van 'n narratief kan skuif en verander sonder die normale kommunikasie kanale wat gesprekke normaalweg rig, deurdat Jeanine haar verhaal in dagboekvorm en geskrewe antwoorde weergegee het.

My narratiewe pastorale betrokkenheid by adolessente dogters wat misbruik is, word gegrond in die vyf terapeutiese bewegings van die tydgekoppelde gespreksbenadering tot terapie van Müller (2000:72-103). Hierdie bewegings vind nie lineêr plaas nie, maar sirkulêr, deurdat voortdurend na sekere bewegings teruggekeer word in 'n sirkulêre proses. Die bewegings vind plaas vanuit die toekoms na die hede deurdat die verlede deeglik onthou word. Die gespreksprosedure, vaardighede ten opsigte van die proses en taal is verhelder. Gesprekke is van tyd tot tyd deur middel van my eie interpretasies daarvan weergegee. Verbatim weergawes van ons gesprekke is egter merendeels gebruik ten einde getrou te bly aan die gespreksgenoot se weergawe en verstaan van die gebeure en die impak daarvan. Daar is gebruik gemaak van dekonstruksie en eksternalisering ten einde unieke uitkomst van die verlede, hede en toekoms uit te lig.

6.6 VOORSKOU

In die volgende hoofstuk vind refleksiewe kartering van die hele navorsingsproses plaas in die lig van al vyf die rigtingwysers wat in hoofstuk 1 aangedui is. Dit behels die evaluering van die navorsingsverwagtings en –beperkings, die waarde van die navorsing en die bydrae wat deur die studie tot die veld van die narratiewe pastorale betrokkenheid by tienerdogters wat misbruik is se Christelike hoop gelewer is.

HOOFSTUK 7

DIE KAART IN DIE RAAM

7.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk val uiteen in die lig van rigtingwyser 5 as die *Einde* van die navorsingsproses en vind plaas as reflektoring op die navorsingsproses. “Einde” dien egter nie as ’n finale afsluiting van die navorsingsproses nie, maar eerder as motivering vir verdere studie. Refleksie is dus nooit slegs ’n bespreking van ’n gekarteerde navorsingsproses nie, maar bied altyd nuwe karteringsmoontlikhede. Die rede is dat aspekte van die gekose tema van die studie wat aanvanklik verborge was, deur die lig van die rigtingwysers blootgelê is.

Die navorsingsprobleem is geformuleer na aanleiding van my gesprekke met adollesente dogters wat op een of ander stadium van hulle lewe seksueel gemolesteer is. Ek het gevind dat my gespreksgenote een ervaring gedeel het en dit is dat hulle glo dat God, as liefdevolle, almagtige en genadige Vader, die misbruik moes gekeer het. Die rede waarom my gespreksgenote slegs dogters is, is omdat nog geen seun aan my gemeld het dat hulle gemolesteer is nie. Ek kon dus meer oor die onderwerp in die literatuur navors, maar nie in die praktyk van deelnemende aksie nie.

Kartografie het as metafoer gedien waarvolgens die verloop van die navorsingsproses aangetoon is. Die keuse van hierdie metafoer word geassosieer met die mens se vermoë om verskynsels waar te neem en vrae daarvoor te vra ten einde ’n beeld te skep van sy/haar omliggende ruimte.

7.2 METAFOOR

In hoofstuk 1 is aangetoon dat die navorsingsproses wat in hierdie studie aan die orde gestel word, goeie weerklank vind in die metafoer van kartering en herkartering van ou en nuwe grondgebied. Die doel van die karteringsproses was om ’n dinamiese verhoudingsomgewing en netwerk van interaksie te skep waar taal, simbole en metafore die betekenis en diskoerse van die lewe vorm (Louw 2008:104). Ek kon kartografie in metaforiese sin nuttig gebruik om ’n hanteerbare miniatuurbeeld te skep

van hoe die menslike ruimte, insluitende dié van tiener-dogters wat seksueel misbruik is, met waardes, persepsies en assosiasies gevul word. In hierdie sin het kartografie gedien om die staat van 'n fenomeen soos wat dit figureer binne die ruimte van 'n sosiale konteks te karteer. Hierdie areas het uiteindelik as ruimte gedien waarbinne narratiewe pastorale versorging gedoen kon word. Vir die navorser het kartografie dus as 'n nuttige instrument gedien om haar hermeneutiese uitsig te verbreed.

Die roetepeiling vir die kartering van hierdie studie het geskied as 'n ope peiling en bied navorsingsmoontlikhede wat die navorser na onvoorsiene areas van ontdekking binne die lewe van die gespreksgenote lei. Daar word dus geensins gesuggereer dat hierdie studie klinkklare antwoorde bied op sekere kwessies nie, maar dat dit 'n aanloop bied tot verdere ondersoek. Volgens Freedman en Combs (1996:284) is refleksie die geheim van postmoderne etiek. Gegewe my eie betrokkenheid by die deelnemende aksie wat tydens die kwalitatiewe navorsingsproses gevolg is, impliseer die refleksiewe terugblik in hierdie hoofstuk ook my eie aandeel in die proses. Ek het daarom gedurende my navorsing probeer om die betroubaarheid van die navorsing te staaf in dit wat gevind is en nie hoe bevindings behoort te wees nie.

Volgens Denzon en Lincoln (1998:3) bestudeer kwalitatiewe navorsers "... things in their natural settings, attempting to make sense of, or interpret, phenomena in terms of the meanings people bring to them". My karteringstog was in hierdie opsig een groot ontdekkingsreis. Soms het die reis my moedeloos gemaak en my soms verlig en vol welbehag gelaat. Ek moes geestelik, fisies en emosioneel so fiks as moontlik wees ten einde met die slagoffers op reis te gaan, maar ek was nie altyd nie. Ek het dikwels dieselfde vrae as die gespreksgenote aan en oor God gevra. Dit is moeilike vrae wat nie klink-klaar beantwoord en lukraak nagevors kan word nie. Ten einde die navorsingsproses te orden, asook in resonansie met die metafoer van kartografie, word vervolgens gereflekteer op die verskillende rigtingwysers waarvolgens die karteringsreis onderneem is.

7.3 ORIËTERING

Die menslike vermoë om ruimte rondom hom/haar waar te neem, skep die beeld van die ruimte waarin hy/sy hom/haar bevind. Hierdie omgewingspersepsie verander egter

voortdurend namate die mens van plek tot plek beweeg en oefen in 'n groot mate 'n bepalende invloed op besluitnemingsprosesse uit (Odendaal 1981:1). Dieselfde waarnemings stel die mens verder in staat om die beperkinge wat deur die omgewing aan menslike ontginning gestel word, te bepaal. Hierdie beperkinge in die vorm van horison en sigafstand, dien om die mens se waarnemingsvermoë in te perk. Die oplossing tot hierdie probleem het vir my daarin gelê om 'n kaart van die omgewing te teken. Die eienskappe van die ruimtelike omgewing is op hierdie kaart verklein tot 'n beeld wat vir die oog waarneembaar is deur gebruik te maak van verskillende rigtingwysers. Die keuse van hierdie rigtingwysers is geïnformeer deur die ABDCE-navorsings benadering van Müller, Van Deventer en Human (2001:1-13). Ruimte word hiermee geskep waarbinne kwalitatiewe navorsing gedoen kan word en waar die navorsingsreis volgens die rigtingwysers in 'n ononderbroke sirkulêre proses verloop.

'n Tematiese kaart ontstaan wanneer slegs een verskynsel op die bepaalde kaart met verskillende landmerke as gidse aangedui word. Die verklaring van elke letter in die akroniem is gekarteer in die vorm van tematiese kaarte deurdat elkeen lig werp op slegs een verskynsel. Die bepaalde rigtingwyser bied egter ook alreeds 'n ligstreep waarbinne die volgende stap in die karteringsreis onderneem kan word. Die idee van *phronēsis* (Müller 1996:4) bied hier 'n inklusiewe denkraamwerk om verskillende teorieë te operasionaliseer. *Phronēsis* bring verder mee dat abstrakte beginsels nie op konkrete situasies toegepas word nie (Browning 1991:39).

7.3.1 RIGTINGWYSER 1: AKSIE (A)

Hierdie rigtingwyser dien as gids vir die *Aksie* wat geneem word ten opsigte van wat *nou* besig is om te in die navorsingsproses te gebeur. Die kartering van hoofstukke 1 en 2 het gin die lig van rigtingwyser 1 geskied. Hoofstuk 1, as die raam om die kaart, dien as 'n proloog tot die navorsingsverhaal en vertel die storie van kartografie, as toegangs-medium tot die onbekende, in 'n neutedop.

Kartering het plaasgevind ten opsigte van my pastorale werk met drie tienerdogters wat as my gespreksgeenote asook medenavorsers gedien het. Die gespreksgeenote se ouderdomme wissel van 14 en 18 jaar, wat verskillende stadia van die adolessente ontwikkelingsfases verteenwoordig. Elkeen se verhaal reflekteer verder 'n ander aspek

van die geleefde ervaring van misbruik deurdat elkeen haar binne 'n ander sosio-kulturele omgewing en konteks van interpersoonlike verhoudings bevind. Hoewel elkeen ervaar het dat God nie die gebeure gekeer het nie, verskil hulle Godsbeeld.

Hoofstuk 2 bied die teks vir die navorsing deurdat eksplorende vrae rondom die rasionaal, doel, paradigma, epistemologie, metodologie en navorsingsverwagtings gevra is. Geloofs-patologie by die gespreksgenote is aangedui as 'n verwringing van hulle Godsverstaan wat 'n blokkasie in die proses van 'n toekomsoriëntasie sowel as – antisipasie meebring. Dit dien dan as die rasionaal vir hierdie navorsing. Die probleemstelling vir die studie word gevind in die vrae van die gespreksgenote ten opsigte van die rol wat die teenwoordigheid van God gespeel het in die gebeure. Verder is gevind dat daar 'n gebrek in die navorsingsliteratuur ten opsigte van die impak van misbruik op die Christelike spiritualiteit van slagoffers bestaan. Die doelwit van die studie is om die moontlike positiewe lewensimpak wat die pastoraat vanuit 'n perspektief van Christelike hoop vir die dogter wat misbruik is inhou, na te vors. Die verwagting is dat identiteit in Christus, wat berus op 'n teologie van hoop, 'n deurslaggewende rol speel in 'n dogter wat misbruik is, se positiewe onthou van die toekoms vanuit 'n negatiewe verlede. Sodoende ontwikkel hulle 'n volwassenheid vanuit uitgebreide perspektiewe en nuwe ervarings.

As deel van die navorsingsmetodologie word gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing volgens die paradigma van postmoderniteit soos begrond in die narratiewe pastoraat. Daar is gepoog om die hermeneutiese aksent van die navorsing wat tot die kern van kwalitatiewe navorsing lê, voortdurend in die oog van die navorsingskompas te hou. In ooreenstemming met Berger en Luckmann (1966:13), Gergen (1991:119) en Shotter (1993:79) se bevinding dat die realiteit sosiaal gekonstrueer is, is gepoog om die wêreld van geleefde ervaring saam met diegene wat dit leef waar te neem. Aan die hand van die beginsels van deelnemende-aksie- navorsing het die stemme van drie tienerdogters wat misbruik is self 'n stem in die navorsing wat hulle raak, gekry. Die rede is dat "... the best people to research a given topic are those who have the most experience of it" (Swinton & Mowat 2006:225). Dit sluit aan by die standpunt van narratief-gebaseerde navorsing dat die basiese struktuur van kennis narratief van aard is. In samehang hiermee is konseptualisering belangrik vir die formulering van sekere

terme wat die inhoudelike subjek van 'n gegewe wetenskaplike dissipline uitmaak, wat verhelder word in die lig van die volgende rigtingwyser.

7.3.2 RIGTINGWYSER 2: *BASIESE AANLOOP (B)*

Die basiese aanloop verwys na die verlede sowel as die hede van die landskap van hierdie navorsing (Müller 2001:3). Hoofstuk 3 word gebaseer op hierdie rigtingwyser tesame met die grondslag wat deur rigtingwyser 1 gelê is. Daar is aangedui dat konseptualisering belangrik is vir die proses betrokke by die tweede fase as basiese aanloop tot hierdie studie. Die rede is dat elke area van 'n landskap sekere inligting oor die weë van die verlede, asook die paaie wat tans onder konstruksie is, bevat. Die hoofdoel van konseptualisering as die samehang van woord en sin is aangedui as kommunikasie, wat dus die gebruik van taal insluit. Wanneer taal aan bod kom, word eksistensiële temas in die sentrum van die ondersoek geplaas omdat die hermeneutiese prosesse van menslike interpretasie op die voorgrond geroep word. Die volgende konsepte is aan die orde gestel: vroulike adolessensie, seksuele misbruik as fenomeen en die implikasies van molestering vir die lewe van 'n slagoffer. Die doel was om aan te toon hoe hierdie implikasies kulmineer in die Christelik-spirituele identiteit van 'n slagoffer.

'n Konsep is betekenisvol omdat dit geanaliseer en geïnterpreteer word ten einde hermeneuties tot 'n dieper verstaan te kom. In hierdie opsig dien die konsepte as belangrike skakel met die teks van die praktiese teologie, teologiese antropologie, die pastoraat en 'n eie narratief-pastorale benadering.

7.3.3 RIGTINGWYSER 3: *DINAMIEK (D)*

Die ontwikkelingsdinamiek van die navorsingsverhaal word vergelyk met die ontwikkeling van 'n foto van die navorsingslandskap. Die navorser is nie net nuuskierig nie, maar wag ook geduldig tydens die ontwikkelingsproses terwyl sy aspekte van die landskap vanuit verskillende hoeke interpreteer. Weens die narratief-pastorale hoek waaruit hierdie navorsing benader word, is teologiese teorie en prakties-teologiese interpretasie van belang. Daarom is die vier sleuteltake van prakties-teologiese

interpretasie aangetoon. Die interverweefdheid van hierdie take is aangedui as rede waarom hulle in 'n hermeneutiese sirkel funksioneer.

Die soeklik van hoofstuk 4 word gerig deur rigtingwysers 1, 2 en 3 en fokus op die teologie, praktiese teologie, teologiese antropologie sowel as 'n teologie van misbruik. Die totaliteit van adollesente menswees in die postmoderne era dien as grondslag vir 'n teologiese antropologie. Die teodisee-vraagstuk wat vanuit hierdie antropologie voortvloei het aan bod gekom. Die verband tussen geloof en die ervaring van misbruik, en die rol wat Christelike hoop hierin speel, is aan die orde gestel omdat dit van groot belang is vir die pastoraat sowel as vir hierdie studie.


7.3.4 RIGTINGWYSER 4: CLOU (C)

Omdat hierdie studie in Afrikaans aangebied word, is die akroniem waarvan die samestellende letters Engelse name verteenwoordig, in Afrikaans vertaal. Die naam "Clou" beskryf die Engelse "Climax" baie goed en word volgens die HAT (1994:122) gedefinieer as "vernaamste hoogtepunt". Hierdie fase behels volgens Müller, Van Deventer en Human (2001:5): "You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters". Die eerste fase van rigtingwyser 4 word in hoofstuk 5 geïmplimenteer tesame met die vorige drie gidse. Hierdie fase dui op die byeentrek van ontdekkings en interpretasies wat tot dusver in die kartering van die navorsingsproses teëgekome is. Die aspekte van geleefde ervaring, die ontdekkende omgang met die werklikheid wat die realiteit van geleefde religie insluit, is in die proses raakgeloop en gekarteer. Tydens 'n verkenning van die narratiewe pastoraat is lig gewerp op die inhoudelike agtergrond van die narratiewe pastorale benadering, die narratiewe uitgangspunt en die hermeneutiese pastoraat en die kontekstuele basis vir die narratiewe pastorale benadering van hierdie studie. Die kartering van die pastoraat *en route*, sluit die pastoraat vanuit 'n perspektief van hoop in.

Die tweede fase van rigtingwyser 4 word onderneem in hoofstuk 6 as 'n reisjoernaal van narratiewe pastorale betrokkenheid. Die soeklik is hier op die narratiewe pastorale terapeut as reisgenoot gewerp. Die verhale van slagoffers word aan die orde gestel volgens die vyf bewegings van Müller (2001:1-13).

7.3.5 RIGTINGWYSER 5: *EINDE (E)*

In hoofstuk 1 is aangedui dat kartografie die geleentheid skep om tot kennis te kom deurdat vele vrae gevra word tydens 'n ontdekkingsreis na 'n bestemming in 'n vreemde en komplekse omgewing. Rigtingwyser 5 word as volg beskryf: "And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?" Hierdie rigtingwyser werp 'n reflekerende lig op die totale studie, en word in hoofstuk 7 saamgevat. Aangesien 'n kaart as bewaarplek vir en bron van inligting sowel as grafiese hulpmiddel vir die uitbeelding van sekere verskynsels dien, word die verloop van die navorsing in die vorm van 'n mikrokaart aangedui. Hoe die ligstraal van elke rigtingwyser die volgende gids verhelder, word hierin vervat.



Elke rigtingwyser word in 'n definitiewe afgebakende terrein aangetoon, omdat dit die riglyne vir hierdie studie bied, maar binne elke terrein word gebruik gemaak word van

verskillende roetes soos bepaal deur 'n prismatiese kompas. Soos aangedui in hoofstuk 3 is 'n prismatiese kompas 'n korrelmeganisme wat toegerus is met 'n gegleufde prisma sodat die navorser die gradelesing op die magnetiese skyf kan lees sonder om haar oog van die peilingsvoorwerp weg te neem (Odendaal 1981:20). Hierdie peilingsvoorwerp dien om die studie op koers te hou, maar kan verander word wanneer 'n aanpassing nodig is. Die lyne wat die rigting van, sowel as die terrein wat in die lig van die betrokke gids ondersoek word, aantoon, word as stippellyne aangetoon omdat die hoofstukke nie losstaande funksioneer nie. Die oorvleueling van elke rigtingwyser met die volgende een bring mee dat al vier die gidse soos die skakels van 'n ketting aaneen gekoppel is en speel dus ook 'n rol in die aanbring van stippellyngrense tussen die verskillende studieterreine. Die doel van die bestudering van die verskillende areas is om uiteindelik die lig van elke gids te laat saamval in rigtingwyser 5 waar gereflekteer word op die hele navorsingsproses. Die kartering van die verloop van die studie geskied getrou aan die hermeneutiese aard van interpretasie waar gepoog word om die tekste van die verskillende ontmoetings te lees. Kwalitatiewe navorsing is 'n komplekse proses wat sekere etiese oorwegings vereis en word vervolgens aan die orde gestel.

7.4 ETIESE OORWEGINGS

Vanuit die epistemologie van sosiale konstruksionisme en die narratief word die gespreksgenote se lewens beskou as bestaande uit 'n veelheid van narratiewe. Elke keer wanneer 'n verhaal vertel word, word nuwe interpretasie- en aksiemoontlikhede geskep. Vanuit 'n epistemologiese oogpunt word 'n narratiewe bewussyn oor die wêreld gesien as 'n geldige, nougesette en legitieme bron van kennis op maniere wat meebring dat dit van openbare belang is (Swinton & Mowat 2006:38). Dit is daarom die primêre taak van die kwalitatiewe navorser om die verhale van haar gespreksgenote so akkuraat moontlik op te teken. Ek het ons gesprekke daarom neergepen soos wat dit plaasgevind het, omdat die gespreksgenote ongemaklik gevoel het daarmee dat hulle woorde op band opgeneem word. Die genotuleerde gesprekke is geliasseer indien weer daarna verwys moet word. Die notules is van tyd tot tyd met hulle deurgegaan en hulle toestemming is verkry oor watter dele daarvan gebruik kon word. Elkeen kon verder die pseudoniem waaronder haar verhaal aan die orde gestel is, self kies. Verder

is hulle verhale gelegitimeer deurdat hulle verhale as geldig aanvaar word omdat dit aan geen maatstaf gemeet is nie.

In kwalitatiewe navorsing is die navorser die “instrument of choice” (Swinton & Mowat 2006:58). Ek het daarom gepoog om deurgaans bewus te wees van my eie gesindheid ten opsigte van die navorsingsproses, om sodoende binne die gekose paradigmatische en epistemologiese konteks te bly. Refleksiwiteit is moontlik dié belangrikste dimensie van die kwalitatiewe navorsingsproses. Swinton en Mowat (2006:59) stel dit vervolgens dat: “Reflexivity is the process of critical self-reflection carried out by the researcher throughout the research process that enables her to monitor and respond to her contribution to the proceedings”. Die ingesteldheid van die navorser tydens gesprekke is van uiterste belang. Respek vir die deelnemers binne ’n narratiewe benadering bring daarom mee dat na hulle verwys word as medenavorsers of gespreksgenote. Bird (2000:xii) verwys na respek as: “It is within this environment of living respect that we can direct our hearts and minds towards an engagement with the complexities of people’s lived experience”. In narratiewe navorsing word subjektiewe integriteit hoog aangeslaan, daarom is gestreef na deelnemende interaksie waar ek en die medenavorsers ko-konstrueerders van voorkeurverhale was. Deurdat ek my eie narratief met hulle gedeel het, het my gespreksgenote besef dat ek ’n “wounded healer” is (Nouwen 2006:3). Die feit dat ek ook ’n verhaal van lyding het, beteken egter nie dat ek gebruik maak van “ekspert” hipoteses of teorieë nie.

Ten einde die proses van outobiografisering ten volle te benut het ek gepoog om, getrou aan die narratiewe benadering, ’n nie-wetende posisie in te neem. Deur middel van eksternalisering is die mag van die dominante verhaal in die samestelling van my gespreksgenote se lewens aangetoon. Dit het daartoe bygedra dat ’n waaksame posisie ten opsigte van magsdiskoerse, soos byvoorbeeld remediëring wat inpas by ’n modernistiese paradigma, ingeneem is. Daar is aanvaar dat die potensiaal vir heelwording in die gespreksgenote self geleë is. Dit was belangrik om deursigtig te wees ten opsigte van my konteks, waardes en bedoelings sodat my gespreksgenote die impak van my vooroordele kon evalueer. Ek moes voortdurend bewus bly van die menslike feilbaarheid en die kompleksiteit van die kragte wat my en my medenavorsers se betrokkenheid by die wêreld vorm en struktureer. Dit pas in by die metafoor van kartografie omdat ’n persoonlike element by alle kartografiese prosesse betrokke is.

Dit is ook belangrik dat, hoewel veralgemening nie die spesifieke doel van kwalitatiewe navorsing is nie, bevindings wel implikasies buite die onmiddellike omgewing van die navorsingskonteks het. Ek het tydens die karteringsproses vanuit die literatuur sekere parallele gevind tussen die impak van misbruik op vroulike en manlike adolessente slagoffers van misbruik. Daar word egter nie aanspraak gemaak op statisties verteenwoordigende data nie. Waar wel van empiriese data gebruik gemaak is, word dit ook nie as algemeen-geldend vir die konteks van die studie beskou nie, maar slegs om 'n tendens aan te toon. Sodoende word teoretiese perspektiewe gebruik as teoretiese potensiaal om buite die eienskappe van 'n bepaalde situasie te beweeg. Literêre bronne het in samehang met die genotuleerde gesprekke as instrument ter beskrywing, verheldering en analisering gedien. Slegs in gevalle waar die oorspronklike bron nie gevind kon word nie, is gebruik gemaak van sekondêre verwysings en is dit as sodanig aangedui. Ek het verder gebruik gemaak van die aksie van 'practical wisdom' van Browning (1991:2-4). Hiervolgens is erkenning gegee aan die feit dat praktyk teorie vorm en dat teorie ook praktyk vorm deurdat "... practices are what we become as we are set in motion in the space of doctrine" (Percy 2009:191).

7.5 NARRATIEF-PASTORALE VERANTWOORDING

Spirituele heelheid word binne die narratief-pastorale benadering tot terapie as bystandshulp aan my gespreksgenote waar dit oor meer gaan as die blote aanleer van tegnieke gefasiliteer. 'n Verrekening van die Christelike tradisies, deur gebruik te maak van die Woord en die Gees as derde faktor in die pastorale gesprek, is daarom belangrik. Die objek van teorievorming is egter nie God nie, maar die mens se reaksie op God. God word dus nie gebruik as verklaringsfaktor vir onverklaarbare lewensraaisels nie.

Belangrike vrae wat by al drie die gespreksgenote opgeduik het, was: Hoekom ek? Hoekom het God dit toegelaat? Die gespreksgenote se verwysingsraamwerke bied dus die kernnarratiewe ter motivering van hierdie studie. Dit was daarom belangrik om die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens te interpreteer en sinvol aan my gespreksgenote oor te dra. Ek het veral gebruik gemaak van Ps 139, die verhaal van die kruisiging, maar veral die opstanding as oorwinning oor die dood, in die Evangelies. Snodgrass (2011:19) stel dit dat: "The gospel seeks to make us human, not merely

human, but fully human, the human God called us to be as defined by Christ". Genoemde skrifgedeeltes het 'n deurslaggewende doel gedien om aan my gespreks-genote te verduidelik watter rol God eintlik in hulle lewe speel in die verlede, hede en die toekoms. Wanneer die Skrif gebruik word, word 'n getroue hermeneutiek gevolg deur versigtige eksegeese van die teks en die toepassing daarvan in die werklike lewe.

Voortvloeiend hieruit is aan my gespreks-genote verduidelik wie hulle is as gevolg van God se betrokkenheid by die mens na aanleiding van die teologiese antropologie wat in hierdie studie aan die orde gestel is. Dit is noodsaaklik, aangesien ek getrou moes bly aan die hoofsaak van die teologie, naamlik "... to make divine revelation (the Bible and especially Jesus Christ) relevant and coherent to any particular age and society" (Borgman 1997:vii). Getrou aan die paradigma van postmoderniteit, is my gespreks-genote nie as objekte in 'n empiriese ondersoek in die lig van 'n oorsaak-gevolg-skema verklaar nie. Daar is dus nie gepoog om hulle dogmaties te verstaan nie. Ek het wel die opsommende lys van die selfpersepsies van slagoffers wat in die literatuur gevind is, aan hulle getoets vanuit 'n dekonstruktiewe narratief-hermeneutiese paradigma. Landskap-van-aksie en landskap-van-bewustheid vrae het gedien om patologiese of normatiewe denke te vermy. Verder is 'n sensitiwiteit vir konteks getoon deurdat die geleefde ervarings van adolessente in 'n postmoderne era aan die orde gestel is. Dit is nodig omdat die wêreld die Evangelie in sekere situasies ontvang.

Ek het na ons gesprekke deur die notules gegaan ten einde ontdekkend om te gaan met die elemente van hulle verhale. Dit het veral goed te pas gekom in die oorweging van 'n gepaste wyse om hulle verhale grafies voor te stel. Grafiese voorstellings was 'n nuttige instrument ter dokumentering van die probleemverhaal en die gevoelens en gedagtes wat deur die verhaal gebruik word. Dit het ook handig te pas gekom in die eksternaliseringsproses waardeur die identifisering en bewuswording van die strategieë wat die probleemverhale gebruik om sterk te bly aangedui kon word. Die genogram was nuttig om temas in die geskiedenis van Zoe se familie aan te toon sodat sy kon verstaan waarom juis sý deur haar oupa misbruik is. Jeanine het baie moeilik gepraat oor die gebeure, daarom het 'n lewenslyn die geleentheid gebied om die "oppe en affe" van haar verhaal aan te dui. Dit is baie belangrik dat sy veilig moet voel, daarom het ons gekommunikeer deurdat ek verbaal met haar gesels het en sy my skriftelik geantwoord het. Sodoende was die weergee van die gebeure vir haar minder

traumaties. Nadat die studie afgehandel was, het 'n dogter by een van die laserskole waar ek werksaam is en ook gemolesteer is, vir Jeanine 'n briefie geskryf. Hierin het sy van haar ervarings vertel en Jeanine sterkte toegewens. Dit het vir beide baie beteken, aangesien Jeanine daarop geantwoord het. Karla bly in 'n jeugsorgsentrum, daarom was die ekokaart belangrik om aan te toon wat die rol van die verskillende instellings en mense betrokke by haar verhaal, daarin speel.

Die uitdaging aan die narratiewe pastor is om saam met 'n gespreksgenoot drome te droom en 'n hoopvolle toekoms-verhaal te verbeeld (Müller 1998:177). Die pastor is dus 'n draer van 'n hoopvolle toekomsverhaal wat op 'n unieke wyse God se betrokkenheid in 'n unieke lewens-verhaal verbeeld (Capps 1995:75). Tydens die navorsingsgesprekke is baie tyd en aandag aan moontlike storie-ontwikkeling en die ontdekking van alternatiewe verhale bestee. Adolessente se Christelike spiritualiteit word gesentreer in 'n verhouding met Jesus as Redder, Heer en Vriend waar die mens reageer op God, maar die interaksie op God se inisiatief geskied. Die doel was om hoop te skep vanuit 'n Christelik-spirituele identiteit. Die adolessente ontwikkelings-fases as formuleerders van identiteit, sowel as die sosiaal-gekonstrueerde omgewing van misbruik, bied 'n belangrike konteks waarheen Christelike hoop kan uitkring. Daar word sorgvuldig tred gehou van groter temas wat nuwe stories kan informeer. Ryk beskrywings van hoop bied die geleentheid om alternatiewe verhale in verband te bring met die verhale van ander mense en met dié van God.

7.6 PAPWIELE OP DIE KARTERINGSROETE

Ek het die literêre navorsing en gesprekvoering gelyktydig gedoen. Dit het sekere praktiese probleme meegebring. Outobiografisering kom in hierdie studie aan bod as strategie om die verhaal van my gespreksgenote te dokumenteer soos wat dit aan my vertel word. 'n Belangrike oorweging in die keuses van 'n navorsingsgenoot was dat sy alreeds vir ten minste een jaar by dieselfde adres woonagtig moes wees, maar dit het nie verhoed dat van my gespreksgenote verhuis het nie. Weens die impak van faktore in hulle sosiale en ekonomiese omgewing, was daar slegs kontinuïteit ten opsigte van twee van my gespreksgenote se verhale. Ek moes egter twee keer van voor af by 'n derde vennoot betrokke raak omdat die vorige een onbeplan verhuis het.

Aangesien my gespreksgenote gekies het watter dele van hulle verhale ek kon gebruik, was dit moeilik om 'n kontinue weergawe van ons gesprekke aan te bied. Dit kan ook 'n leemte skep deurdat die leser graag meer informasie sou wou hê om 'n groter rykheid aan die verhale te heg sowel as om sy/haar verstaan daarvan te verdiep.

7.7 MOONTLIKE STORIES VAN HOOP

Die belang van hoop in 'n seksuele etiek en estetiek word in ag geneem. Dit gaan hier oor die moontlike stories van hoop wat deur die gespreksgenote vertel en beleef is. Hulle moet in hulle verhale weer iets begin beleef van 'n gesamentlike toekomsverhaal wat tot stand kom binne God se verhaal van hoop. Die hoopvolle ontmoeting word die steengroef waaruit lydende mense materiaal vind om 'n nuwe lewe te vind (Botha 2004:21). Hoop word 'n teenmiddel teen wanhoop deurdat dit nuwe perspektiewe en moontlikhede bied wanneer dit lyk asof alles verlore is. Hierdie hoop groei uit die terapeutiese situasie en moet saam met die gespreksgenote geskep word. Dit is egter 'n lang proses wat geduldige wag en doen vereis, maar geskied in die wete dat 'n lewende God 'n toekoms moontlik maak. Wanneer ervaring ter sprake kom, gaan dit oor die ontdekkende religieuse en spirituele omgang met die werklikheid oor verskillende domeine van die daaglikse-geleefde ervaring heen (Williams 2010:257). Geloof en hoop word aanmekaar gekoppel volgens Heb 11:1: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie". Die impak van pastorale terapie as promissiotherapie op die funksionering van geloof is hoop, waar peil getrek word op die vervulde beloftes van God (Louw 1999a:426).

Ek het na 'n onderbreking van 'n kwartaal weer met my medenavorsers in gesprek getreë ten einde vas te stel waar hulle hulleself sien in die helingsproses.

7.7.1 ZOE

Zoe is oor 'n tydperk van drie jaar deur haar oupa gemolesteer. Nadat sy die gebeure openbaar gemaak het, is haar grootouers geskei. Zoe het by hulle grootgeword tot op daardie stadium omdat haar ma in die skool was toe sy swanger geraak het. Sy moes toe by haar ma en stiefpa gaan bly. Haar stiefpa is baie streng en besitlik ten opsigte

van almal in die gesin. 'n Genogram het magsdiskoerse van manlike dominansie wat gepaardgaan met geweld in die verskillende geslagte aangetoon. Die probleem van molestering, Zoe en haar ma se vrees vir haar stiefpa en haar onwilligheid om terug te gaan is as bedreigende leeus geëksternaliseer. Zoe het die leeus hok geslaan deurdat sy aan haarself erkenning gegee het vir die moed wat sy aan die dag gelê het om die gebeure van die misbruik tydens haar oupa se verhoor duidelik uit te spel. Sy het haarself ook as plannemaker geïdentifiseer omdat sy, waar moontlik, by maats gaan kuier het as sy geweet het sy gaan alleen saam met haar oupa by die huis wees. Sy was nog nie besig om daaraan te werk dat die boodskap dat Jesus se kruisdood en opstanding vir die mensdom 'n ewige toekoms bied, te glo. Fragmente van ons opvolg gesprek word vervolgens aan die orde gestel:

Terapeut: *Dit is goed om jou weer te sien. Jy het so lank geword! Hoe gaan dit?*

Zoe: *Dit gaan OK.*

Terapeut: *Wat beteken OK?*

Zoe: *Dit gaan party dae goed en ander dae sleg. Die sleg is omdat ek volgende jaar na my ou skool toe moet skuif. Die eintlike rede is dat ek bang is vir my stiefpa.*

Terapeut: *Het hy probeer om iets aan jou te doen wat jou ongemaklik laat voel?*

Zoe: *Nee, hy het nie, maar ek is na alles wat gebeur het ongemaklik wanneer ek alleen by ouer mans is.*

Terapeut: *Dit klink my hierdie leeu is nog nie heeltemal toegekamp nie?*

Zoe: *Hy is so halfpad. Ek het so half-en-half begin vrede maak daarmee dat ek moet skuif en ek het gedink dat ek mos 'n goeie plannemaker is.*

Terapeut: *Wat sou die plannemaker doen daaromtrent?*

Zoe: *Ek het gedink ek moet gehoorsaam en behulpsaam wees en so ver as moontlik uit sy pad uit bly.*

Terapeut: *Dit sal nie altyd moontlik wees nie. Wat het jou laat besluit om te begin vrede maak daarmee dat jy moet skuif?*

Zoe: *Tannie, ek kan nie sê dat ek al my hele lewe vir die Here gegee het nie, maar ek doen Bybelstudie saam met die Jeugaksie groep en*

hou gereeld stiltetyd. Dit is 'n blye boodskap wat ek daaruit ontvang. Wat my die meeste help, is dat ek weet Jesus het vir my ook 'n plek gaan voorberei en dit het my uitkyk op die lewe al baie verander. Dit is wat my die moed gee om aan te gaan.

Terapeut: *Dit klink vir my jy voel meer positief oor jou toekoms, al is die leeus nog nie heeltemal hok geslaan nie. Watter naam sou jy nou aan God wou gee?*

Zoe: *Ek dink, Redder en Vriend. Al is ek onseker oor volgende jaar, dink ek dit is Hy wat my die moed daarvoor gee. Dit laat my baie veiliger voel.*

7.7.2 KARLA

Karla se pa het hulle verlaat toe sy nog 'n klein dogtertjie was. Haar ma het nie matriek nie en het gesukkel om werk te kry. Sy was in verskillende verhoudings betrokke waartydens die gesin aan geweld blootgestel is. Sy was egter finansiële afhanklik van haar metgeselle en het dit daarom verduur. Karla is deur sommige van die mans gemolesteer, maar haar ma het dit nie gekeer nie. Die onderwyseres by die kleuterskool waarin Karla was, het sekere afleidings gemaak wat uit die aard van Karla se spel voortgespruit het en het maatskaplike dienste gekontak. Na 'n ondersoek is sy uit die huis verwyder en bly steeds in die jeugsorgsentrum. Sy het op 'n ongereelde basis kontak met haar ma, maar het nie 'n goeie verhouding met haar nie. Ek het 'n ekokaart gebruik om haar verhoudings met die mense en die instansies in haar lewe aan te toon. Sy het stukkie kougom op die mense of instansies neergesit wat 'n negatiewe invloed op haar lewe gehad het. Hierdie kougompies is met verloop van tyd 'n barometer vir die aard van die verhoudings. Karla se Godsbeeld na aanleiding van haar verhaal dui op God as bron en skepper, as regter en as 'n onregverdige God omdat Hy nie die gebeure gekeer het nie. Hy is 'n regter, omdat sy glo dat Hy nie vir haar omgee nie, omdat sy "gebruikte goedere" is. Hoewel Karla gereeld in intieme verhoudings betrokke is, was dit vir Karla 'n groot bron van verwerping en verraad toe sy gehoor het dat haar vriend vir iemand anders sê dat sy 'maklik' is. Sy het gevoel dat hierdie verhouding anders as die ander was. Nadat ek weer na 'n kwartaal met haar gesels het, het 'n deel van ons gesprek as volg verloop:

- Terapeut: *Hoe gaan dit met jou? Ek het jou lank laas gesien!*
- Karla: *Dit gaan goed. Ek het opgehou rook, slaap nie meer rond nie en ek leer nou hard vir die eksamen. Ek het besluit dat ek iets van my lewe wil maak. Ek beseft nou dat ek dit vir myself wil doen omdat ek nie meer so sleg oor myself voel nie.*
- Terapeut: *Sjoe, dit is 'n groot sprong vorentoe! Watter sirkels op jou eko-kaart het nog kougompies op?*
- Karla: *Ek het party van die kougompies afgehaal. Die skool is nie meer so sleg vandat ek my huiswerk doen nie. Vandat ek my beter gedra by die sentrum gaan dit daar ook beter. Ek sit nog partydae 'n kougompie op my sirkel, want ek weet ek is nie sonder sonde nie, maar as ek dit nou doen, weet ek hoekom. Dan probeer ek om nie weer dieselfde fout te maak nie.*
- Terapeut: *Waar sit jy nou God se sirkel?*
- Karla: *Ek sit hom oor myne. Ek weet ek kan nie sonder Hom lewe nie.*

7.7.3 JEANINE

Jeanine het deurgaans baie gesukkel om verbaal met my te kommunikeer. Ons het hoofsaaklik gekommunikeer deurdat ek gepraat en sy haar reaksies neergeskryf het. Sy het haar verhaal gedurende die hele terapeutiese proses in dagboekvorm neergeskryf. Sy het haarself moontlik as onsigbaar beskou deurdat haar ma haar nie wou glo toe sy van die gebeure vertel het nie. Sy was kwaad vir God omdat sy gevoel het Hy het haar verraa. Haar selfbeeld was baie swak, deurdat sy daarom niks goed van haarself verwag het nie. Sy het 'n skets gemaak waarin haar gesin in die TV-kamer sit, en waar sy agter hulle rug aan 'n galg hang. Die tou het as eksternaliserende element in die dekonstruksie van haar verhaal gedien. Faktore wat die invloed van die tou op haar lewe beïnvloed het, is aangetoon as die misbruik, haar ma wat haar nie wou glo nie en haar persesie van God as verraaier.

'n Foto van haarself op die dag wat sy die eerste keer skool toe is, het gedien as metafoer vir hoop deurdat ons aangedui het dat haar lewe nie altyd net vol lyding was nie, en sy nie altyd so sleg was soos wat sy glo sy nou is nie. 'n Fondasie vir haar alternatiewe verhaal is gelê in klein kindertjies se aanvaarding van haar as persoon.

Jeanine het begin om met behulp van die “naaldekokker metode” meer tye in die hede deur te bring as in die verlede wat deurmekaar en verduister is. Sy het begin om haar verhaal oop te stel vir die verhaal van God deurdat sy besef het dat Hy ook vir haar aan die kruis gesterf het nog lank voor die misbruik plaasgevind het. Die belangrikste vir haar was dat Hy ook vir haar opgestaan het. Vervolgens word fragmente van ons opvolggesprek weergegee:

Terapeut: *Dit is lekker om jou weer te sien. Hoe gaan dit met jou?*

Jeanine: *Dit gaan op en af. Sommige dae voel ek nog baie neerslagtig, veral nadat ek en my ma vasgesit het. Dit gaan beter met my akademie, sodat die onderwysers nie meer so baie met my raas nie.*

Terapeut: *Wanneer voel jy so neerslagtig?*

Jeanine: *Ek kry dit nie altyd reg om positief oor myself te dink nie en ek is steeds bang om God heeltemal te vertrou.*

Terapeut: *Die tou van misbruik het verseker skaafplekke aan jou lewe gelaat. Dit sal met verloop van tyd minder seer raak, hoewel dit nie heeltemal sal verdwyn nie. Dalk moet ons hierdie tou op 'n ander manier inspan? Wat daarvan as ons hierdie tou verander in 'n reddingstou? As ons na mense of dinge in jou lewe dink, wat kan deel word van hierdie tou sodat dit 'n reddingstou kan word?*

Jeanine: *Ek sien uit na volgende jaar. My pa het aanvaar dat ek nie universiteit toe wil gaan nie en ons is besig om 'n plek te kry waar ek kan gaan “au pair”. Ek begin dit ook al meer bedoel as ek in die geloofsbelydenis tydens die erediens bely dat ek in God die Vader glo. Die grootste rede is dat ek verstaan dat niemand van ons lyding gespaar word nie. Dit het my baie gehelp dat ek besef het God het my nie verlaat nie, maar dat ek my hartseer en woede in sy teenwoordigheid uitspreek. As ek nou my prentjie moet teken, sit ek saam met my gesin in die TV-kamer omdat ek nie meer glo dat ek heeltemal so sleg is soos in my dagboek nie.*

Terapeut: *Hoe voel jy daarvoor om met jou dagboek aan te gaan, sodat jy dalk jou verhaal kan gebruik om ander slagoffers van misbruik moed in te praat?*

Jeanine: *Dit is 'n baie goeie idee. Ek voel regtig opgewonde daarvoor want dan kan ons almal deel word van 'n "survivor" groep wat mekaar kan ondersteun.*

Terapeut: *Wat sou jy hierdie groep noem?*

Jeanine: *Ek sou dit nogal die "skoelappergroep" noem omdat ek hulle sal leer om meer op die positiewe dinge as op die slegte omstandighede te konsentreer.*

Terapeut: *As jy nou vir God 'n naam kan gee, wat sal dit wees?*

Jeanine: *Ek dink dit kan Redder en Vriend wees, want dit sou tog nie nou soveel beter met my gegaan het as dit nie vir Hom was nie. Dit laat my baie beter oor myself voel, want as God in my lewe besig is, kan ek nie só sleg wees nie.*

7.7.4 ANNA

Ek het nie my stiefpa vermoor nie. Ek wou ... God het my voorgesprong, hy is aan natuurlike oorsake dood ... ék wou dit doen, ék wou sien hoe hy ly ... (ek het) nooit die moed gehad om hom dood te maak nie. Vandag dank ek God daarvoor. Want, ja, Hy is daar vir ons, Hy luister. As ons net met Hom wil praat, as ons maar net wil vra (Lötter 2004:195).

In die nawoord van haar boek *Dis ek, Anna* bied die skrywer onder die skuilnaam van Elbie Lötter, 'n nabetrugting oor haar verhaal. Sy verwoord die ambivalente gevoelens en gedagtes wat sy beleef het as oorwinnaar oor die gevolge van misbruik. Hoewel sy haar verhouding met God in bogenoemde woorde bevestig, bevestig sy terselfdertyd dat 'n slagoffer nooit die verlede vergeet nie. Sy slaap steeds met 'n lig iewers in die huis aan, en dit is steeds vir haar moeilik om gewoon vriendelik met ouer mense te wees. Sy neem egter die besluit om pro-aktief op te tree in haar gemeenskap en in haar gesin vanuit die foute wat haar ma gemaak het. Sy leer kinders om nee te sê, om hard te skree omdat hulle die laaste sê oor hulle liggame het. Sy sluit haar boek af met: "Sterkte! Ek dra almal van julle elke dag in my gebed op" (Lötter 2004:196).

7.7.5 NAVORSER

Hoewel ek reeds die pad na geloof gestap het, het die reis saam met my medenavorsers my opnuut bewus gemaak van die groeigeleentheid wat my eie en my gespreksgenote se lyding ons bied. Beide my ouers is oorlede in die tyd dat ek aan die proefskrif gewerk het. Ek was ten nouste betrokke by hulle versorging, wat my kans gegee het om die laaste treë na vergifnis te gee. Ek sou nie hierdie pad alleen kon loop nie. Vier faktore was belangrik vir hierdie proses: die leiding van die Heilige Gees, die Woord van God, Sy getrouheid en die wysheid van 'n vriendin.

Identiteit is nie selfgesentreerd nie, maar fokus op die verhouding van die individu met God, die bron van menslike identiteit. Uiteindelijke vrae wat identiteit omskryf: behels volgens Snodgrass (2011:19): “Wie is jy? Wat gebeur met en deur jou? Waar is jy? Waarheen is jy op pad? Wie gaan saam met jou? Wat doen jy vanweë wie jy is?” Baie van hierdie vrae is in die voorafgaande gesprekke beantwoord. Hierdie gesprekke kan egter vele stories vertel en elkeen bevat verskillende grade van die waarheid, aangesien die wyse waarvolgens mense sin van die wêreld en hulle ervaring maak, 'n kontinue hermeneutiese proses behels (Swinton & Mowat 2006:30). Die omstandighede van die gespreksgenote sowel as die navorser het nie verander nie, maar die wyse waarop elkeen na haarself kyk, het verander.

Vanuit bogenoemde fragmente van elkeen van ons se verhale is dit egter duidelik dat hoop, gebore uit 'n veranderde Godsbeeld en die toekomspektief wat daaruit voortvloei, soos die son oor die horison van ons lewens skyn. Hierdie son giet elke dag die lewegewende gloed van God se genade en ons geloof wat daarin gegrond is, oor ons uit. Hoewel skrikkerig, omdat dit vir hulle onbekende terrein is, is my gespreksgenote bereid om dit te waag om die bekendheid van hulle lyding agter te laat hiervoor. Sodoende word ons almal oorwinnaars in die opstandingshoop, deurdat God vanuit die toekoms werk (Müller 2011:131).

Tydens ons laaste sessies het ek saam met my medenavorsers teruggekyk oor die verloop van die navorsingsproses tot op datum:

Navorsers: *Is daar enigiets wat jy sou verander, of byvoeg as jy terugkyk oor die hele terapeutiese proses?*

Zoe: *Ek sou niks verander nie. Dit het baie beteken dat ek openlik oor die gebeure en my gevoelens daarvoor kon praat. Dit het veral baie beteken dat ek die beeld wat ek van myself gehad het kon verander omdat ek God nou anders verstaan.*

Karla: *Die ekokaart het baie gehelp om my omstandighede en die rol wat alles in my besluite gespeel het, te verstaan. Ek hou daarvan om die sirkels rond te skuif. Ek kan nadink oor gebeure en my motiewe vir die rondskuif van die sirkels. Ek kry soms nog af dae, maar as ek sien dat God se sirkel myne eintlik omring, dan weet ek dat ek minder oor myself moet dink en dankbaarder moet wees.*

Jeanine: *Ek is oor niks spyt nie. My dagboek beteken vir my baie. Wanneer ek soms terugkyk en sien hoe ver ek al gevorder het in my geloof en die beeld wat ek daarom van myself het, kan ek dit amper nie glo nie. Ek sien baie uit na volgende jaar!*

7.8 PERSOONLIKE ERVARING VAN DIE NAVORSINGSPROSES

Volgens Freedman en Combs (1996:284) is refleksie die geheim van postmoderne etiek. Gegewe my eie betrokkenheid by die deelnemende aksie wat tydens die kwalitatiewe navorsingsproses gevolg is, impliseer die refleksie in hierdie hoofstuk ook op my eie aandeel in die proses. Ek het dikwels gewonder oor die weg wat ek ingeslaan het tydens 'n gesprek met 'n medenavorser. Hoewel ek vanuit die nie-wetende posisie in die narratiewe benadering tot terapie werk, moet ek as terapeut beskik oor kennis van die terapeutiese proses. Verder was die navorsings sowel as die terapeutiese prosesse vir my 'n groeigeleentheid waardeur ek as mens baie verryk is. Weens die benutting van etlike bronne in die literatuur is die horisonne van my wêreld baie verder verskuif. 'n Verruimde insig in my onvolledige wete van God het juis 'n terugkeer na hierdie misterie meegebring, eerder as dat dit my bemoeienis met die misterie laat vervaag het.

Deurdadig verskillende perspektiewe nagevors en teen mekaar opgeweeg is, moes ek my eie denke en motiewe deeglik ondersoek om te kan bepaal waar ek my skaar. Ek is

ook as narratief-pastorale terapeut baie beter toegerus vir my taak. Hoewel hierdie studie fokus op adolessente dogters, is die praktiese teologie en die verskillende aspekte betrokke by die beoefening daarvan, op alle geslagte en ouderdomme van toepassing. Ek kan dit staaf deurdat ek in die laaste jaar van my navorsing ook by laerskole begin werk het en dikwels ook met die ouers van my gespreksgenote in terapeutiese konteks te doen gekry het.

Hoop kom in narratiewe terapie aan bod as alternatiewe verhaal. Die kartering van 'n narratief-pastorale benadering wat gesetel is in hoop terapie, promissio terapie ingesluit, het meegebring dat ek 'n baie beter begrip ontwikkel het van die betekenis van die kruisdood en opstanding van Jesus Christus. Die hoekom van lyding, hoe God betrokke is in ons lyding en die betekenis wat lyding vir ons daaglikse bestaan het, het 'n selfondersoek genoodsaak. Dit het meegebring dat ek vanuit my eie ervaring en vanuit my navorsingsparadigma eerlik en met oortuiging my verstaan van lyding met my medenavorsers kon bespreek. Hulle reaksie daarop het egter steeds hulle eie keuse gebly.

7.9 MOONTLIKE TOEKOMSTIGE ONDERSOEKE

Moontlike toekomstige ondersoeke kan gerig word deur die bestudering van die impak van misbruik op die Christelike spiritualiteit van tienerseuns en of dit baie verskil van die ervaring van dogters. Dit sal interessant wees om uit te vind hoe vatbaar seuns van verskillende ouderdomme vir die Evangelieboodskap is en watter elemente van die impak van misbruik die grootste invloed op hulle identiteitsvorming sal hê. Verder het ek in die literatuur opgemerk dat daar 'n leemte bestaan in die navorsing van die volgende temas: 'n ondersoek na misbruik deur vroue en die aard, omvang en impak van misbruik via die internet. 'n Verdere eksplorering van die sosiale en kulturele konteks waarbinne pastorale sorg plaasvind is nodig. Die bedoeling van die voorstel is die beoordeling van die toereikendheid van pastorale sorg ten opsigte van die versorging van kinders in verskillende kontekste.

7.10 DIE FINALE, MAAR NIE DIE LAASTE KAART NIE.

Die karteringsreis behels 'n ontdekkingsreis deur die metodologie, konseptualisering, praktiese teologie, teologiese antropologie, konteks, die narratief-pastorale benadering tot terapie en 'n eie narratief-pastorale betrokkenheid by my gespreksgenote. Hierdie storielyn van die verloop van my reis het gedien as geskikte wyse om 'n narratief-pastorale ondersoek van tienerdogters wat misbruik beleef het, deur te voer. My gespreksgenote was die hoofkarakters in die navorsingsverhaal. Ons was vir feitlik die hele tydperk wat die studie geduur het, by mekaar betrokke. Dit was vir hulle baie moeilik om hulle Godsbeeld te verander van verraaier en agent van die kwaad na Vriend en Redder. In die verband is die belang van 'n eskatologiese perspektief uitgewys. My gespreksgenote het verstaan dat God nie lyding keer nie, maar saam met ons in ons lyding is, deurdat ons ons vrae in Sy teenwoordigheid vra. Die kruisdood en opstanding van Jesus was die uitroepteken agter die uitkoms van my narratief-pastorale benadering tot terapie. Deur middel van die elemente van 'n narratiewe benadering is die dominante probleemge vulde en vasgeloop te ver h ale van my gespreksgenote gedekonstrueer. Dit was van deurslaggewende belang dat ek my gespreksgenote vanuit 'n nie-wetende posisie benader sodat, in aansluiting by die paradigma van postmoderniteit, magsdiskoerse vermy kon word. Daar is gevind dat eksternalisering 'n belangrike instrument ter ontginning van alternatiewe ver h ale met nuwe moontlik h ede bied. Soos die opskrif aandui, is hierdie samevatting die finale kaart vir hierdie studie, maar nie die laaste een ten opsigte van die tema nie. Die bydrae wat hierdie studie mag hê, lê in die delf na nuwe kennis, herorganisering van bestaande kennis, die beklemtoning van essensiële inligting wat dalk onderbeklemtoon was, of versprei is oor 'n groot literêre navorsingsterrein.

Die heel laaste stap in terapie was om by vergifnis uit te kom. Ek het egter besef dat, hoewel hulle ingesteldheid teenoor God ten goede verander het, hulle nog gesukkel het met die vergifnisproses. Dit is egter 'n proses wat jare kan neem. Anchien Troskie het eers 'n tyd nadat haar eerste boek *Dis ek, Anna* (2004) uitgegee is, sover gekom om haar naam bekend te maak. Hierdie boek is uitgegee onder die pseudoniem van Elbie Lötter en het jare na die gebeure verskyn nadat sy al getroud was. Die skryf van hierdie boek was deel van die proses om uiteindelik tot vergifnis te kon kom. Eers met die verskyning van haar tweede boek *Die staat teen Anna Bruwer* het sy die boek onder

haar eie naam gepubliseer. Sy sluit hierdie boek as volg af: “Die besef daal tydsaam op my neer, hier voor ’n venster in Bloemfontein: dat ek, op die ouderdom van dertig, vir die eerste keer seks geniet het. Dat ek seks vir die eerste keer as liefdesdaad ervaar het ... Kan ek dit maak werk? Kan ek ’n doodgewone vrou wees? Sonder bagasie? ’n Vrou vir Joubert dalk? ... Ja besluit ek ... Ek kan dit maak werk. Want ek is sterk. Ek is Anna”. In aansluiting hierby haal ek die opstaan-credo van die oorwinnaar van misbruik aan (Fourie 2006:33):

Ek kan weer emosioneel en geestelik heel wees.
Ek kan weer vir myself en my liggaam lief wees.
Ek kan verhoudings stig wat betekenisvol en belangrik is.
Ek kan weer met fisieke kontak en met my seksualiteit veilig voel.
Ek kan my chaotiese wêreld in orde kry en weer in beheer wees.
Ek kan my van die woede, vrees, skuldgevoelens en skaamte bevry.
Deur te vergewe maak ek geen verskil aan die lewe van die oortreder nie,
maar dit maak ’n groot bevrydende verskil aan my eie lewe.
Ek kan kies om myself nooit weer as ’n slagoffer van seksuele misbruik te
beskou nie. Ek is nou ’n oorwinnaar.
Daar moet realisme kom oor verwagtinge van wat die gevolge van vergifnis
sal wees.

Hierdie aanhaling sluit aan by Frankl (2007:vii) wat na sy lyding in die Joodse konsentrasie kamp as volg daarop gereflekteer het: “Om die lewe te leef beteken lyding; om die lewe te óórleef beteken om sin in lyding te soek en te ontdek”.

BIBLIOGRAFIE

Alexander, P.C. 1992. Application of Attachment Theory to the Study of Sexual Abuse. In *Journal of Consulting and Clinical Psychology*. 60(2):185-195.

Ambridge, M.H.C. & Richardson, S. 2003. Daleks and Kerbstones. In *Creative Responses to Child Sexual Abuse. Challenges and Dilemmas*. Revised edition. Edited by S Richardson and H Cook. Jessica Kingsley Publishers: London and Philadelphia. 183-196.

Anderson, H.S. 1984. *The Family and Pastoral Care*. Fortress Press: USA.

Anderson, R.S. 1982. *On Being Human. Essays in Theological Anthropology*. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Anderson, R.S. 2001. *The Shape of Practical Theology. Empowering Ministry with Theological Praxis*. InterVarsity Press: Downers Grove.

Anderson, T. 2011. *Sexual Abuse Victim*. Retrieved from the World Wide Web on 3 March 2011 at <http://www.familyfriendpoems.com/sad/poetry.asp?poem=22874>.

Auber, A.G. 2011. Theodicy and the Cross in the Theology of Dietrich Bonhoeffer. *TRINJ*. 32NS:47-67.

Babbie, E. 1998. *The Practice of Social Research*. Eighth edition. Wadsworth Publishing Company: Belmont.

Bacon, H. 2001. Attachment, Trauma and Child Sexual Abuse. In *Creative Responses to Child Sexual Abuse. Challenges and Dilemmas*. Revised Edition (2003). Edited by S Richardson & H Bacon. Jessica Kingsley Publishers: London and Philadelphia. 44-60.

Baker, J. & Reader, C.R. 2009. *Entering the New Theological Space. Blurred Encounters of Faith, Politics and Community. Explorations in Practical, Pastoral and Empirical Theology.* Ashgate Publishing Limited: Surrey, England.

Ball, I. 2009. Brief Engagements, Processional Encounters. In *Entering the New Theological Space.* Edited by J Reader & C R Baker. Ashgate Publishing Limited: Surrey, England. 29-45.

Bannister, A., Barrett, K. & Shearer, E. 1990. *Listening to Children: The Professional Response to Hearing the Abused Child.* Longam Group UK Ltd, Essex.

Barth, K. 1963. *Evangelical Theology: An introduction.* Translated by Grover Foley. Weidenfeld and Nicolson: London.

Bass, D.C. & Dykstra, C. 2008. *For Life Abundant. Practical Theology. Theological Education, and Christian Ministry.* William Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Bass, D.B. & Stewart-Sicking, J. 2005. Christian Spirituality in Europe and North America Since 1700. In *The Blackwell Companion to Christian Spirituality.* Edited by A Holder. Blackwell Publishing: Malden, Oxford, Victoria. 139-155.

Bauckham, R. & Hart, T. 1999. *Hope Against Hope. Christian Eschatology at the Turn of the Millennium.* Wim Eerdmans Publishing Co.: U.S.A.

Becker, M. 2010. Edmund Schlink on Theological Anthropology, the Law, and the Gospel. *Lutheran Quarterly.* Volume XXIV: 151-182.

Berger, P.L. & Luckmann, T. 1966. *The Social Construction of Reality.* Penguin Books: Middlesex.

Beste, J. 2003. Receiving and Responding to God's Grace: A Re-examination in Light of Trauma Therapy. *Journal of the Society of Christian Ethics.* 23(1):3-20.

Bird, J. 2000. *The Heart's narrative. Therapy and Navigating Life's Contradictions*. Edge Press: New Zealand.

Bogaard, C.R. & Ketelaar, W.E.R. 1983. *Methodology in Anthropological Filmmaking*. Papers of the IUAES-Intercongress Amsterdam 1981. Edition Herodot: Göttingen.

Bons-Storm, R. 1997. *Liberating Faith Practices: Feminist Practical Theologies in Context*. Edited by D M Ackerman & R Bons-Storm. Uitgeverij Peters: Leuven.

Borgman, D. 1997. *When Kumbaya is not Enough. A Practical Theology for Youth Ministry*. Hendrickson Publishers: Massachusetts.

Botha, J.J. 2004. *Narratiewe Pastorale Egskeidingsmediasie: Stories van Hoop*. Ongepubliseerde Ph.D. Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Bouma, J. 2011. *Toward a Postmodern Youth Ministry: An Examination of Postmodern Youth Culture in Conversation with the Emerging Church*. Retrieved from the World Wide Web on the 13 August 2011 at <http://www.precipicemagazine.com/postmodern-youth-ministry.html>.

Bowlby, J. 1965. *Child Care and the Growth of Love*. Second edition. Whitefriars Press Ltd: London.

Bowlby, J. 1969. *Attachment and Loss. Attachment. Volume One of Attachment and Loss*. Hogarth Press Ltd: London.

Bowlby, J. 1980. *Separation Anxiety and Anger. Volume Two of Attachment and Loss*. Hogarth Press Ltd: London.

Brand, G. 2011. Is *Fides Quaerens Intellectum* a Scholarly Enterprise? Some thoughts on Confessional Theology at a Public University. *Acta Theologica*. 31(2):20-30.

Briefing by the Department of Social Development to the Parliamentary Hearings on the Sexual Abuse of Children. Parliament, 11 March 2002. Retrieved from the World Wide Web on 8 June 2009 at <http://www.pmg.org.za/docs/2002/appendices/020311dept.htm>.

Bronfenbrenner, U. 1997. *The Ecology of Human Development: Experiments by Nature and Design.* Harvard University Press: Cambridge.

Brown, S.A. 2012. Hermeneutical Theory. In *The Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology.* First edition. Edited by B J Miller-Mclemore. Blackwell Publishing Ltd: Chichester, West Sussex. 112-122.

Brown, T. 2011. *Sexually Abused Victims.* Retrieved from the World Wide Web on 15 March 2011 at <http://www.familyfriendpoems.com/sad/poetry.asp?poem=22874>

Brown, W.E. 1995. Theology in a Postmodern Culture: Implications of a Video-Dependent Society. In *The Challenge of Postmodernism. An Evangelical Engagement.* Edited by D S Dockery. Victor Books/SP Publications: United States of America. 314-313.

Browning, D. 1991. *A Fundamental Practical Theology. Descriptive and Strategic proposals.* Fortress Press: Mineapolis.

Brueggeman, W. 1993. *Texts Under Negotiation. The Bible and Postmodern Imagenation.* Minneapolis: Fortress Press.

Büchner, E. 2006. Deur Trauma. In *Deur Seksuele Trauma. Deur die Trauma van Misdaad en Geweld. Boek 1.* Saamgestel deur M Maartens. Lapa Uitgewers: Pretoria.

Buitendag, J. 2010. *Wat is die Mens?* Retrieved from the World Wide Web on 8 October 2010 at <http://www.bybelkennis.co.za/Wat-is-die-mens-2.html>.

Calverley, R.M., Fischer, K.W & Ayoub, C. 1994. Complex Splitting of Self-representations in Sexually Abused Adolescent Girls. In *Development and Psychopathology* 6:195-213.

Cameron, C. 2005. 2010. An Introduction to "Theological Anthropology". *Evangel* 23(3). Retrieved from the World Wide Web on 8 October 2010 at www.theologicalstudies.org.uk/.../cameron.pdf.

Cameron, H. 2009. Networks – The Blurring of Institution and Networks: How should the Church engage? In *Entering the New Theological Space. Blurred Encounters of Faith, Politics and Community* edited by J Reader & C R Baker. Ashgate Publishing Limited: Surrey, England. 73-84.

Capps, D. 1995. *Agents of Hope. A Pastoral Psychology*. Fortress Press: Minneapolis.

Cattanah, A. 2008. *Narrative Approaches in Play with Children*. Jessica Kingsley Publishers: London, Philadelphia.

Child Sexual Abuse 1: An Overview. 2011. Retrieved from the World Wide Web on 27 March 2011 at <http://www.advocatesforyouth.com/publications/publica-a-z/410-child-sexual-abuse-i-an-overview>

Clapp, R. 2004. *Tortured Wonders. Christian Spirituality for People, not Angels*. Brazos Press: Michigan.

Clinebell, H.J. 1966. *Basic Types of Pastoral Care and Counselling: Resources for the Ministry of Healing and Growth*. Abingdon Press: Nashville.

Coetzer, W. *Tien Fases van die Genesingsproses*. Uitdeeltuk vir opleiding: Potchefstroom.

Coetzer, W. 2007. *Dissosiasie, Fragmentasie en die Inner Child*. Uitdeeltuk vir opleiding: Potchefstroom.

Coetzer, W. 2009. *Verkragting, Molestering en Bloedskande*. Uitdeeltuk vir opleiding: Potchefstroom.

Cole, P.M. & Putnam, F.W. 1992. Effect of Incest on Self and Social Functioning: A Developmental Psychopathology Perspective. In *Journal of Consulting and Clinical Psychology* 60(2):174-184.

Coleman, J.A. 2005. Social Sciences. In *The Blackwell Companion to Christian Spirituality*. Edited by A Holder. Blackwell Publishing: Malden, Oxford, Victoria. 289-308.

Collins, G.R. 2007. *Christian Counselling: A Comprehensive Guide*. Third Edition. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data: USA.

Collins-Mayo, S. 2010. *Religion and Youth*. Pink Dandelion: University of Birmingham, UK.

Conger, J.J. 1973. *Adolescence and Youth. Psychological Development in a Changing World*. Harper & Row Publishers: New York, Evanston, San Francisco, London.

Conn, J.W. 1983. Dancing in the Dark. Women's Spirituality and Ministry. In *Women's Spirituality. Resources for Christian Development*. Second edition. Edited by J W Conn. Paulist Press: New York, Mahwah, N.J. 9-29.

Cooksey, E. & Dooms, T. 2010. The Role of Religion in the Sexual Lives of Teens. In *Religion and Youth*. Edited by S Collins-Mayo & P Dandelion. Ashgate Publishing Limited: Surrey, England. 105-114.

Corby, B. 1993. *Child Abuse. Towards a Knowledge Base*. Open University Press: Buckingham, Philadelphia.

Crampton, J.W. 2010. *Mapping. A Critical Introduction to Cartography and GIS*. John Wiley & Sons Ltd: West Sussex.

Crawford, J. & Kinnamon, M. 1983. *In God's Image. Reflections on Identity, Human Wholeness and the Authority of Scripture*. World Council of Churches: Geneva.

Creswell, V.L.P. 2007. Foundations and Approaches to Mixed Methods Research. In *First Steps in Research*. Edited by K Maree. Van Schaik Publishers: Pretoria. 253-282.

Crisp, B.R. 2007. Spirituality and Sexual Abuse: Issues and Dilemmas for Survivors. *Theology and Sexuality*. 13(3):301-314. Retrieved from the world wide web on 31 January 10 at <http://www.soul-expressions-abuse-recovery.com>.

Cupitt, D. 1991. *What is a Story?* SCM Press: London.

Day, A. 2010. 'Believing in Belonging': An Exploration of Young People's Social Contexts and Constructions of Belief. In *Religion and Youth*. Edited by S Collins-Mayo, & P Dandelion. Ashgate Publishing Limited: Surrey, England. 97-104.

Dean, K.C. 2001. *Thinking Theologically about Youth Ministry. Starting Right*. Youth Specialities: Grand Rapids.

De Beer, A. 2009. *Promissioterapie by Vroue na die Verlies van 'n Eggenoot: 'n Pastoraal-narratiewe Studie*. Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Praktiese Teologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

De Klerk, W.J. 1974. *Pastorale Sensitiwiteit*. Perskor Uitgewery: Johannesburg.

De Klerk, J.J. 1987. *Herderkunde*. N.G.Kerk Boekhandel: Pretoria.

Delpont, C.S.L. & Fouché, C.B. 1998. The Place of Theory and the Literature Review in the Qualitative Approach to Research. In *Research at Grassroots Level. A Primer for the Caring Professionals*. Third edition. Edited by A S De Vos; H Strydom; C B Fouché & C S L Delpont. Van Schaik: Pretoria. 261-266.

Denzin, K.N. 1989. *Interpretative Biography*. Sage Publications: California, England, India.

Denzin, K.N. & Lincoln, Y.S. Editors. 1998. *The Landscape of Qualitative Research. Theories and Issues*. Sage Publications: United States of America.

Derrida, J. 1997. *Deconstruction in a Nutshell. In Conversation with Jacques Derrida*. Edited by J D Caputo. Fordham University Press: New York.

Die Bybel in Praktyk. Studiebybel. 2003. Derde uitgawe, tweede druk. Christelike Uitgewersmaatskappy: Vereeniging.

Dickie, J.R.; Ajega, L.V.; Kobylak, J.R. & Nixon, K.M. 2006. Mother, Father, and Self: Sources of Young Adult's God Concepts. In *Journal of the Scientific Study of Religion* 45(1):57-71.

Dill, J. & Kotzé, D.J. 1997. Verkenning van 'n Postmoderne Epistemologiese Konteks vir die Praktiese Teologie. *Acta Theologica* 17(1):1-26.

Dippenaar, S.M. 1998. *Die Implementering en Evaluering van 'n Multidimensionele Groepterapeutiese Program vir Seksueel-gemolesteerde Adollesente Dogters*. Ongepubliseerde Magister skripsie. Bloemfontien: Universiteit van die Vrystaat.

Dobson, J. 1999. *Spesiaal vir Tieners. Hoe om Fisieke en Emosionele Veranderings in jou Tienerjare te Oorleef*. Christelike Uitgewers Maatskappy: Vereeniging. Vertaal in Afrikaans in 2007.

Dockery, D.S. 1995. *The Challenge of Postmodernism: an Evangelical Engagement*. Victor Books/SP Publications: United States of America.

Downey, M. 1997. *Understanding Christian Spirituality*. Paulist Press: New York/Mahwah, N.J.

Doyle, C. 2006. *Working With Abused Children*. (Third Edition). Palgrave Macmillan: Hampshire.

Doyle, T.P. 2008. *Het Overleven van de Geest. Gevangen in de Giftige Dampen van het Kerkelijke Moeras*. Retrieved from the World Wide Web on 8 November 2011 at <http://www.richardsipe.com/Doyle/DOYLE-IN-DUTCH.htm>.

Dreyer, Y. 2003. 'n Teoretiese Inleiding tot Narratiewe Hermeneutiek in die Teologie. *Hervormde Teologiese Studies*. 59(2):313-332.

Dubas, J.S. & Peterson, A.C. 2003. Differential Cognitive Development in Adolescent Girls. In *Female Adolescent Development*. Edited by M Sugar. Brunner/Mazel Publishers: New York. 3-26.

Duke, J.O. & Stone, H. 1988. *Christian Caring. Selections from Practical Theology. Friedrich Schleiermacher*. Translated by J O Duke. Fortress Press: Philadelphia.

Du Toit, C. 1996. *Nature, God and Humanity*. University of South Africa: Pretoria.

Duval, J. & Béres, L. 2007. Movement of Identities. A Map for Therapeutic Conversations About Trauma. In *Narrative Therapy. Making Meaning, Making Lives*. Edited by C Brown & T Augusta-Scott. Sage Publications: California. 229-250.

Egan, G. 1989. *The Skilled Helper. A Problem-Management Approach to Helping*. Sixth Edition. Brooks/Cole Publishing Company: Pacific Grove.

Eichenbaum, L & Orbach, S. 1996. The Construction of Femininity. In *Women's Spirituality. Resources for Christian Development*. Second edition. Edited by J W Conn. Paulist Press: New York, Mahwah, N.Y. 185-207.

Endean, P. 2005. The Theology of the Human Person. In *The Blackwell Companion to Christian Spirituality*. Edited by A Holder. Blackwell Publishing: USA, UK, Australia. 223-238.

Endres, A. 2009. *Getraumatiseerde Adolessente se Soeke na Hoop: 'n Pastorale Model*. Ongepubliseerde Ph. D. Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

- Erikson, E. 1983. *Identity. Youth and Crisis*. Faber & Faber: London, Boston
- Farley, E. 1987. Interpreting Situations. In *The Promise of Practical Theology. Formation and Reflection*. Edited by L S Mudge & J N Polling. Fortress Press: Philadelphia. 1-26.
- Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 1998. Introduction to the Research Process. In *Research at Grassroots Level. A Primer for the Caring Professionals*. Edited by A S de Vos. Van Schaik Publishers: Pretoria. 71-88.
- Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 1998. Problem Formulation. *Research at Grassroots Level. A Primer for the Caring Professionals*. Edited by A S de Vos. Van Schaik Publishers: Pretoria. 89-99.
- Foucault, M. 1988. *The Final Foucault*. Edited by J Bernauer & D Rasmussen. The MIT Press: Cambridge.
- Fourie, E. 2006. Deur die Trauma van Seksuele Misbruik as Kind. In *Deur Trauma. Boek 1: Deur Seksuele Trauma. Deur die Trauma van Misdaad en Geweld*. Samesteller M Maartens. LAPA Uitgewers: Pretoria. 17-57.
- Fourie, M. 2007. *Praat! Positiewe Selfgesprek, Beter Kommunikasie, Goeie Menseverhoudings*. Metz Press: Welgemoed, Suid-Afrika.
- Fourie, C.J. van der L. 2001. *Die Rol van Metafore in Spiritualiteitvorming*. Voorgelê as gedeeltelike vervulling van die graad Ph. D. in Praktiese teologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Fowler, J.W. 1987. *Faith Development and Pastoral Care*. Edited by D S Browning. Fortress Press: Philadelphia.
- Frankl, V. 2007. *Waarom Lewe Ek. Hulde aan die Hoop*. Nuut bygewerkte teks deur D J Louw. Naledi: Tygervallei.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy. The Social Construction of Preferred realities*. W.W.Norton & Company: New York.

Friedman, E.H. 1985. *Generation to Generation. Family Process in Church and Synagogue*. The Guilford Press: United States of America.

Furniss, T. 1992. *The Multi-professional Handbook of Child Sexual Abuse. Integrated Management, Therapy & Legal Intervention*. Mackays: Chatham, Kent.

Ganzevoort, R. 1993. Investigating Life Stories. Personal Narrative in Pastoral Psychology. In *Journal of Psychology and Theology*. 21(4): 277-287.

Ganzevoort, R.R. 1994a. *Een Cruciaal Moment. Functie en Verandering van Geloof in een Crisis*. Boekencentrum: Zoetermeer.

Ganzevoort, R.R. 1994b. Crisis Experience and the Development of Belief and Unbelief. In *Belief and Unbelief; Psychological Perspectives*. Edited by D Hutsebaut & D Corveleyn. Rodopi: Amsterdam. 21-36

Ganzevoort, R.R. 2001. Religion in Rewriting the Story: Case Study of a Sexually Abused Man. In *The International Journal for the Psychology of Religion*. 11(1):45-62.

Ganzevoort, R.R. 2007. Waarheen met de Praktiesche Theologie? *Theologiesche Debat*. 4(1):20-24.

Ganzevoort, R.R. 2009a. *Forks in the Road when Tracing the Sacred. Practical Theology as Hermeneutics of Lived Religion. Presidential Address International Academy of Practical Theology, Chicago, 03.08.2009*. Retrieved from the World Wide Web on 17 October 2011 at <http://www.ia-pt.org/presidentialaddress.pdf>.

Ganzevoort, R.R. 2009b. Zombie-theologie en de Terugkeer van Religie. *Narhex* 9(3):5-8.

Ganzevoort, R. 2010. *Investigating Life-Stories. Personal Narrative in Pastoral Psychology*. Retrieved from the World Wide Web on 16 January 2010 at www.ruardganzevoort.nl/a93inves.htm.

Ganzevoort, R.R. 2012. Narrative Approaches. In *The Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology*. First edition. Edited by B J Miller-McLemore. Blackwell Publishing Ltd.: Chichester, West Sussex. 214-223.

Ganzevoort, R. & Veerman, A.L. 1999. *Pastorale Gids voor Gemeenten die Geconfronteerd Worden met Seksuele Geweld*. Uitgeverij Boekencentrum: Zoetermeer.

Ganzevoort, R. & Visser, J. 2007. *Zorg Voor het Verhaal. Achtergrond, Methode en Inhoud van Pastorale Begeleiding*. Uitgeverij Meinema: Zoetermeer.

Gaum, F. 2000. *Soos Ons in die 2000's Glo. Perspektief op Geloofsverklaring 2000*. Lux Verbi.BM: Wellington.

Gergen, K.J. 1991. *The Saturated Self: Dilemmas of Identity in Contemporary Life*. Basic Books: USA.

Gergen, K.J. 1998. Warranting Voice and the Elaboration of the Self. In *Texts of Identity*. Edited by J Shotter & K J Gergen. Sage Publications: London, Newbury Park, New Delhi. 70-81.

Gerkin, C.V. 1979. *Crisis Experience in Modern Life. Theory and Theology for Pastoral Care*. Abingdon Press: Nashville.

Gerkin, C.V. 1984. *The Living Human Document: Re-visioning Pastoral Counseling in a Hermeneutical Mode*. Nashville: Abingdon.

Gerkin, C.V. 1986. *Widening the Horizons. Pastoral Responses to a Fragmented Society*. The Westminster Press: Philadelphia.

- Gerkin, C.V. 1997. *An Introduction to Pastoral Care*. Abingdon Press: Nashville
- Gilmartin, P. 1994. *Rape, Incest, and Child Sexual Abuse. Consequences and Recovery*. Garland Publishing, Inc: New York & London.
- Goldberg, M. 1982. *Theology and Narrative. A Critical Introduction*. Parthenon Press: Nashville, Tennessee.
- Goldberg, M. 1998. God, Action, and Narrative: Which Narrative? Which Action? Which God? In *Why Narrative? Readings in Narrative Theology*. Edited by S Hauerwas & L G Jones. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan. 348-365.
- Goodall, M. 1996. How to see the Wood for the Trees. In *Entering the New Theological Space. Blurred Encounters of Faith, Politics and Community*. Edited by J Reader & C R Baker. Asgate Publishing Company: Burlington, USA. 85-100.
- Gower, G., Dowling, E., & Gersch, I. 2005. Parenting Adult Children. A project Combining Narrative, Clinical and Empirical Methodologies. In *Narrative Therapies with Children and their Families. A practitioner's Guide to Concepts and Approaches*. Edited by A Vetere & E Dowling. Routledge: London and New York.
- Graziano, A.M. & Raulin, M.L. 1997. *Research Methods. A Process of Inquiry*. Fourth edition. Allyn & Bacon: Needham Heights.
- Green, G. 2010. *Theology, Hermeneutics, and Imagination: The Crisis of Interpretation at the End of Modernity*. Retrieved from the World Wide Web on 24 September 2010 at <http://www.cambridge.org>.
- Grille, R. 2003. What Your Child Remembers – New Discoveries About Early Memory and how it Affects Us. In *Sydneys' Child*. 14(4):1-9. Retrieved from the World Wide Web on 10 November 2011 at <http://www.nospank.net/grille5htm>.

Guma, M. & Henda, N. 2004. The Socio-Cultural Context of Child Abuse: a Betrayal of Trust. In *Sexual Abuse of Young Children in Southern Africa*. Edited by L Richter; A Dawes & C Higson-Smith. HSRC Press: Cape Town. 95-109.

Hall, L. & Lloyd, S. 1993. *Surviving Child Sexual Abuse. A Handbook for Helping Women Challenge their Past*. The Falmer Press: London.

Hassan, I. 2011. *From Postmodernism to Postmodernity: the Local/Global Context*. Retrieved from the World Wide Web on 5 March 2011 at <http://www.ihabhassan.com/postmodernism>

Hauerwas, S. & Jones, L.G. 1989. *Why Narrative? Readings in Narrative Theology*. Grand Rapids: Michigan.

Hawkins, J.M. 1996. *The South African Oxford School Dictionary*. University Press: Oxford.

Heaven, P.C.L. 2001. *The Social Psychology of Adolescence*. Palgrave Publishers: Hapshire.

Heitink, G. 1979. *Pastoraat als Hulpverlening. Inleiding in de Pastorale Theologie en Psychologie*. Tweede druk. Uitgeversmaatschappij J.H.Kok: Kampen.

Heitink, G. 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis-Teorie-Handelingsvelden*. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok: Kampen.

Hellenic Community Service, L.L.C. 2011. Retrieved from the World Wide Web on 13 August 2011 at <http://www.helleniccomserve.com/atlantayouth postmodern.html>

Hermans, C.A.M. 2002. Ultimate Meaning as Silence: The Monologic and Polyphonic Author-God in Religious Communication. In *Social Constructionism and Theology*. Volume 7. Edited by J A Van der Ven. Koninklijke Brill NV: Leiden.

Heyns, J.A. 1988. *Dogmatiek*. Halfway House: N.G.Kerk Boekhandel.

Heyns, J. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste Tree in die Praktiese Teologie*. Gnosis Boeke & Uitgewers BK: Pretoria.

Hiltner, S. 1958. *Preface to Theology*. Abingdon: Nashville.

Hoek, J. 1999. *Hoop op God. Eschatologiesche Verwachting*. Uitgeverij Boekencentrum: Zoetermeer.

Hoekema, A.A. 1986. *Created in God's Image*. The Paternoster Press: Michigan.

Howe, D. 2005. *Child Abuse and Neglect. Attachment, Development and Intervention*. Palgrave Macmillan: Hampshire.

Hunt, L.J. 2010. Missions in the Context of Recovery from Childhood Sexual Abuse in *Missiology: An International Review*. XXVIII(3):321-333.

Hyde, K.E. 1990. *Religion in Childhood & Adolescence*. Religious Education Press: Birmingham, Alabama.

Immink, F.G. 2003. *In God Geloven. Een Praktisch-Teologische Reconstructie*. Uitgeverij Meinema: Zoetermeer.

Janse van Rensburg, J. 1998. Regterbrein-strategieë vir Pastorale Terapie. *N. G. Teologiese Tydskrif*. 39 (1-4):65-78.

Janse van Rensburg, J. 2000. *The Paradigm Shift. An Introduction to Postmodern Thought and its Implications for Theology*. Van Schaik Publishers: Pretoria.

Janse van Rensburg, J. 2003. Praktiese Teoloog aan die Woord: 'n Beoordeling van die Teologie van J.S. Kellerman. *Acta Theologica*. 21(2):313-319.

Jansen, J.D. 2007. The Language of Research. In *First Steps in Research*. Edited by K Mare. Third edition. Van Schaik Publishers: Pretoria. 15-23.

Johnson, M.L. 2007. *Die Sosiale Konstruksie van 'n Narratiewe Pastorale Bedieningspatroon*. Ongepubliseerde Ph. D. Proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

Jones, P. 2009. *Weightless Identity in Post-Material Communities*. Edited by J Reader & C R Baker. Ashgate Publishing Limited: Surrey, England.

Jooste, P.G. 1967. *Inleiding tot die kartografie*. A.A. Balkema: Kaapstad.

Jordaan, A. 2005. *Pastorale Terapie vanuit die Vadermetafaor aan Kliënte met Veralgemeende Angsversteuring*. Voorgelê ter vervulling van die finale deel van die vereistes vir die graad Ph. D. Praktiese teologie. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Killian, B & Brakarsh, J. 2004. Therapeutic Approaches to Sexually Abused Children. In *Sexual Abuse of Young Children in Southern Africa*. Edited by L Richter; A Dawes & C Higson-Smith. HSRC Press: Kaapstad. 367-410.

König, A. 2002. *God, Waarom lyk die Wêreld So? Kan ons sê: "God is in Beheer"?* Lux Verbi. BM: Wellington.

Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 1997. Social Constructionism as a Postmodern Discourse: An Epistemology for Conversational Therapeutic Practice. *Acta Theologica*. 17(1):27-50.

Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 2001. *Telling Narratives. Spellbound Edition*. Ethics Alive: Pretoria.

Kourie, C. & Ruthenberg, T. 2008. Contemporary Christian Spirituality: An Encompassing Field. *Acta Theologica*. 11:76-93.

La Fontaine, J. 1990. *Child Sexual Abuse*. Polity Press: Cambridge.

Landman, W.A. 2010. *Fenomenologiese, Hermeneutiese, Dialektiese en Kontradiktoriese Metodes: Moontlikheidsvraag*. Retrieved from the World Wide Web on 23 September 2010 at <http://www.landmanwa.co.za/lesing01.htm>.

Lawrence, B. & Janse van Rensburg, K. 2006. Forms of Sexual Abuse and Practical Implications of Applying South African Law to Sexual Offences Cases. In *Sexual Abuse. Dynamics, Assessment & Healing*. Edited by G M Spies. Van Schaik Publishers: Pretoria. 127-149.

Lees, S. 1986. *Losing Out. Sexuality and Adolescent Girls*. Hutchinson: London, Melbourne, Sydney, Auckland, Johannesburg.

Lew, M 1988. *Victims no longer. Men Recovering from Incest and Other Child Abuse*. Harper Collins Publishers Inc: New York.

Lombaard, C. 2008. Spirituality: Sense and Gist on Meaning, God and Being. *Acta Theologica*. 11:94-107.

Lötter, E. 2004. *Dis Ek, Anna*. Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.

Louw, D.J. 1984. Teologie in Hoop. *Stellenbosch Teologiese Studies*. 11:5-71. N.G.Kerk Uitgewers: Kaapstad.

Louw, D. J. 1997. Hoe teologies is die Praktiese Teologie en hoe Prakties is die Teologie? Ontwerp vir 'n Prakties-Teologiese Hermeneutiek. *Praktiese Teologie In Suid-Afrika*. 12(2) 43-63.

Louw, D.J. 1999a. *Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting. Teologiese Ontwerp vir 'n Basisteorie, Antropologie en Terapie*. US Drukkery: Stellenbosch.

Louw, D.J. 1999b. *Spiritual Direction and Anthropology in a Theology of Pastoral Care and Counseling*. Peeters press: Louvain.

Louw, D.J. 2000. Meaning in Suffering: A Theological Reflection on the Cross and Resurrection for Pastoral Care and Counselling. *International Theology*. 5:viii-210.

Louw, D.J. 2002. Pastoral Hermeneutics and the Challenge of a Global Economy: Care of the Living Human Web. *The Journal of Pastoral Care & Counselling*. 56(4):339-350.

Louw, D.J. 2003. Fides Quaerens Spem. A Pastoral and Theological Response to Suffering and Evil. In *Interpretation*. 57(4):384-397.

Louw, D.J. 2005a. *Ratwerke van die Menslike Siel. Oor Volwassenheid en Lewensvaardighede*. Sun Press: Stellenbosch.

Louw D.J. 2005b. *Paradigm Shifts and New Perspectives on Anthropology in Pastoral Care and Counselling: Cura Animarum as Cura Vitae*. Ongepubliseerde lesing: Prof D.J. Louw. Fakulteit Teologie: Stellenbosch Universiteit.

Louw, D.J. 2008. Towards a Praxis Theology of Affirmation: The Atmospheric Dimension of Place and Space in a Practical Theological Ecclesiology. *Practical Theology in South Africa*. 23(2):103-123.

Louw, D.J. 2009. Human Sexuality in an Eschatological Perspective: Towards an Aesthetic of Human Embodiment and Erotic Sensuality. In *Practical Theology in South Africa*. 24(1):89-114.

Louw, D. & Louw, A. 2007. *Die Ontwikkeling van die Kind en die Adolescent*. ABC Drukkers: Bloemfontein.

Lyon, D. 1994. *Postmodernity*. Open University Press: Buckingham.

Lyon, E. 2010. The Spiritual Implications of Interpersonal Abuse: Speaking of the Soul. *Pastoral Psychology*. 59:233-247.

Lyotard, J. 1988. *Het Postmoderne Weten*. Cip-Gegevens Koninklijke Bibliotheek: Den Haag.

Maartens, M. 2006. *Deur Trauma. Boek 1. Saamgestel deur M Maarten.* LAPA Uitgewers: Pretoria.

Macdonald, J.M. 1981. *Sexually Abused Children and their Families.* Pergamon Press Ltd: Oxford, England.

Malan, G. 2001. Postmoderniteit: Krisis of Uitdaging? Die Rol van Teoloë se Skrifbeskouing. In *Hervormde Teologiese Studies.* 57(1&2).

Maree, K. & Van der Westhuizen, C. 2007. Planning a Research Proposal. In *First Steps in Research.* Edited by K Maree. Van Schaik Publishers: Pretoria. 24-46.

Marshall, A & Herman, V. 2000. *Child Sexual Abuse in South Africa.* L P Printers: RAPCAN.

Masserman, J.H. & Uribe, V.M. 1989. *Adolescent Sexuality.* Thomas: Springfield, Illinois.

McGraw, P. 2009. *Jou Gesin kom Eerste. Jou Stap-vir-stap Plan om 'n Ongelooflike Gesin te Bou.* Struik Christelike Boeke: Kaapstad.

McGregor, K. 2008:17. *Surviving and Moving On. Self-help for Survivors of Childhood Sexual Abuse.* Random House: New Zealand.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2001. *Research in Education. A Conceptual Introduction.* Fifth edition. Longman: Virginia.

McNish, J.L. 2004. *Transforming Shame. A Pastoral Respons.* The Hawforth Press, Inc.: Binghampton, NY.

McWhirterer, M.J. 2004. *At Risk Youth. A Comprehensive Response for Counselors, Teachers, Psychologists, and Human Service Professionals.* Brooks CA: Belmont CA.

Meadors, E. 2009. "It Never Entered my Mind": The Problematic Theodicy of Theistic Determinism. In *Bulletin for Biblical Research*. 19(2):185-194.

Meeks, M.D. 1997. Moltmann's Contribution to Practical Theology. In *Hope for the Church. Moltmann in Dialogue with Practical Theology*. Edited and translated by T Runyon. Abingdon: Nashville. 57-74.

Menseregte Kommissie. 2002. *Report on the Enquiry into Sexual Violence Against Children. Does the Criminal System Protect Children?* Staatsdrukkery: Pretoria.

Mikoski, G.S. 2008. Educating and Forming Disciples for the Reign of God. In *For Life Abundant. Practical Theology, Theological Education, and Christian Ministry*. Edited by D C Bass & C Dykstra. William Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Miller-Mclemore, B.J. 2012. *Christian Theology in Practice. Discovering a Discipline*. William Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan/Cambridge, UK.

Moen, T. 2006. Reflections on the Narrative Approach. In *International Journal of Qualitative Methods*. 5(4):1-7.

Moltmann, J. 1967. *Theology of Hope*. Translated by Leitch, J.W. from the German *Theologie der Hoffnung*. SCM Press Ltd: London.

Moltmann, J. 1979. *Hope for the Church. Moltmann in Dialogue with Practical Theology*. Abingdon: Nashville.

Moltmann, J. 2008. *A Broad Place. An Autobiography*. Translated by Kohl, M. Fortress Press: Minneapolis.

Moore, J.G. 1985. *The ABC of Child Abuse Work*. Gower Publishing Company Limited: Aldershot.

Morgan, A. 2000. *What is Narrative Therapy? An Easy-to-Read Instruction*. Dulwich Centre Publications: Adelaide.

Morgan, A. 2006. Creating Audiences for Children's Preferred Stories. In *Narrative Therapy with Children and their Families*. Edited by M White & A Morgan. Dulwich Centre Publications: Adelaide. 99-120.

Mouton, J. 2001. *How to Succeed in Your Master's & Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book*. Van Schaik Publishers: Pretoria.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1985. *Metodologie van die Geesteswetenskappe: Basiese Begrippe*. RGN-studies in Navorsingsmetodologie. Medewerkers: K P Prinsloo & N J Rhodie. J.C.Insto-Print: Pretoria.

Mrazek, D.A. & Mrazek, P.B. 1981. Psychosexual Development Within the Family. In *Sexually Abused Children and their Families*. Edited by P.B. Mrazek & C.H. Kempe. Pergamon Press Ltd: Oxford, England. 17-35.

Mudge, L.S. 1987. *The Promise of Practical Theology. Formation and Reflection*. Fortress Press: Philadelphia.

Mueller, W. 2006. *Engaging the Soul of Youth Culture. Bridging Teen Worldviews and Christian Truth*. IVP Books: An imprint of Intervarsity Press, Illinois.

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te Kom. Pastorale Gesinsterapie*. RGN-studies in die *Praktiese Teologie*. Die RGN Uitgewery: Pretoria.

Müller, J. 2000. *Reis-geselskap. Die Kuns van Verhalende Pastorale Gesprekvoering*. Lux Verbi: Wellington.

Müller, J. 2002. *Gesinne van Binne. Vertel die Verlede en Droom oor die Toekoms van jou Gesin*. Barnabas: Bloemfontein.

Müller, J. 2004. HIV/AIDS, Narrative Practical Theology, and Postfoundationalism: The Emergence of a New Story. In *Hervormde Teologiese Studies*. 60(1&2).

Müller, J.C. 2005. *A Postfoundationalist, HIV-positive Practical Theology*. Paper presented at the International Biennial Conference of the International Academy of Practical Theology, Brisbane, Australia, 25-29 June.

Müller, J. 2007. Lente in die Teologie: 'n Opwindende Ligstraal van Hoop vir die Kerk. *Verbum Et Ecclesia*. 28(2)2007. Retrieved from the World Wide Web on 2 September 2010 at <http://www.gotquestions.org/practical-theology.html>.

Müller, J. 2009a. *A Narrative-Based Pastoral Conversation Following the Experience of Trauma*. Retrieved from the World Wide Web on 6 October 2009 at <http://julianmüller.co.za/narrative%20research.htm>.

Müller, J. 2009b. *Practical Theology – A Safe but Fragile Space*. Paper presented at the Joint Conference of Academic Societies in the Fields of Religion and Theology, University of Stellenbosch, 23 June 2009.

Müller, J. 2010a. *Noodsaaklike uitgangspunte. Noodsaaklike vertrekpunte met die oog op die teologiese opleiding van die NG Kerk*. Retrieved from the World Wide Web on 2 September 2010 at <http://www.gotquestions.org/practical-theology.html>.

Müller, J. C. 2010b. *Spirituality and the Narrative. Paper Delivered to the National Congress of the Pastoral Association for Pastoral Work*. Retrieved from the World Wide Web on 2 September 2010 at <http://www.gotquestions.org/practical-theology.html>.

Müller, J. C. 2010c. *'n Refleksie op Menswees aan die Begin van die 21ste eeu*. Retrieved from the World Wide Web on 2 September 2010 at <http://www.gotquestions.org/practical-theology.html>.

Müller, J. & Laas, J. 2010. *"Telling a Past, Dreaming a Future" (Walter Brueggeman)*. Retrieved from the World Wide Web on 2 September 2010 at <http://www.gotquestions.org/practical-theology.html>.

Müller, J. & Maritz, B. 1998. Die Waarde van Metafore binne 'n Hermeneuties-pastorale sisteem. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 13(1):64-71.

Müller, T. & Van der Meer, J. 2011. *Postmoderniteit Een Vaag Begrip? Over de Betekenis van het Postmodernisme*. Retrieved from the World Wide Web on 5 March 2011 at <http://www.apologetique.org/nl/artikelen/filosofie/pomo/TWM>

Müller, J., Van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction Writing as Metaphor for Research: A Narrative Approach. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 16(2):1-13.

Muntgli, P. 2004. *Narrative Counselling. Social Linguistic Processes of Change*. John Benjamins Publishing Company: Philadelphia.

Muslin, H.L. & Lewis, J.D. 1993. The Superego in the Adolscent Female. In *Female Adolscent Development*. Edited by M Sugar. Second Edition. Brunner/Mazel Publishers: New York. 81-96.

Nel, M. 2000. *Youth Ministry. An Inclusive Congregational Approach*. Vertaal deur De Waal, E. Design Books: Clubview.

Nieuwenhuis, J. 2007. Analysing Qualitative Data. In *First Steps in Research*. Edited by K Maree. Third edition. Van Schaik Publishers: Pretoria. 47-69.

Nolte, S.P. 2007. *Wanneer God In My Pyn Verdwyn. Die Belydenis van 'n Pa*. Met 'n naskrif deur J Müller. Lux Verbi B.M.: Wellington.

Nouwen, H. 2006. *A Spirituality of Imperfection*. Paulist Press: New Jersey.

O'Brien, M. 2009. Practicing in the Presence of Mystery: Responses to the Divine in Practical Theology and Religious Education. In *Religious Education*. 105(4):358-372.

Odendaal, J.P. le G. 1981. *Kartografie. 'n Inleiding tot die Grafiese Voorstelling van Ruimte*. Nasou Beperk: Goodwood.

Odendal, F.F.; Schoonees P.C.; Swanepoel C.J.; Du Toit S.J. & Booyen, C.M. 1994. *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Perskor Uitgewery: Midrand.

Olson, G. 2006. *Teenage Girls. Exploring Issues Adolescent Girls Face and Strategies to Help Them*. Zondervan: Grand Rapids, Michigan.

Orsi, R.A. 2002. Is the Study of Lived Religion Irrelevant to the World We Live In? Special Presidential Plenary Address, Society for the Scientific Study of Religion, Salt Lake City, November 2, 2002. In *Journal for the Scientific Study of Religion*. 42(2):169-174.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology. An Introduction*. William B. Eerdmans Publishing Company: Cambridge, UK.

Ozorak, E.W. 2003. Culture, Gender, Faith: The Social Construction of the Person-God Relationship. In *The International Journal for the Psychology of Religion*. 13(4):249-257.

Parrott, L. 2011. *Adolescent Spirituality, What can we Expect?* Retrieved from the World Wide Web on September 2011 at <http://www.youthspecialities.com/articles/adolescent-spirituality-what-can-we-expect/>

Parry, A. & Doane, R.E. 1994. *Story Re-visions. Narrative Therapy in the Postmodern World*. The Guilford Press: New York, London.

Payne, M. 2000. *Narrative Therapy*. SAGE Publications Ltd: London, California, New Delhi.

Peacock, A. 1996. Human Being: What Are Human Beings? The Perspectives of the Sciences and Christian Theology. In *Nature, God and Humanity*. Edited by C W du Toit. University of South Africa: Pretoria. 42-63.

Pembroke, N. 2002. *The Art of Listening. Dialogue, Shame, and Pastoral Care*. T&T Clark/Handel Press: USA.

Percy, M. 2009. Baptism as Cultural Conversation: Explorations in Implicit Theology. In *Entering the New Theological Space. Blurred Encounters of Faith, Politics and Community*. Edited by J Reader & C R Baker. Ashgate Publishing Limited: Surrey, England. 177-196.

Perrin, D.B. 2005. Mysticism. In *The Blackwell Companion to Christian Spirituality*. Edited by A Holder. Blackwell Publishing: Malden, Oxford, Victoria. 442-458.

Phillips, G. 1995. *The Challenge of Postmodernism*. Victor Books/SP Publications: United States of America.

Pieterse, H. 1993. *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingssteorie*. RGN-Uitgewers: Pretoria.

Pieterse, H. & Dreyer, J. 1993. The Methodology of Practical Theology and the Public Good. In *Journal of Theology for Southern Africa*. 31-40.

Prins, S.J. 1971. Pastoraat en Psigologie. Prinsipiële oorwegings. In *Pastoraat en Psigologie. Sielkunde Biblioteek*. J.L. van Schaik Beperk: Pretoria.

Ratcliff, D. 2002. *Adolescent Spirituality*. Retrieved from the World Wide Web on 15 August 2011 at <http://don.ratcliffs.net/books/adolescents.pdf>.

Regnerus, M.D. & Uecker, J.E. 2006. Finding Faith, Losing Faith: The Prevalence and Context of Religious Transformations During Adolescence. In *Review of Religious Research 2006*. 47(3):217-237.

Retief, Y. 1999. *Lag Weer oor die Dag wat Kom. Briewe aan 'n Gemolesteerde*. Struik Christelike Boeke Bpk: Kaapstad.

Retief, Y. 2004. *Genesing van Trauma in die Suid-Afrikaanse Konteks*. Struik Christelike Boeke Bpk: Kaapstad.

Rich, P. 2006. *Attachment and Sexual Offending. Understanding and Applying Attachment Theory to the Treatment of Juvenile Sexual Offenders*. John Wiley & Sons Ltd: West Sussex, England.

Richards, L.O. 1972. *Youth Ministry – It's Renewal in the Local Church*. The Zondervan Corporation: Grand Rapids, Michigan.

Richards, L.O. 1987. *A Practical Theology of Spirituality*. The Zondervan Publishing House: Grand Rapids, Michigan.

Richardson, S. & Bacon, H. 2001. *Creative Responses to Child Sexual Abuse. Challenges and Dilemmas*. Revised Edition (2003). Jessica Kingsley Publishers: London.

Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C. 2004. *Sexual Abuse of Young Children in Southern Africa*. HSRC Press: Cape Town.

Rosenbaum, M.D. 1993. The Changing Body Image of the Adolescent Female. In *Female Adolescent Development*. Second edition. Edited by M Sugar. Brunner/Mazel Publishers: New York. 62-80.

Sameroff, A.J. & Fiese, B.H. 1999. *The Stories that Families Tell: Narrative Cohenerence, Narrative Interaction, and Relationship Beliefs*. Blackwell Publishers Inc: Oxford.

Sands, P. 2010. The Imago Dei as Vocation. In *EQ (82):28-41*.

Schleiermacher, F. 1988. *Christian Caring. Selections from Practical Theology*. Edited with introduction by J D Dukes & H Stone. Translated by J D Dukes. Fortress Press: Philadelphia.

Schneiders, S.M. 2005. Approaches to the Study of Christian Spirituality. In *The Blackwell Companion to Christian Spirituality*. First edition. Edited by A Holder. Blackwell Publishing Ltd: Malden, Oxford, Australia. 13-34.

Schmutzer, A.J. 2008. A Theology of Sexual Abuse: A Reflection on Creation and Devastation. In *JETS*. 51(4):785-182.

Schostak, J. 2011. *Narrative as Vehicle for Research*. Retrieved from the World Wide Web on 13 July 2011 at <http://www.enquirylearning.net/ELM/Issues/Research/Res3html>.

Schuurman, M.J. 2011. *Christelijk Geloof, Theologie & Ook Nog Eens Reformatische Traditie*. Retrieved from the World Wide Web on 5 March 2011 at <http://mischuurman.wordpress.com/2010/02/17/mcgrath>

Seifert, K.L. & Hoffnung, R.J. 2000. *Child and Adolescent Development*. Houghton Mifflin Company: Boston, New York.

September, R. 2004. The Report of the Parliamentary Task Group on the Sexual Abuse of Children 2002: a Commentary. In *Sexual Abuse of Young Children in Southern Africa*. Edited by L Richter; A Dawes & C Higson-Smith. HSRC Press: Cape Town. 304-332.

Shotter, J. 1993. *Conversational realities. Constructing Life Through Language*. Sage Publications: New Delhi.

Smith, G. 2005. Children's Narratives of Traumatic Experiences. In *Narrative Therapies with Children and their Families. A Practitioner's Guide to Concepts and Approaches*. Edited by A Vetere & E Dowling. Dulwich Centre Publications: South Australia. 57-85.

Snodgrass, K.R. 2011. Introduction to a Hermeneutics of Identity. *Bibliotheca Sacra*. January – March 2011:3-19.

- Soskice, J.M. 1985. *Metaphor and Religious Language*. Clarendon Press: Oxford.
- South African Human Rights Commission. April 2002. *Report on the Enquiry into Sexual Violence Against Children. Does the Criminal System Protect Children?* Staatsdrukkery: Pretoria.
- Spies, G. M. 2006. *Sexual Abuse. Dynamics, Assessment & Healing*. Van Schaik Publishers: Pretoria.
- Sremac, S. 2010. Converting into a New Reality: Social Constructionism, Practical Theology and Conversion. *Nova Pristnost*. 8(1):7-27. Vrije Universiteit Amsterdam.
- Steyn, C.S. 2008. 'n Relasionele Hermeneutiek vir die Praktiese Teologie. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 23(2):248-268.
- Stiver, D.R. 2003. Theological Method. In *The Cambridge Companion to Postmodern Theology*. Edited by K J Van Hoozer. Cambridge University Press: United Kingdom. 170-185.
- Strydom, H. 1998. Information Collection: Participant Observation. In *Research at Grassroots Level. A Primer for the Caring Professionals*. Edited by A S de Vos. Van Schaik Publishers: Pretoria. 274-285.
- Swinton J, & Mowat, H. 2006. *Practical Theology and Qualitative Research*. SCM Press: London.
- Thiemann, R. 1989. The Promising God: The Gospel as Narrated Promise. In *Why Narrative? Readings in Narrative Theology*. Edited by S Hauerwas & L G Jones. Grand Rapids: Michigan. 320-347.
- Thurneysen, 1968. *Seelsorge im Vollzug*. EVZ: Zürich.
- Tomm, K. 1990. Voorwoord tot *Narrative Means to Therapeutical Ends*. W.W.Norton & Company: New York, London

Townsend, L. & Dawes, A. 2004. Individual and Contextual Factors Associated with the Sexual Abuse of Children Under 12: A Review of Recent Literature. In *Sexual Abuse of Young Children in Southern Africa*. Edited by L Richter; A Dawes & C Higson-Smith. HSRC Press: Cape Town. 53-94.

Tracy, D. 1994. *On Naming the Present. Reflections on God, Hermeneutics, and Church*. Orbis Books: New York; SCM Press: London.

Trimmer, E.A. 1994. *Youth Ministry Handbook*. Nashville: Abingdon.

Turl, J. 2011. Theodicy and Geodicy: Who is to Blame? *S & CB*. 23:49-66.

Ulrich, H.G. 2006. *Fides Quaerens Intellectum: Reflections towards an Explorative Theology*. In *International Journal of Systemic Theology Volume 8(1)*:41-48. Blackwell Publishing Ltd: Oxford.

Van Aarde, A. 2004a. Skrifbeskouing in die lig van Postmoderniteit. *Hervormde Teologiese Studies*. 60(1&2):503-532.

Van Aarde, A. 2004b. Postmoderne Epistemologie en Postkoloniale Hermeneutiek. *Hervormde Teologiese Studies*. 60(3):1105-1119.

Van den Berg, J.A. 2006. 'n Verandering in Tongval ... ? 'n Verwoord(beeld)-ing van Pastoraal Teologiese Perspektiewe. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 2:164-181.

Van den Berg, J.A. 2007. An Embodied Spirituality: Perspectives for a Bodily Pastoral Anthropology. In *Acta Theologica*. 28(2):118-132.

Van den Berg, J.A. & Smit, A. 2006. Transformasie in Terapie: 'n Reisjoernaal van Pastorale Betrokkenheid in 'n Suid-Afrikaanse Multi-Geloofsgemeenskap. In *Hervormde Teologiese Studies*. 62(3):1081-1093.

Van der Kolk, B. 1994. The Body Keeps The Score: Memory and the Evolving Psychobiology of Post Traumatic Stress. *Harvard Review of Psychiatry* 1(5):253-265.

Retrieved from the World Wide Web on 10 November 2011 at <http://www.trauma-pages.com/a/vanderk4.php>.

Van der Kooij, C. 2010. Herman Bavinck and Karl Barth on Christian Faith and Culture. In *CTJ*. 45:72-87.

Van der Meulen, H.C. 2004. *De Pastor als Reisgenoot. Pastoraal-Theologiesche Gedachten over Geestelijke Begeleiding*. Uitgeverij Boekencentrum: Zoetermeer.

Van der Ven, J.A. 1993. *Ecclesiology in Context*. Kok: Kampen.

Van der Watt, B.J. 2009. Die Betekenis van Bybelse Antropologiese Gegewens vir 'n Christelike Visie van die Mens. In *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* (1ste & 2de kwartaal).

Van der Watt, J.S. & Prins, J.G.M. 2003. Interpretasieskemas Binne Jeug-pastoraat in 'n Postmoderne kultuur: 'n Eko-Hermeneutiese Perspektief. In *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. 3&4:578-589.

Van der Westhuizen, Z. 2010. Transversality and Interdisciplinary Discussion in Postfoundational Practical Theology – Reflecting on Julian Müller's Interdisciplinary Guidelines. *Hervormde Teologiese Studies*. 66(2):1-5.

Van Egmond, A. 1990. Lijden: Zinnig of Zinneloos? In *Heil, Heling, Gezondheid*. Onder redactie van G Heitink & J Veenhof. Meinema: Haren. 41-55.

Vanhoozer, K.J. 2003. *The Cambridge Companion to Postmodern Theology*. University Press: Cambridge.

Van Huyssteen, J.W. 1998. *Duet or Duel? Theology and Science in a Postmodern World*. Trinity Press International: Pennsylvania.

Van Huyssteen, J.W. 1999. *The Shaping of Reality. Toward Inter-disciplinarity in Theology and Science*. W.B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Van Huyssteen, J.W. 2006. *Alone in the World? Human Uniqueness in Science and Theology. The Gifford Lectures.* W.E.Eerdmans Publishers: Grand Rapids, Michigan.

Van Jaarsveld, F.J. 2001. *Die Rol van Godskonsepte vir Pastorale Terapie: 'n Konstruktoretiese Benadering.* Ongepubliseerde Ph. D. Proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Van Niekerk, A.A. 2005. *Geloof sonder Sekerhede. Besinning vir Eietydse Gelowiges.* Lux Verbi.BM.: Wellington.

Van Niekerk, A.A. 2011. Understanding Theology as Understanding. In *Acta Theologica.* 14:112-127.

Vernon, A. 2002. *What Works When With Children and Adolescents. A Handbook of Individual Counselling Techniques.* Research Press: Illinois.

Vetere, A. & Dowling, E. 2005. *Narrative Therapies with Children and their Families. A Practitioners Guide to Concepts and Approaches.* Routledge: East Sussex, USA, Canada.

Vitz, P.C. 1992. Narrative Counseling, Part 2: From Stories of the Past to Stories for the Future. In *Journal of Psychology and Theology.* 1:20-27.

Vorster, N. 2007. *Restoring Human Dignity in South Afrika.* Potchefstroom Theological Publications: Potchefstroom.

Vos, C. & Müller, J. 1990. *God in ons lyding.* Orion: Pretoria.

Waaijman, K. 2002. *Spirituality. Forms, Foundations, Methods.* Peeters: Leuven.

Ward, G. 2001. Deconstructive Theology. In *The Cambridge Companion to Postmodern Theology.* Edited by K J van Hoozer. Cambridge University Press: Cambridge. 76-92.

Warnke, G. 1987. *Gadamer. Hermeneutics, Tradition and Reason*. Polity Press: Cambridge, Oxford.

Wasserman, M. 2008. *Dr Eve se Seksboek. 'n Gids vir jongmense. Regte. Verantwoordelikhede. Belonings*. Paarl Print: Paarl.

Webster, J. 2003. The Human Person. In *The Cambridge Companion to Postmodern Theology*. Edited by van K J Vanhoozer. Cambridge University Press:Cambridge. 219-235.

Weiner, I.B. & Elkind, D. 1972. *Child Development: A Core Approach*. John Wiley & Sons: United States of America.

White, M. 1992. Deconstruction & Therapy. In *Experiences, Contradiction, Narrative & Imagination: Selected Papers of David Epston & Michael White*. Dulwich Centre Publications: South Australia.

White, M. 1997. *An Outline of Narrative Therapy*. Retrieved from the World Wide Web on 18 September 2010 at <http://www.massey.ac.nz/~alock/virtual/white.htm>.

White, M. 2004. Working with People who are Suffering the Consequences of Multiple Trauma: A Narrative Approach. In *The International Journal of Narrative Therapy and Community Work*. 2004(1).

White, M. 2010. *Narrative Therapy*. Retrieved from the World Wide web on 18 September 2010 at <http://www.massey.ac.nz/~alock/virtual/white.htm>.

White, M. & Epston, D. 1989. *Literate Means to Therapeutic Ends*. Dulwich Centre Publications: Adelaide.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative Means to Therapeutic Ends*. W.W.Norton & Company: London.

White, M & Morgan, A. 2006. *Narrative Therapy with Children and their Families*. Dulwich Centre Publications: Adelaide.

Wickham , R.E. & West, J. 2002. *Therapeutic Work with Sexually Abused Children*. SAGE Publications Ltd: London.

Williams, R.R. 2010. Space for God: Lived Religion at Work, Home and Play. In *Sociology of Religion*. 71(3):257-279.

Winqvist, C.E. 1987. Re-visioning Ministry: Postmodern Reflections. In *The Promise of Practical Theology. Formation and Reflection*. Edited by L S Mudge & J N Polling. Fortress Press: Philadelphia. 27-35.

Wiseman, R. 2002. *Queen Bees and Wannabes. Helping your Daughter Survive Cliques, Gossip, Boyfriends, and Other Realities to Adolescence*. Crown Publishers: New York.

World Council of Churches. 1999. *Christian Perspectives on Theological Anthropology. A Faith and Order Study Document. Faith and Order Paper 1999*. Retrieved from the World Wide Web on 8 October 2010 at www.oikoumene.org/.../theological-anthropology.

Yancey, P. 2007. *The Jesus I Never Knew. Disappointment With God*. Zondervan: Grand Rapids, Michigan.

Youth Worker's Pulse 2011. Retrieved from the World Wide Web on 12 August 2011 at <http://www.helleniccomserve.com/atlantayouthpostmodern.html>.

Zilbach, J.J. 1993. Female Adolescence: Towards a Separate Line of Female Development. In *Female Adolescent Development*. Second edition. Edited by M Sugar. Brunner/Mazel Publishers: New York.

OPSOMMING

'n Narratief-pastorale betrokkenheid by adolessente dogters wat seksueel misbruik is.

Die navorsing word aan die hand van die metafoor van kartografie aangebied. Die karteringsproses van die navorsingsreis vind plaas in die lig van vyf rigtingwysers. Hierdie rigtingwysers is gekies na aanleiding van die ABDCE-benadering tot terapie van Müller, Van Deventer en Human (2001). Die doel is om die belang van hooptherapie vanuit 'n eskatologiese perspektief weer te gee. Dit het betrekking op die herstelproses van tienerdogters wat op een of ander stadium van haar lewe seksueel misbruik is.

Rigtingwyser 1 werp lig op die **Aksie** wat in die hede geneem word ten opsigte van wat besig is om te gebeur. Dit verwys na waarneming en teorievorming langs die weg van refleksie, interpretasie en analitiese beredenering. Eksplorerende vrae ten opsigte van die rasionaal, doel, paradigma, epistemologie, metodologie en navorsingsverwagtinge dien as basis vir en kontoere van, die navorsingsreis. Die agtergrond verhaal van elke gespreksgenoot of medenavorser word in die lig van hierdie gids verhelder en dien as primêre rede vir hierdie studie.

Rigtingwyser 2 as **Basiese aanloop** van hierdie studie bevat inligting oor die weë van die verlede, asook paaie wat tans onder konstruksie is. Hierdie weë word gekarteer as konseptualisering wat, as 'n samehang van woord en sin, as 'n belangrike bron van kommunikasie dien. Interpretasie van hierdie konsepte vind plaas wanneer die vraag ten opsigte van wat die teks poog om te sê en hoe dit verstaan kan word in vergelyking met ander tekste, aan die orde gestel word. Die navorsing fokus op die impak wat misbruik op die Christelike spiritualiteit het, as bron van hoop vir 'n tiener meisie wat gemolesteer is. Daarom word die volgende konsepte aan die orde gestel: vroulike adolessensie en seksuele misbruik as fenomene.

Rigtingwyser 3 dien as die ontwikkelings **Dinamiek** van die navorsingsverhaal. Dit word vergelyk met die ontwikkeling van 'n foto van die navorsingslandskap. Die navorser is beide nuuskierig en geduldig tydens die ontwikkeling van die foto terwyl die aspekte van die landskap vanuit verskillende hoeke bestudeer word. Hierdie perspektiewe word

aangebied onder die sambreel van die narratief-pastorale benadering tot navorsing en terapie. Daarom is die belang van teologiese teorie en prakties-teologiese interpretasie binne 'n kwalitatiewe navorsings- paradigma aangedui omdat gepoog word om tot die wese en essensie van 'n verskynsel deur te dring.

Rigtingwyser 4 as *Clou* as “vernaamste hoogtepunt en kern” (HAT 1994:122) van die navorsingsproses bied 'n verkennende karteringsreis van idees en beginsels wat in die narratief-pastorale benadering ondervang word. In hierdie benadering is gebruik gemaak van hermeneutiek as strategie om die storieversamelings van my gespreksgenote te interpreteer en te verstaan. Hierdie verstaan wat in die sirkulêre beweging tussen teorie en praktyk geskied, is 'n poging om die verband tussen die narratiewe benadering en 'n teks van hoop aan te toon.

Rigtingwyser 5 as die *Einde* van die navorsingsproses word as volg deur Müller, Van Deventer en Human (2001:8) verwoord: “And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?” 'n Narratief-pastorale benadering word vanuit 'n ryk bron van verskillende terapeutiese inisiatiewe saamgestel. Die narratief-hermeneutiese benadering bied 'n belangrike gespreksroete waarlangs gepoog word om die verhale van my medenavorsers op só 'n wyse te “vertel en te hervertel dat daar uiteindelik herinterpretasie en rekonstruksie” (Müller 1996:104) plaasvind. Biografisering vind plaas deurdat die verhale van my gespreksgenote aan die orde gestel word. Outobiografisering is egter ook belangrik omdat ek nie sonder my eie verhaal na die gesprek kom nie. Tydens die reflekeringsproses is daarteen gewaak dat gevolgtrekkings nie op 'n groter gehoor van toepassing gemaak word nie. Bevindings is slegs van toepassing op die deelnemers in hulle eie konteks.

ABSTRACT

A narrative pastoral involvement with adolescent girls who experienced sexual abuse

This research is portrayed by the metaphor of cartography. The mapping of the research journey occurs in the light of five directives. These directives are chosen according to the ABDCE approach to therapy (Müller, Van Deventer & Human 2001:1-13). The purpose is to convey the role of hope therapy from an eschatological perspective. This refers to the healing process of adolescent girls that were sexually abused during their lives.

Guideline 1 explains the **Action** taken in regard with what is happening in the present. This refers to perception and the forming of theory by reflection, interpretation and an analytical discourse. Exploring questions according to the rationale, purpose, paradigm, epistemology, methodology and research expectations serve as basis for and contours, of the research journey. The background narrative of every co-researcher are enlightened by this guide and serves as primary cause of this study.

Guideline 2 as **Basic start** of this study is concerned with information about the roads of the past as well as roads still under construction. These roads, mapped as conceptualisation, are an important source of communication. Interpretation of these concepts take place when questions are asked regarding what the text is trying to portray and how it can be understood in comparison to other texts. The research focus on the impact of abuse on the Christian spirituality as source of hope for the teenage girl who was abused. Therefore the concepts of female adolescence and sexual abuse are discussed.

Guideline 3 serves as the **Dinamics** of the research narrative. This can be compared to the development of a photo of the field of research. The researcher are both inquisitive and patient during the development of the photo while the aspects of the research field are studied from different perspectives. These perspectives are presented under guidance of the narrative pastoral approach to research therapy.

Therefore the importance of theological theory and practical theological interpretation within a qualitative research paradigm is indicated. The reason is that the researcher attempts to discover the essence of the phenomena of adolescence and abuse.

Guideline 4 as *Climax* serves as the most important highlight of the research process. This serves as an explorative mapping journey of the ideas and principles which are clarified by the narrative pastoral approach. In this approach the hermeneutics is used as strategy to interpret and understand the stories of my co-researchers. This understanding takes place in the circular movement between theory and praxis in an attempt to explain the connection between the narrative approach and a text of hope.

Guideline 5 as the *End* of the research process is viewed by Müller, Van Deventer and Human (2001:8) as follows: "And then there is the ending: what is our sense of who these people are now, what are they left with, what happened, and what did it mean?" A narrative pastoral approach is compiled from a source of different therapeutic initiatives. The narrative hermeneutical approach serves as an important route of discourse by which the stories of my co-researchers are told and retold until re-interpretation and re-construction takes place (Müller 1996:104). The biographies of my co-researchers are presented by their stories. The researcher's autobiography is also important because of the role of her own narrative in the research. Care was taken during the reflection process not to apply one summary to a general public. Conclusions are only applicable to the co-researchers in their own context.

LANDMERKE

ABDCE-navorsingsbenadering	ABDCE-research approach
Adolesente dogters	Adolescent girls
Christelike spiritualiteit	Christian spirituality
Eskatologiese hoop	Eschatological hope
Geleefde ervaring	Lived experience
Geleefde religie	Lived religion
Konteks	Context
Kwalitatiewe navorsing	Qualitative research
Narratiewe pastoraat	Narrative approach
Postmoderniteit	Postmodernity
Praktiese teologie	Practical theology
Seksuele misbruik/molestering	Sexual abuse
Teologiese antropologie	Theological anthropology

AANHANGSEL 1

Adres

Telefoon nommer

E-pos adres

Datum

Beste Jeanine/Karla/Zoe,

Ons het al 'n paar keer met mekaar gesels, en ek het jou meegedeel dat ek besig is om in die department Praktiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Ek glo jy onthou nog dat ek navorsing vir my proefskrif gaan doen oor seksuele misbruik van dogters, en dat ek graag jou verhaal daarvoor wil gebruik. Die rede hoekom ek juis jou verhaal wil gebruik is omdat jy van die vroulike geslag, asook van 'n spesifieke ouderdom is. Verder het jy seksuele misbruik, wat 'n groot invloed op jou lewe tot dusver gehad het, ervaar. My proefskrif handel verder oor die ontwikkeling van 'n eie terapeutiese benadering vir 'n tiener dogter wat gemolesteer is op een of ander stadium van haar lewe. Hierdie brief dien as toestemming vir die gebruik van jou verhaal, en sit die voorwaardes vir die verloop van die proses uiteen.

Ek onderneem om geen inligting te plaas sonder jou goedkeuring nie, en sal jou die geleentheid bied om self deur die gedeeltes te lees soos wat ek dit in die proefskrif aanbied. Jy mag dit met 'n vertroueling deel indien jy onseker voel oor enige geplaaste gedeelte. Verder sal ek jou verhaal onder 'n skuilnaam, soos deur jou gekies, vertel. Jy is welkom om te onttrek indien jy op een of ander stadium van die navorsingsproses ongemaklik met die proses voel. Ek verstaan dat jy nie 'n keuse gehad het toe die molestering plaasgevind het nie, daarom is dit vir my baie belangrik dat jy te alle tye in beheer is van die wyse waarop jou verhaal gebruik word. Ek beskou hierdie toestemmingsbrief as 'n kontrak wat tussen ons twee, as gelyke vennote in hierdie onderneming, aangegaan word. Daarom word dit deur beide van ons onderteken.

Jeanine/Karla/Zoe

Tannie Hester